

PARTIKULIERE VOLKSORG IN DIE AFRIKAANSE VOLKSKULTUUR
MET VERWYSING NA DIE ATKV (SAS EN H), 1930 - 1964.

deur Marthina Elaine Botha.

Proefskrif aangebied ter vervulling
van die vereistes vir die D Phil-graad
in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte
aan die Potchefstroomse Universiteit
vir CHO.

Potchefstroom
Februarie 1970

OPGEDRA AAN MY MOEDER.

PROMOTOR: PROF. DR. J.H. COETZEE.

HULPPROMOTOR: DR. C.N. VENTER.

V O O R W O O R D

Dit is my voorreg om by die voltooiing van hierdie studie in die eerste plek my opregte dank teenoor die Here God te betuig wat my tot hierdie taak geroep het, daartoe bekwaam gemaak het en alle nodige geleenthede en middele geskenk het om die realisering van hierdie ideaal moontlik te maak. Dit is my opregte begeerte dat hierdie studie 'n geringe bydrae mag wees tot die uitbreiding van die Koninkryk van God.

Verder gaan my dank en waardering uit teenoor my ouers wat eindeloos veel moes opoffer ten einde verdere akademiese opleiding vir my moontlik te maak.

Wat my akademiese vorming betref, wil ek my dank en waardering uitspreek teenoor alle professore en dosente aan die PU vir CHO, Potchefstroom en die Vrije Universiteit van Amsterdam vir die voorreg om onder hulle leiding en voorligting te kon studeer. 'n Besondere woord van dank rig ek graag aan die promotors van hierdie studie, prof. dr. J.H. Coetzee en dr. C.N. Venter vir hulle kritiese begeleiding, advies en voorligting. Aan dr. en mev. C.N. Venter 'n opregte en hartlike woord van dank vir vriendskap, belangstelling, hulp en gasvryheid wat ek oor die jare heen by hulle aan huis kon geniet.

Vir die finansiële ondersteuning van my studie, wil ek graag die volgende instellings bedank: die PU vir CHO vir studiebeurse vanaf 1956 tot en met 1960 en in besonder vir 'n doktorsgraadbeurs in 1965/6; die VCHO vir 'n beurslening sedert 1965; die ATKV (SAS en H) vir 'n beurs in 1965 en die Nederlandse regering vir 'n Rijkbeurs ingevolge die Kultuurverdrag tussen Nederland en Suid-Afrika, wat voortgesette studie sedert 1967 in Nederland moontlik gemaak het.

Graag betuig ek ook my dank aan die Uitvoerende Raad van die ATKV (SAS en H) vir die beskikbaarstelling van alle argiefdokumente van die Vereniging en die vriendelike vergunning om oor die volksorg van die ATKV (SAS en H) navorsing te doen. Hartlik dank ook aan die Hoofsekretaris en personeel

van die ATKV (SAS en H) vir hulp en bystand in verband met die verkryging van die nodige navorsingsgegevens.

Langs hierdie weg rig ek ook 'n dankwoord aan die Uitvoerende Komitee, Sekretaris en personeel van die FAK en die Nasionale Welsynsraad en Registrateur van Welsynsorganisasies vir die toestemming om oor die betrokke twee instellings se koördinerende werksaamhede navorsing te doen en vir die vriendelike hulp in verband met die verkryging van die betrokke gegevens. Verder wil ek in besonder aan mev. M. Ohlhoff my dank betuig vir die keurige en nougesette wyse waarop sy die tik van die manuskrip behartig het, my dank verder aan mnr. Daan Wissing vir die taalkundige versorging en aan mej. Marcia van der Vijver vir haar vriendelike hulp in verband met die samestelling van die proefskrif.

In die laaste instansie my dank aan talle familiebetrekkings en vriende vir hulp, bemoediging en ondersteuning.

INHOUDSOPGAW E

VOORWOORD

INLEIDEND

1.	<u>Probleemstelling</u>	1
2.	<u>Motivering</u>	4
3.	<u>Uitgangspunt</u>	6
4.	<u>Metode</u>	7
	4.1 Literatuurstudie	8
	4.2 Dokumentêre navorsing	8
	4.3 Onderhoude	8
5.	<u>Stand van navorsing met betrekking tot onderwerp</u>	9
6.	<u>Indeling van proefskrif</u>	10
7.	<u>Terminologie en begripsbepaling</u>	13
	7.1 Volk en nasie	13
	7.1.1 Etimologiese kanttekeninge	14
	7.1.1.1 Volk	15
	7.1.1.2 Nasie	16
	7.1.2 Enkele onderskeidings	18
	7.1.2.1 A. Kuyper	18
	7.1.2.2 P.J. Coertze	22
	7.1.2.3 Kunz Dittmer	22
	7.1.2.4 H.G. Stoker	23
	7.1.2.5 Samevattend	24
	7.2 Volkskultuur en volksorg	27
8.	<u>Doel van studie</u>	32

AFDELING I

PARTIKULIERE VOLKSORG IN HISTORIESE PERSPEKTIEF

HOOFSTUK II	DIE AFRIKANERKULTUURETOS	34
1.	<u>Inleidend</u>	34
2.	<u>Kultuurdominante</u>	38
	2.1 Die Calvinistiese konsepsiewêreld	38
	2.1.1 Historiese wortels	38
	2.1.2 Godsbegrip en geloofsbelydenis	44
	2.1.3 Lewens-en-wêreldbeskouing	47
	2.1.4 Mens- en maatskappybeskouing	48

2.1.5	Die Afrikanervolksroeping tot 'n kulturele eind- bestemming	49
2.1.6	Resumé	58
2.2	Volkswording en volksbesef	58
2.2.1	Die Afrikaanse taal: Draer van volksbesef en kultuurdominante	63
2.3	Die humanisties-liberalistiese konsepsiewêreld	65
2.3.1	Historiese wortels	65
2.3.1.1	Liberalisme	66
2.3.1.2	Deïsme	68
2.3.1.3	Metodisme	70
3.	<u>Aksentverskuiwinge</u>	72
HOOFSTUK III WISSELWERKING VAN KULTUURDOMINANTE		77
1.	<u>Inleidend</u>	77
2.	<u>Spore van Aufklärung-mens en vryheidsbeeld? 1778-1806</u> ...	80
2.1	In die staat	80
2.2	In die kerklike lewe	81
2.3	In die skool	84
2.4	Resumé	85
3.	<u>Konservering kontra anglisering en denasionalisering</u>	85
3.1	Anglisering en denasionalisering, 1806-1902	87
3.2	Partikuliere volksorg, 1806-1902	93
3.2.1	Die Genootskap van Regte Afrikaners	93
3.2.2	Die Afrikaner Bond en Boereverenigings	95
3.2.3	Die Z.A. Taalbond	96
3.2.4	Debatsverenigings	97
3.3	Anglisering en denasionalisering, 1902-1910	97
3.4	Differensiasie van volksorg ná 1902	100
3.4.1	Gesinsorgfase	102
3.4.2	Kerksorgfase	102
3.4.3	Vroueverenigings	102
3.4.4	Afrikaanse taal en kultuurorganisasies	106
3.4.4.1	„Die Tweede Taalbeweging"	106
3.4.4.1.1	Die Afrikaanse Taalgenootskap en Afrikaanse Taalvereniging	107

3.4.4.1.2	Die Afrikaanse Taalunie	108
3.4.4.1.3	Bond van Vrystaatse Debatsverenigings	108
3.4.4.1.4	Die Suid-Afrikaanse Akademie	109
3.4.4.1.5	"Onze Taal"	109
3.4.4.2	Die Helpmekaarbeweging	110
3.4.4.3	Die Afrikaanse Studentebond	112
3.4.4.4	Die Natalse Saamwerkunie van Kultuurverenigings ...	113
3.4.4.5	Die Handhawersbond	113
3.4.4.6	Die Reddingsdaadbond	113
3.4.4.7	Kultuurverenigings binne beroepsgroepe	115
3.5	Resumé	116
4.	<u>Integrasie van kultuurdominante</u>	120
HOOFSTUK IV	VOLKSORGPOLARISERING NÁ 1910	123
1.	<u>Inleidend</u>	123
2.	<u>Uitlopers, voorlopers en vergestaltungen van 'n dialektiese eenheidsideaal</u>	126
3.	<u>Volksorgkoördinerings</u>	129
3.1	Kongresse en konferensies	130
3.1.1	Die Kerklike kongres, Cradock, 1916	130
3.1.2	Die "Gesamentlike kongres", Bloemfontein, 1923	131
3.1.3	Die Carnegie-onderzoek na die Armblankevraagstuk en die Volkskongres, Kimberley, 1934	133
3.1.4	Die Nasionale konferensie oor maatskaplike werk, Johannesburg, 1936	137
3.1.5	Die Suid-Afrikaanse Nasionale Konferensie oor die na-oorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, Johannesburg, 1944	140
3.2	Statutêre koördinasie	142
3.2.1	Die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing	143
3.2.2	Die Kerk-staatgroepleaplan	147
3.2.3	Die staatsdepartement vir Volkswelsyn	149
3.2.4	Die Nasionale Welsynsraad en Wet op Welsynsorganisasies, nr. 40 van 1947	152
3.3	Die nasionale koördinerende rade	156

3.4	Die Federasie van Afrikaanse kultuurverenigings (FAK)	160
4.	<u>Volksorgpolarisering: Simptomaties van kultuurpolarisering?</u>	166
4.1	Kongresse en konferensies	166
4.2	Statutêre koördinasie	170
4.3	Die nasionaal koördinerende rade	173
4.4	Die Federasie van Afrikaanse kultuurverenigings	175
5.	<u>Holisme: h Nuwe kultuurdominant?</u>	175

AFDELING II

DIE ATKV (SAS EN H) AS PARTIKULIERE VOLKSORGINSTELLING

HOOFSTUK V	ONTSTAAN, AARD EN VOLKSORGMEDIA	181
1.	<u>Inleidend</u>	181
2.	<u>Historiese oorsig</u>	183
2.1	Ontstaan en wordingsjare, 1930-1935	186
2.2	Ontstaan en wordingsjare van die georganiseerde vrouewerksaamhede	192
2.2.1	Ontstaan en ontwikkeling van die Dameskringe, 1934-1943	193
2.2.2	Stigting van die Vrou-en-Moederbeweging tot die verkryging van h eie Hoofbestuur, 1948	196
3.	<u>Die karakter van die ATKV (SAS en H) en sy Vrou-en-Moeder- beweging</u>	198
3.1	Grondslag	199
3.2	Doelstellings	200
3.3	Belydenis en doelstellings van die Vrou-en-Moeder- beweging van die ATKV (SAS en H)	203
4.	<u>Volksorgmedia</u>	205
4.1	Organisatories-administratief	205
4.1.1	Bestuur en beheer	206
4.1.1.1	Die fase van 1930 tot 1934	206
4.1.1.2	Die fase van 1935 tot 1944	207
4.1.1.3	Die fase van 1944 tot 1960.	208
4.1.1.4	Die fase van 1960 tot die registrasie as open- bare nutsmaatskappy, 1962	212
4.1.2	Personeel en hoofkantooradministrasie	214
4.2	Materiële volksorgmedia	215

4.2.1	Finansies	215
4.2.2	Eiendomme	217
4.2.2.1	ATKV-gebou	217
4.2.2.2	Vakansieoorde	218
4.2.3	Publikasies	219
5.	<u>Resumé</u>	221
HOOFSTUK VI	VOLKSORG	223
1.	<u>Inleidend</u>	223
2.	<u>Intra-organisatories</u>	225
2.1	Organisatories-administratiewe volksorg	225
2.1.1	Kongresse	225
2.1.2	Beheerliggame	227
2.1.3	Takke	228
2.2	Materiële volksorgmedia	230
3.	<u>Kategoriees</u>	230
3.1	Volk	231
3.1.1	Beeld van die Afrikanervolk	231
3.1.2	Arbeid	231
3.1.3	Vryetydsbesteding	233
3.1.4	Volksgesondheid, -veiligheid en noodleniging .	235
3.1.5	Inter-etniese volksorg	237
3.1.5.1	Immigrantesorg	237
3.1.5.2	Volksverhoudinge	239
3.2	Die jeug	241
3.3	Die vrou	244
3.4	Die kind	247
3.5	Die bejaarde	249
4.	<u>Kuratief-gedifferensieerde volksorg</u>	249
4.1	Institutêr	250
4.1.1	Die staat	250
4.1.2	Die kerk	252
4.1.3	Die gesin	253
4.1.3.1	Ekonomiese bystand	255
4.1.3.2	Gesinsbehuising	257
4.1.3.3	Volksgesondheid en -veiligheid	258

4.1.3.4	Needleniging	259
4.1.3.5	Studiehulp aan skoolleerlinge en universiteit- studente	260
4.1.3.6	Gesinsekonomie	263
4.2	Partikulier	263
4.2.1	Die bedryf	263
4.2.2	Die skool	265
4.2.3	Die universiteit	270
4.2.4	Inter-organisatoriese volksorg	271
5.	<u>Resumé</u>	273
HOOFSTUK VII KULTUURSORG		276
1.	<u>Inleidend</u>	276
2.	<u>Konservering van die historiese bewussyn</u>	276
2.1	Volksgeskiedenis	277 -
2.2	Volksfeeste	278
2.2.1	Feesdae	279
2.2.2	Die Simboliese Ossewatrek	280
2.2.3	Die Rapportryersfees	283
2.2.4	Die Poskoetsfees, 1952	285
2.2.5	Die Vrystaats eeufees, 1954	286
2.2.6	Ander volksfeeste	287
2.3	Volksmonumente	288
2.3.1	Die Voortrekkermonument	289
2.3.2	Die Vrede van Vereeniginggedenkteken	290
2.3.3	Die Generaal De Wetstandbeeldfonds	290
2.3.4	Die Trekbakenfonds	291
2.3.5	Ander volksmonumente	292
3.	<u>Volkskultuurgenres</u>	294
3.1	Volksedes en -gebruike	295
3.2	Volkskuns	298
3.2.1	Kunswedstrydwerk	298
3.2.2	Voortrekkermuurtapisserieë	300
3.2.3	Volkstoneel	300
3.2.4	Volkspel(e)	301
3.2.5	Volkskleding	301
3.2.6	Volksang en -musiek	302
3.3	Die linguale	303
3.3.1	Plekname	304

3.3.2	Volksimbole	305
3.3.3	Taalhandhawing	307
3.4	Volksekonomie	314
4.	<u>Volkskultuurgoedere</u>	314
4.1	ATKV-museum	315
4.2	ATKV-stigting vir volkskultuur	315
5.	<u>Resumé</u>	316

AFDELING III

BEOORDELING

HOOFSTUK VIII	BEOORDELING	319
1.	<u>Partikuliêre volksorg in historiese perspektief</u>	319
2.	<u>Volk en kultuursorg deur die ATKV (SAS en H): Kritiese evaluasie</u>	332
3.	<u>Grensprobleme</u>	337

BIBLIOGRAFIE	341
1. Boeke	341
2. Ensiklopedieë en woordeboeke	362
3. Staatspublikasies	365
4. Notule, verslae ens.	366
5. Tydskrifartikels	.
6. Koerante	385
7. Algemeen	385

HOOFSTUK I: INLEIDEND

1. Probleemstelling:

Die totstandkoming van 'n afsonderlike blanke volksgroepering aan die Suidpunt van Afrika met 'n duidelik herkenbare eie identiteit en eie spreek, skryf en wetenskapstaal, in 'n fase waarin op die kontinent van Afrika die eerste tekens van nasionale bewuswording onder die Bantoe- en ander volksgroeperinge na vore begin tree, bied die aanknopingspunt in hierdie studie: Die feit dat in Suid-Afrika twee blanke volksgroeperinge, elk met 'n eie identiteit, in die proses van historiese ontwikkeling teenoor en naas mekaar geplaas is, te midde van 'n massale getaloorwig van nie-blanke volksgroeperinge, roep onwillekeurig die vraag op na die onderlinge relasie tussen hierdie twee kultuurgroepe: Waarin is die fundamentele verskille in die kultuurpatroon en lewenstyl van die twee groepe geleë? Is sodanige verskille van so 'n aard dat dit op die lang duur óf uitgewis kan word óf verenig kan word in 'n meer omvattende nasionale eenheid?

In 'n land met so 'n verskeidenheid van volksgroeperinge binne één staatsverband, is hierdie vrae des te meer aktueel, omdat die verskeidenheid van volke ook nog deurkruis word deur groot verskille in ontwikkelingspeil, materiële welvaart en kultuurniveau. In 'n sekere sin is die antwoord op die vraag na die relasie tussen die twee blanke volksgroeperinge in Suid-Afrika, deurslaggewend ten opsigte van die relasie tussen ander volksgroeperinge in Suid-Afrika. Die onderlinge relasie tussen die twee blanke volksgroeperinge in Suid-Afrika bestryk 'n breë en omvattende terrein - die hele vlak van die geskiedenis of die kultuur van die betrokke volke. Dit is uiteraard nie moontlik om in 'n proefskrif alle aspekte van hierdie historiese kultuurkontak na te gaan nie. Slags 'n enkele faset van hierdie historiese netwerk kan in die bestek van so 'n studie ontrafel word, en wél die aspek wat in die besondere vakwetenskap onder die soeklig geplaas word.

In die wetenskap Kultuurkunde word reeds vir 'n geruime tyd aan allerlei kultuur en versorgingsvraagstukke, waaronder die volkskultuur in die algemeen en die Afrikaanse volkskultuur in die besonder, aandag bestee. Sodanige studie van verskynsels in die volkskultuur

geskied op grond van 'n besondere kultuur-historiese en kenteoretiese benadering van 'n bepaalde aspek van die werklikheid. C.N. Venter ¹⁾ omskryf die fokuspunt van die Kultuurkunde as vakwetenskap, soos volg:

"Daardie wetenskap wat 'n bepaalde onderdeel (vak) van die wetensgebied, naamlik die begrippe, oordele en denkbeelde met betrekking tot die mens se sorg vir mense tot studiegebied het en wat hom dus besig hou met die bestudering van die verskillende vorme en metodes van sorg in die maatskappy, in samehang met die geestestrominge of konsepsiewêreld waarvan elke bepaalde vorm of metode van sorg die historiese kultuurproduk is."

Uit studie onderneem in voor- en nagraadse studiejare het geblyk dat hierdie studieterrein groot moontlikhede vir intensiewe navorsing inhou en veral lig werp op en rigting gee aan die interpretasie en formulering van beskikbare gegewens aangaande sorg in die menslike samelewing.

Op grond hiervan is 'n ondersoek gedoen na die aktiwiteite van 'n partikuliere kultuurinstelling ten einde 'n bepaalde groep samehangende gegewens te sistematiseer en sodoende 'n beeld te vorm van die groot verskeidenheid van fasette van die volkskultuur wat onder leiding van één kwalifiserende funksie gegroepeer word en in die lig van een gemeenskaplike grondnoemer "sorg" bestudeer word.

Waar die funksie van één sodanige partikuliere sorginstelling meer grondig belig word, moet dit teen die agtergrond van die historiese ontwikkeling van ander soortgelyke instellings en in die lig van die ontwikkeling van die geestestrominge in die Afrikanervolkslewe geskied.

- 1) Venter, C.N.: Kultuur-en-versorgingswetenskap, p. 126. Venter onderskei die begrip "konsepsiewêreld" van "gedagte-wêreld" en tipeer die onderlinge relasie as dié tussen 'n "Sollensbegriff" en 'n "Seinsbegriff". Hy sê: "Elke konsepsiewêreld vorm 'n totalitêre, universele en prinsipieel samehangende en integrale eenheid, en word in die geval van 'n Christelike-gelowige konsepsiewêreld beslissend bepaal deur 'n bepaalde Godsbegrip en gewaarmer deur 'n op die betrokke Godsbegrip gebaseerde belydenis sowel as deur die uit die Godsbegrip en belydenis voortvloeiende, lewens- en wêreldbeskouing en mens- en maatskappybeskouing; en in die geval van 'n nie-Christelike of ongelowige konsepsiewêreld, deur 'n bepaalde idoolbegrip en ideologie waaruit ook weer 'n kenmerkende lewens- en wêreldbeskouing sowel as mens- en maatskappybeskouing voortvloei."

Van die invloed van die sekularistiese kultuuretos was die Christendomlike Westerse kultuur in Suid-Afrika nie gevrywaar nie. Op verskillende lewensterreine is die spore hiervan reeds merkbaar. Van verskeie kante word daar in die Afrikanervolkslewe poginge aangewend om sogenaamde „volksvreemde“ uitwasse te bestry. Dikwels word juis hierdie poginge gedra deur bepaalde geestestrominge wat op hul le teunt weer aan die tradisionele lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikanervolk vreemd is. Die sameospel en wisselwerking tussen gebeure in die volksgeskiedenis en die uitkristallisering van verskillende vorme en metodes van volksorg via partikulier-kulturele instellings weerspieël ’n mosaïkbeeld waarin die kontoere van ’n polariseringsproses besig is om hom te manifesteer – ’n polariseringsproses wat duidelik spreek uit twee radikaal-antitetiese lewenswyses en lewenshoudinge wat in die volkskultuur vorm aangeneem het en veral duidelik na vore getree het in die onderlinge relasie tussen die Afrikaans-talige en Engelstalige bevolkingsdele.

Die probleemstelling wat in hierdie proefskrif aan die orde kom, kan kernagtig in die volgende vrae geformuleer word:

- * Wat is die voedingsbodem en karakter van die tradisionele kultuurdominant van die Afrikanervolkskultuur en Afrikanerkultuuretos?
- * Welke aksentverskuiwinge kan in die Afrikanerkultuuretos gekonstateer word?
- * Watter wysiginge het die tradisionele kultuurdominant van die Afrikaanse volkskultuur in die konfrontasie met die Britse kultuuretos ondergaan?
- * Wat is die voedingsbodem en karakter van die kultuurdominante betrokke in hierdie proses van aksentverskuiwing?
- * Bestaan daar ’n korrelasie tussen die kuratiewe aktiwiteite van die onderskeie partikulier-kulturele instellings en die aksentverskuiwinge in die tradisionele kultuuretos van die Afrikanervolk?
- * Watter historiese ontwikkelingsprosesse kan as simptomaties van die aksentverskuiwing in die tradisionele Afrikanerkultuuretos gesien word?

- * Bied die proses van volksorgkoördinerings en die onderlinge relasie tussen samelewingsverbande aanduiding van 'n proses van struktuur-wysiging en kultuurpolarisering wat besig is om hom in die Suid-Afrikaanse samelewing te voltrek?
- * Indien daar blyke is van genoemde kultuurpolarisering, watter kultuurdominant is besig om vorm aan te neem en deur watter religieuse grondmotief is hierdie kultuurdominant geïnspireer?
- * Watter funksie(s) het die partikulier-kuratielike instelling in die etnogenese van die Afrikanervolk vervul?
- * Watter rol het die ATKV (SAS en H) as partikulier-kuratielike instelling vervul in die Afrikaanse volkskultuur?

2. Motivering:

Die probleemstelling soos hierbo uiteengesit en geformuleer in die onderwerp van hierdie proefskrif, dank onder meer sy oorsprong aan die feit dat die skryfster vir meer as vier jaar in diens gestaan het van die ATKV (SAS en H), 'n partikuliere instelling wat reeds vir meer as vyf-en-twintig jaar intens gemoeid is met die vraagstukke van die Afrikaanse volkskultuur en metodes en vorme wat ten opsigte van die handhawing, bou, bewaring en herstel van die volkskultuur aangewend kan word. Probleme waarvoor daar in die praktyk te staan gekom is, het spoedig die insig laat ontstaan dat, ten spyte van gegewens in beskikbare literatuur oor hierdie onderwerp vervat, daar tog 'n leemte bestaan ten opsigte van die verantwoording oor die taak en roeping van die partikuliere „kultuur“-vereniging as handhawer van hierdie tradisionele lewenswyse in die geheel van die Afrikaner-volkskultuurpatroon. Dat hier in hierdie opsig 'n magdom van voor-teoretiese en voorwetenskaplike kennis braak gelê het, wat om ordening, sistematisering, kontroliering en verifiëring geroep het, was spoedig duidelik. Vandaar dan ook hierdie poging.

Telkens is daar in die uitvoering van my taak in diens van die ATKV (SAS en H) voor die vraag te staan gekom of die „kultuur“-vereniging in die tydperk van oor-organisasie en spesialisasie nog 'n sinvolle taak te vervul het. Dit het die vraag na die bestaansreg, bestemming of roeping en ook die vraag na die historiese plek en rol van die „kultuur“-vereniging in die volkskultuur op die voorgrond laat tree.

Die praktyk het getoon dat die s e p a r a t i s t i e s e lewenshouding reeds tot 'n groot mate skering en inslag van die Afrikanerdom geword het. Geloof en lewe word as twee radikaal onderskeie en selfs antitetiese gebiede met weinig raakvlakke gesien. Die institutêr-kerklike en persoonlik-godsdienslike lewensfeer word deur die meeste Afrikaners as die enigste terrein gesien waar die Woord van God en Skriftuurlike beginsels 'n woord mag meesprek. Die „res" van die lewe is geëmansipeer van die invloed van die Skrif en word „neutraal" verklaar. So het twee sieninge ontstaan: In die een lewensbeskouing word die diens van God in die institutêr-kerklike en persoonlik-godsdienslike lewe oorbeklemtoon ten koste van die vervulling van die roeping op alle ander lewensterreine, terwyl andersyds weer die sg. neutraliteit van die „ander" lewensfeer ooraksentueer word en die proses van religieuse sekularisasie of sekularisme so bevorder word.²⁾ Tot hierdie problematiek dra die bestaan van 'n groot aantal kerklike verenigings binne die institutêre kerk in 'n groot mate by.

Vrae oor die roeping en taak van die kultuurvereniging, juis in die huidige krisistyd, het in die praktyk telkens na vore getree veral wanneer daar voor allerlei aan die Afrikaanse volkskultuur en kultuuretos vreemde vorme en metodes van sorg te staan gekom is. Kwynende belangstelling van lede in verenigingswerkzaamhede was 'n ander probleem wat tot besinning gedwing het. In die lig hiervan is voor die vraag te staan gekom of die „kultuur"-vereniging in die veranderde lewensomstandighede nog 'n taak te vervul het soos geformuleer in sy oorspronklike doelstellings.

Omstandighede het op feitlik alle lewensterreine aansienlik in die guns van die Afrikaner ontwikkel sedert die totstandkoming van die ATKV (SAS en H) in die dertiger jare van hierdie eeu. Tot hierdie gunstige wending in belang van die Afrikaanse volkskultuur, het die volksorg van die ATKV (SAS en H) 'n enorme deel bygedra. Sedert die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948 het baie van die ideale, waarvoor juis ook die „kultuur"-verenigings geywer het, in vervulling gegaan, sodat daar allerweë 'n verslapping ingetree het. Dit het die „kultuur"-vereniging uiteraard weer met nuwe vraagstukke gekonfronteer, naamlik hoe

2) Vir die onderskeid tussen intra-kosmiese -en religieuse sekularisasie, sien hoofstuk II, voetnota 85.

om in hierdie nuwe situasie, waarin die Afrikanervolk op die meeste lewensterreine as volk 'n groot mate van mondigheid bereik het, tog nog met sinvolle taakvervulling besig te wees. Die intieme wisselwerking tussen volk en kultuurvereniging bied 'n aanduiding van die korrelatiewe enkaptiese vervlegting tussen hierdie twee identiteitsstrukture.

3. Uitgangspunt:

Daar word met hierdie studie gepoog om 'n bydrae te lewer tot 'n Christelike wetenskapsgeheel. Hiermee word te kenne gegee dat nie gepretendeer word om „waardevrye“ wetenskap te beoefen nie; intendeel, die studie is juis aangepak vanuit geloofsbeginsels wat in die Skriftuurlike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing veranker is. Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing soos in die geloofsbelydenis ³⁾ van die Gereformeerde kerke beliggaam, lê aan hierdie studie ten grondslag. Op grond hiervan word die standpunt gehuldig dat Christelike wetenskapsbeoefening nie slegs moontlik nie, maar ook imperatief is. Dit beteken dat nie slegs die wetenskaplike 'n gelowige behoort te wees nie, maar die kenbare wat wetenskaplik ondersoek en geïsoleer word, slegs ten volle kenbaar is wanneer dit gesien word in die lig van die Woordopenbaring. Die studie bou verder voort op die grondslae van die vak Kultuurkunde, soos uiteengesit in die doktorsproefskrif van C.N. Venter. ⁴⁾ Kennis aangaande hierdie kultuurhistoriese en kenteoretiese grondslae word as bekend veronderstel, terwyl die elementêre vakwetenskaplike grondbegrippe „sorg“ en „kultuur“ sonder verdere eksplisering gebruik word.

Hiermee word ook voortgebou op my eie meestersgraadstudie oor die vraagstuk van koördinasie in die maatskaplike sorg met verwysing na

3) Met geloofsbelydenis word hier bedoel: Die Nederlandse geloofsbelydenis, die Dordtse Leerreëls en die Heidelbergse Kategismus.

4) Vgl. sy Kultuur-en-versorgingswetenskap.

die Nasionale Welsynsraad en die Federasie van Afrikaanse kultuurvereniginge.

4. Metode:

Hoewel hierdie studie ook aanvanklik 'n oriënterende deel bevat het waarin 'n poging aangewend is om die elementêre grondbegrippe wat in die wetenskap Kultuurkunde gebruik word uiteen te sit en waarin meer teoreties-prinsipiële vrae aan die orde gestel is, is daar afgesien van die invoeging van hierdie afdeling in die huidige proefskrif, omdat die stof duidelik in twee dele uiteengeval het. 'n Studie waarin aan beide fasette van die problematiek ten volle aandag en reg kon geskied, sou te omvangryk word. Vandaar dat daar ook afgesien is van 'n verdere eksplisiering van die grondbegrippe: volk, kultuur, sorg, maatskaplik ensovoorts, hoewel ten volle erken word dat in die wyse waarop begrippe in hierdie studie gebruik word, 'n bepaalde konsepsioneel-gebonde konnotasie implisiet aanwesig is.⁵⁾ In hooftrekke word metodologies en terminologies by die gebruik van die betrokke begrippe in die kenteoretiese en kultuur-historiese veldverkenning van C.N. Venter aangesluit. Die uiteensetting van die volksorgaktiwiteite word met die oog op oorsigtelikheid, onder 'n in hooftrekke aan die Wysbegeerte der Wetsidee ontleende skema tuisgebring. Ook hierdie skema is die vrug van 'n teoreties-wyegerige visie op die werklikheid en op die stof wat ten diepste gefundeer is in 'n bepaalde wetenskapsbeskouing en grondmotief. Rekening moet gehou word met die feit dat so 'n skema waarbinne 'n groot verskeidenheid van fasette van die werklikheid georden word, slegs 'n s k e m a is en nie die volle werklikheid self nie en dat dit uit die aard van die feit dat dit 'n teoreties-wetenskaplike generalisasie inhou, uiteraard nie aan die volle genuanseerdheid van die werklikheid reg kan laat geskied nie. Hierdie is myns insiens egter 'n gevaar inherent aan alle wetenskapsbeoefening.

Ten einde tot 'n verteoretisering van die beskikbare gegewens en kennis aangaande die probleem hier aan die orde te kom is onder

- 5) Hierdie elementêre vakwetenskaplike grondbegrippe word in 'n aparte studie wat in voorbereiding is, breedvoerig behandel.

meer van die volgende metodes gebruik gemaak:

4.1 Literatuurstudie.

4.2 Dokumentêre navorsing:

Die notule, jaar- en kongresverslae, lêers en dokumente van die FAK, Nasionale Welsynsraad en ATKV (SAS en H) asook die verslae van die departement van Volkswelsyn en jaarverslae van ander staatsdepartemente, was die belangrikste bronne vir die empiriese navorsing wat bogenoemde literatuurstudie aangevul het. In hierdie verband was die meer as vier jaar wat ek as Organiseerder in diens van die Vrou-en-Moederbeweging van die ATKV (SAS en H) gestaan het, 'n leerskool wat ruim agtergrond vir hierdie studie gebied het.

4.3 Onderhoude:

Insiggewende onderhoude is gevoer met persone wat in die praktyk ten nouste met die vraagstuk van die koördinasie van sorg-aktiwiteite gemoeid is of was. In hierdie opsig kan genoem word onderhoude met personeel en amptenare van die Nasionale Welsynsraad asook insiggewende gesprekke met voorsitters van die Raad. Verder het ook onderhoude met hooggeplaaste amptenare van die Departement van Volkswelsyn 'n beslissende bydrae tot hierdie ondersoek gelewer. Hier moet ook genoem word interessante gegewens verkry deur same gesprekke met die Algemene Sekretaris en personeel van die FAK, die koördinerende instansie van Afrikaanse kultuuraktiwiteite. Enkele onderhoude is ook gevoer met belanghebbende persone in die geledere van die ATKV (SAS en H). Sodanige onderhoude was daarop gemik om die juistheid van die verkreeë inligting en die insigte waartoe in die studie geraak is te kontroleer en te verifieer en ook om kennis aan te vul.

'n Onderzoek deur dr. A.P.J. van Rensburg na die geskiedenis van die ATKV (SAS en H) was by die afronding van hierdie proefskrif nog nie gepubliseer nie, derhalwe kon dit nie as formele bron in die bronnelys opgeneem word nie. As vertroulike dokument van die ATKV (SAS en H) het ek insae daarin gehad en wil lange hierdie weg my dank en erkenning aan dr. A.P.J. van Rensburg betuig.

5. Stand van navorsing met betrekking tot die onderwerp.

Belangrike en omvattende studies is reeds oor verskeie fasette van die Afrikaanse volkskultuur gedoen. In dié verband moet veral gewys word op die belangrike bydraes van die kant van historici, wat in hulle geskiedskrywing oor die Afrikaanse volksgeeskiedenis uiteraard die kultuurgeskiedenis van die Afrikanervolk ook beskryf het.⁶⁾

Sover vasgestel kan word, is daar egter nog geen bydrae gelewer waarin die besondere noue verband tussen die volkskonsepsiewêreld, en die volksorg binne die volkskultuur aan die orde was nie. In die werkies van P.J. Meyer⁷⁾ word reeds 'n eerste skrede in hierdie rigting gevind.

Literatuur oor die Afrikanervolkskultuur het 'n ruim oes opgelewer, veral wat betref tydskrifartikels en gedokumenteerte toesprake. Die enigste omvattende studie oor die Afrikaner-volkskultuur blyk dié van C.M. van den Heever en P. de V. Pienaar, „Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner“, te wees. In hierdie driedelige werk word verskillende aspekte van die Afrikaanse volkskultuur deur verskillende skrywers behandel. Daar bestaan talryke ander studies in verband met bepaalde aspekte of fasette van die volkskultuur van die Afrikaner. Die meeste literatuur behandel die bepaalde aspek wat bestudeer word vanuit die besondere fokuspunt van die betrokke vakwetenskap waarin die studie onderneem word. Die vakwetenskappe wat in hierdie opsig die meeste aandag aan die verskynsel volkskultuur gee, is die Taalkunde, Sosiologie, Geskiedenis, Volkekunde en die Volkskunde.

Vanweë die jong ontwikkelingsgang van die vak Kultuurkunde en die geringe hoeveelheid publikasies wat die betrokke verskynsels vanuit

6) Sien o.m. die werke van Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1ste druk, 1951 en 2de druk, 1966; Van den Heever, C.M. & Pienaar, P. de V. Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, asook talle publikasies van G.D. Scholtz, J.A. Jaarsveld, D.W. Krüger e.a.

7) Vgl. om.: Die Afrikaner. Id. Nog nie die einde nie.

die fokuspunt van hierdie vak benader, moes die beskikbare literatuur van die vakwetenskappe in 'n hoër mate gebruik word. ⁸⁾

Die totstandkoming van die vak Kultuurkunde aan die PU vir CHO behoort in die toekoms in 'n groot mate in die behoefte aan omvattende gekoördineerde, wetenskaplike kennisvorming en -formulering in verband met die volksekultuur in die algemeen en die Afrikaanse volksekultuur in die besonder te voorsien.

Hierdie studie is primêr kultuur-histories en empiries van aard.

6. Indeling van die proefskrif:

Met die indeling van die proefskrif in sy hoofafdelings is aanvanklik van die gangbaar-gebruiklike verdeling uitgegaan, waarin daar aan die historiese, prinsipiële en empiriese aspekte van die probleem onder behandeling aandag gegee word. Algaande het dit egter geblyk dat die benadering van die probleem vanuit hierdie drie gesigshoeke nie ten volle aan die problematiek inherent aan die vraagstuk reg laat geskied nie. Dit wil voorkom asof hierdie driedeling op 'n valse probleemstelling, naamlik die skynbare teenstelling tussen teorie en praktyk berus. Volgens die gebruikelike indeling sou die prinsipiële aspekte die behorende dek, terwyl die historiese en die empirie saam die praktiese aspekte vorm, wat dan aan die eise van die teorie of die prinsipiële aspekte getoets moet word.

Daar kan wél tussen hierdie drie aspekte onderskei word, maar 'n skeiding is uiteraard nie geoorloof nie. In die Christelike wetenskapsbeoefening waar daar gepoog word om tot kennis van 'n bepaalde faset van die kenbare, dit wil sê 'n deur God geskape aspek van die skepping, te kom word 'n bepaalde faset van die kenbare tesame met die beskikbare kennis daaromtrent vir nadere wetenskaplike ontleding en ondersoek geïsoleer. Hoewel die deel van die kenbare waarop die aandag gevestig word nie normerend is nie, is dit tog genormeerde of prinsipiële gedetermineer deur die grondliggende

- 8) Omdat daar nog so weinig publikasies oor die Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner verskyn het, moes grotendeels van tydskrifartikels en artikels in versamelbundels gebruik gemaak word - vandaar dan ook die omvangryke karakter van die bibliografie en literatuurverwysings.

konsepsiewêreld van die kenner en die wetmatige of ordelike karakter van die kenbare. So gesien is elke historiese gebeurtenis tegelyk 'n empiriese gebeure en ook prinsipieel gedetermineer. Op grond van die inherente problematiek verbonde aan hierdie driedeling is daar voorlopig afgestap van die gebruikelike benadering van die probleem. Terwyl die meer wysgerige vraagstukke en veral die wysgerige fundering van vakwetenskaplike grondbegrippe voorlopig sonder bewuste eksplisiering hanteer word en eksplisiering daarvan vir 'n ander meer wysgerig georiënteerde studie gereserveer is, is die aksent van hierdie studie veel meer gerig op die empiriese, variabele en konkrete verskynsels wat onder die gemeenskaplike grondbegrip „sorg” gegroepeer kan word. Die resultaat van hierdie studie is in die volgende afdelings verdeel:

6. I Afdeling I

- 6.1.1 Nadat die probleemstelling in die inleidende hoofstuk kortliks geformuleer is, word in hierdie afdeling 'n kursoriese uiteensetting gegee van die belangrikste kultuurdominante in die Afrikanerkultuuretos. Die historiese wortels van twee kontrasterende kultuurdominante word kortliks gesignaleer terwyl daar met behulp van 'n ideaal-tipiese analise gepoog word om die mees fundamentele karaktertrekke van die oorwegend Protestants-Christelike konsepsiewêreld as tradisionele kultuurdominant van die Afrikaanse volkskultuur aan te dui.
- 6.1.2 Verder word die konfrontasie van die twee kultuurdominante en die belangrikste geestestrominge instrumenteel in die wysiging van die tradisionele Protestants-Christelike kultuurdominant geskets.
- 6.1.3 Die konkrete manifestasie en uitkristallisering van die verskillende polêre strominge as geestelike pendante van die volkskultuur word geadstrueer aan die hand van die volksorg van verskillende partikulier-kulturele instellings as reaksie op die proses van anglisering en denasionalisering. Die hieruit voortvloeiende en hieraan

korrelate aksentverskuiwinge in die volkskultuur en die meganiese integrasie van kultuurdominante in die periode tot die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, word in hooftrekke behandel.

- 6.1.4 Die kultuurpolarisering merkbaar in die proses van volksorgpolarisering en volksorgkoördinerings word geskets teen die agtergrond van die uitlopers, voorlopers en vergestaltungen van 'n nuwe dialektiese eenheidsideaal wat hom in sowel die onderlinge relasie tussen volke as die onderlinge relasie tussen verskillende samelewingsvorme manifesteer. Daar word gepoog om die kontoure van 'n hibriediese kultuurdominant, die Suid-Afrikaanse variant van die humanistiese religieuse grondmotief, naamlik die holisme, in breë trekke af te tees.

6.2 Afdeling II

Hierdie afdeling handel oor die ATKV (SAS en H) as partikuliere kulturele instelling in die Afrikaanse volkskultuur.

- 6.2.1 Die ontstaan van die Vereniging word teen die agtergrond van die historiese situasie van die Afrikaner op die Suid-Afrikaanse Spoorweë, die historiese kultuursituasie van die land en die opkoms van die nuwe kultuurdominant geskets.

Die aard van die Vereniging, sy grondslag, belydenis en doelstellings en belangrikste volksorgmedia vir die implementering van sy doelstellings word behandel. 'n Analise word gemaak van die verskillende terreine waarop die Vereniging hom in die uitvoering van sy doelstellings beweeg het en die verskeidenheid van vorme en metodes van sorg wat in die realisering van sy taak gebruik is. Die historiese waarde van hierdie liggaam in die vorming, bewaring en behoud van die Afrikaanse volkskultuur word bespreek, asook die plek en funksie van sodanige kultuurvereniging binne 'n bepaalde arbeidsbestel.

6.3 Afdeling III

In afdeling III word gepoog om aan die hand van samevattende gevolgtrekkings antwoorde te bied op die vrae soos in die probleemstelling geformuleer. Die aard van die aksentverskuiwing in die Afrikanerkultuuretos word bepaal en die wisselwerking tussen partikuliere volksorg en hierdie aksentverskuiwing word geskets.

Die volk en kultuursorg van die ATKV (SAS en H) word aan 'n kritiese evaluasie onderwerp en daar word gepoog om die rol en funksie van hierdie kultuurvereniging as draer van die Protestants-Christelike kultuurdominant te bepaal.

Ten slotte word enkele wysgerige grensprobleme inherent aan die vakwetenskaplike grondbegrippe soos in hierdie proefskrif gehanteer, aangedui vir verdere ondersoek.

7. Terminologie en begripsbepaling:

7.1 Volk en nasie:⁹⁾

Dat die begrippe volk en nasie soms wél sinoniem groothede aandui, blyk uit die gangbare spraakgebruik in die

- 9) Gesien die feit dat die twee verskynsels volk en nasie in die moderne tyd in die sentrum van belangstelling staan, veral met betrekking tot die huidige rasseproblematiek, sou dit moontlik geregverdig wees om ook aandag te gee aan die relasie tussen ras, nasie en volk. Omdat die rassevraagstuk in hierdie studie van sekondêre belang is en daar van die standpunt uitgegaan word dat 'n Skriftuurlik verantwoorde volksbeskouing 'n skrede op die juiste weg is na die oplossing van die rassevraagstuk, word die term en begrip r a s nie hier nader behandel nie. Vgl. i.v.m. die begrip r a s o.m.: Coertze, P.J. (Red.) Inleiding tot die algemene Volkekunde, p. 15. Kotze, J.C.G. Ras, volk en nasie in terme van die Skrif, p. 47, 50. Kuyper, A. Anti-revolutionaire staatkunde, I: 155-156. Coertze. Ras en kultuur. Hertzog-annale, 7: 43, 1958. Malan, G.H.T. Wat is 'n volk? Die Huisgenoot, 31: 62, 1947. Huizinga. Geschonden wereld, p. 119. Dunn. Race and biology, p. 10, 11-13. Malan, G.H.T. Die Afrikaanse ras: 'n Logiese studie. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, nuwe reeks, I: 141, 1940. Anon. Die begrip „ras“ is in Bybel aanwesig. Die Transvaler, 26 Oktober 1965, p. 4. Coetzee, J.C. (jnr.) Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament, p. 353. NG kerk. Studiestukke oor rasse-aangeleenthede met die besluite van die Sinode van die Kaapse Kerk, p. 5. Smeenk, C. Christelik-sosiale beginselen. I: 390. Sikkels. Het boek der geboorten, p. 353. Tobias. The meaning of race, p. 4, 22. Anon. Apeteorie verstewig nie SA beleid. Woord en Daad, 9: 2, 1966.

Afrikaanse taal. ¹⁰⁾ Uit die etimologie en die diachronie van hierdie begrippe blyk dat beide begrippe met verloop van tyd elemente van die konnotasie van die ander begrip geassimileer het, sodat h suiwere begripsbepaling bemoeilik word. By verskillende outeurs word op grond van h eie kyk op die werklikheid, h verskeidenheid van omskrywinge en definiëringe van die twee betrokke begrippe aangetref. ¹¹⁾

7.1.1 Etimologiese kanttekeninge:

h Term of begrip kom altyd tot stand binne die kader van h bepaalde grondidee aangaande die werklikheid en vorm h deel van h bepaalde begrippe-apparaat of integrasieskema waarin aan h totaalvisie aangaande die werklikheid uitdrukking gegee word. Sodanige begrippe is derhalwe konsepsioneel gebonde aan h bepaalde konsepsiewêreld. Op grond van wysiginge in die grondidee aangaande die werklikheid, ondergaan begrippe ook konnotasionele wysiginge. In verskillende historiese situasies verkry spesifieke begrippe

- 10) In die Afrikaanse spraakgebruik word volk en nasie dikwels sinoniem gebruik, moontlik vanweë die feit dat nasionalisme nog altyd in hoofsaak met die politieke aspirasies van h groot deel van die Afrikanervolk vereenselwig was. Malherbe vra of dit nie dalk toe te skryf is aan die invloed van die Engelse begrip "nation" nie. Sien: Afrikaner-volkseenheid, p. 25. Sien ook verder i.v.m. die begrip nasie: Van Dijk, R. Mens en medemens, p. 145. Duvenage, S.C.W. Kerk, volk en jeug, dl. I, p. 71, 77. Stoker. Afrikaanse volkswording en Suid-Afrikaanse nasievorming. Koers, 21: 241, 1954. Labuschagne, Nog gedagtes oor nasionalisme. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, 10: 126, 1931. In hierdie artikel blyk dit dat die skrywer meen dat „volk” meer sien op die burgerlike en juridiese staatsband en „nasie” op die landsband en inheemse bloed- en kultuurbande. h Soortgelyke standpunt word gehuldig deur D. Mostert. Vgl. sy artikels: Die Boerenasie. Wording en wese. Derde aflewering. Die Taalgenoot, 14: 212, 1945. Id. Nasionale eenheid. Die Taalgenoot, 9: 2, 1940.
- 11) Vgl. o.m.: Francis. Ethnos und Demos. Duvenage, S.C.W., loc. cit. Coetzee, J.C. (jnr.), loc. cit. Coetzee, J.H. Blanke volksontwikkeling in die lig van die Calvinisme.

dan ook telkens 'n ander betekenis. Vandaar dat etimologiese verwysinge slegs betreklike waarde het in die bepaling van die fundamentele betekenis van begrippe. Begrippe moet telkens binne die raamwerk van die grondidee of konsepsiewêreld waarbinne hulle operasioneel fungeer beoordeel word.

7.1.1.1 Volk:

Volgens Kuyper¹²⁾ kom die Germaanse begrip volk in sy verskillende vorme soos „folc” en „volck” en „fölk” van diesselfde stam as „populus” en het dit ook die betekenis van die groot menigte of massa. Die begrip „populus” word in Latyn dikwels gebruik om die publiek of die gewone bevolking aan te dui teenoor die leiers wat in die Romeinse senaat is. Etimologies hou die begrip ook verband met die Latynse begrippe „plēbs”, „plebes” en „plebius” met die betekenis van die gewone bevolking, volksmenigte of die hele/ganse bevolking.¹³⁾ Dikwels het die begrippe ook 'n konnotasie van veragting of minagting gehad.

Die Latynse begrippe „populus”, „populatio” en „peuple” kom van die stam „ple-” of „pleo-” wat bewoonde gebied, 'n streek of distrik beteken.¹⁴⁾ Die stam van die drie begrippe gee uitdrukking aan die gedagte van die groot aantal, die massa, die vele en word dikwels ook as publiek vertaal.

12) Kuyper, A., op. cit., p. 147 e.v.

13) Franck's Etymologisch woordenboek, p. 755. De Vries, J. Etymologisch woordenboek, p. 264. Hierdie begrippe is die etimologiese wortels waarvan die Engelse begrip "people" afkomstig is. Sien Noah Webster's universal dictionary of the English language, p. 1242. Oxford English dictionary, 7: 662.

14) Franck's Etymologisch woordenboek, p. 755. Lewis & Short. Latin dictionary, p. 1398, 1399.

Die Griekse begrip „laos" het min of meer dieselfde betekenis as die Latynse begrippe „plêbs" of „peuple" wat in Engels met „populace" of „people" vertaal word en dui ook op die massa, die vele, die volksmenigte.¹⁵⁾ Naas hierdie betekenis word die begrip „laos" ook soms as 'n klassebegrip gebruik ter aanduiding van die gewone bevolking teenoor hulle leiers of ter aanduiding van die lekedom in onderskeiding van die geestelikes of klerus. Laasgenoemde konnotasie dateer uit 'n latere historiese situasie.

Opsommend kan gestel word dat 'n analise van die etimologiese wortel van die begrip volk daarop dui dat dit onder meer gebruik word as 'n versamelterm vir die volksmassa, volksmenigte of bevolking as geheel; dui op die gewone bevolking en verder ook 'n antitetiese moment van tweërlei aard herberg, naamlik:

- * 'n Intra-politieke antitetiese moment - die teenstelling tussen volksleier en volksmenigte;
- * 'n Intra-institutêr kerklike antitetiese moment, te wete die teenstelling tussen klerus en leke.

7.1.1.2 Nasie:

Etimologies hou hierdie begrip verband met die Latynse begrippe „nasci", „natio", „natus" en „nascor" wat van die begrippe „gnascor" en „gnatus" kom.¹⁶⁾ Die begrippe kom van die stam „gen" wat ook met „gigno" verband hou en het die gemeenskaplike betekenis van geboorte, eenheid van herkoms, gemeenskaplike afstammingsverband, voortbring, baar, produseer. In afgeleide sin word die begrip „gentes" gebruik in

15) Vgl. i.v.m. die verskillende betekenisse van die begrip „laos o.m.: Liddel, H.G. & Scott, R. Greek-English lexicon, p. 821. Liddell and Scott's Greek-English lexicon, p. 406, 407.

16) Engelbregt. Latijnsch woordenboek, kolom 890: 1294. The Oxford English dictionary, p. 1187, 1189. Barents, J. Christendom en nasionalisme, p. 60, 61. Mostert. Die Boerenasie, p. 211-12. Vgl. ook Anon. Natie. (In Oosthoek's Encyclopaedie, 11: 382-3). Ogilvie. The student's English dictionary, p. 472. Anon. Natie. (In Grosheide, F.W. e.a. Christelike encyclopaedie, 5: 134). Kuyper, A., op cit., p. 147, 155.

die sin van die vreemde nasies. Die Engelse begrip "gentiles" hou ook met hierdie betekenis verband. By die kerkvaders kry dit die betekenis van die heidennasies in teenstelling met die Jode en Christene. In hierdie sin het dit dieselfde betekenis as die Griekse begrip „ethnos”.¹⁷⁾ Gemeenskaplik aan die betekenis van sowel die Latynse as die Griekse begrippe „ethnos” in hulle verskillende vorme is die volgende:

- * 'n Groep mense met 'n gesamentlike woongebied en
- * die heidene, heidennasies of heidenvolke.

Daar bestaan 'n interessante etimologiese verwantskap tussen die Latynse begrip „ethnicus” en die Griekse begrip „ethnos” en die Latynse en Griekse begrippe „ethos/etos”,¹⁸⁾ wat die gemeenskaplike betekenis het van sedes, gewoontes, gebruike, sienswaardighede, karakter, gesindhede. Die Griekse begrip „etos” dui ook onder andere verder op: die woonplek van die mense en kan beteken: "A characteristic expression of features, expressive gestures."

Opsommend kan die volgende ten opsigte van die etimologiese herkoms van die begrip nasie gestel word:

- * Die begrippe waarmee nasie etimologies verband hou, word in die meeste woordeboeke telkens óók as volk vertaal.
- * Duidelik blyk hier die aksent op eenheid van herkoms en die gemeenskaplike afstammingsverband.
- * Die begrip verkry 'n eksterne religieus-antitetiese moment wat blyk uit die teenstelling tussen die Joodse en heidenvolkere en wat later ook op die teenstelling tussen Christene en heidenvolkere oorgedra word.

17) Die betekenis van afstammingsverband deur geboorte kom ook in die Afrikaanse begrip g e n -erasie, na vore.

18) Engelbrecht, op. cit., kol. 743. Liddell & Scott. Greek-English lexicon, p. 590. Coetzee, J.C. (jnr.), op. cit., p. 42.

- * Hierdie antitetiese moment tree ook na vore by die begrip etos. Dit blyk daaruit dat h eiensortige lewenshouding, neiging, gesindheid, karakter of disposisie tot uitdrukking kom in die eie sedes, gewoontes, gebruike en eienskappe verbonde aan h eie waaierplek. So word h tipiese en karakteristieke eie aard openbaar gemaak.

7.1.2 Enkele onderskeidings:

Vervolgens word die standpunt van enkele outeurs ten opsigte van die begrippe volk en nasie gestel.

7.1.2.1 Abraham Kuyper.¹⁹⁾

Kuyper opereer met die teenstelling van die staat as h verhygaande lewensvorm en die volk as h onver-ganklike wese, maar in die staat word as w e s e die volk aangetref - h sekere deel van die menslike geslag. Die volkere is een van die vele groepe waaruit die mensheid bestaan. Kuyper huldig h organiese volksbeskouing²⁰⁾ waarin die volk gesien word as een van die ledemate waaruit die mensheid bestaan. As ledemate kan elce die mees voltooide groepeer-formasies gesien word, en aangesien die volke h hoër formasie is dan die gesinsgroep of familiegroep, kan elce aan die volk die karakter van h eie ledemaat in die groot liggaam van die mensheid toegeken word. Op grond van die Openbaring van Johannes konkludeer Kuyper dat die staatsverme ten gronde sal gaan, maar dat die volke sal bly voortbestaan. Die organiese karakter van die samelewing kom tot openbaring in die volke en nie in die state nie. Die staat is vir Kuyper h bepaalde, nie-ewige en nie-onveranderlike

19) Kuyper, A., op. cit., p. 145 e.v.

20) Dengerink, J.D. Critiesch-historisch ondersoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der „sovereiniteit in eigen kring“ in de 19e en 20e eeuw, p. 150 e.v.

vorm waarin die wese van 'n volk hom manifesteer. Die staat is nie 'n eenheid, maar 'n kombinasie, dit is 'n volk plus 'n oor die volk gestelde „niet er vanzelf uit opgekome autoriteit”.²¹⁾ Die Kuypriaanse staatsidee is dus 'n samegestelde begrip waarin drie komponente vervat is, nl. 'n volk, wat 'n aan te wyse stuk van die aardbol besit en geregeer word deur 'n owerheidsverband, d.w.s. volk, land en owerheid. Die owerheid word dus as 't ware meganisme aan die volk toegevoeg.²²⁾ Die volk as organies-gegroeide, onverganklike wese en die owerheid as verbygaande instelling van meganiese aard, moet egter blywend onderskei word. Hierdie gedagte bring Kuyper op verskillende plekke daartoe om volk en owerheid as twee selfstandige lewenskringe te sien, elk met hulle eie soewereiniteit.²³⁾

Kuyper onderskei vier betekenisse van die begrip volk, nl. eerstens daardie deel van die mensheid wat deur herkoms, aard en taal 'n geheel afsonderlike groep in die menslike geslag vorm, tweedens 'n groep van gelyke aard, maar wat tog slegs 'n deel vorm van wat die woord volk in die eersgenoemde sin aandui, derdens in die sin van die bevolking van 'n land as gesamentlike onderdane en vierdens die betekenis in die sin van die Latynse begrip „plebs”, wat die kontras met die aristokrasie aandui.²⁴⁾

Dengerink²⁵⁾ wys daarop dat die invloed van die Historiese Skool, met die teorie aangaande die

21) Kuyper, A., op cit., p. 134, 151.

22) Ibid., p. 129.

23) Ibid., p. 272, 273, 717.

24) Ibid., p. 154.

25) Dengerink, op. cit., p. 150.

volksgees duidelik in Kuyper se beskouinge merkbaar is. Hierdie romantiese leer kom veral pregnant na vore waar Kuyper werk met die teenstelling van die staat as die verbygaande lewensvorm en die volk as 'n onverganklike wese.

Volgens Dooyeweerd ²⁶⁾ is dit fundamenteel onjuis om die staatsverband as 'n eensydige meganiese organisasie van owerheidsfunksies teenoor die volk te stel asof 'n volk 'n selfstandige bestaan teenoor die owerheid sou hê. Na die definitiewe oplossing van die primitiewe volks- en stamverband bestaan volgens Dooyeweerd geen enkele volk anders as in die staatsverband waarin dit met die owerheid as 'n gesagdraagster 'n onlosmaaklike eenheid vorm. Daar is volgens Dooyeweerd in die staat geen owerheid los van 'n volk en geen volk los van 'n owerheid. Die volk self word in die owerheid-onderdane-organisasie eers tot politieke eenheid. Dooyeweerd onderskei tussen die primitiewe etniese gemeenskap waar die proses van kultuurdifferensiasie, integrasie en individualisering nog nie 'n aanvang geneem het nie en 'n gedifferensieerde samelewing waarin daar reeds aan 'n eie staatsbestel vorm gegee is.

Uit die voorafgaande standpunt van Kuyper, met die enkele kritiese opmerkinge aan die hand van Dengerink en Dooyeweerd, is dit duidelik dat een van die kernvrae in die definiëring van die volksbegrip is die vraag of daar tussen volk en staat onderskei moet word. Dat Kuyper hierdie probleem aangevoel het, is duidelik. Dit is egter te betwyfel of die onderskeid alleen gesoek moet word in die teenstelling tussen owerheid en volk.

26) Dooyeweerd. De wijsbegeerte der wetsidee, dl. 3 en Id. A new critique of theoretical thought, dl. 2.

Coertze beklemtoon in sy uiteensetting van die volksbegrip die besondere noue relasie tussen volk en kultuur en stel dat mense onder normale omstandighede alleen bestaan binne bepaalde etniese verbande van kleiner of groter omvang, nl. in bendes, sibbes, stamme en volke. Die besit van 'n gemeenskaplike kultuur maak 'n groep mense tot 'n volk. Hy vergelyk 'n volk met 'n gewone organisme maar wys daarop dat volke „losser“ organiese eenhede vorm wat sowel as biologiese verskynsel en as geestelik-kulturele eenheid bestaan. Coertze verklaar die struktuurverskille tussen volke met behulp van die verskil in kultuurpatroon wat draer is van 'n bepaalde waardesisteem. Die kultuur van 'n volk kom saam met hom deur 'n groeiproses tot stand en bestaan uit 'n hele reeks uiterlike en innerlike skeppinge wat 'n „... eenheidsleuensuitdrukking met 'n verskeidenheid fasette vorm“. 28) Volks groei geskied nie slegs deur biologiese vermeerdering nie, maar ook deur geestelike kultivering van die lede van die volk.

Coertze dui 'n belangrike faktor aan wanneer hy op die besondere noue relasie tussen volk en kultuur wys, maar die verklaring van die verskille tussen volke bloot op grond van kultuurverskille lewer probleme op. Die Wes-Europese kultuur word dikwels byvoorbeeld as 'n betreklik homogene grootheid gesien terwyl dit tog nog uit 'n groot verskeidenheid van volkskulture bestaan. Dit wil voorkom asof die struktuurverskille tussen volke wel 'n uitdrukking kom onder meer in kultuurverskille, maar dat daar in die verklaring van die wesenverskille tussen volke na veel meer fundamentele strukturele ver-

27) Coertze, Akkulturasie. (In Cronjé, Kultuurbeïnvloeding tussen blankes en Bantoe in Suid-Afrika, p. 1-34.)

28) Ibid., p. 5.

skille gesoek moet word. 29)

7.1.2.3 Kunz Dittmer. 30)

Hierdie outeur gebruik die begrip volk ter aanduiding van die bevolking van 'n geslote woongebied wat deur gemeenskaplike spraak, kultuur en historiese lotsverbondenheid saamgevoeg is en hulle van hierdie samehorigheid en andersoortigheid teenoor hulle bure bewus is. Sodanige volksbewussyn is die vrug van latere ontwikkelinge en word selde by natuurvolke aangetref. By die natuurvolke is die stam dikwels die grootste bewuste eenheid. Nog later as stam en volk tree as suiwer politiese vorm die staat op. Die staat word daardeur gekenmerk dat 'n aantal gemeenskappe onder een institusionele leiding saamgevoeg is, 'n vaste staatkundige organisasie besit en die mag en die bevoegdheid besit om intern orde te handhaaf en sy selfstandigheid teenoor teenstanders van buite te handhaaf.

Die begrip nasie het volgens Dittmer nog geen eenduidige betekenis verwerf nie, maar kan goeie gedefinieer word as 'n bevolking wat uit een of meerdere volke bestaan, 'n vaste staatkundige organisasie besit, oor die nodige mag tot selfhandhawing beskik en verder die bewussyn van 'n historiese geworde politieke samehorigheid besit en verder deur die omgewing as nasie erken word.

Naas bogemelde onderskeidings hanteer Dittmer ook die term „etniese eenheid" (ethnos) wat hy as 'n neutrale term beskou. Dit dui op eenhede wat ver-
anderlik van grootte is, taalkundig en kultureel

29) Die relasie tussen die identiteitsstruktuur volk en die modale aspek van die volk, nl. kultuur, word in 'n meer wysgerige studie deur die skryfster behandel.

30) Dittmer, Kunz. Algemene Volkenkunde, p. 34 e.v.

eenvormig, endogaam en bewus van hulle bestaan. Hierdie eenhede fungeer as geleiers van erflike aanleg of biologiese aanpassing en via hierdie eenhede word die geestelike besit van die etniese eenheid oorgelewer. So 'n etniese eenheid is 'n dinamiese en voortdurende veranderende grootheid waarin verskillende sentripetale en sentrifugale kragte werksaam is wat die innerlike etniese ewewig van so 'n grootheid handhaaf en wat instrumenteel is in die wysiging van die determinerende elemente in die volksbestaan.

Hoewel Dittmer 'n leemte aandui in die terminologie in verband met volk en volksgroepe of subgroepe, is die hantering van die begrip „ethnos” as sogenaamde „neutrale term” náas die begrip volk wetenskaplik onverantwoord, omdat die betrokke begrippe besondere noue etimologiese verwantskap vertoon en geen term uit sodanige etimologiese en konsepsionele konteks losgemaak kan word nie. Skynbaar word die terminologiese problematiek in die hand gewerk deur die gangbare wetenskaplike onderskeiding tussen sogenaamde natuurvolke en kultuurvolke.

7.1.2.4. H.G. Stoker. ³¹⁾

Stoker onderskei tussen volk, staat en nasie (of staatsvolk). Hy behandel dié struktuur in sy kosmiese dimensie van (individuele en sosiale) strukture. Die bestemmingsfunksie van die volk is die sedelike - liefde tot die volk met sy eie afstammingsverwantskap, sy eie taal en volkse kultuur. Die bestemmingsfunksie van die nasie is ook die sedelike - liefde tot die landgenote onder dieselfde regering en met dieselfde lotsgemeenskap. Die

31) Stoker. 'Beginnels en metodes in die wetenskap, p. 172. Id. Afrikaanse volkswording, p. 243.

bestemmingsfunksie van die staat is vir Stoker die juridiese. Die funderingsfunksie van hierdie drie strukture is respektiewelik die biotiese in die geval van die volk en die fisiese in die geval van die nasie en die staat. Stoker sê dat h nasie uit verskillende taalgroepe saamgestel kan wees, terwyl h volk daarenteen net één taal het. Hy sê verder: „Vir h nasie is nie, maar vir h volk is wél sy organiese karakter, sy afstammingsverband (bloedstand) en sy kulturele eenheid kenmerkend“. Tot h nasie kan vrywillig, uit eie verkiesing toegetree word, maar vir aansluiting by h bepaalde volk is die vrywillige toetrede geheel en al onvoldoende.

Waar die vorige outeurs die relasie volk-kultuur as fundamenteel vir die volksbestaan sien, vestig Stoker pertinent die aandag op die belangrike rol van die sedelike, deur hom gesien as liefde, in die volksbestaan. Die sedelike is egter in sy wysgeerte van die skeppingsidee h „kulturele idion“.

7.1.2.5 Samevattend

Uit die voorafgaande standpunte is dit duidelik dat die onderskeiding tussen staat, nasie, volk en kleinere volksgroeperinge of etniese eenhede, probleme oplewer wat nog verder gekompliseer word deur gangbare onderskeidings tussen sogenaamde natuur- en kultuurvolke. Omdat die ekeplisering van die identiteitstruktuur v o l k in h meer wysgerige studie breedvoeriger behandel word, word in hierdie studie met bogenoemde uiteensettings waarin die kardinale probleme rondom die betrokke begrippe pertinent gesignaleer is volstaan. Dat die betrokke begrip in hierdie studie ook implisiet in h bepaalde konnotasie gehanteer word, word nie ontken nie. Die sin waarin die volksbegrip in

in hierdie proefskrif van die begrip nasie afgrens word, kan miskien die beste aan die hand van die volgende omskrywinge geadstrueer word.

Woord en Daad ³²⁾ omskryf die begrip „volk” soos volg:

„h Volk is h organiese gemeenskap met h eie geestelik-kulturele erfenis, h eie historiese lotsverbondenheid, h eie biologiese bloedsverbondenheid”.

By wyse van eksplisering moet hieraan toegevoeg word dat historiese lotsverbondenheid veral ook h lewende bewussyn impliseer van sodanige lotsverbondenheid wat gestalte aanneem in h volksbewussyn en historiese besef.

Die begrip n a s i e word dikwels in die spraakgebruik met die staat of staatsvolk vereenselwig.

- 32) Anon. Afrikaner en Suid-Afrikaner, Woord en Daad, 10: 1, Februarie 1968. Vgl. ook Coetzee, J.H., op. cit., p. 4, 12. Duvenage sien die volk as h sosiale entiteit of verband naas vele ander samelewingsverbande. Vgl. Duvenage, S.C.W., op. cit. p. 73, 75 e.v. Vgl. ook die volgende beskouing i.v.m. die begrip volk: Stoker, H.G. Afrikaanse volkswording, p. 242. Id. Die idee van nasionalisme, Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, 10: 52, 1931; Malherbe. Volkse houding. (In FCSV. Koers in die krisis, 3: 350). Hanekom, T.N. Kerk en volk, p. 70, 71, 89; Jacobs. Nasionalisme en opvoeding. Die Skoolblad, 34: 1,2, 1951; Kotze, D.J. Wat moet ons handhaaf? Handhaaf, 2: 11, 1965. Coetzee, J.C. (jnr.), op. cit., p. 7. 8. Volk. (In Oosthoek's encyclopaedie, 15: 247). Francis, E.K. Inleiding tot de sociologie, p. 144; Smitskamp. Inleidend. (In Barents, e.a. Christendom en nasionalisme, p. 11). Kuyper, A., op. cit., p. 148, 150. Malherbe. Organies-biologiese begrip misbruik. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. Nuwe reeks, IV: 17, 1943.

Woord en Daad ³³⁾ bied die volgende goeie omskrywing van 'n nasie, naamlik: „..... 'n georganiseerde verband van mense uit verskillende volke of bevolkingsgroepe op dieselfde grondgebied binne dieselfde staat. Die nasie bestaan in terme van die staat wat as juridiese instansie sy bevoegdheid binne sekere territoriale grense uitoefen. Die landsgrense is meteens ook politieke grense en word deur die staat bepaal.”

Die anglisistiese gebruik van die begrip „nasionaal” in Afrikaans in die sin van „landwyse” wek soms die indruk dat die begrip, benewens in bogemelde meer geo-politiese konnotasie, ook nog in 'n nie-staatskundige-juridiese sin gebruik kan word. Sodanige begripsgebruik is uiteraard verwarrend. Rekening moet verder gehou word met die feit dat die begrip „nasionaal” in die bekende samestelling „Christelik-nasionaal” in die Afrikaanse taalgebruik en volkslewe 'n besondere histories-ideologiese en emosionele betekenis verwerf het wat ten

- 33) Anon. Afrikaner en Suid-Afrikaner, Woord en Daad, 10: 6, 1968. Ten einde die „nasie” as begrip af te grens teenoor die begrip „volk”, word dit ook deur sommige skrywers getipeer as die staatsvolk of staatsnasie, in onderskeiding van die kultuurvolk of die kultuurnasie. Sien o.m. Malan, G.H.T. Wat is 'n volk?, p. 62. Stoker. Beginsels en metodes in die wetenskap, p. 172. Coetzee, Abel. Die Afrikaanse volkskultuur, p. 9. Francis. Inleiding, p. 147. Anon. Natie. (In Oosthoek's encyclopaedie, 5: 134). Kuyper, A. Pro rege. 3: 245, 246. Smitskamp. Inleiding. (In Barents, e.a. Christendom en nasionalisme, p. 12). Duvenage, S.C.W., op. cit., p. 69. Dooyeweerd. De wijsbegeerte der wetsidee, 3: 393, 394. Natie. (In Van Dale Groot woordenboek der Nederlandse taal, p. 1255). Malherbe. Afrikaner-volkseenhed, p. 21. The Oxford English dictionary, 7: 30, 31.

nouste in verband staan met die volkstaatieaal van die Afrikanervolk.³⁴⁾ Waar die voorafgaende samestelling op veel meer lewensterreine as slegs die staatkundig-politiese slaan, word die begrip „nasionalisme“ gebruik ter aanduiding van die staatkundig-politiese aspirasies van h groep in die nasie.³⁵⁾

7.2 Volkskultuur en volksorg:

Die begrip kultuur word in Kultuurkunde soos volg omskryf:
 „.... h versorgende (bouende, bewarende, herstellende, dus konstruktiewe) wyse van lewensindienstelling deur enkelinge, groepe, volkere ens. selfs oor verspreide wêrelddele, soos byvoorbeeld die Jode en Sigeuners, ooreenkomstig die eise en

34) Coetzee, J.H., op. cit., p. 6 e.v.

35) Nasionalisme het te make met die staatkundige aspek van die volksbestaan. Hoewel volk en nasie twee duidelik onderskeibare groothede is, wek die gebruik van die begrip „nasionalisme“ in die Afrikaanse spreektaal verwarring. Stoker onderskep hierdie moontlike misverstand deur te praat van nasionaliteit en nasionalisme in staatkundige en juridiese sin enersyds en in volkerekundige sin andersyds. Sien Stoker. Die idee van nasionalisme, op. cit., p. 51. Vgl. ook "Nationalism". (In Gould, J. & Kolb, W.L. A dictionary of the social sciences, p. 455). Kohn. Nationalism, p. 9. Brink. Theologiesch woordenboek, kol. 3437. Anon. Begrip „ras“ is in Bybel aanwesig. Die Transvaler, 26 Oktober 1965.

toekomsbeeld van elke bepaalde religie as tradisie." 36)

Dat dit in die konsepsie volkeskultuur gaan om meer as 'n loutere verbinding tussen die twee begrippe „volk” en „kultuur” is voor die hand liggend. In hierdie verband wys Christopher Dawson daarop dat „..... beskawing en natie zijn beide gelijk scheikundige verbindingen die hun bestaan selve aan hun synthese te danken hebben en elke poging om ze te herleiden tot hun samestellende bestanddeelen brengt hun vernietiging met zich.” 37)

Kultuur bestaan in die konkrete werklikheid nooit as abstrakte entiteit nie „..... omdat alle kultuur in haar werkelyke verskijningsvormen ruimtelijk en tydelik afhankelyk is van het bestaan van een volk of volkengroep en eveneens van de politieke en sosiale machtsverhoudingen.” 38)

36) Vgl. ook die volgende sieninge van volkeskultuur: Cronjé, G. Sosiologiese faktore in die Westerse kultuurontwikkeling en bevordering in Suid-Afrika. (In Cronjé. Die Westerse kultuur in Suid-Afrika, p. 98). Coetzee, Abel, loc cit. Meyer. Die Afrikaner, p. 30. Coetzee. Inleiding, p. 11, 38. De Vos. Inleiding tot die wijsbegeerte, p. 136, 137, 141, 142. Hudson. Die volkeskultuur: Enkeling en gemeenskap. Tydskrif vir volkeskonde en volketaal, 17: 38, 1961. Cloete, G.N.P. In watter teken staan ons volkegebou vandag? Koers, 14: 230, 1947. Coetzee, P.C. Die Afrikaner en massaliteratuur. (In SA Akademie. Referate gelewer op algemene vergadering, 1966, p. 55, 63). Sien o.m. i.v.m. die betekenis en etimologiese herkoms van die begrip „kultuur”: Koornhof. Die plek en rol van die kultuurorganisasie in ons volkslewe. Handhaaf, 3: 19, 1966. Schilder. Christus en kultuur, p. 50. Van Paarsen. Kultuur en Christelike geloof, p. 15. Van Til. The calvinistic concept of culture, p. 29. Huizinga, op. cit., p. 12, 13, 19. Goedhart. Christendom en kultuur, p. 7, 8, 14. Beekman. Cultureel en maatschappelyk werk. Volkeopvoeding, 6: 281, 1957. Kotzé, D.J. Wat moet ons handhaaf?, op. cit., p. 11. Kluge. Etimologiese Wörterbuch der deutschen sprache, p. 411. Engelbrecht, op. cit., p. 425, 426, 555. Hugo. Arbeid as grondslag vir ware en blywende kultuur. Die Taalgemeenskap, 19: 11, 1950. Vriend. Christ and culture. Torch and trumpet, 1: 11, 12, 29, 1951.

37) Dawson. Het oordeel van de volken, p. 190.

38) Kuypers, K. Cultuur- en geschiedfilosofie. (In De Vos, H. & Kohnstamm, Ph., (red.), ENSIE, 1: 148).

In hierdie proefskrif word die begrip volkskultuur egter gebruik ter aanduiding van die omvattende lewenstyl of wyse van lewensindienstelling van h volk, ooreenkomstig die eise en toekomsbeeld van h heersende tradisionele kultuuretos wat ten diepste in die religie en religieuse grondmotiewe werk-saam in die volkslewe gefundeer is. So geëien sluit kultuur dus die volle aksieradius van die lewensuitinge van die volk in, asook alle geestelike en materiële kultuurprodukte wat op grond van die bemoeienis van die volk met volksgeenote en nie-menslike landspotensiaal tot stand kom.

„Volksorg” het in die Suid-Afrikaanse wetenskaplike vakterminologie nog geen geykte betekenisinhoud verkry nie. Slegs enkele skrywers het sover vasgestel kan word reeds van hierdie begrip gebruik gemaak. A.C. Cilliers³⁹⁾ gebruik in sy werkie „Nasionale volksorg en die demokrasie” die begrip in die konnotasie van die sorg vir die volk of nasie van owerheidsweë deur sy demokraties verkose volksverteenwoordigers. Prof. Joon van Rooy⁴⁰⁾ sien die arbeidsveld van die volksorg soos volg:

„Die volksorg het nie met die mens as individu, maar ook en veral met sy sosiale, met sy volksbestaan te doen. As individu en in sy kollektiewe gemeenskapsverband is die liggaamlike en geestelike heil en welsyn van die mens daarvan afhanklik dat hy in al die verskillende wetskringe normaal en op die mees doeltreffende wyse sal fungeer.”

Van Rooy gebruik die begrip in h tweërlei betekenis, naamlik ter aanduiding van alle sorg wat deur kerk, staat en „maatskaplike organisasies” aangewend word en andersyds ter

39) Cilliers. Nasionale volksorg en die demokrasie.

40) Van Rooy, J.C. Die betekenis van die Calvinisme vir die hedendaagse volksorg. (In FCSV. Op die voorpunt van die tye, p. 41 e.v.)

aanduiding van die werk verrig deur die onderskeie organisasies vir volksorg op die breë maatskaplike gebied, wat hulle taak verrig op die grondslag van die sogenaamde organiese volks-liefde.

In sy uiteensetting van maatskaplike sorg, bring J.H. Coetzee ⁴¹⁾ beswaar in teen die term v o l k s o r g op grond van die feit dat in dié begrip die voorwerp van versorging seksioneel aangedui en beperk word.

N.J.H. van Loggerenberg ⁴²⁾ gebruik die begrip uitsluitend ter aanduiding van die staatstaak. Hy praat van die volksorgbeleid van die staat in onderskeiding van die barmhartighedsorg van die kerk en die liefdadigheidsdiens van die welsynorganisasies.

G. Cronjé ⁴³⁾ gebruik die konstruksie „maatskaplike volksorg”, en hoewel hy dit later kwalifiseer as sorg deur alle instellings wat op een of ander wyse die welsyn van die gemeenskap wil bevorder, d.w.s. sorg vir die hele volk, blyk dit uit sy voorafgaande uiteensetting van die maatskaplike volksorg, dat dit vir hom hoofsaaklik om die herstellende aspek van die volksorg gaan en dan wél sodanig gekwalifiseer dat hierdie herstel primêr deur die professionele maatskaplike werktegniek tot stand gebring behoort te word. Volgens Cronjé het die maatskaplike volksorg tot taak om versorgend ten opsigte van bepaalde maatskaplike nood of probleme op te tree. Dit sluit egter nie die breë opvoedingstaak uit nie. J.J. Fourie ⁴⁴⁾ gebruik „volksorg” in die sin van sorg deur die staat ten behoeve van die volk.

41) Coetzee, J.H. Die barmhartighedsdiens van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika, p. 28

42) Van Loggerenberg. Die staatskundige beleid ten opsigte van volksorg in die Republiek van Suid-Afrika.

43) Cronjé. Mens en medemens, p. 40.

44) Fourie. Kerk en staat by Herman Dooyeweerd.

In hierdie studie word die begrip volksorg ⁴⁵⁾ gebruik ter aanduiding van al daardie versorgingsaktiwiteite t.o.v. die mens-in-volkverband, hetey voorkomend, genesend, noodlenigend, rehabiliterend en nasorgend, wat gedra word deur die motief van natuurlike of goddelike naasteliefde en aangewend word deur welke instansie (hetey individueel of georganiseerd deur institutêre of partikuliere organe), professioneel, gedwonge of vrywillig, tot die bereiking van die hoogs moontlike selfstandige roepingevervulling van elk van die institutêre en partikuliere organe, met die oog op die behoud van volksidentiteit en die volvoering van die volksroeping binne 'n bepaalde geografiese woongebied, tot 'n bepaalde kulturele eindbestemming.

Mit die empiriese naversing het geblyk dat verskillende ander onderskeidings noodsaaklik is op grond van enerayds die versorgingsobjek en andersyds die karakter van die betrokke versorgingshandele. Die onderskeiding ⁴⁶⁾ tussen „Personkultuur” en „Sachkultur” lê aan die onderskeiding tussen „volksorg” en „tegniese” en „kulturele” sorg ten grondslag. In hierdie drieledige onderskeiding tree die volgende objekte van versorging na vore, naamlik respektiewelik die volk of mens-in-volkverband, die nie-menslike natuur en die geestelike en materiële kultuurprodukte. Al die genoemde vorme van sorg kan weer in die lig van die gerigtheid van die versorgings-

45) Hierdie definisie is 'n uitbreiding en omvorming van die omskrywing van „maatskaplike sorg” deur J.H. Coetzee. Hy het op sy beurt weer hierdie omskrywing geformuleer na aanleiding van Kelso se definisie van „maatskaplike welsyn”. Sien Coetzee, J.H. Die barmhartigheidsediens, p. 28.

46) Dooyeweerd. A new critique of theoretical thought, 2: 198.

handelinge gekwalifiseer word, naamlik as konstruktief of konserverend en kuratief.⁴⁷⁾

In die samestelling „volksorg” dui die begrip „volk” die seksionele beperking van die versorgingsobjek aan maar bied geen aanduiding ten opsigte van die versorgende subjek of handelende instelling nie. Die toevoeging van die predikaat „partikulier” dui derhalwe die aard van die instelling aan wat ten opsigte van die volk as voorwerp van sorg, versorgend fungeer. Omdat ’n kultuurvereniging ’n sekondêre samelewingsvorm is wat deur privaat of partikuliere inisiatief tot stand kom, blyk dit nodig te wees om die ruimere begrip volksorg d.m.v. bg. toevoeging in te perk en te kwalifiseer.

8. Doel van studie:

Die primêre doel van hierdie studie is om aan die hand van die studie van die belangrikste volksorgaktiwiteite van verskillende partikulier-kulturele instellings in die Afrikaanse volkskultuur die samespel en interaksie tussen die verskillende geestestrominge in die volkslewe na te gaan en te poog om die aksentverskuiwings in die oorwegend Protestantse-Christelike kultuuretos van die Afrikanervolk te bepaal. Dit geld hier uiteraard slegs aksentverskuiwings wat op die niveau van die partikuliere volksorg te bespeur is. Dit gee egter ’n representatiewe beeld van die wisseling in kultuurdominante in die kultuuretos van die Afrikanervolk wat hulle weer manifesteer in die onderlinge relasie tussen volks-groepering en samelewingsvorme.

47) Die begrip kuratief is afgelei van die Latynse begrip „c u r a” wat versorging beteken en ’n noue verwantskap met die Skriftuurlike amps- en roepingsgedagte het. Sien Schilder. De Openbaring van Johannes en het sosiale leven, p. 215. Vgl. i.v.m. die etimologiese herkoms van die begrip s o r g: Lewis & Short. A Latin dictionary, p. 501. Postma. Woordeboek. Afrikaans-Latyns, p. 269. Engelbregt. Latijnsch woordenboek, p. 562. Walde A. Lateinisches etymologisches wörterbuch, p. 314. Gabler, Ernst. Latijnsch-Hollandsch woordenboek over de geneeskunde en de natuurkundige wetenschappen, p. 62.

In die periode van 1930 tot 1964 word die fokus op een partikulier-kulturele instelling, die ATKV (SAS en H) binne 'n bepaalde bercepsgroep geplaas. Aan die hand van die aktiwiteite van hierdie Versniging word die karakter van sorgaktiwiteit ten behoeve van die behoud en bewaring van volksidentiteit geanaliseer.

A F D E L I N G I

PARTIKULIERE VOLKSORG IN HISTORIESE PERSPEKTIEF.

1. Inleidend

Die begrip „kultuuretos" word in hierdie proefskrif gebruik ter aanduiding van die heersende lewenskode, met die daaraan korrelate sedelike waarderinge, insigte, tradisies en gedraginge in 'n bepaalde tydperk, soos dit binne 'n bepaalde gemeenskap aangetref word. Die feit dat daar terminologies tussen kultuuretos en die manifestasie daarvan in die konkrete en variabele kultuurpatroon onderskei word, impliseer geen skeiding tussen die in die tradisionele lewenskode gefundeerde lewens- en wêreldbeskouing en die daaraan korrelate lewenswandel nie. Lewensvisie en lewenswandel is ten diepste één en ondeelbaar.

Venter ¹⁾ onderskei tussen „konsepsiewêreld" en kultuur as die twee keersye van die religie en maak ook in sy kenteoretiese veldverkenning van die wetenskap Colologie 'n onderskeiding tussen gedagte-wêreld en konsepsiewêreld. Laasgenoemde word operasioneel as ideaal-tipiese begrip gehanteer („Sollensbegriff"), terwyl die gedagte-wêreld 'n omvattende begrip is wat „..... hoofsaaklik op assosiatiewe denke berus" as sodanig ongenormeerde is en ook verkeerde, kwade en sondige gedagtes bevat. Die ideaal-tipiese en kenteoretiese begrip „konsepsiewêreld", in die sin waarin dit deur Venter gebruik word, is minder-gemaklik ter aanduiding van die gemeenskaplike kennisbesit van groepe en verskillende samelewingsvorme of gemeenskappe hanteerbaar. Om hierdie rede word verkieslik van die begrip „kultuuretos" gebruik gemaak, terwyl „konsepsiewêreld" gehanteer word wanneer daar op 'n meer statiese dwarsdeursnit van 'n bepaalde kultuuretos of geestestroming heersend binne 'n bepaalde gemeenskap in 'n bepaalde tydperk gedui word.

1) Venter, C.N., op. cit., p. 86 e.v.

Die Griekse begrippe „ethos” en „éthos” ²⁾ dui op die innerlike gesindheid en lewenshouding wat tot uitdrukking kom in die sedes, gewoontes en gedragsvorme van die mens as enkeling en in groepsverband. Dit dui ook op die w o o n-plek van die mens en het ’n noue etimologiese verwantskap met die Griekse begrip „ethnos”. Gemeenskaplik aan die betekenis van die twee begrippe is die feit dat dit dui op sedes, gewoontes, gebruike, maniere of wyse van doen en karakteristieke uitdrukking van eienskappe, kenmerke en uitdrukkingsvolle gebare. Tot dieselfde etimologiese wortel is ook die begrip „sede” terug te herlei.

Die „Afrikanervolk” soos in hierdie studie aangewend, dui op die ganse blanke empiries-etniese volksgroepering, soos dit met verloop van tyd tot ontwikkeling gekom het in Suid-Afrika, met Afrikaans as spreektaal. Die volksbestaan van die Afrikanervolk moet op grond van die proses van volkswording in die Afrikaanse volksgeskiedenis gesien word as ’n eiesoortige entiteit, met ’n tipiese volksidentiteit, waarvan die bestaan deur God gewil is. Wanneer die geskiedenis gesien word as die voltrekking van die Raadsplan Gods, dan moet ook die historiese wording en bestaan van die Afrikanervolk aan die Suidpunt van Afrika in hierdie lig gesien word.

Daar kan in die kultuurgeskiedenis van die Weste drie definitiewe fases onderskei word waarin daar onderskeidelik deur die teosentriese, die deïstiese en die nihilistiese godsbegrippe ’n determinerende invloed op die kultuur van die Westerse mensheid uitgeoefen is. Die besondere fase waarin die teosentriese godsbegrip, met die daaraan onlosmaaklik verbonde Christelike kultuuretos, sy stempel op die kultuur van die Weste afgedruk het, word getipeer as die Christendomlike Westerse kultuurtydperk. Die Westerse kultuur word as Christendomlik

- 2) Vgl.: Troost, A. Casuïstiek en situasie-ethiek. Von Meyenfeldt. The meaning of ethos, p. 21. Liddel, H.G. & Scott, R. A Greek-English Lexicon, p. 412, 644. Schmidt. Philosophisches Wörterbuch, p. 145. Vollenhoven. Ethiek. (In Oosthoek's encyclopaedie, 5: 294). Bauer. Griechisch-Deutsches Wörterbuch, p. 395, 423. Vgl. i.v.m. die etimologiese wortel van die begrip „sede”: Liddel, H.G. & Scott, R., op. cit., p. 412.

bestempel omdat die Christelike religie as etos vir meer as twee duisend jaar lank die onderskeie volks- en nasionale kulture, wat deel van die Westerse beskawing uitmaak beheersend beïnvloed het.

3)

Venter onderskei op grond van die onderskeie godsbegrippe wat die kultuurgeskiedenis van die Weste bepalend beïnvloed het tussen:

- * h Christendomlike kultuurpatroon; en
- * h Na-Christendomlike kultuurpatroon.

In die eerste kultuurpatroon is die teosentriese Godsbegrip die oorheersende en word die lewenstyl van die deursnee Westerling gekenmerk deur gehoorsaamheid aan die daaruit voortvloeiende lewenskode as tradisie, met die oog op h eschatologiese kulturele eindbestemming. Ideaal-tipes gesien kan die meeste Westerse volkeskulture in hierdie tydperk dan ook as Christelike of Christendomlike volkeskulture getipeer word. Van hierdie Christendomlike Westerse kultuur is die volkeskultuur van die Afrikanervolk, soos dit na die volksplanting aan die Kaap tot ontplooiing gekom het, h neerslag. 4)

- 3) Sien C.N. Venter se onderskeiding tussen „Christelik” en „Christendomlik”, op. cit., p. 42. Id. Ons roeping as Calvinistiese jeug binne en ons Christelike lewenswandel buite die JV. (In Transvaalse Bond van Jongeliedeverenigings. Koers in ons JV-werk, p. 32 e.v.) Id. Die kultuurtoestand van die Afrikaner, nr. 2. Die Taalgenoot, 32: 9, 1962. Sien ook Kuyper se beskouing oor h Christelike kultuur: Van Til, op. cit., p. 123.

- 4) Cronjé. Sosiologiese faktore in die Westerse kultuurontwikkeling. (In Cronjé. Die Westerse kultuur in Suid-Afrika, p. 99). Pauw. Die beroepsarbeid van die Afrikaner, p. 28. Van der Westhuysen. Die gestalte van die Westerse leefwyse by die Afrikaner. (In Cronjé. Die Westerse kultuur in SA, p. 47). Meyer. Trek verder.

Die globale grootheid, die Westerse kultuurpatroon, kan gesien word as 'n konfigurasie van kleiner volkskulturele eenhede wat gemeenskaplik gekenmerk was deur 'n in hooftrekke homogene, maar ryk geskakeerde en gevarieerde Christendomlike leefwyse.⁵⁾ Waarin was die homogeniteit te midde van die verskeidenheid of pluriformiteit geleë? In die gemeenskaplike tradisioneel-Christelike kultuuretos wat vir 'n geruime tyd as lewenskode en as toekomsverwagting, die ontwikkeling van die kultuur in die Weste beïnvloed en bepaal het. Hierdie karakteristieke Westerse leefwyse wat in die onderskeie gedifferensieerde volkskulture gestalte aangeneem het, was grotendeels die vrug van die gemeenskaplike lewenskode en waardesisteem wat uit die oorheersende Christelike denkwêreld voortgevloei het.⁶⁾

Die volksplanting aan die Kaap deur die toedoen van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie, het met die oog op die daarstelling van 'n verversingspos vir verbygaande handelskepe na die Ooste geskied. Hoewel hierdie gebeurtenis nie gesien kan word as 'n doelbewuste poging tot die verbreiding van die Westerse Christendomlike kultuurpatroon nie, het dit met verloop van tyd geblyk 'n besondere historiese gebeurtenis te wees waardeur daar onder die Voorsienigheid van God 'n uiteenlopende groep mense vanuit dieselfde Wes-Europese Christendomlike geestesklimaat in die smeltkroes van historiese gebeure, 'n eie-aardige volk met 'n eie tipiese identiteit

- 5) Coetzee, J.H. Die kultuurkrisis van die twintigste eeu en ons. Koers, 26: 195, 1958. Van Riessen. Mens en werk, p. 38, 39. Cronjé. Sosiologiese faktore in die Westerse kultuurontwikkeling. (In Cronjé. Die Westerse kultuur in SA, p. 98). Dreyer, P.S. Die grondslae van die Westerse leefwyse. (In Cronjé. Die Westerse kultuur in SA, p. 6). Coetzee, P.C. Die Afrikaner en die massaliteratuur. (In SA Akademie. Referate gelewer op algemene vergadering, 1966. p. 55).
- 6) Dreyer. Die grondslae van die Westerse leefwyse. (In Cronjé. Die Westerse kultuur in SA, p. 3).

en eie volkskultuur tot stand gekom het. Hierdie Christelike Westerse leefwyse het onder invloed van etno-geografiese en kulturele wisselwerking in die verloop van die Afrikanervolksgeskiedenis 'n besondere karakter aangeneem. ⁷⁾

2. Kultuurdominante

2.1 Die Calvinistiese konsepsiewêreld.

2.1.1 Historiese wortels.

Die volkeplanting aan die Kaap het geskied met die bede dat die ware gereformeerde Christelike leer en religie mettertyd voortgeplant en verbrei moes word. In hierdie sinende in die gebed van Jan van Riebeeck kom die daaraan ten grondslagliggende Calvinistiese lewensbeskouing en kultuurbeskouing tot uitdrukking waarin daar geen skeiding tussen die godsdienstige en die ander aspekte van die lewe te bespeur was nie. In hierdie ware gereformeerde Christelike leer is één van die belangrikste sleutels vir die verstaan van die Afrikaanse volkskultuur

- 7) Erlank wys daarop dat hierdie verversingstasie 'n „geestelike ver-versingspos" kan wees vir die kruisende verkeersweë van die Wes-Europese kultuur, as die Afrikanervolk trou in sy roeping staan. Sien Erlank. Die patroon van ons volkskarakter, p. 7. Vgl. ook Coetzee, J.A. e.a. Ons republiek, p. 7. Scholtz. Die stryd om die wêreld, p. 57. Verwoerd, Betsie. Toespraak gelewer tydens een-en-twintigste Algemene Jaarvergadering van die Vrou-en-Moederbeweging van die ATKV (SAS en H), Kaapstad, 1963. Coetzee, J.H. Die Afrikaanse volkskultuur. Die Taalgenoot, 33: 6 e.v., 1964. Id. Die kultuurkrisis van die twintigste eeu en ons, p. 195. Serton. Zuid-Afrika, p. 55. Wiid, J.A. Wording van die Afrikaner. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 590). Nepgen, C.C. Die sosiale gewete, p. 56, 113, 143. Van Jaarsveld. Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, 1868-1881, p. 13. Meyer. Nog nie die einde nie, p. 55. Vorster. Die metodistiese invloed in ons volkslewe. (FCSV. Koers in die krisis, 3: 186). Cronjé. Sosiologiese faktore in die Westerse kultuurontwikkeling. (In Cronjé. Die Westerse kultuur in SA, p. 106). Olivier, Phil. (red.) Roeping in ons tyd. Geloftedag, 1956, p. 3.

en die oorwegend Calvinistiese kultuuretos as geestelike draer van die volkskultuur geleë.

In die dokumente deur Jan van Riebeeck en sy voorgangers aan die Verenigde Nederlandsche G'octroyeerde Oostindische Compagnie voorgelê, dien onder andere ter motivering vir die stigting van die verversingspos vir verbygaande handelskepe aan die Kaap, die volgende: ⁸⁾

- * dat die inboorlinge moontlik die Nederlandse spraak en taal sou kon aanleer, en
- * dat hulle kinders later as bediendes gebruik kan word en 'n Christelike opvoeding kon kry, sodat die ware Gereformeerde Christelike leer onder hulle versprei kon word.

In hierdie gees vind die stigting van die verversingspos plaas met die bede dat die ware gereformeerde religie voortgeplant sou word. Hanekom sien in hierdie gebeurtenis die uitdrukking van die Calvinistiese eenheidsgeloof en eenheidskultuur van die sewentiende eeu wat geen skeiding tussen geloof en lewe geduld het nie. Die datum 1657 toe die vryburgers hulle as permanente bewoners van die land gevestig het, is belangrik in die proses van volkswording - dit word deur talle gesien as die geboortjaar van die Afrikanervolk. ⁹⁾

Vanaf 1688 word die bevolking aangevul deur die Hugonote, immigrante wat moes vlug vir die meedoëlose vervolging wat

8) Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966. p. 36, 38. Met „Voorgangers” word hier bedoel Leendert Janszen en Matthys Prout.

9) Hanekom. Die liberale rigting in Suid-Afrika. Vgl. ook Wiid. Wording van die Afrikaner. (In Van der Walt, e.a. Geskiedenis Suid-Afrika, 1951. 2: 584 e.v.) Nepgen, op. cit., p. 48.

uit die herroeping van die Edik van Nantes voortgevloei het.¹⁰⁾ Met die vestiging van die vryburgers en die geleidelike indringing in die binneland, word die oorwegend Calvinisties gestempelde kultuur as wyse van lewensindienstelling onder die nuwe omstandighede in die onbekende land gevorm en voortgeplant.¹¹⁾

Daar is in die Afrikaanse volkskultuur verskillende geestesstrominge naas mekaar onderkenbaar wat 'n belangrike invloed op die volksorg in die Afrikaanse volkskultuur uitgeoefen het. Met die vestiging aan die Kaap van klein groepies mense vanuit verskillende geboortelande, herkoms en afstamming, was daar uiteraard van 'n sterk volksbewus-syn as samebindende element aanvanklik geen sprake nie. Al wat hierdie groepe gemeenskaplik besit, was hulle gemeenskaplike lotsverbondenheid op die gemeenskaplike landsbodem en die breë trekke ooreenstemmende geestesklimaat van die Calvinistiese protestantisme waaruit hulle gestam het.¹²⁾ Ook die oorwegend Luthers georiënteerde Duitse groepering vorm deel van hierdie bevolking maar het skynbaar nie so 'n sterk invloed op die vorming van die tipiese Afrikaanse kultuuretos uitgeoefen nie.

- 10) Van Jaarsveld. Die Afrikaanse geskiedbeskouing. Koers, 26:98, 1958. Van der Walt. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966. p. 63, 64, 84. Wiid. Wording van die Afrikaner. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 586).
- 11) Scholtz. Die ontstaan van 'n volk. Die Taalgenoot, 21: 6, 7 e.v.
- 12) Spies. 'n Historiese analise van die faktore wat 'n vormende uitwerking op die wording van die Afrikaner en sy kultuur gehad het. (In Cronjé. Die Westerse kultuur in SA, p. 34,35). Van den Heever. Vorming van Afrikaanse kultuur. Die Taalgenoot, 4: III, 1935. Van Jaarsveld. Die Afrikaanse geskiedenisbeskouing, loc. cit. Spoelstra. Die „Doppers“ in Suid-Afrika, p. 2. Hanekom. Kerk en volk, p. 133.

J.H. Coetzee ¹³⁾ skryf in verband met die karakter van die wording van die Afrikanervolk en volkskultuur die volgende: „Van Riebeeck en sy mense het in 1652 gekom nog met die nagloed van die Sinode van Dordrecht en die krag van die Calvinisme as geloof en lewensbeskouing. Hierdie geesteserfenis is versterk deur die koms van die Franse Hugenote. Die Duitse Lutherane het nie veel invloed uitgeoefen nie. Op die vorming van die volkskultuur vóór 1800 het die „gereformeerde religie“ ’n oorwegende invloed uitgeoefen.”

Tereg tipeer Stoker die Calvinisme as die wortel van die volksbestaan van die Afrikaner. ¹⁴⁾ Ten opsigte van hierdie wortel onderskei Stoker tussen horisontale en die vertikale siening van die Calvinisme in die volksbestaan. Die Calvinistiese wortel gesien vanuit die horisontale gesigspunt dui primêr op die histories-genetiese oorsprong van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing soos dit tradisioneel deur die oorspronklike Hugenote en ander immigrante wat as vlugtelinge vir hulle geloof na Suid-Afrika verhuis het, aan die nageslag oorgedra is. Die vertikale siening dui die besondere relasie aan waarin die Afrikanervolk in die loop van sy geskiedenis bewustelik tot God gestaan het. ¹⁵⁾

- 13) Coetzee, J.H. Blanke volksontwikkeling, p. 16.
- 14) Stoker. Calvinisme as wortel van ons volksbestaan. Koers, 19: 162, 164. Van den Heever. Gedagtes by die Voortrekkermonument. Die Taalgenoot, 22: 7, 1952. Meyer. Die Afrikaner, p. 36. Nepgen, op. cit., p. 75-77. Coetzee, J.H. Die republiek en ’n Christelike politiek. (In Gereformeerde Korps Veritas Vincet. Republiek en Koninkryk, p. 81). Vorster. Die metodistiese invloed in ons volkslewe. (In FCSV. Koers in die krisis, 3: 186). Malherbe. Afrikaner-volkseenheid, p. 39. Hanekom. Kerk en volk, p. 97. Sien ook i.v.m. ’n Calvinistiese kultuurbeskouing: Ridderbos, op. cit., p. 19, 20, 165.
- 15) Weiss. Die Afrikaner en sy kultuur. Handhaaf, 2: 17, 1965. Stoker, Calvinisme as wortel van die volksbestaan, p. 167-8. Spies. ’n Historiese analise van die faktore wat ’n vormende uitwerking op die wording van die Afrikaner en sy kultuur gehad het. (In Cronjé. Die Westerse kultuur in SA, p. 35).

Die Afrikanervolk as draer van die Christendomlike Westerse religie, het die Protestants-Calvinistiese kultuuretos by sy volksplanting as geestelik-kulturele erfenis van Geus en Hugenoot ontvang. Karakteristiek van die Protestantse Calvinisme soos dit in die volksgedagtewêreld van die Afrikaner na vore getree het en in die Afrikaanse volkskultuurpatroon sy neerslag gevind het, was die feit dat hierdie besondere lewens-en wêreldbeskouing in Suid-Afrika 'n besondere eie-aardige vorm aangeneem het.¹⁶⁾ Tereg kan hierdie Protestants-Calvinistiese kultuuretos as die „amptelike“ kultuuroopvatting van die Afrikanervolk getipeer word. Venter¹⁷⁾ onderskei tussen die „amptelike“ en „nie-amptelike“ kultuuroopvatting van die Afrikanervolk. Hy sê: „Volgens hul amptelike kultuuroopvatting is hul kultuur Godsdiens en volgens hul nie-amptelike kultuuroopvatting is hulle kultuur nie Godsdiens nie. Hieruit volg dit logies dat hul nie-amptelike Godsdiens nie in ooreenstemming met hulle amptelike leerstukke is nie. Ook hul nie-amptelike godsdiens het dus van hul amptelike Godsdiens volgens hul amptelike leer afgewyk.“ Venter gebruik die begrip „amptelik“ hier in tweërlei betekenis ter tipering van die Afrikaanse kultuuroopvatting, naamlik ter aanduiding van die feit dat die grootste deel van die Afrikanervolk by

- 16) Coetzee, J.V. Die geskiedenis van die Calvinisme in Suid-Afrika. (In FCSV. Koers in die krisis, 1: 57). Meyer. Nog nie die einde nie. Cronjé. Sosiologiese faktore in die Westerse kultuurontwikkeling. (In Cronjé. Die Westerse kultuur in SA, p. 99, III). Meyer. Grondslae van ons republikeinse staatsvorming. (In Coetzee, J.A. e.a. Ons republiek, p. 72, 75).
- 17) Vgl. Venter, C.N. Die kultuurtoestand van die Afrikaner, nr. 2, p. 184, asook nr. 3, p. 6. Sien ook Vorster. Die Metodistiese invloed in ons volkslewe. (In FCSV. Koers in die krisis, 3: 184).

hulle doop a m p -telik in die amp van die gelowiges bevestig is, en verder dui dit daarop dat die besondere leer waaraan die konsepsiewêreld of kultuurbeskouing sy bestaan te danke het, vervat is in die amptelike of offisiële dokumente van die drie Afrikaanse gereformeerde kerke.

Die „amptelike” reformatoriese konsepsiewêreld kan dus dien as ’n teoretiese dwarsdeursnit van die Protestants-Calvinistiese kultuuretos. Die analise van die belangrikste momente van so ’n konsepsiewêreld is uiteraard ’n wetenskaplike abstraksie en kan maklik die indruk van ongenuanseerde generalisasie skep. Wanneer die Protestants-Calvinistiese konsepsiewêreld as kultuurdominant vervolgens in breë trekke geanaliseer word, is dit belangrik om dit in gedagte te hou dat hierdie beskouing nie bewustelik deur alle lede van die etnies-empiriese Afrikanervolk gedeel word nie. Tog kan daar met ’n groot mate van sekerheid geponeer word dat die Christendomlike kultuuretos vir die grootste deel van die volksbestaan van die Afrikanervolk die mees gewigtige kultuurdominant was, of soos Muhlmann¹⁸⁾ dit ook formuleer, die meeste historiese gewig gedra het.

Wanneer daar binne die heersende kultuuretos in ’n volkskultuur tussen hierdie wetenskaplike generalisasie en die feitelike empiriese toedrag van sake onderskei moet word op verskillende tydperke in die volksgeskiedenis, is die onderskeiding van Venter¹⁹⁾ tussen die konsepsiewêreld en die gedagte-wêreld besonder vrugbaar. Met behulp van so ’n wetenskaplike abstraksie en generalisasie word gepoog om die mees markante lyne van die kultuurdominant in die heersende

18) Muhlmann. Methodik der Völkerkunde.

19) Venter, C.N. Kultuur-en-versorgingswetenskap.

kultuuretos in die volkskultuur af te teken.

Vervolgens word die hoofmomente van die amptelike reformatoriese konsepsiewêreld as teoretiese dwarsdeursnit van die Protestants-Calvinistiese kultuuretos as kultuurdominant in die Afrikaanse volkskultuur geskets.

2.1.2 Godsbegrip en geloofsbelydenis

Die Godsbegrip van die Afrikanervolk soos dit in die Calvinistiese kultuuretos beliggaam is, kan as teosentries geteken word.²⁰⁾ Baie treffend word die Godsbegrip van die Afrikanervolk deur genl. J.C. Smuts²¹⁾ in 'n brief gerig aan W.T. Stead, redakteur van "Review of Reviews" op 4 Januarie 1902 geformuleer: „Die Boere as 'n volk het 'n buitengewone geloof in God. Hulle God is nie 'n god van die meganiese tipe wat die heelal in beweging gebring het en hierdie beweging kalm van buite oorweeg nie. Hulle God is 'n God van die Hebreeuse tipe 'n God wat leef en werk in die beweging van die heelal en veral die geskiedenis van binne af aandryf; 'n God wat van en met die drafte en begeertes die goeie en die slegte dade van die mens Sy goddelike beleid verwesenlik....." „Hulle s'n is die geloof in God, wat terselfdertyd 'n geloof in hul eie groot bestemming is - 'n geloof waarin die goddelike ideaal saamsmelt met die praktiese lewe van die volk en daaraan 'n nuwe krag en edeler selfrespek verleen."

20) Id. Die kultuurtoestand van die Afrikaner, nr. 2, p. 43.

21) In hierdie stadium was Smuts nog in 'n hoë mate die tradisionele Afrikaanse Calvinistiese konsepsiewêreld toegedaan. Sy werk Holism and Evolution, verskyn eers in 1936. Vgl. Van Schoor, M.C.E. Genl. J.C. Smuts en die wese van die Afrikaner. Die Taalgenoot, 26: 10, 1957. Smuts kan as oorgangsfiguur en verbindingskakel tussen die Calvinisties-deïstiese en die holistiese fase in die Afrikaanse volkskultuur gesien word.

By 'n teosentriese Godsbegrip ²²⁾ word God gesien as die Absolute Skepper, Onderhouer en Voleinder van alle dinge, terwyl die mens gesien word as die voogd of kurator van die skepping van God wat deur sy aangesprokenheid van Godswêë geroepe is tot mede-arbeider en mede-versorger van die skepping. Hierdie feit kan gesien word as een van die kernmomente van die Calvinistiese geloofsbelydenis aangaande God.

Die Calvinistiese geloofsbelydenis wat gefundeer is in die teosentriese Godsbegrip kan in die amptelike leerstukke van die gereformeerde religie, soos dit deur al drie die gereformeerde Afrikaanse kerke onderskryf word, nagespoor word, t.w. in die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls. In hierdie belydenisskrifte soos hulle op die Woord van God gefundeer is, ²³⁾ kan die begrip aangaande God soos in die ideaal-tipes onderskeie amptelike Protestants-Calvinistiese konsepsiewêreld beliggaam, vasgestel word.

Daar kan sonder vrees vir teësprak gekonstateer word dat die grootste meerderheid van Afrikaners hierdie besondere geloofsbelydenis aangaande God, soos in die Heilige Skrif geopenbaar, deur hulle doop en inlywing in die verbond, deelagtig geword het, al sou hulle leer en lewenswandel dit moontlik later weereprek. Venter ²⁴⁾

- 22) Meyer. Nog nie die einde nie, p. 59. Venter, C.N. Ons nuwe republikeinse burgerskap. (In Gereformeerde Korps Veritas Vincet. Republiek en Koninkryk, p. 44).
- 23) Nepgen, op. cit., p. 62, 63, 90, 91. Vorster. Die metodistiese invloed in ons volkslewe. (In FCSV. Koers in die krisis, 3: 184). Coetzee, J.V. Die geskiedenis van die Calvinisme in Suid-Afrika. (In FCSV. Koers in die krisis, 1: 57) Stoker. Die stryd om die ordes, p. 268. Van Vuuren, J.A.J. Christelik-nasionalisme. Handhaaf, 2: 22, 1965. Venter, C.N. Die kultuurtoestand van die Afrikaner, nr. 2, p. 9. Van Til, op. cit., p. 47-56.
- 24) Venter, C.N. Die kultuurtoestand van die Afrikaner, nr. 2, p. 9.

wys daarop dat die geloofsbelydenis deur die nakoming van die doopsbelofte van geslag tot geslag oorgedra word en sê verder: „..... daarom kan ons met stelligheid aanneem dat elke Afrikaner kragtens sy doop amptelik deel het aan die Verbond en ook die ware en suiwere leer van die Reformasie amptelik onderskryf – sodra hy belydenis van sy geloof aflê, as lidmaat van sy kerk aangeneem word en amptelik aan die Nagmaal van die Here deelneem.”

Dat hierdie geloofsbelydenis die amptelike, of altans vir 'n lang tydperk die deurslaggewende faktor in die siening van die Afrikanervolk oor God, hul roeping in die land aan hulle sorg toevertrou en die sin en doel van die lewe en wêreld was, word deur die navorsing van talle historici en andere bevestig. Dat hierdie geloofsbelydenis in die volkskultuurpatroon van die Afrikaner vir so 'n lang tydperk so 'n deurslaggewende rol gespeel het, kan onder meer verder ook toegeskryf word aan die geografiese isolasie en die daarmee samehangende geestelik-kulturele isolasie van die volk van die beïnvloeding deur ander lewensbeskoulike geestestrominge. Die afwesigheid van die georganiseerde kerk en skool het veral op die trekpad die Trekkerboer op voortdurende en nuwe omgang met die Bybel aangewys. ²⁵⁾

- 25) Nepgen, op. cit., p. 61, 62, 66, 93. Wiid. Wording van die Afrikaner. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 594). Cronjé. Sosiologiese faktore in die Westerse kultuurontwikkeling. (In Cronjé. Die Westerse kultuur in Suid-Afrika, p. 92). Coetzee, Abel. Kultuur is lewe. Helikon, 6: 77, 1956. Pauw, op. cit., p. 26. O'Kulis. Doppers, p. 20, 21. Oberholster. Die geloofslawe en die godsdienstige boek onder die voorgeslag. Geloftedag, 1953. p. 13.

2.1.3 Lewens- en-wêreldbeskouing ²⁶⁾

Naas die erkenning van die absolute soewereiniteit van God as Skepper, Onderhouer en Voleinder van Sy skepping, gee die Afrikanervolk in sy Calvinistiese konsepsiewêreld erkenning aan die feit dat die wêreld, waarby die onmiddellik ontwaarbare omgewing - die vaderland - inbegrepe is, die skepping van God is en ten volle onselfgenoegsaam en dus van God afhanklik is. Vandaar dan ook dat die stelreël van die Calvinistiese lewens-en-wêreldbeskouing gesien kan word as die Bybelse denkbeeld van: „Uit God en deur God en tot God is alle dinge”. ²⁷⁾ Wanneer die wêreld met alles wat dit behels só gesien kan word, beteken dit dat die Afrikanervolk by implikasie slegs rentmeesters is van die vaderland wat aan hulle sorg toevertrou is. Hierdie verantwoordelikheid deel die Afrikanervolk met alle ander volksgroeperinge in die land waarin hulle onder die beskikking van God as volk tot stand gekom het. Implisiet is dus in die Calvinistiese lewens-en-wêreldbeskouing, soos dit uit die geloofsbelydenis van die Afrikanervolk voortvloei, ingesluit die **r o e p i n g s** - gedagte, naamlik dat die volk tot verantwoording geroep sal word in verband met die sorg vir die vaderland. ²⁸⁾

- 26) Die besondere aard van die Calvinistiese lewens-en-wêreldbeskouing spreek uit die herhaalde gebruik van die begrip „Christelik-nasionaal”. Vgl. Van Vuuren. Christelik-nasionalisme, p. 26. Wiid. Wording van die Afrikaner. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 608).
- 27) Stoker. Calvinisme as wortel van ons volksbestaan, p. 164. De Wet. ’n Kritiese studie van die grondtendense van die kreatief-evolusionistiese en holistiese wysbegeerte in die Anglo-Amerikaanse lande, p. 344. Vgl. ook Kuyper, A. Het Calvinisme. Du Toit, S. Wie is ’n ware Afrikaner? Geloftedag, 1955. p. 4.
- 28) Erlank, op. cit., p. 12. Du Toit, J.D. Grondbeginsels van die Calvinisme. (In FCSV. Koers in die krisis, 1:39).

In die Calvinistiese lewensbeskouing van die Afrikanervolk, soos dit in die amptelike reformatoriese volksgedagte-wêreld beliggaam is, staan die roepingsgedagte dan ook sentraal. Die ganse individuele - en volkslewe is h deur God-geroepe lewe, waarin die v o l l e lewe in al sy aspekte in dankbaarheid aan God diensbaar gemaak moet word. Die diensbaarmaking van die lewe in en aan die Koninkryk van God geskied ooreenkomstig die waardesisteen of lewenskode, soos dit onder meer in die eise van die sentrale liefdesgebod na vore tree. Die wet van God moet as maatstaf en rigsgaaf van die ganse lewe in alle lewensverhoudinge binne die volkslewe dien. Tussen die geloof-lewe en die res van die menslike lewe bestaan geen skeiding nie. 29)

2.1.4 Mens- en maatskappybeskouing 30)

Die mens-in-volksverband (verbond) staan in h a m p s -relasie waarin hy tot priester, profeet en koning geëlf is. Dit hou in dat die mens in alle uitinge van die volksbestaan sy lewe as h offer priesterlik aan God diensbaar maak, deur onder meer koninklik te heers oor die skepping aan sy sorg toevertrou en daardeur profeties die eer en heerlikheid van God te verkondig of openbaar te maak. Ten opsigte van die onderlinge verhouding tussen volksgeenote geld die eis van die versorging in liefde, terwyl die beginsel van die erkenning en handhawing van differensiasie, soewereiniteit in eie kring en die eie individualiteit van die volk, onder meer deur territoriale - en linguale „segregasie“, geld ten opsigte van intervolksbetrekkings.

29) Kuyper, A. Het Calvinisme, p. 45, 64. Van Til, op. cit., p. 105. Van Rooy, D.J. Waarom h Calvinie? Immanuel, 1958. Ridderbos, op. cit., p. 318. Du Toit, J.D. Grondbeginsels van die Calvinisme. (In FCSV. Koers in die krisis, 1:39). Krige, J.J. Metodisme. (In FCSV. Koers in die krisis, 1: 135). Duvenage, S.C.W., op. cit., p. 227.

30) Van Vuuren. Christelik-nasionalisme, p. 22

Hierdie beskouing oor die differensiasie tussen volksgroeperinge en die daaruit voortvloeiende bewussyn van en erkenning van die tipiese volksindividualiteit van elke sodanige groepering het die beleid van eiesoortige afsonderlike ontwikkeling en territoriale segregasie in die Afrikanervolkelêre laat posvat.

h Kerngedagte ten opsigte van die menslike samelewing soos dit gefundeer is in die geloofsbelydenis van die amptelike Calvinistiese konsepsiewêreld van die Afrikaner, is die feit dat nie slegs die institutêre kerk nie maar alle samelewingsvorme h roeping en taak te vervul het met die oog op die realisering van die Koninkryk van God. Die gedagte van die Calvinistiese „eenheidskultuur“, waarin alle samelewingsvorme diensbaar is in die koninkryk en daar geen ruimte is vir h dualistiese skeiding van die kerk en die res van die samelewingsvorme nie, ³¹⁾ is die vrug van die oortuiging dat die koningskap van Christus op alle lewensterreine erken, geproklameer en gehandhaaf behoort te word. Dit bring verder ook mee die erkenning van die soewereiniteit in eie kring van elke sodanige samelewingsvorm. Uit hierdie maatskappybeskouing vloei h besondere sterk roepingsbesef voort asook die erkenning van die feit dat hierdie roeping binne eschatologiese perspektief sinvol is.

- 2.1.5 Die Afrikanervolkeroeping tot h kulturele eindbestemming. Met die erkenning dat elke volk, in casu die Afrikanervolk, h eie roeping en taak binne die landegrense aan sy sorg toevertrou te vervul het, word aan die religieuse karakter van die volksbestaan uitdrukking gegee.

31) Nepgen, op. cit., p. 62, 63, 90, 91. Vorster. Die metodistiese invloed in ons volkelêre. (In FCSV. Koers in die krisis, 3: 184, 186). Coetzee, J.V. Die geskiedenis van die Calvinisme in Suid-Afrika. (In FCSV. Koers in die krisis, 1: 57). Duvenage, S.C.W., op. cit., p. III. Hanekom. Kerk en volk, p. 97.

Daarin lê die erkenning opgesluit dat volkere tot stand kom en verdwyn onder die beskikkende hand van God wat die grense van die woonplek van elke volk vasgestel het. Daarin lê egter ook opgesluit dat elke volk binne die Raadsplan van God 'n besondere eie taak en roeping te vervul het.³²⁾ Met die oog hierop is dit nodig dat die volk sy volksindividualiteit handhaaf. Dit beteken die handhawing van alle aspekte van die volksbestaan of alle aspekte waaraan die volk as individualiteitstruktuur deel het, en wél onder leiding van die tipiese bestemmingsfunksie van die volk.³³⁾

Die volksplanting aan die Kaap kan in die lig van die voorafgaande ook gesien word as die regstreekse uitvloei-sel van die bewuste of onbewuste beantwoording aan die kultuuroopdrag. Ook die handel van die V.O.I.C. met die Ooste, gedra deur ekonomiese motiewe, het implisiet in die teken gestaan van die onderwerping en die beheersing van die destyds-bekende aardryk.

- 32) Anon. Nasies wat gered word. Stoker. Calvinisme as wortel van ons volksbestaan, p. 165. Ridderbos, op. cit., p. 126.
- 33) Vgl. ook Kotzé, D.J. Wat moet ons handhaaf?, p. 12, 13. Coetzee, J.H. Die Afrikaanse volkeskultuur, loc. cit. Hierdie strewe tot die handhawing van die eie volksindividualiteit wortel by die Afrikanervolk in die diep roepingsbesef. Sien ook Du Toit, S. Openbaringslig op die apartheidsvraagstuk. (In Du Toit, J.D. en S. Die Afrikaanse rassebeleid en die Skrif, p. 25). Nepgen, op. cit, p. 94-6. Strijdom. Feesrede by geleentheid van die kultuurfees in die stadsaal. Die Taalgenoot, 24: 5, 1955. Deur die oorname en assimilasie van volksvreemde kultuuruitinge in die oudheid het 'n godsdienstige invloed op die volkslewe uitgegaan. Alle kultuuruitinge en -goedere was religieus getint. Sien Goedhart, H., op cit., p. 45.

Die volksroeping van die Afrikanervolk in Suid-Afrika is, soos dié van alle volke, ten diepste gefundeer in die kultuuroopdrag. Die vraag na die modale kwalifikasie of bestemmingsfunksie van die volk as individualiteitstruktuur, binne die begrippe-apparaat van die Wysbegeerte der Wets-idee, word hier nie verder bespreek nie. Aan die Suidpunt van Afrika kom h volk tot stand in en deur die proses van beantwoording aan die twee opgawes soos in die kultuuroopdrag beliggaam. Die proses van volkswording geskied juis in en deur die bevolking van die land en die daarmee onafskeidelik verbonde proses van sorg vir die menslike en niemenslike natuur. Dit blyk dus dat die volk tot stand kom as gevolg van die gehoorsaamheid, bewustelik of onbewustelik, aan die kultuuroopdrag en dat tot die volk, wat op hierdie wyse tot stand kom, ook die roeping kom tot die vorming van volkskultuur, met die oog op h bepaalde kulturele eindbestemming. Aan hierdie roeping tot die vorming van volkskultuur moet die volk as enkeling en in die georganiseerde samelewingsvorme in die volkslewe, deur die alledaagse lewenswyse beantwoord. Die wyse van lewensindienstelling van die volk is derhalwe die antwoord van die volk op die roeping van God. Só werk die Afrikanervolk mee tot die openbaarmaking van die eer en heerlikheid van die Kurios - die Heer! ³⁴⁾

Ten einde hierdie roeping ten uitvoer te bring, is die Afrikanervolk, net soos elke ander volk, met die nodige geestesvermoëns toegerus en beskik die volk in sy individuele en georganiseerde volkspotensiaal oor die nodige toerusting om in Suid-Afrika die proses van kosmiese ontsluiting ten uitvoer te bring. Talle skrywers het reeds gepoog om die karaktersistieke volksaard van die Afrikaner te tipeer. ³⁵⁾ h Herhaling

34) Meyer. Die Afrikaner, p. 31. De Lange, P.W. Kongresrede. (In Notule, 26ste ATKV-kongres, 28 Sept. - 1 Okt. 1954, Hartenbos).

35) Vgl. o.a. Weiss. Die Afrikaner en sy kultuur, p. 16. Nepgen, op. cit., p. 110. Serton, op. cit., p. 188. Coetzee, Abel. Die Afrikaanse volkskultuur. Stoker. Afrikaanse volkswording en Suid-Afrikaanse nasievorming, p. 246. Id. Die idee van nasionalisme, p. 55.

daarvan is dus onnodig en vir die doeleindes van hierdie studie nie relevant nie. Voldoende is dit om daarop te wys dat die Afrikanervolks a a r d, afgesien van biologies-genetiese gesteldheid, ook nog deur geografiese-klimatologiese en kultureel-konsepsionele faktore bepaal word. Hoofsaak is egter die erkenning van die feit d a t die Afrikanervolk as volk oor 'n tipiese volkeindividualiteit en volke-aard beskik wat onder meer in die geskiedenis van die volk in die proses van etnies-geografies-kulturele wisselwerking gevorm is en wat gesien kan word as die besondere, deur God toebedeelde geestes- en liggaamlike toerusting waarmee die volkeroeping in Suid-Afrika ten uitvoer gebring kan word. Die besondere karakter van hierdie toerusting waaroor die Afrikanervolk in onderskeiding van ander volke beskik, kom onder meer tot uitdrukking in die Afrikaanse kultuur en taal. ³⁶⁾

Die Afrikanervolk is aan die Suidpunt van Afrika geplaas met die roeping om hierdie landsgebied tesame met die ander volksgroeperinge wat daarin woon, te onderwerp en te beheers en dit te vul deur vrugbaar te wees en te vermeerder. Deur die lewensindienstelling van die volk as enkelinge en in die verskillende samelewingsvorme in die Afrikaanse samelewing is die volk derhalwe profeties besig met die verkondiging van die eer en die heerlikheid Gods. Hierdie roeping word deur P.J. Meyer ³⁷⁾ treffend soos volg geformuleer: „..... om in al ons lewensuitinge getuie te wees vir Christus teen die toenemende antichristelike imperialisering van die wêreld al loop dit uiteindelik uit op 'n geweldadige onderwerping aan die magte van die Antichris.”

36) Weiss. Die Afrikaner en sy kultuur, p. 15, 16.

37) Meyer. Nog nie die einde nie, p. 69.

Ten opsigte van die menslike en nie-menslike potensiaal van die land is die Afrikanervolk geroepe om as kurator in beheer van die land te staan en sal die volk ook ten opsigte van sy beantwoording aan hierdie roeping, verantwoording moet doen. In hierdie omvattende roeping, neem die roeping tot volksorg, dit wil sê die roeping tot die sorg vir die volk in en deur die volksenote in individuele of georganiseerde verband, 'n belangrike plek in. Die Afrikanervolk het 'n besondere roeping tot die versorging van sy volkspotensiaal, omdat die Afrikanervolk daardeur beter toegerus word om in sy religie as wyse van lewensindienstelling dienswerk te lewer. Kernagtig word hierdie roeping in die lig van moontlike toekomstige ontwikkelinge in die Afrikaanse volksbestaan deur J.H. Coetzee ³⁸⁾ geformuleer: „Die enigste verskil tussen die fase van die Afrikanervolk en die van die Suid-Afrikaanse volk vir sover dit die Afrikaner-Calvinie betref, is dat hy in die ouer fase draer van die geloof moes wees onder sy eie volk en na die volke of volksdele met wie hy in aanraking gekom het. In die stadium van die Suid-Afrikaanse volk staan hy nog onder dieselfde roeping met die verskil dat die dele van ander volke reeds deel van sy volk geword het en hom derhalwe nog sterker onder die verpligting stel - die weg vir hom in 'n sekere sin makliker maak.\" Hierdie roeping van die Afrikanervolk verkry selfs nog dieper en meer pregnante betekenis wanneer dit gesien word in die lig van die feit dat die Afrikanervolk deur Godsbeskikking in 'n land geplaas is wat bevolk is deur 'n groot aantal ander volksgroeperinge wat nie met die God en die eise van die Skrif bekend is nie. Juis in die heterogene

38) Coetzee, J.H. Blanke volksontwikkeling, p. 29.

bevolkingsamestelling in Suid-Afrika verkry die kultuuroopdrag as roeping van die Afrikanervolk 'n besondere missionêre cachet.³⁹⁾ Die Afrikanervolk is geroepe om hierdie opdrag ten uitvoer te bring te midde van die omringende heiden-volkere sodat dit as 'n verkondiging en getuigenis van die eer en die heerlikheid van God kan dien.⁴⁰⁾

In hierdie taak van die bewoonbaarmaking van die land en die kerstening van die eie en die omringende heidenvolke, is die bewaring en die behoud van die tipiese volksindividualiteit 'n belangrike voorvereiste. Dat hierdie individualiteit egter ook met verloop van tyd in die proses van geskiedenisvorming van karakter verander deurdat daarin ander elemente en bevolkingsdele opgeneem word, doen geen afbreuk aan hierdie eis van die handhawing van individualiteit met die oog op die kulturele eindbestemming van die volk nie. Slegs in die lojaliteit teenoor die volkseie kontra die volkevreemde, hetsy blank of nie-blank, is die volvoering van die volksroeping moontlik. Die Afrikanervolk het as Christenvolk die verantwoordelikheid om in Suid-Afrika as draer van die ware religie, teenoor die groot menigte van kultiese religies op te tree.⁴¹⁾ Die histories-gegroeide voogdyskapsverhouding

- 39) Dawson sê dat hierdie missionêre karakter dié eienskap is wat die Westerse kultuur van ander kulture en beskawings onderskei. Vgl. *My Religion and the rise of Western culture*, p. 12. Sien ook Stoker. *Calvinisme as wortel van ons volksbestaan*, p. 173. Hierdie „missionêre cachet“ kan op tweeërlei wyse geïnterpreteer word, naamlik in die sin van die roeping van die volk in die land Suid-Afrika en die roeping van die volk in die wêreld. Sien ook: Du Plessis, L.J. *Die republiek tussen Ooste en Weste. (In Gereformeerde Korps Veritas Vincet. Republiek en koninkryk, p. 117.)* Stoker. *Hoe is ons roeping wêreldwyd?* Strauss, H.J. *Die Afrikanervolksroeping in wêreldverband. Handhaaf*, 3: 12 e.v., 1966.
- 40) Du Plessis, H. en Coetzee, J.H. *Algemene riglyne. (In Gereformeerde kerk. Uit een bloed, p. 65, 66).*
- 41) Strauss, H.J. *Die Afrikaner se volksroeping in wêreldverband, p. 12.*

van die blanke Afrikanervolk teenoor die omringende nie-blanke volke, is slegs in die lig van hierdie diepere dimensie reg en ten volle te begryp. Die voogdyskapsverhouding van die Afrikanervolk teenoor die ander bevolkingselemente in die land is ten diepste gefundeer in die kultuurmandaat, waarby geïmpliseer word dat die Afrikanervolk as kurator nie slegs oor die nie-menslike landspotensiaal aangestel is nie, maar ook as kurator oor die ander bevolkingselemente van die Suid-Afrikaanse nasie en bevolking. Dat hierdie voogdyskapsverhouding met verloop van tyd van karakter sal verander namate die verskillende volke tot selfstandigwording kom en ook tot mondigwording in die aanvaarding van hulle eie roeping is voor die hand liggend. Aan die Afrikanervolk is die kostelike roeping opgedra om deur sy dienswerk in en aan die koninkryk van God die deugde van God te verkondig en Sy eer in Suid-Afrika tot openbaarmaking te bring, sodat dit as 'n getuigenis vir die omringende volkere kan dien en die volle potensiaal van die uitverkorenes in hulle volke tot openbaring kan kom.⁴²⁾

Dat die bestaan van die Afrikanervolk in die tyd, sinvol en betekenisvol is, al sou die empiries-etniese volk in die

- 42) 'n Belangrike mylpaal in die volksgeskiedenis was die slag van Bloedrivier. Die gelofte wat by hierdie geleentheid afgelê is, moet gesien word as die erkenning van die Afrikanervolke-roeping. Dit is foutief om te meen dat eers daar, deur die aflegging van die gelofte, die volk in 'n verbondsverhouding tot God te staan gekom het. Sien: Van Jaarsveld. Die betekenis van Bloedrivier. Geloftedag, 1953. p. 24. Stoker. Die stryd om die ordes, p. 250-1. Meyer. Grondslae van die Afrikaanse republikeinse staatsvorming. (In Coetzee, J.A. e.a. Ons republiek, p. 67). Van Jaarsveld. Die Afrikaanse geskiedenisbeskouing, p. 99. Stander. My oortuigings omtrent ons eie volk en geloof in sy toekoms. Koers, 8: 136-7, 1941. Snyman, Ph. C. Volke- en rasseverhoudinge. (In Gereformeerde Korps Veritas Vincet. Republiek en koninkryk, p. 77). Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966. p. 195. Du Plessis, L.J. Liberale en Calvinistiese natuurleëpolitiek. (In FCSV. Koers in die krisis, 2: 230). Meyer. Die Afrikaner, p. 29. Id. Nog nie die einde nie, p. 82.

toekoms om verskillende redes in die niet verdwyn, is alleenlik te verklaar en te regverdig op grond van die oortuiging dat elke volk, hoe kortstondig sy bestaan in die tyd ookal mag wees, deur God, op grond van die kultuuropdrag aan alle mense, geroep word tot taakvervulling met die oog op 'n bepaalde kulturele eindbestemming.⁴³⁾

Die Afrikanervolk het, net soos elke ander volk, 'n eschatologiese kulturele eindbestemming. Dit wil sê die Afrikanervolk sal ook in die eindoordeel voor die troon van God verantwoording moet doen oor die wyse waarop die volk individueel en in georganiseerde verband aan sy van Godswêë gestelde roeping beantwoord het. Die konkrete en kontingente van die Afrikanervolkseroeping sal uiteraard in die lig van elke nuwe empiries-historiese situasie gesoek en geformuleer moet word.

Die Christendomlike Westerse kultuur het vir bykans die afgelopen twee duisend jaar gestaan onder die mandaat van die bede: „Ons Vader wat in die hemel is, laat U Naam geheilig word, laat U Koninkryk kom, laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde....” Sentraal het in hierdie kultuurpatroon met sy groot verskeidenheid van plaaslike volkskulture die gedagte van die koms van die Koninkryk Gods gestaan.⁴⁴⁾ Die Afrikanervolkskultuur as draer van die Christendomlike Westerse kultuur moet dan ook staan in die teken van die realisering van hierdie bede waarin die koms van die teenswoordig-toekomende grootheid,⁴⁵⁾ die Koninkryk van God, die kulturele eindbestemming van die enkeling en die volk is.

43) Stoker. Afrikaanse volkswording en Suid-Afrikaanse nasievorming, p. 246.

44) Venter, C.N. Die kultuurtoestand van die Afrikaner, nr. I, p. 5.

45) Duvenage, B. Die arbeid in die lig van die gereformeerde etiek.

Venter ⁴⁶⁾ wys daarop dat hierdie kulturele eindbestemming van die Afrikanervolk in artikel XXXVII van die Nederlandse Geloofsbelydenis baie duidelik geformuleer word:

"..... aangesien hulle verlossing dan voltooi sal word en hulle daar sal ontvang die vrug van al hulle sware arbeid en moeite ... en as h' genadige vergelding sal die Here hulle in besit stel van so h' heerlikheid as wat die hart van h' mens nooit sou kon bedink nie."

Die Afrikanervolk, soos verteenwoordig in die Afrikaner-Godsvolk ⁴⁷⁾ is daartoe geroepe om aan die einde van die tyd die skatte van die land aan hulle sorg toevertrou en die skatte van die volksgeskiedenis as die kultuurskatte van die volk die nuwe Jerusalem binne te dra.

2.1.6 Resume.

Sterk generaliserend is dit moontlik om die volgende kernmomente in die amptelike Protestants-Calvinistiese konsepsiewêreld van die Protestants-Christelike kultuuretos as kultuurdominant te onderskei:

- * Kennis aangaande God as Skepper, Onderhouer en Voleinder soos in Sy Woord geopenbaar en in die geloofsbelydenis van die Afrikaanse kerke geformuleer.
- * Kennis aangaande die roeping van die mens as medeverzorger van die skepping, wat impliseer h' kennis aangaande die roeping tot die bevolking en beheersing van die land, met die oog op h' eschatologiese kulturele eindbestemming.
- * h' Wete of besef aangaande die eie aard en tipiese identiteit van die volk soos dit deur gemeenskaplike afstamming tot stand gekom het.

46) Venter, C.N. Die kultuurtoestand van die Afrikaner, nr. 2, p. 9 e.v.

47) Id., p. 43. Id. Ons nuwe republikeinse burgerskap. (In Gereformeerde Korps Veritas Vincet. Republiek en koninkryk, p. 43). Besluit van die Sinode. (In Gereformeerde kerk. Uit één bloed, p. 72).

- * Kennis aangaande die skeppingspotensiaal van menslike en nie-menslike natuur, aan die sorg van die volk toe-
vertrou.
- * Kennis aangaande die inhoud van die Calvinistiese lewens-
en wêreldbeskouing as kultuurdominant van die tradisio-
nele Afrikanerkultuuretos.
- * Kennis aangaande die tradisionele wyse van lewensindiens-
stelling ooreenkomstig die lewenskode van die oorwegend
Calvinistiese kultuuretos in die volkslewe.
- * Kennis aangaande die volksgeskiedenis en die rol van die
gemeenskaplike geskiedenis in die proses van volkswording
en die vorming van die sie kultuuretos as lewenshouding
en die daarmee integraal samehangende lewenstyl en kultuur
en beskawingsprodukte. 48)

Histories het hierdie kennis sy mees fundamentele openbaar-
making gehad in die Afrikaanse taal, maar ook in alle ander
kultuuruitinge in die verskillende bestaanswyse waaraan die volk
deel het en waarin die volksbestaan diensbaar gemaak word. 49)

2.2 Volkswording en volksbesef

Reeds in die tydperk van 1704 tot 1707, met die verset van die
koloniste teen die goewerneur W.A. van der Stel, is dit duide-
lik dat daar uit die uiteenlopende bevolkingselemente 'n nuwe
volk besig was om te ontstaan. Dit blyk onder meer ook uit
die benaming wat deur W.A. van der Stel aan hierdie groep gegee
is, naamlik „Boere“.

Spoedig ontwikkel daar onder meer deur die gemeenskaplike

48) Weiss. Die Afrikaner en sy kultuur, p. 17.

49) Van der Westhuysen. Die gestalte van die Westerse leefwyse
by die Afrikaner. (In Cronjé. Die Westerse kultuur in
Suid-Afrika, p. 52, 53). Meyer. Die Afrikaner, p. 77, 78,
96.

landsbodem lotsverbondenheid en geesteserfenis en verder ook deur die proses van etnogeografiese interaksie en die bykomende faktor van gemeenskaplike afstamming h besef van tot dieselfde volk te behoort wat reeds vroeg op konsepsionele wyse tot uitdrukking kom. Dat daar by die bevolking in hierdie stadium reeds h bewussyn van tot dieselfde volk te behoort geleef het, spreek uit die woorde van Hendrik Bibault: „Ik ben een Afrikaander”.⁵⁰⁾ Indien daar van die standpunt uitgegaan word dat iets eers werklik in die taal en in die volksmond benoem word wanneer dit h reële ontwaarbare gegewe is, kan die benaming „Afrikaander” sekerlik gesien word as h aanduiding van die bewussyn van tot die volk van die land Suid-Afrika toe te behoort. Die naam „Afrikaander” dui dus op die begripsinhoud wat aan hierdie ontwaarbare gegewenheid gekoppel is.⁵¹⁾

Die verset van die koloniste teen W.A. van der Stel, word deur Hanekom⁵²⁾ reeds gesien as die eerste openbaringe van die gees van liberalisme in die volkebestaan. Hoe dit ookal beoordeel word, die feit bly staan dat hierdie gemeenskaplike

50) Boeman. Hooftreкке van die Afrikaanse kultuurgemeenskap. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. Nuwe reeks, XV, 1955. p. 25. Malherbe. Afrikaner-volkseenheid, p. 47, 81, 82. Meyer. Die Afrikaner, p. 79, 80. Id. Grondslae van ons Afrikaanse republikeinse staatsvorming. (In Coetzee, J.A. e.a. Ons republiek, p. 61-119). Van der Westhuyzen. Kultuurbewuswording van die Afrikaner. (In Van den Heever & Pienaar. Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, p. 53). Franken. Hendrik Bibault of Die opkoms van h volk. Die Huisgenoot, 13: 9, 1928. Wiid. Wording van die Afrikaner. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 587,) Van Jaarsveld. Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, p. 13.

51) Franken. Hendrik Bibault of Die opkoms van h volk, p. 9 e.v.

52) Hanekom. Die liberale rigting in Suid-Afrika.

georganiseerde optrede onder leiding van Adam Tas, teenoor dit wat deur hulle gesien was as verontregting deur die owerheid, een van die belangrikste faktore was wat instrumenteel was in die proses van volkswording. Van der Merwe⁵³⁾ wys daarop dat geen ander faktor soveel daartoe bygedra het om die Hugenote en die ou koloniste in Suid-Afrika tot een volk te laat saamsmelt nie as juis hierdie gemeenskaplike verset teen W.A. van der Stel.⁵⁴⁾

Die periode ná 1704 word veral gekenmerk deur rustige bloei en uitbreiding - kenmerkend genoem: „Die eeu van die veeboerpionier.”⁵⁵⁾ Ten spyte van die afwesigheid van die georganiseerde kerk en die amptelike bearbeiding deur die kerk, het die volk hulle Calvinistiese geloofserfenis bewaar, hoofsaaklik op grond van die diepgewortelde Calvinistiese geloofsoortuiging aangaande die priesterskap van elke gelowige.⁵⁶⁾ As uitvloeisel hiervan ontwikkel geleidelik 'n sterk volkswaardewys waarin die gedagte van tot 'n afgesonderde volk te behoort na vore tree en wat tot uitdrukking kom in 'n eie tipiese volkstaal en volksaard en kenmerkende voogdyskapsverhouding teenoor die omringende ongekerstende nie-blanke volksgroeperinge.⁵⁷⁾

- 53) Van der Merwe, P.J. Van verversingspos tot landboukolonie, 1662-1707. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966. p. 59 e.v.)
- 54) Wiid. Wording van die Afrikaner. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 588). Malherbe. Afrikanervolkseenheid, p. 41. Coetzee, J.A. e.a. Ons republiek, p. 8.
- 55) Van der Walt, A.J.H. Die eeu van die veeboerpionier. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966, p. 85 e.v.) Scholtz. Die ontstaan van 'n volk, p. 25.
- 56) Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966, p. 104.
- 57) Malherbe. Volkse houding, p. 340. Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966. p. 105-6.

Met die geleidelike vestiging van die bevolking en die bewoonbaarmaking van die land, verkry die gedagte-wêreld van die volk 'n eie en tipiese karakter wat onder meer toe te skryf is aan die proses van kennisvorming soos dit geskied in gebondenheid aan en in wisselwerking met die onmiddelik-ontwaarbare landsbodem en mede-volksgenote. 'n Analise van die kennis soos beliggaam in die volksgedagte-wêreld bring aan die lig dat twee kernmomente van die kennis, die wete aangaande die gemeenskaplike lotsverbondenheid as volk - volksbesef - en die wete aangaande 'n gemeenskaplike storie is. Sodanige kennis sou moontlik alles saam onder die gemeenskaplike grondnoemer **v o l k s - b e w u s s y n** of **v o l k s b e s e f** ⁵⁸⁾ gekoördineer kon word. Hoewel volksbewussyn en volksbesef en storiebesef dikwels in die verloop van die ontwikkeling van die Afrikanervolksgeskiedenis as sinonieme gesien kan word, is dit tog ook noodsaaklik om daarmee rekening te hou dat daar altyd nog groepe in die Afrikanervolksewêreld was wat hulle wêl as deel van die Afrikanervolk gesien het, maar wat tog nie ten volle die Calvinistiese konsepsie-wêreld gedeel het nie, en wat ook soms vreemd en afsydig teenoor die geskiedenis van die Afrikanervolk gestaan het.

Deur verskeie outeurs word verskillende datums en gebeurtenisse aangewys as die geboortedatum of mylpale in die proses van die bewuswording van 'n eie volk te wees. So word die Groot Trek

- 58) S.C.W. Duvenage koördineer die volgende faktore wat hy as bepalend vir die eie-aard van die volk sien saam onder die noemer volksbewussyn: Bloed of ras, kultuurverband, taalfaktor, sedes, gewoontes, tradisies, storie. Sien op. cit., 1: 73 e.v. Van Jaarsveld sê dat die vier begrippe: Geskiedenis, land, taal en volk die kern van die „nasionaalbewustheid” tot uitdrukking bring. Sien: Die ontwaking van die nasionale bewussyn, p. 93, 96. Visser. Vorme van nasionale bewussyn. Die Huisgenoot, 30: 60, 1946. Weiss. Die Afrikaner en sy kultuur, p. 15.

byvoorbeeld gesien as 'n bewuste roepingsdaad waardeur die besondere identiteit van die veeboere as etniese groepering gehandhaaf is, teenoor die dwang van die owerheid wat juis deur verskillende maatreëls hierdie identiteit in gevaar gestel het. So 'n gebeurtenis kan inderdaad gesien word as 'n definitiewe uitingsvorm van volksbesef of volksbewussyn.⁵⁹⁾ Die bewuswording van die bestaan van 'n eie taal, soos beliggaam in die strewe van die Genootskap van Regte Afrikaners wat in 1875 tot stand gekom het, kan as 'n ander belangrike mylpaal in die proses van die vorming van 'n eie taal en tipiese volksbesef en volksidentiteit aangedui word. Voorbeelde van hierdie aard kan in die Afrikanervolksgeskiedenis eindeloos vermeerder word. Die meeste werke oor die Afrikanervolksgeskiedenis gaan breedvoerig op hierdie verskynsels in.

Tussen die karakteristieke kultuuretos van die Afrikanervolk en sy volksbesef as sodanig het oor vele dekades heen 'n besondere noue relasie bestaan. 'n Summiere identifikasie van hierdie twee sake is egter wetenskaplik onverantwoord en laat uiteraard nie ten volle reg geskied aan die gekompliseerdheid van die faktore wat konstituerend is vir die opbou van die volksbestaan nie, en wat die kultuuretos en die daaraan korrelate lewenstyl determineer nie.

59) Erlank sien as die dieper grondliggende oorsaak van die Groot Trek die „Godsbeeld in die siel van die volk”. Erlank, op. cit., p. 14, 15, 16. Meyer. Grondslae van die Afrikaanse republikeinse staatsvorming. (In Coetzee, J.A. e.a. Ons republiek, p. 90). Id. Die Afrikaner, p. 88, 93. Du Toit, P.S. Waarom hulle getrek het. Die Huisgenoot, Groot Trek-gedenkuitgawe, Desember 1938, p. 43. Geyl. De Afrikaanse beschaving bestendigd. Die Huisgenoot, Groot Trek-gedenkuitgawe, p. 25, III. Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966. p. 197-8. Wiid. Die betekenis van die Trek. Die Huisgenoot. Groot Trek-gedenkuitgawe, 1938, p. 21. De Villiers, D.J.J. Die Groot Trek. 'n Oorsig. Die Huisgenoot. Groot Trek-gedenkuitgawe, 1938, p. 15. Stoker. Calvinisme as wortel van ons volksbestaan, p. 165.

2.2.1 Die Afrikaanse taal: Draer van volksbesef en kultuurdominante.

Die Afrikaanse taal is die draër van die Afrikaanse (volks-) gedagte.⁶⁰⁾ Daarin kom die heersende kultuuretos in die volksbestaan die duidelikste tot uitdrukking. Die Afrikaanse taal is die draer van die gemeenskaplike, tradisioneel verworwe en oorgelewerde kennisbesit van die Afrikanervolk. In die taal kom die volksbewussyn van die volk onder meer tot uitdrukking.⁶¹⁾ Wanneer die taal gesien word as die mees fundamentele openbaarmaking van die inhoud van die heersende geestestroming in die volkslewe, dan is dit begryplik dat die taal in die proses van kultuurhandhawing, -bou en -bewing en enkulturasie of kultuuroordrag 'n besonder belangrike rol sal speel. In 'n sekere sin is die taal in sy verskeidenheid van openbaringsvorme, in elke ander kultuurhandeling en met name in die kuratiewe handeling vir die mens-in-volksverband, veronderstel - gaan dit daaraan vooraf.⁶²⁾

60) Van den Heever. Gedagtes by die Voortrekkermonument, p. 7. Van der Westhuysen, H.M. Die gestalte van die Westerse leefwyse by die Afrikaner. (In Cronjé. Die Westerse kultuur in Suid-Afrika, p. 52-3.) Id. Die Afrikaanse gedagte. (In Van den Heever & Pienaar. Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, p. 6. Malherbe. Afrikanervolkseenheid, p. 85. Meyer. Die Afrikaner, p.6. Nienaber, G.S. Die Afrikaanse kultuurstryd tot 1870. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 626). Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 9.

61) P.J. Meyer sê: "In die Afrikaanse taalinhoude, waarin die Afrikaanse wêreldbeeld sy omvattende neerslag vind, vind ons ook begrippe wat nie alleen teruggaan tot die Indo-Germaanse begripwêreld nie, maar tot die gemeenskaplike begripwêreld van die mensheid". Sien: Die Afrikaner, p. 59, 61, 82, 95, 96.

62) Id., p. 96. Dawson. The crisis of Western education, p.3. Labuschagne. Nog gedagtes oor nasionalisme, p. 136. Bosman. Hoof trekke van die Afrikaanse kultuurgemeenskap, p. 23.

In en deur die Afrikaanse taal word die kennis aangaande die Afrikanervolk, sy geskiedenis, die vaderland, die roeping van die volk ten opsigte van die versorging van die vaderlandspotensiaal, die siening van die lewe, wêreld, mens en maatskappy, die oortuiging aangaande die kulturele eindbestemming van die volksbestaan, soos dit alles gewortel is in die oorwegend Calvinistiese religieuse grondmotief van die Afrikanervolk, gedra, openbaargemaak en deur die proses van enkulturasie van geslag tot geslag oorgedra. In dié verband wys F.J. Labuschagne ⁶³⁾ daarop dat die taal die draer is van die diepste wese van die volk. Hy sê: „Die taal is die mees direkte, mees volkome, mees algemene openbarings-, vergestaltungs- en projeksiemiddel van die volk.” Wanneer laasgenoemde stelling gesien word teen die agtergrond van Nederhoo ⁶⁴⁾ se stelling dat spreke in ’n vreemde taal ’n fundamentele wysiging van denkwêreld tot verdere vereiste het, dan volg daaruit voort dat daar tussen taal en die karakteristieke denkwysen en gedagtewêreld van elke volk ’n onlosmaaklike band bestaan.

In die volkswording van die Afrikanervolk speel die ontwikkeling van die Afrikaanse taal ’n belangrike rol, veral in die konfrontasie, kontak en wisselwerking met die Engelse taal en Engelse gedagtewêreld of kultuuretos. Die konfrontasie van die Afrikanervolk met die veel ouer en tradisieryke Britse kultuur het lange verskeie weë plaasgevind. Nie slegs die taal van hierdie volk was vir die Afrikanervolk vreemd nie maar ook die meeste van sy ander kultuuruitinge – dink maar aan die staatsbeskouing, die regstelsel, die skoolwese ens. ⁶⁵⁾

63) Labuschagne. Nog gedagtes oor nasionalisme, p. 136.

64) Nederhoo. The Church's mission to the educated American.

65) Labuschagne. Nog gedagtes oor nasionalisme, p. 5. Nienaber, G.S. & P.J., op. Cit., p. 168. Namate geografiese isolasie en segregasie tussen die twee volksgroepe moeiliker geword het, het die belangrike funksie van die „kultuurverenigings” in die volkslewe toegeneem. Vgl. ook Nepgen, op. cit., p. 97.

Histories geskied die penetrasie van die Afrikanervolkskultuuretos in die Afrikanervolkskultuur deur die denkkeelde van die Engelse kultuuretos, primêr via die Engelse taal. Hiertoe gebruik die Britse owerheid sy magposisie en span die kerk, skool en die staat in om die Engelse kultuuretos waarin die idee van die destydse kragtige Britse ryk voorop staan, in die Afrikanervolkslewe te laat indring. As gevolg hiervan bevind die Afrikanervolk hom vir die grootste deel van sy bestaan in 'n posisie waarin dit haas onmoontlik was om die staat, kerk en skool in te span in die proses van kultuurpositivering ooreenkomstig die tradisionele Protestantse-Calvinistiese kultuuretos. Hierdie belangrike samelewingsverbande was vir die grootste deel van die Afrikanervolksgeskiedenis in die hand van die veroweraar. Dit het prakties meegebring dat die Afrikanervolk op ander kragte aangewys was vir die stryd van taalbou, -bewaring en -handhawing. Die onsimpatieke instelling van die owerheid teenoor die Afrikanervolk het ook daartoe aanleiding gegee dat die volk op talle ander terreine self die hand uit die mou moet steek ten einde die noodlydende volksgeenoot of die in nood verkerende volksidentiteit te versorg. In hierdie stryd het die partikulier-kulturele instellings in die volkslewe 'n besonder belangrike rol gespeel. Die werksaamhede van hierdie instellings word in die volgende twee hoofstukke belig en onder die gemeenskaplike begrip „partikuliere volksorg” behandel. Alvorens daartoe oorgegaan word, word die belangrikste trekke van die Britse kultuuretos in hooflyne geskets ten einde die volle draagwydte van die konfrontasie van die twee belangrike kultuurdominante in die Afrikanervolkskultuuretos beter te begryp.

2.3 Die humanistiese-liberalistiese konsepsiewêreld.

2.3.1 Historiese wortels.

Minder as ander half eeu ná die volksplanting aan die Kaap word die ontwikkelende Afrikanervolk in die proses van volkswording gekonfronteer met die Engelse volkskonsepsiewêreld, wat 'n besonder belangrike invloed op die denkwêreld van die Afrikanervolk uitgeoefen het. Reeds vóór hierdie tydstip was duidelike spore waarneembaar van geestestrominge wat in die teken van 'n belangrike afwyking van die amptelike konsepsiewêreld van die Afrikanervolk gestaan het.⁶⁶⁾

Vanuit kultuur-historiese oogpunt is dit interessant dat die drie fases in die ontwikkeling van die Christendomlike na die na-Christendomlike tydvak in die geskiedenis van die mensheid ook in Suid-Afrika en by name in die volkslewe, volkskultuur en volksorg van die Afrikanervolk baie duidelik waarneembaar was. Ook in Suid-Afrika is die oorgangsfase van die een kultuurpatroon na die nuwe na-Christendomlike kultuurvak merkbaar en kan dit gesien word as die botsing tussen twee teenoormekaarstaande lewenstyle, wat onder meer tot stand gekom het as gevolg van die verbreking van die kulturele isolement van die Afrikanervolk en die interkulturele aanraking met ander geestestrominge.⁶⁷⁾

2.3.1.1 Die liberalisme

Deur die toedoen van De Mist in die tydperk wat die Kaap onder die bestuur van die Bataafse republiek staan, word

66) Scholtz. Die ontstaan van 'n volk, p. 6. e.v. De Villiers Anna. Ons Nederlandse voorouers. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 569 e.v.) Stoker. Afrikaanse volkswording en Suid-Afrikaanse nasievorming, p. 240.

67) Id., loc. cit. Venter, C.N. Kultuur-en-versorgingswetenskap, p. 37 e.v.

die bevolking aan die Kaap met 'n nuwe magtige gedagtestroom vanuit Europa, die liberalisme gekonfronteer. ⁶⁸⁾

In die denkwêreld van die liberalisme ⁶⁹⁾ is dit nie die Skriftuurlike Godsbegrip wat sentraal staan nie, maar 'n vae Opperwese of „Hoër Hand" of die Voorsienigheid. In die liberalisme word die vernaamste grondtrekke van die deïsme teruggevind: In die plek van die wil van God vir die menslike lewe staan die wil van die mens, in die plek van die wet en Woord van God, die eis om vryheid van alle bande; ten opsigte van die onderlinge verhouding tussen mense geld die eis van gelykheid, gelykwaardigheid en die erkenning van natuurlike menseregte. Op grond hiervan word 'n meganies-individualistiese volksbegrip gehuldig, waarin die outonome en selfgenoegsame individue op meganiese wyse deur die staat tot kunsmatige, uitwendige grootheid geïntegreer word. Die wil van die mens is vry, ge-emansipeer van die wil en die wet van God en die menslike wilshandeling is v r y e wilshandeling, d.w.s. gesekulariseerde wilshandeling wat op 'n deur die mens in die tyd ontworpe kulturele eindbestemming gerig is. Die vryheid waarvan hier sprake is, word in die reël as staatkundige vryheid geïnterpreteer, wat prakties beteken; die erkenning van ag. basiese menseregte in die verlening van

68) Hier word verwys na die liberalisme soos deur De Mist in praktyk gebring o.m. in sy skoolorde ens. Vgl. o.m. Van der Merwe, J.P. Die Kaap onder Britse en Bataafse bestuur, 1795-1806. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966. p. 147). Hanekom. Die liberale rigting in Suid-Afrika.

69) Du Toit, S. Wie is 'n ware Afrikaner? p. 4, 5. Hanekom. Die liberale rigting in Suid-Afrika. Scholtz. Die bedreiging van die liberalisme. Die begrip „liberalisme" het in die Afrikaanse denkwêreld 'n besondere konnotasie verwerf wat nie ooreenstem met die gebruik van die begrip in die Engelse en Europese geestesklimate nie. Vgl. vir die Nederlandse konnotasie o.m. Scholten, L.W.G. Liberalisme. (In Christelike encyclopaedie, 4: 432).

universele stemreg, sonder voorbehoud. In hierdie liberalistiese gedagtewêreld beklee die volk 'n ondergeskikte posisie of word dit geheel en al negeer, terwyl die staat die garant word vir die natuurlike menslike gelykheid, gelykwaardigheid en broederskap. ⁷⁰⁾

Wat die verhouding tussen die verskillende samelewingsverbande betref, geld die eis van die skeiding van kerk en die ander samelewingsverhoudinge, wat ten diepste eintlik 'n skeiding tussen geloof en lewe wil voltrek en die houvas van die godsdiens op die eg. „res" van die lewe wil verbreek. ⁷¹⁾ In hierdie verband is 'n belangrike grondgedagte van die deïsme in die liberalisme geïntegreer.

Met die oornome van bestuur van die Kaap deur Engeland word die toe reeds bestaande Afrikanervolk vir die eerste keer bewustelik met die beïnvloeding deur die deïsme as geestelike voedingsbron van die Angelsaksiese kultuur gekonfronteer. ⁷²⁾ Tussen die humanistiese liberalisme en die tipies Angelsaksiese weergawe daarvan, die Engelse deïsme, bestaan daar 'n besondere nuwe verband.

2.3.1.2 Deïsme

Die deïsme het sy ontstaan te danke aan die denkarbeid van

70) Scholtz. Die stryd om die wêreld, p. 189.

71) Die skeiding tussen geloof en lewe het noodwendig kultuurpassiwiteit in die hand gewerk, terwyl dit andersyds meegewerk het tot die ontstaan van die teenreaksie op die sekularisering, nl. die verkerkliking van die lewe. Vgl. ook Strauss, H.J. Kerklike verenigings - 'n Dereformatoriese koers. Gereformeerde vaandel, 1951.

72) Labuschagne. Nog gedagtes oor nasionalisme, p. 134. Pauw, op. cit., p. 37.

Willem van Occam van Surrey in Engeland.⁷³⁾ Occam het die onderskeiding tussen natuur en genade wat in die Roomse dualistiese natuur-genademotief aangetref word, verder gevoer en die algehele skeiding van die twee terreine geponeer. Daaruit het voortgevloei sy skeiding tussen geloof en wete en as verdere konsekwensie, die erkenning van die soewereiniteit van die rede op natuurlike gebied. Die deïsme wat ook as 'n sg. natuur -like r e d elike godsdiens gesien word, huldig 'n meganistiese wêreldbeeld waarin God wél nog as die eerste Beweger van die wêreld gesien word, maar waarin daar vir die onderhouding van die wêreld deur God weinig ruimte gelaat word. Die wêreld is soos 'n opgewende horlosie wat volgens vaste natuurwetmatighede afloop. Die deïsme as lewensbeskouing, wat in die deïstiese godsbegrip gefundeer is, het spoedig na feitlik alle lande versprei. In Frankryk is Voltaire,⁷⁴⁾ een van die groot denkers van die Franse Rewolusie, 'n belangrike eksponent van die deïsme. Ook Rousseau met sy natuurvergoding en die verkondiging van die denkbeelde van die „edele barbaar“, staan in die lyn van die liberalisme en die deïsme. Sentraal staan in Frankryk in hierdie tyd die denkbeeld van vryheid, gelykheid en

73) Venter, C.N. Die kultuurtoestand van die Afrikaner, nr. I, p. 32. Meyer. Nog nie die einde nie, p. 76-7. Walker. History of the Christian church, p. 492, 487-88. Hanekom. Die liberale rigting in Suid-Afrika, p. 7.

Hierdie dualisme het t.o.v. die menslike samelewing tot gevolg gehad die siening dat die staat op die terrein van die natuur die omvattende lewensverband is. Van Til sê: „..... Occam ... became the father of a state controlled culture, the first modern philosopher of totalitarianism“. Sien: Op. cit., p. 99, asook Spier, J.M. Van Thales tot Sartre, p. 108 e.v. Van Houten, T.B. Occam. (In Christelike encyclopaedie, 5: 240).

74) Vgl. i.v.m. die deïsme en liberalisme by Voltaire: Walker, op. cit., p. 492.

broederskap.⁷⁵⁾ Dit wil voorkom asof daar 'n besondere
 noue verband bestaan tussen die deïsme, die liberalisme
 en die genoemde vryheids-, gelykheids- en broederskapsge-
 dagte. Die besondere klem op die g e l y k h e i d of
 die g e m e e n s k a p l i k h e i d word telkens weer
 in die Engelse lewens-en-wêreldbeskouing teruggevind.⁷⁶⁾
 P.J. Meyer sê dat daar aan die Engelse lewens-en-wêreldbe-
 skouing 'n nivellerende of gelykmakende tendens inherent is
 wat duidelik spreek uit alle kultuuruitinge op alle lewens-
 terreine. Die humanistiese liberalisme en die tipies-
 Engelse deïsme as praktiese lewenshouding het dodend inge-
 werk op die kerklik-godsdienslike lewe en die teelaarde vir
 die metodisme gevorm - 'n ander variant van die deïstiese gees-
 testroming, waarin veral die dualistiese skeiding tussen leer
 en lewe pertinent op die voorgrond tree.⁷⁷⁾

2.3.1.3 Metodisme

In hierdie verband word met die begrip m e t o d i s m e⁷⁸⁾
 nie soseer die kerklik-institusionele rigting aangedui nie,
 maar die geestestroming wat hom veral as lewenshouding en
 en lewenstyl in die Afrikaanse volkskultuur gemanifesteer het.

75) Hierdie kreet wat in Frankryk tydens die Franse rewolusie so perti-
 nent op die voorgrond tree, lui ook 'n fase in waarin die „nasie-
 staat“-idee sterk op die voorgrond tree. Hoewel sommige skrywers
 die ontwaking van die nasionalisme sien as vrug van die Westerse
 Christendomlike kultuurpatroon, wil dit tog voorkom asof daar 'n
 verband bestaan tussen die deïsme en die klemverskuiwing van die
 handhawing en erkenning van die afsonderlike volksindividualiteite,
 na die klem op (staats-) nasies.

76) Meyer wys op die telkens terugkerende gedagte van gemeenskaplik-
 heid in die Engelse kultuur, w.o. die begrippe: "commoner, House
 of Commons, Common Law, Commonwealth, common room, common sense",
 ens. Sien: Nog nie die einde nie, p. 75.

77) Spoelstra, op. cit., p. 8 e.v., vir 'n uiteensetting van die meto-
 disme as geestesrigting. Vorster. Die metodistiese invloed in
 ons volkslewe. (In FCSV. Koers in die krisis, 3: 193, 194, 189).

78) Ibid. Spoelstra, loc. cit. Vgl. o.m. i.v.m. die metodisme:
 Du Toit, J.D. Het methodisme.

Die metodisme het die Afrikanervolksewre via die anglisasie-politiek van die Britse owerheid binnegedring deur die poort van die Engelse predikante en het aanleiding gegee tot die nivellering van dogmatiese en ander grense, op grond van die eis van die handhawing van broederskap en Christendom bo geloofsverdeelheid.⁷⁹⁾ Later is die invloed van hierdie geestestroming versterk deur die koms van Engelse immigrante wat, hoewel afkomstig uit verskillende kerkgenootskappe, draers was van die tipiese dialektiese lewenshouding wat produk is van die deïsme.

In die metodisme word die mees konsekwente deurwerking van die s e p a r a t i s m e, soos deur Stoker omskryf, aange-tref.⁸⁰⁾ Hierdie dualistiese of kompartementele lewens-houding is uiteraard onder meer die vrug van die historiese kerklike situasie in Engeland waaraan die metodisme sy ont-staan te danke het.⁸¹⁾

Wat die godsbegrip van die metodiste betref, blyk dit uit die antroposentriese-soteriologiese uitgangspunt, dat n i e die God van die Skrif, Sy eer en heerlikheid op die voor-grond staan nie, maar die redding van die individuele m e n s. In die geloofsbelydenis werk hierdie antroposentriese uit-gangspunt ook deur, sodat die klem nie soseer val op die dog-ma of die leer nie, maar op die lewenspraktyk.⁸²⁾

- 79) Hierdie eis wat veral die skole gegeld het, het volgens Vorster, die ontkerstening en die denasionalisering van die volk verhaas. Sien: Die metodistiese invloed in ons volks-lewe. (In FCSV. Koers in die krisis, 3: 194).
- 80) Stoker. Die Calvinisme as wortel van ons volksbestaan, p. 162 e.v. Sien ook i.v.m. die verhouding tussen metodisme en Calvinisme: Kuyper, A. Het Calvinisme. Ridderbos, op. cit., p. 22, 23.
- 81) Walker, loc. cit.
- 82) Swart. Ons het te veel dislojale eerbied. Handhaaf, 2: 8-9, 1965. Vorster. Die metodistiese invloed in ons volks-lewe. (In FCSV. Koers in die krisis, 3: 188). Adler. Een en ander oor Calvinisme, Die Taalgenoot, 13: 113, 1944.

Tussen die engere godsdiens, kerk en „gewyde“ lewe en die *r e s* van die wêreld word radikaal onderskei en geskei. Primêr geld die eis van die onttrekking uit die wêreldlike lewe, omdat dit as profane, nie-gewyde gebied verwerplik is. ʒ Subjektief en sterk emosioneel gekleurde asketiese vroomheid gaan voorop terwyl die ander lewensterreine as gevolg daarvan geheel en al aan die sekularisme oorgelewer word.⁸³⁾ Ten opsigte van die kulturele roeping buite die persoonlik godsdienslike en institutêr-kerklike terrein is die houding van die metodisme negatief. In hierdie verband wys Stoker⁸⁴⁾ daarop dat die grondbeginsel van die Calvinisme, naamlik: „Uit God, en deur God en tot God is alle dinge“, so deur die metodisme prysgegee is, sodat die metodisme prakties ʒ bondgenoot word van die liberalisme, positivisme en scientisme.

3. Aksentverskuiwinge

Dit is duidelik dat die konfrontasie van hierdie twee konsepsiewêreldes spoedig in die lewenspraktyk en in die lewenstyl van die bevolking sy neerslag sou toon. Dit blyk veral uit

83) Adler. Een en ander oor Calvinisme, p. 113. Hanekom. Kerk en volk, p. 72-3. Ridderbos, op. cit., p. 22-3. Krige. Metodisme. (In FCSV. Koers in die krisis, I: 135). Vorster. Die metodistiese invloed in ons volkslewe. (In Koers in die krisis, 3: 193, 194).

84) Stoker. Calvinisme as wortel van ons volksbestaan, p. 172.

die geleidelike klemverskuiwinge in die volkskultuur. In Proses van sekularisme ⁸⁵⁾ begin hom geleidelik in die volkslewe voltrek wat veral blyk uit die afwyking van die amptelike kultuuropvatting van die Afrikanervolk.

Die nie-amptelike kultuuropvatting van die Afrikaner soos dit in die loop van die Afrikanervolkgeskiedenis in feitlik alle kultuuruitinge na vore begin tree het, is die vrug van in heele aantal geestestrominge. Om slegs die Britse deïstiese liberalisme hiervoor aanspreeklik te hou is eensydig. Dat die Britse denkwêreld egter die tregter was waardeur die kieme van sekularisme reeds volop werkzaam in die Wes-Europese geestesklimate, na Suid-Afrika deurgeloei het, is nie te betwyfel nie.

Waar daar in die geval van die amptelike konsepsiewêreld van die Afrikaner in hoofsaak één dominerende geestestroming aan te dui is, naamlik die Calvinisme, is dit moontlik om, wat die nie-amptelike konsepsiewêreld van die Afrikanervolk

- 85) Van Riessen onderskei tussen intra-kosmiese - en religieuse sekularisasie. Intra-kosmiese sekularisasie, voortaan genoem **s e k u l a r i s a s i e** dui op die gesonde ontwikkeling waardeur die samelewingsvorme hulle aan die oorheersing deur die institusionele kerk onttrek en waardeur die proses van ontvoogding uit die kerklike eenheidskultuur, soos dit o.m. in die middeleeue in swang was, voltrek word. Dit dui dus op ontklerikalisering. Religieuse sekularisasie daarenteen, voortaan genoem **s e k u l a r i s m e**, dui op die negatiewe proses waardeur alle bande met die transendente en die vertikale dimensie van die menslike bestaan verbreek word. Negatief gesien dui dit op die ontgoddeliking van die wêreld en positief bring dit mee die vergoddeliking van iets uit die kosmos. Sien: Van Riessen. Knoop-punten der moderne kultuur, p. 12, 13, 25, 34. Duvenage, S.C.W., op. cit., 1: 20-3, 108, 109, 123, 234. Duvenage, B. Sekularisasie en sekularisme - in Historiese oriëntering. (In SAVCW Bulletin, 1: 115 e.v. 1965). Hanekom. Kerk en volk, p. 42. Id. Die liberale rigting in Suid-Afrika. Ristveld, B. Secularisasie. (In Christelike encyclopaedie, 6: 133, 134). Dawson. The crisis of Western education, p. 51, 174, 175. Van Til, op. cit., p. 41. Goedhart, op. cit., p. 79. Wurth & Wiersenga. Het Evangelie in een ontkerstende wereld, p. 112. Polak. De toekomst is verleden tijd, 2: 143, 151. Scholtz. Die stryd om die wêreld, p. 75, 189. Huizinga. In de schaduwen van morgen, 11, 13, 23, 50, 213.

betref, 'n hele aantal sodanige strominge aan te dui. Van-
 daar dan ook dat Stoker ⁸⁶⁾ hierdie a n d e r rigting in
 die volkslewe baie beskrywend met die begrippe
 s e p a r a t i s m e en s i n k r e t i s m e karakte-
 riseer. Stoker omskryf die sinkretisme as die ander gees-
 testroming in die volkslewe naas die Calvinisme as wortel
 van die Afrikaanse volksbestaan soos volg: Sinkretisme is
 in enger sin die vereniging van die Christelike met die
 heidense godsdiens, maar in ruimer sin die vereniging
 van geloofsinhoude of van stelsels of van lewene-en-wêreld-
 beskouings of van lewenshoudings, lewenstyle en lewensge-
 woontes wat op botsende grondslas, op botsende fundamente
 of op botsende grondbeginsels rus."

Die wesenselemente van die verskeie geestestrominge wat
 saam daartoe meegewerk het dat daar naas die amptelike Cal-
 vinistiese konsepsiewêreld van die Afrikanervolk, 'n ander
 nie-amptelike kultuurdominant in die volkskultuuretos na
 vore getree het, kom juis in hierdie twee begrippe sinkre-
 tisme en separatisme tot uitdrukking. ⁸⁷⁾ Omdat daar in
 in die strominge wat konvergeer in die nie-amptelike kul-
 tuuropvatting van die Afrikaner groot divergensie bestaan

86) Stoker. Calvinisme as wortel van ons volksbestaan, p. 170 e.v.

87) Dat daar tussen die deïsme, die liberalisme, die anglisasie-
 politiek in Suid-Afrika, die metodisme, die roomse dualistiese
 skeiding tussen natuur en genade, die Fabian-sosialisme, die
 sosialisme en die holistiese denkbeelde van genl. J.C. Smuts
 'n besliste verband bestaan is duidelik. 'n Breedvoerige uiteen-
 setting van hierdie verband lê egter meer op die terrein van
 die wysbegeerte. Daarom word hier slegs kursories daarna
 verwys. Sien ook Marais, Jaap. Die American Field Service.
Handhaaf, 3: 12, 1965. Smuts, J.C. Holism and evolution,
 p. 102.

oor aktuele vrae, kan 'n groepering van die mees algemene kenmerke van hierdie rigting binne één konsepsiewêreld moeilik aan die genuanseerdheid en die gekompliseerdheid van die werklikheid reg laat geskied. Die konfrontasie van die verskillende geestestrominge gee aanleiding tot die ontstaan van 'n proses van sinkretisme deur sommige skrywers ook genoem akkulturasie, waardeur geleidelik die kontoere van 'n nuwe kultuurdominant na vore tree wat gekenmerk word daardeur dat dit in verskillende opsigte 'n belangrike afwyking van die mees kardinale elemente van die Calvinistiese konsepsiewêreld bewerkstellig het.

Deur die toedoen van die deïsmes en sy uitlopers die liberalisme en die metodisme, is die Afrikanervolk geleidelik gedistansieer en vervreem van sy roepingsbesef en van sy gerigtheid op sy eschatologiese kulturele eindbestemming, soos vervat in sy amptelike konsepsiewêreld. Waar die deïsme, liberalisme en die metodisme instrumenteel was in die verbreking van die bande tussen kerk en wêreld en geloof en lewe, het dit die weg voorberei vir 'n volgende geestestroming wat die lyne wat reeds deur die genoemde strominge uitgestippel was, skerp en meer radikaal sou deurtrek, maar met 'n nuwe element daarby, naamlik die vervanging en verplasing van die gesekulariseerde en reeds deïsties gekleurde godsbegrip met 'n nuwe godsbegrip één waarin die staat en menslike gemeenskap 'n prominente rol sou speel. Hier word verwys na die h o l i s m e.

Hoewel die kontras tussen die amptelike en die nie-amptelike konsepsiewêreld van die Afrikanervolk vir 'n geruime tyd gedra word deur die Afrikaanse taal teenoor die Engelse taal, het die denkbearde van die nuwere geestestrominge in so 'n mate die Afrikaanse spreek, skryf en wetenskaplike taalgebruik beïnvloed, dat die twee volke en die twee tale beslis

nie meer suiwer met die twee kontrasterende gedagtewêreldes geïdentifiseer kan word nie. Die feit bly egter staan dat die Engelse taal die draer van hierdie denkbeelde was en in 'n groot mate vandag nog is en dat hierdie breuk in die proses van kultuuroordrag, in 'n hoër mate deur die invloed van die Engelse taal as draer van die Engelse lewens- en wêreldbeskouing bewerkstellig is.

HOOFSTUK III: WISSELWERKING VAN KULTUURDOMINANTE

1. Inleidend

In die kultuurgeskiedenis van die Afrikanervolk is dit moontlik om verskillende historiese tydvakke te onderskei waarin die invloed van verskillende geestestrominge as kultuurdominante en die daaraan korrelate kultuurpatroon merkbaar is. Hierdie geestestrominge laat ook terdeë hulle invloed geld op die vlak van die partikulier-kulturele instellings gemoeid met verskillende vorme van volksorg, en het hulle stempel onmiskenbaar op die Afrikaner se volkskultuur afgedruk. Dit is moontlik om die neerslag van hierdie geestestrominge in feitlik al die vertakkinge van die Afrikaanse volkskultuur na te spur. Dit kom tot uitdrukking in sowel die individuele kultuuruitinge en handelinge, asook in dié van die institutêre en partikuliere volksorg-vorme.

Die partikuliere volksorg kan uit die aard van die saak nie losgemaak word van die algemene volksgeskiedenis nie. Hierdie feit tree veral helder aan die lig wanneer gelet word op die noue enkaptiese vervlegting wat daar in die volkslewe tussen die verskillende samelewingsvorme bestaan. Die geskiedenis van die volk kom immers juis tot stand en word gevorm in en deur die kultuurhandelinge van mense - individueel of in bepaalde georganiseerde samelewingsvorme. Met die oog hierop word in hierdie hoofstuk die metode gevolg om die partikuliere volksorg van die Afrikaanse kultuurverenigings as volksorgorgane, te sien teen die agtergrond en binne die raamwerk van die algemene kultuurgeskiedenis van die volk. Om in die bestek van één hoofstuk 'n volledige beeld van die historiese gebeure te gee is onmoontlik en ook nie noodsaaklik nie. Vir die doeleindes van die onderwerp onder bespreking word bepaalde relevante gebeure uitgegryp ten einde 'n oorsigteliker beeld te gee van die geheel van die volkskultuur waarin die volksorg van die bepaalde volksorgorgane beoordeel behoort te word.

Die feit dat die Afrikanervolk reeds anderhalfeeue na die volksplanting aan die Kaap met die oorwegend Britse kultuurdominant ge-

konfronteer word, is h historiese feit wat van deurslaggewende belang is by die beoordeling en die bespreking van die partikuliere volksorg in die Afrikaanse volkskultuur. ¹⁾ As gevolg hiervan word h betreklik jeugdige volk en volkskultuur en by name h jeugdige tradisioneel-Calvinistiese kultuuretos blootgestel aan beïnvloeding deur h veel ouer volk en tradisieryke volkskultuur en kultuuretos. In hierdie wisselwerking assimileer die Afrikanervolkskultuur veel van die Britse lewenstyl en gedagtewêreld, en in die historiese wordingsproses en die smeltkroes van historiese gebeure word juis die Afrikanervolk as volk gevorm. Hierdie interkulturele kontak bring in die volkelewe van die Afrikaner self spoedig verskillende lyne tot ontwikkeling.

In hierdie hoofstuk word hoofsaaklik aandag gegee aan die verhouding tussen die twee blanke volkskulture in die land. Die Afrikanervolk het egter reeds baie vroeg in sy wordingsgeskiedenis met die nie-blanke bevolkingselement van die land in aanraking gekom. Doreenkomstig die siening van die volksroeping van die land, soos dit in die Calvinistiese geloofsbelydenis gefundeer is, het die Afrikanervolk h besondere verhouding tot die nie-blanke volks-groeperinge van die land ontwikkel - één waarin die gedagte van die voorgdyskap van die blanke oor die nie-blanke en die idee van die selfstandige, eiesoortige en afsonderlike ontwikkeling van die onderskeie gedifferensieerde groepe binne territoriaal gesegregeerde gebiede skerp na vore tree. ²⁾ Juis hierdie tipies Suid-Afrikaanse

- 1) Coetzee, J.H. Die kultuurkrisis van die twintigste eeu en ons, p. 196. Meyer. Die Afrikaner, p. 96.
- 2) Hierdie beginsel is ook in die ontwerp-grondwet van die Unie van Suid-Afrika beliggaam. Sien: Coetzee, J.V. Die geskiedenis van die Calvinisme in Suid-Afrika. (In FCSV. Koers in die krisis, 1: 59, 60). Krüger, D.W. Die totstandkoming van die Unie, 1908-1910. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 472, 474.) Id. Die triomf van nasionalisme en die totstandkoming van die republiek, 1948-1961. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 563, 572). Meyer. Grondslae van die Afrikaanse republikeinse staatsvorming. (In Coetzee, J.A. Ons republiek, p. 77). Strauss, H.J. Die Afrikaner se roeping in wêreldverband, p. 13. Serton, op. cit., p. 73. Du Plessis, L.J. en Coetzee, J.H. Die rasseverhoudinge vandag. (In Gereformeerde kerk. Uit een bloed, p. 9, 10. Du Plessis, H. en Coetzee, J.H. Algemene riglyne. (In Gereformeerde kerk. Uit een bloed, p. 70). Erlank, op. cit., p. 11.

rasse en volkerebeleid kan alleen reg begryp en geïnterpreteer word in die lig van die onderlinge relasie tussen die twee blanke etniese groeperinge in die land.

Die stryd om die behoud van die eie en tipiese volksindividualiteit teen die Britse imperialisme, soos dit veral in die taalstryd na vore getree het, het 'n dieper motivering gehad as bloot net hardnekkige bewering van die volkseie. Fundamenteel het dit gegaan om die behoud en die voortbestaan van 'n volk wat, so is deur die Protestants-Calvinisties georiënteerde volksdeel geglo op grond van die geloofsbelofte, 'n besondere roeping in Afrika te vervul het, veral ten opsigte van die ongekerstende nie-blanke heidenvolke.³⁾

Drie belangrike historiese gebeurtenisse word gebruik ten einde die periodes waarin die besondere geestestrominge hulle invloed laat geld het af te baken. Die datums wat genoem word om die periodes af te baken is uiteraard relatief. Die grense tussen hierdie tydperke is vloeibaar en moeilik om vas te pen. In elke voorafgaande tydperk is daar reeds faktore wat in die kiem die geboorte van die volgende periode inhou. Die volgende drie gebeurtenisse dien as indelingskriteria:

- * Die verspreiding van die geskrif: „De Magt en de Vrijheeden eener Burgerlijke Maatschappij verdedigt door de geveellens der voornaamste regtegeleerden opgedragen aan het oordeel der Caapse Burgerrij” (1778).
- * Die permanente inbesitname van die Kaap deur Engeland in 1806.
- * Die totstandkoming van die Unie in 1910.

3) Erlank neem in dié verband die eis tot kulturele apartheid, sodat die Afrikanervolk in staat is om onder Christelike voogdyskap die nie-blankes te lei, sodat hulle die mooiste tradisies van hulle volkslewe kan uitbou en in die volheid van die tyd self die verantwoordelikheid voor God kan aanvaar. Sien: Die patroon van ons volkskarakter, p. 23, 25. Meyer. Nog nie die einde nie, p. 57, 69. Coetzee, J.H. Blanke volksontwikkeling.

2. Spore van Aufklärungmens- en vryheidsbeeld? 1778-1806

2.1 In die staat

Met die verskyning van die anonieme geskrif: „De Magt en de Vrijheeden eener Burgerlijke Maatschappij verdedigt door de Gevoellens der Voornaamste Regtsgeleerden, Opgedragen aan 't Oordeel der Caapsche Burgerye" in 1778, het die eerste spore van 'n nuwe fase in die geestesgeskiedenis van die Afrikanervolk aangebreek. Dit is die Verligtingsdenkbeelde wat hier spreek - denkbeelde soos beliggaam in die filosofiese sisteme van Locke, Hume, Voltaire, Jean Jacques Rousseau en andere. Die liberale denkbeelde kom veral tot openbaring in die gees van verset teen die owerheid. Die kreet om vryheid, reg en geregtigheid, wat so sterk aan die kreet van die Franse Rewolusie van „Vryheid, gelykheid en broederskap" herinner, is in hierdie tydperk aan die Kaap aan die orde.⁴⁾

Hierdie nuwe gees gevul met die rewolusionêre denkbeelde, word deur die „Kaapse Patriotte", die mondstuk van die ontevrede burgery, in die volkslewe ingedra deur hulle verset teen die gesag van die Here XVII. Hierdie gees van verset teen die owerheid is volgens Hanekom⁵⁾ e.a. grotendeels gevoed deur die rewolusiedenkbeelde van volksoewereiniteit en die onvervreembare regte van die mens. Dit verteenwoordig die intog van 'n nuwe geestestroming, wat vreemd gestaan het teenoor die Calvinistiese beskouing aangaande die mens en die staatslewe. In hoeverre hierdie gebeurtenis gesien behoort te word as die vrug van rewolusionêre liberalistiese denkbeelde en in hoeverre dit tog

4) Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966. p. 130. Hierdie skrywer wys daarop dat die vryheidsdenkbeelde en -stryd wat hier ontstaan, sy spore laat in die latere volkslewe, o.m. in die Groot Trek.

5) Wiid, J.A. Wordings van die Afrikaner. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 609). Hanekom. Die liberale rigting in Suid-Afrika, p. 87.

die vrug van 'n Calvinistiese vryheidsbegrip ⁶⁾ is, is moeilik om te bepaal en verg noukeurige wetenskaplike historiese analise. Moontlik moet hierdie vryheidstrewe gesien word as 'n sinkretisme tussen die twee radikaal antitetiese vryheidskonsepsies van die humanisme en die Calvinisme.

2.2 In die kerklike lewe

Die liberale denkbeelde werk in hierdie tydperk ook in die kerklike lewe deur. Dit kom tot uitdrukking in die toenemende gees van verdraagsaamheid teenoor die bestaan en die leer van ander kerke en kerkgenootskappe, waaronder die Lutherane en die Morawiërs. In 1792 word aan die Morawiese Broederskap die geleentheid gegun om sy sendingswerk, náas die van die kerk, voort te sit. Hoewel die Morawiese Broederskap self goeie werk verrig het en ook in hooftrekke die beleid van rassessekering eerbiedig het, het juis die verdraagsaamheid die weg gebaan vir die deurvloeiing van denkbeelde wat veral in die daaropvolgende tydvakke via die werk en die beskouinge van die sendinggenootskappe verreikende gevolge gehad in die Afrikanervolkslewe, veral wat betref rasseverhoudinge. ⁷⁾

Die gees van vrysinningheid en ontworteling uit die kerklike lewe, tree ook in die lewe van die lidmate vorendag. ⁸⁾

In die agtiende eeu word die ~~kerklik-godsdiens~~ kerklike godsdienslewe van die Kaap, net soos in Europa, gekenmerk deur doodsheid en

6) Stoker voer die vryheidsbegrip van die Afrikanervolk terug na sy Gereformeerde-Calvinistiese geloofserfenis soos dit gefundeerd is in die Woord van God. Sien: Calvinisme as wortel van ons volksbestaan, p. 167. Vgl. o.m. i.v.m. die vryheidsbegrip van die Afrikanervolk. Scholtz. Die ontstaan van 'n volk, asook De Villiers, Anna. Ons Nederlandse voorouers. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 569 e.v.)

7) Hanekom. Die liberale rigting in Suid-Afrika, p. 30

8) Hanekom. Die liberale rigting in Suid-Afrika, p. 95, 98. Murray. Die Afrikaner se wysgerige denke. (In Van den Heever en Pienaar. Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, p. 170.)

onverskilligheid, terwyl losbandigheid en sedeloosheid en weeldesug in die lewe van die kerklidmate te bespeur is.⁹⁾

As reaksie hierteen vind die gees van piëtisme en van goeddelike vroomheid in die kerklike en persoonlike lewe ingang. Die godsdienstige lewe van hierdie tyd word veral gekenmerk deur piëtisme en sendingywer. In Aan die gereformeerde geloofslawe vreemde tipe van godsdienstige lewe ontstaan in hierdie tydperk - een waarin die klem primêr op die l e w e val, terwyl die Calvinistiese l e e r minder geaksentueer word.

Met die formele oorgawe van die Kaap aan die Engelse bewindhebbers in 1795 verdwyn die gesag van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanje van die Suidpunt van Afrika en word die Afrikanervolk vir die eerste keer direk en amptelik met die Engelse gedagtewêreld gekonfronteer. Vanaf 1803-1806 verkeer die Kaap onder die bestuur van die Bataafse republiek en word Jacob Abraham de Mist opdrag gegee om die Kaap van die Engelse oor te neem en die bestuur en administrasie daar te gaan reël.

De Mist was liberaal van lewensooruiging en in voorstander van die sogenaamde „Christendom bo geloofsverdeeldheid”.¹⁰⁾ Hy was verder ook lid van die vrymesselaarsbeweging, wat histories sterk onder die invloed van die Engelse deïsme gestaan het. In die vrymesselaarsbeweging word in deïstiese godsbeskouing gehuldig en die gedagte van die broederskap van die mens word sterk beklemtoon.¹¹⁾ Deur sy toedoen word die

9) Hanekom. Die liberale rigting in Suid-Afrika, p. 108.

10) Hanekom. Die liberale rigting in Suid-Afrika.

11) Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966. p. 129.

hele volkslewe op die weg van die liberale en neutrale internasionalisme geplaas. Deur sy siening dat godsdiens slegs 'n persoonlike en kerklike saak is, word die deurwerking van die Calvinistiese beginsels na ander lewensfere belet en bemoeilik en die proses van kultuuruiting ooreenkomstig die Calvinistiese lewenskode gestrem. Sy liberalisties-rasionalistiese denkbeelde vorm later die grondslag vir sy skool- en kerkorde. Hierdie liberale gees van verdraagsaamheid spreek feitlik uit al De Mist se optrede.¹²⁾ In die kerklike lewe dra dit die vrug van gelyke beskerming aan alle kerke en geloofsgenootskappe, terwyl geen bepaalde voorregte aan 'n spesifieke kerk op grond van die handhawing van 'n bepaalde leer en belydenis toegestaan word nie. De Mist proklameer die skeiding tussen kerk en staat en maak die kerk aan die staat ondergeskik.¹³⁾ Hierdie emansipasie van die kerk van die staat kan in die sin van intra-kosmiese sekularisasie waardeur word, maar daarin is ook geleë die eerste kieme van sekularisme waarin die staatslewe, en per konsekwensie ook die res van die maatskaplike lewe, losgemaak word van alle religieuse en godsdienstige bindinge.¹⁴⁾ Sy liberale denkbeelde dra reeds

- 12) Vorster, J.D. Die metodistiese invloed in ons volkslewe. (In FCSV. Koers in die krisis. 3: 187). Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966. p. 140, 147-48, 150.
- 13) Van der Merwe. Die Kaap onder Britse en Bataafse bestuur, 1795-1806. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966. p. 147.)
- 14) Hanekom. Die liberale rigting in Suid-Afrika, p. 119, 120. Die vraag ontstaan onwillekeurig in hoeverre hierdie kerkorde van De Mist 'n voorloper is van die latere verskynsel in die volkskultuur waarin die kerk telkens met die Christelike en die staat met die nasionale aspek van die volkslewe geassosieer word, sodat talle tipiese Afrikaanse volkskultuuruitinge eers as Christelik getipeer word wanneer die kerk hul werksaamhede sanksioneer of wanneer die insitute kerk op georganiseerde wyse meewerk. Vertolk die in die Afrikaanse volkskultuur telkens voorkomend koppelwoord: „Christelik-nasionaal” nie miskien hierdie grondliggende dualisme nie? J.H. Coetzee sien in die bekende Afrikaanse koppelwoord „Christelik-nasionaal”, 'n aanduiding van die gereformeerde religieuse verankering van die Afrikanervolkslewe en die

in 'n hoë mate die stempel van die deïstiese skeiding tussen geloof en lewe, en kan as 'n wegbereider vir die koms van die tipies Engelse deïsme gesien word. J.H. Coetzee¹⁵⁾ skryf in hierdie verband: „Die Arminianisme wat in 1618-19 'n neerlaag toegedien is, kom nou saam met en onder die gesag van De Mist in die gedaante van die humanisme na die Kaap en deurdring die hele gemeenskap spoedig, veral in die Kaapse omstreke. Kort daarna vind dit 'n bondgenoot in die Engelse geestesklimaat met sy deïstiese lewensbeskoulike neigings en met die Metodisme as belangrikste geloofsuiting. Voortaan sou slegs 'n deel van die Afrikanerelement vir die bineland nog bewuste en oortuigde draers van die Calvinisme bly, terwyl die Engelse element hoofsaaklik en 'n aansienlike deel van die Afrikaners erfgename en draers van die ander geloofs- en denkrigting sou word."

2.3 In die skool

In die skoolorde van De Mist word vir die eerste keer ook in die skool die deurwerking van die liberale denkbeelde en sekulariserende tendense merkbaar. Die onderwys word daardeur onttrek aan die regstreekse invloed en gesag van die kerk. Die Calvinistiese opvoedingsbeginsels waarin die einddoel van die skoolonderrig gesien word as die onderrig van die godsdiens in die mees omvattende sin, word vervang met dié van die humanistiese verligte vorming van die jeug tot goeie staatsburgers.

In die geskiedenis van die liberalisme word besonder sterk klem gelê op die onderwys as middel tot verhoging van die

-volksgeskiedenis. Vgl. Coetzee, J.H. Die republiek en 'n Christelike politiek. (In Gereformeerde Korps Veritas Vincet. Republiek en koninkryk, p. 85.)

15) Coetzee, J.H. Blanke volksontwikkeling, p. 16.

volksgeluk. Hierdie strewe stam uit 'n besondere hoë waardering vir die menslike persoonlikheid, dikwels opgevat as 'n geloof in die rede van die menslike persoonlikheid. Die strewe van die liberalisme in hierdie verband het in die geskiedenis dikwels aanleiding gegee tot 'n mindere waardering van geopenbaarde geloofswaarhede; en verder ook op grond van die hoë waardering vir die menslike persoonlikheid, 'n oordrewe klem gelê op die gedagte van verdraagsaamheid.

2.4 Resume:

In die konfrontasie van die onderskeie kultuurdominante in die fase tot die Engelse besetting in 1806, tree die liberalisme as geestestroom besonder sterk op die voorgrond en berei die weg vir die proses van liberalisering wat veral deur die anglisering en denasionalisering van die bevolking verder voortgestu word. Die belangrikste momente van die humanistiese mensbeeld tree na vore en daarmee saam ook die eerste spore van 'n vryheids- en gesagbeskouing wat juis as gevolg van die liberaal-intolerante houding teenoor grense van welke aard ook al, die eerste spore van 'n meer universalistiese maatskappybeskouing die lig laat sien.

Hand aan hand hiermee gaan 'n proses waarin die eenheid van geloof en lewe desintegreer.

3. Konservering kontra anglisering en denasionalisering.

In die genoemde eerste fase, 1778-1806, val die klem hoofsaaklik op die humanisties-liberale denkbeelde, terwyl daardeur die teelaarde voorberei word vir die deurwerking van die latere tipies-Britse deïstiese liberalisme. Die reeds bestaande invloede van humanisties-liberale karakter in die Afrikaanse volkskultuur word onder invloed van die angliseringsbeleid van Brittanje vanaf 1806 slegs verder versterk, geaksentueer en van

h tipiese Britse stempel voorsien.¹⁶⁾ Die aksentuering van die Engelse taal en kultuur as draer van die deïsties-liberalistiese geestestroming teenoor die Afrikaanse taal en kultuur as draer van die Calvinistiese geestestroming is in werklikheid h oorvereenvoudiging en ongenuanseerde weergawe van die situasie,¹⁷⁾ omdat elemente van beide lewensooruiginge in beide tale en volksgroepe aangctref word. Die twee onderskeie kultuurdominante kan egter in hoof-trekke met die twee volksgroeperinge en die twee tale vereenselwig word.

Die samespel en wisselwerking tussen die prosesse van doelbewuste anglisering en denasionalisering van owerheidsweë en die daaraan korrelate proses van konservering van die volkseie deur die onderskeie partikuliere volksorginstellings, word in twee fases behandel, naamlik die fases van 1806-1902 en 1902-1910. Vanweë die menigvuldigheid van faktore wat in die periode onder bespreking werksaam is, is volledigheid en oorsigtelikheid uiteraard moeilik. Vandaar dat slegs grepe uit die geskiedenis van die Afrikaanse volkskultuur gemaak word om met behulp daarvan die grondtendense in die volkskopiesiewêreld en die kultuur bloot te lê. Beide tydvakke word gekarakteriseer deur h doelbewuste poging deur die Britse owerheid tot anglisering en denasionalisering van die Afrikanervolk enersyds en h opkoms van partikulier-kulturele instellings in die gestalte van die Afrikaanse taalbewegings en die vroueverenigings, andersyds.¹⁸⁾ Om die

16) Venter, C.N. Die Kultuurtoestand van die Afrikaner, nr. 3, p. 6.

17) Coetzee, J.H. Die republiek en h Christelike politiek. (In Gereformeerde Korps Veritas Vincet. Republiek en koninkryk, p. 81).

18) Telkens is die reaksie van die kant van die Afrikanervolk op die doelbewuste pogings tot die anglisering en denasionalisering, vermeerderde gehegtheid aan eie tradisies en eie taal. Nepgen skryf hierdie reaksie teen die proses van anglisering en denasionalisering toe aan die sterk roepingsbewustheid van die Afrikanervolk. Nepgen, op. cit., p. 97, 126. Sien ook Venter, C.N. Die kultuurtoestand van die Afrikaner, nr. 3, p. 6.

ontstaan van die taalbewegings uitsluitend of primêr te sien as reaksie teen die angliseringsbeleid van die Britse owerheid laat nie ten volle reg geskied aan die dinamiese en positiewe kragte wat in die volkslewe werkzaam was en wat moontlik, selfs in die afwesigheid van die Engelse taal en kultuur as stimulas, die Afrikaanse taal tot ontwikkeling sou laat kom het nie. Die werk van hierdie onderskeie liggame in die twee taalbewegings kan as partikuliere volksorg gesien word op grond van die feit dat dit in hulle strewe gegaan het om die skepping, erkenning en handhawing van die taal as kultuuruiting van die Afrikanervolk en as draer van die tradisionele kennisbesit van die volk aangaande hulle roeping tot kosmiese volksorg in die land.

3.1 Anglisering en denasionalisering, 1806-1902.

Sir John Cradock (1811) en Lord Charles Somerset (1814) stel spoedig na die vestiging van die Engelse bewind aan die Kaap alles in werking om die landsbevolking deur alle moontlike kultuurmedia tot hulle beskikking te angliseer en te denasionaliseer.¹⁹⁾ In hierdie taak word die skool, staat en die kerk as instrumente gebruik. Die Engelse lewens-en wêreldbeskouing sluip egter ook langs ander weë die volkslewe binne. Venter sê dat die verengelsingsbeleid van Lord Charles Somerset as h tregter gedien het waardeur die deïsmo op die volkslewe van die Afrikaner uitgegiet is.²⁰⁾ Vanaf 1827 word Engels die enigste erkende taal in die staatsdiens, terwyl die Engelse onderwysers

19) Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966. p. 330. Meyer. Grondslae van die Afrikaanse republikeinse staatsvorming. (In Coetzee, J.A. e.a. Ons republiek, p. 66, 67). Nienaber, G.S. Die Afrikaanse kultuurstryd tot 1870. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 615 e.v.) Neppgen, op. cit., p. 124-5. Coetzee, J.V. Geskiedenis van die Calvinisme in Suid-Afrika. (In FCSV. Koers in die krisis, I: 63). Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 24, 50, 51, 56. Pauw, op. cit., p. 42. Van Jaarsveld. Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn.

20) Venter, C.N. Die kultuurtoestand van die Afrikaner, nr. 5, p. 30.

en die uit Skotland ingevoerde Engelse predikante, die proses van verengelsing in skool en kerk moes deurvoer. Die beleid werk ook deur in die regspleging en landsbestuur. Vanaf 1828 word op alle terreine in die lewe van die bevolking, wat in daardie stadium ook reeds aansienlik versterk is deur die koms van die Britse Setlaars in 1820, die Engelse gees geadem.

In die kerklike lewe bestendig die Britse lewens-en wêreldbeskouing hom deur die arbeid van die Engelse predikante en die teenwoordigheid van die verteenwoordiger van die owerheid in die kerkraad in die persoon van die kommissaris-politiek, wat moet toesien dat die kerkraad nie in stryd met die Britse imperiale belange handel nie.²¹⁾ In die kerklike lewe werk die liberalisme ook langs die ander weg van die metodistiese lewenshouding en oppervlakkige prediking deur en bevorder die deïstiese siening van die geskeidenheid van geloof en lewe.²²⁾ Die gees van verdraagsaamheid teenoor kerkgenootskappe met 'n ander leer as dié van die Calvinisties-gereformeerde georiënteerde kerke word allerweë openbaar. Sendinggenootskappe, besiel met die denkbeelde van die liberale negrofilisme, soos gevoed deur die Franse natuurvergoding van „edele barbaar” propageer die gelykskakeling van etniese verskille tussen blank en nie-blank.²³⁾ Hierdie gelykskakeling

21) Nienaber, G.S. Die Afrikaanse kultuurstryd tot 1870. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 618). Nepgen, op. cit., p. 124, 125.

22) Vorster. Die metodistiese invloed in ons volkslewe. (In FCSV. Koers in die krisis, 3: 188, 191). Hane-kom. Die liberale rigting in Suid-Afrika.

23) Smitskamp. Ontstaan en ontwikkeling van het moderne nasionalisme. (In Barents. Christendom en nasionalisme, p. III e.v.) Pauw, op. cit., p. 39. Van Jaarsveld. Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, p. 30. Coetzee, J.V. Die geskiedenis van die Calvinisme in Suid-Afrika. (In FCSV. Koers in die krisis, 1: 63).

wat deur die Afrikanervolk gesien is as strydig met die wet van God en die natuurlike onderskeid van afkoms en geloof was een van die aanleidende oorsake tot die Groot Trek. In die Trek as openbaring van die vryheidstrewe en onafhanklikheidsideaal van die Afrikanervolk ²⁴⁾ is ook beliggaam die besef van etniese - en kulturele apartheid, soos dit gevoed en gedra is deur die roepingsbesef van die volk wat in die Calvinistiese lewens-en wêreldbeskouing veranker was.

In die skool word Hollands deur die toedoen van die Engelse onderwysers en die owerheidsbeleid stelselmatig uitgeban en word die denasionaliserings- en angliseringsbeleid deurgevoer. In die skole het, veral ná 1865, die gebruik van Hollands tot die absolute minimum gedaal, terwyl die geskiedenis en aardrykskunde wat aan die kinders geleer is, dié was van Brittanje. ²⁵⁾ Dit werk mee tot die distansiëring van die

- 24) Van Jaarsveld. Die betekenis van Bloedrivierelag. Geloftedag, 1953. p. 22. Vorster. Die metodistiese invloed in ons volkslewe. (In FCSV. Koers in die krisis, 3: 190). Hanekom. Kerk en volk, p. 96 e.v. Nepgen, op. cit., p. 96. Meyer. Die grondslae van die Afrikaanse republikeinse staatsvorming. (In Coetzee, J.A. e.a. Ons republiek, p. 88-90). Id. Die Afrikaner, p. 99. Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 27. Coetzee, J.V. Geskiedenis van die Calvinisme in Suid-Afrika. (In FCSV. Koers in die krisis, 1: 60). Du Plessis, L.J. Liberalistiese en naturelle-politiek. (In FCSV. Koers in die krisis, 2: 223). Spoelstra, op. cit., p. 12 e.v. Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966. p. 195. Gerdener. Die kerk en die Groot Trek. Die Huisgenoot. Die Groot Trek-gedenkuitgawe, Desember 1938, p. 30.

A. Kuyper tref 'n merkwaardige vergelyking tussen die gewilligheid van die Kaapse Boere om die vreemde binne-land van Afrika in te trek en kontrasteer dit dan met die gesindheid van Babel waar daar in ongehoorsaamheid aan die goddelike opdrag geweier is om te trek, te versprei en die aarde te vul. Vgl. sy Gemeene Gratie, dl. I.

- 25) Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 57. Pienaar, E.C. op. cit., p. 65-66. Van Jaarsveld. Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn.

jeug van die vaderlandsbodem en die kweek van die gedagte dat Engeland die eintlike vaderland, „home“, is. Die Afrikanervolk verweer hom teen die angliserings- en denasionaliseringsproses via die Britse vryskole, deur die daarstelling van hulle eie privaatskole met Hollands as voertaal.²⁶⁾ Deur allerlei toegewings ten opsigte van die Hollandse taal deur die Britse owerheid, word die Hollandesprekende kinders egter stelselmatig weer teruggetrek na die vryskole van die staat.

Die verpersoonliking van die teenoormekaarstaande lewens- en wêreldbeskouinge wat in hierdie tydperk naas mekaar te staan kom, is dié tussen die kapitaalkragtige, materialistiese imperialis Cecil John Rhodes en die landelike Paul Kruger. Nie slegs verteenwoordig hierdie twee figure twee lynreg teenoormekaarstaande staats- en volksbeskouinge nie, maar hulle versinnebeeld ook tot 'n hoë mate die botsende kultuuretos van die Engelse volk en die Afrikanervolk.²⁷⁾ Die staats- en volksbeskousing van Rhodes vorm die voorloper vir die latere holistiese denkbeelde wat tydens die bewind van genl.

26) Die skole was in die Afrikanervolksewre van die belangrikste geleiers van die tradisionele Calvinistiese konsepsiewêreld. Vorster, J.D. Die metodistiese invloed in ons volksewre. (In FCSV. Koers in die krisis, 3: 185).

27) Coetzee wys op die eenheid en verdeeldheid in die geleedere van die Afrikanervolk in hierdie tydperk van beïnvloeding deur die Engelse denkwêreld: „Elke keer wanneer hy verdeeld was, het die verdeeldheid daarin bestaan dat 'n deel van die volk weggetrek is in die bevolking, en elke keer as die eenheid van die volk herstel is, was dit 'n isolering, 'n spesialisering, 'n afsondering van die volk uit die bevolking.“ Coetzee, J.A. e.a. Ons republiek, p. 31. Sien ook i.v.m. twee teenoormekaarstaande lewensbeskouinge: Van den Heever en Pienaar. Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. 3: 11, 19, 20. Van den Heever sê dat Paul Kruger die versinnebeelding van die Afrikaanse gedagte was. Sien ook Pauw, op. cit., p. 55, 58, 65. Pelzer, A.N. Kruger en Rhodes. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966. p. 353). Erlank, op. cit., p. 17.

J.C. Smuts so sterk na vore sou tree.²⁸⁾ Uitgaande van die liberale meganiese volkskonsepsie waarvolgens die volk op individualisties-meganiese wyse in die staatsbevolking saamgesmelt en geïntegreer moes word, strewe Rhodes na die versoening, konsiliësie tussen die twee blanke bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Hierdie eenwording van die twee blanke bevolkingsgroepe moet geskied in belang van die imperiale Britse ryk. Die eenheid waarna Rhodes streef is staatsburgerlike eenheid met as voorvereiste die nivellering en negering van kulturele en etniese verskille. Rhodes se staatsbeskouing en eenheidsideaal is die kulminasie van die deïstiese, liberalisties-demokratiese volksbeskouing waarin die etnies-gedifferensieerde en kultureel-eiesoortig ontwikkelde volkskultuur verdring word deur die ideaal van 'n kunsmatige individualisties-meganiese kulturele sintese,²⁹⁾ geïmplementeer deur die konsiliësie tussen Boer en Brit. In die realisering van hierdie ideaal was die doelbewuste en beplande anglisering en denasionalisering van die Afrikanervolk deur die staat, kerk en die skool instrumenteel.³⁰⁾ Rhodes se ideaal vir 'n magtige imperiale federasie van die Britse kolonies en die opname daarin van die verenigde

28) Laubscher. Generaal J.C. Smuts: „Greater South Africa". (In Historia, 5: 79, 1960). Pelzer, A.N. Kruger en Rhodes. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966. p. 352).

29) Sir K. Hancock, 'n Australiër van geboorte, wys ook op die twee baie duidelike waarneembare eenheidstrewes, naamlik: „Afrikanervolkseenheid", teenoor „Suid-Afrikaanse volkseenheid". Sien: Are there South Africans?, p. 14. Sien ook Malherbe. Afrikaner-volkseenheid, p. 15. Meyer. Grondslae van die Afrikaanse republikeinse staatsvorming. (In Coetzee, J.A. e.a. Ons republiek, p. 109). Anon. Politieke samewerking, parallelle kulturele ontwikkeling moontlik. Woord en daad, 9: 5, 1966.

30) Nienaber, G.S. & P.J., loc. cit.

Suid-Afrikaanse nasie, staan in lyn met die geestestroming wat later as holisme bekend staan. Pelzer ³¹⁾ wys daarop dat Rhodes ook ontwyfelbaar onder die invloed van die Darwinistiese evolusieleer gestaan het.

Teenoor die imperialistiese, holistiese eenheidsideaal van Rhodes en die Britse ryk, staan die organiese volksbegrip van Paul Kruger, soos vergestalt in sy republikeinse staatsbeskouing en onafhanklikheidsideaal. Teenoor die kunsmatige imperialistiese integrasie, meganisasie en generalisasie van Rhodes, stel hy as Calvinis die eis van differensiering en individualiteit van die Afrikanervolk omdat hy in die lotgevallen van sy volk as afsonderlike identiteit die albestier van God erken en gesien het. ³²⁾

Teen hierdie agtergrond moet die ontstaan en ontwikkeling van die partikuliere volksorg in hierdie periode gesien word. Met die staat en die skool vir die grootste gedeelte van hierdie tydperk in die hande van die Britse veroweraar, bly daar vir die Afrikanervolk geen ander weg oop nie as om op partikulier-georganiseerde wyse die volksidentiteit te beskerm en te handhaaf teen die vreemde lewens- en wêreldbeskouing waarvan die Engelse taal as kultuuruiting die openbaarmaking was. Die ontstaan van partikulier-georganiseerde volksorgliggame met taalerkenning as primêre doel kan

31) Pelzer. Kruger en Rhodes. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966. p. 350 e.v.)

32) Die tipering van die 19e eeu in die Afrikaanse volksge-skiedenis as 'n stryd tussen Boer en Brit is eintlik 'n oorvereenvoudigde siening van die vraagstuk. Erlank sien dit as 'n stryd tussen „kapitalistiese imperialisme” en „kulturele nasionalisme”. Sien sy Patroon van ons volkskarakter, p. 17 e.v. Malherbe. Afrikanervolksseenheid, p. 15. Cilliers. South African nationalism or British holism.

kan as 'n regstreekse gevolg van die doelbewuste angliserings- en denasionaliseringsbeleid gesien word, asook 'n besliste uitvloeisel van die proses van volkswording en volksbewuswording. Hierdie partikuliere volksorgliggame het 'n belangrike rol gespeel in die proses van kultuuroordrag omdat dit in die strewe van hierdie organisasies gegaan het om die uitbou van die Afrikaanse taal en begripswêreld as draer van die Afrikaanse gedagte. ³³⁾

3.2 Partikuliere volksorg, 1806-1902.

Gedurende die tydperk onder bespreking ontstaan die eerste partikulier-georganiseerde kultuurverenigings wat tot doel het die erkenning, vestiging en handhawing van die taal van die Afrikanervolk. Twee rigtings kan nog onderskei word, naamlik die een wat weer die Hollandse taal in ere wil herstel, hoofsaaklik op grond van die feit dat Hollands nog die kantsaal en taal van die Bybel was, en andersyds die rigting wat hom vir die erkenning van Afrikaans beywer. Die hoofklem val in hierdie tydperk eerder op *s k e p p i n g* as op handhawing.

3.2.1 Die Genootskap van Regte Afrikaners.

Op 14 Augustus 1875 ontstaan die Genootskap van Regte Afrikaners ³⁴⁾ in die Paarl. Dat hierdie gebeurtenis

33) Pienaar, E.C., loc. cit. Nienaber, G.S. & P.J., op cit., p. 168. Nepgen, loc. cit. Meyer. Die Afrikaner, p. 98, 99. De Villiers, Anna. Die Afrikaanse kultuurstryd, 1870-1900. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 654). Koornhof, P. Die plek en rol van die kultuurorganisasie in ons volkslewe, p. 15. Dit is opvallend dat die meeste van die verskillende taal- en kultuurverenigings, spoedig gryp na 'n mondstuk waarin sy gedagtes en ideale gepropageer word.

34) Hierdie gebeurtenis is een van die samebindende elemente tot volkseenheid. Malherbe, op. cit., p. 83, 84. Hancock, sir K., op cit., p. 13. Meyer. Die Afrikaner, p. 96. Nienaber, G.S. & P.J., op cit., p. 63 e.v. Pienaar, E.C., op cit., p. 110, 111, 112 e.v. Van Jaarsveld. Die ontwaking van die Afrikaner se nasionale bewussyn, p. 92.

nie suiwer net die stryd om die erkenning en vestiging van die taal qua taal op die oog gehad het nie, blyk uit die feit dat een van die belangrikste aanleidings tot die ontstaan van die GRA die pleitrede van Arnoldus Pannevis was dat die Bybel in Afrikaans vertaal moes word ten behoeve van die kleurlinge. Een van die dieperliggende motiewe was die strewe om die Skrif, waaruit die volk sy kennis van en besieling vir die uitvoering van sy volksroeping moes put, in die spreektaal van die volk vertaal te kry. Die kultuurdaad wat as roepingsdaad op grondslag van hierdie volksbesef ontstaan het, was die daad om die Afrikaanse spreektaal te verhef en die Bybel daarin te vertaal. ³⁵⁾

Die GRA kom tot stand met die doel: „..... om te staan vir ons taal, ons nasie en ons land.” ³⁶⁾

Hierdie doelstelling dui daarop dat die GRA sy taak in die handhawing en erkenning van Afrikaans veel breër gesien het as bloot net die behoud van die volks- t a a l. Dit het gegaan om die behoud van die volksindividualiteit en die Afrikaanse volkskultuur. Die gebeurtenis kan vertolk word as die openbaarmaking van volksbewussyn wat tot uitdrukking kom in die taaltrots en die beklemtoning van die eie taal as draer van die eie volksgedagte. Vandaar dan ook dat die GRA vanuit die staanspoor sy vleuels wyer spreid as slegs die taalstryd en hom ook bemoei met

35) Bosman. Hoof trekke van die Afrikaanse kultuurgemeenskap, p. 25. Pienaar, E.C., op. cit., p. 90.

36) De Villiers, Anna. Die Afrikaanse kultuurstyd, 1870-1900. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 635, 636). Pienaar, E.C., loc. cit. Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966. p. 330.

die landbou, ekonomie en selfs later met die politiek.³⁷⁾

In die mondstuk van die GRA, „Die Patriot“, wat in 1876³⁸⁾ vir die eerste keer verskyn, word die geskrewe woord as draer van die Afrikaanse gedagte aangewend in belang van die Afrikaanse volkskultuur, onder andere deur aandag te gee aan die organisering van landboukragte en algemene ekonomiese belange deur die oprigting van boereverenigings, boerewinkels, nasionale banke en handelsbanke te bepleit. In h eerste beskroomde poging van Pannevis om h eie volkslied daar te stel, word die breë visie van hierdie beweging geopenbaar.³⁹⁾ In h sekere sin het die taalstryd wat in 1875 h aanvang neem het ook aan die Afrikaanse volkskultuur sy beslag gegee.⁴⁰⁾

3.2.2 Die Afrikaner Bond en Boereverenigings.

Deur die toedoen van S.J. du Toit, een van die hoof-figure van die GRA, kom die Afrikaner Bond tot stand, wat ná samesmelting met die Boereverenigings in 1882 die stryd om die erkenning van die Hollandse taal aandurf.⁴¹⁾ Die Afrikaner Bond was die eerste georgani-

- 37) Malherbe. Afrikaner-volkseenheid, p. 62, 63. Coetzee, J.A. e.a. Ons republiek, p. 15. Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 94. Pienaar, E.C., op cit., p. 141, 208.
- 38) Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1966. p. 331, 332. Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 14. Van Jaarsveld. Die ontwaking van die Afrikaner se nasionale bewustyn, p. 92.
- 39) Pienaar, E.C., op. cit., p. 121-3.
- 40) Du Toit, S. Die magsdaad van 1875 en die toekoms. Koers, 18: 1-13, 1950. Pienaar, E.C., op. cit., p. 207-8.
- 41) Du Toit, S. Die magsdaad van 1875 en die toekoms, loc. cit. Hancock, sir K. Are there South Africans?, p. 14. Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 89, 90. Malherbe. Afrikaner-volkseenheid, p. 83, 84. Coetzee, J.A. e.a. Ons republiek, p. 16, 18, 20. De Villiers, Anna. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 308, 333).

seerde politieke liggaam in die Afrikaanse volkslewe waar Afrikaners gesamentlik kon ywer vir hulle volksbelange. Een van die belangrikste historiese kultuurprodukte in die Afrikaanse volkskultuur in hierdie tydperk is die erkenning van Hollands naas Engels in die parlement in 1882. Dit was die vrug van die bemoeienis van die Afrikaner Bond.⁴²⁾ Die Boereverenigings wat in 1885 in Natal onder aanvoering van 'n onderwyser van Duits-Joodse afkoms, ene Herschensohn, tot stand kom in navolging van dié in die Kaapkolonie, doen ook belangrike werk in belang van die erkenning van Hollands.⁴³⁾

3.2.3 Die Z.A. Taalbond.

In 1890 kom die Z.A. Taalbond⁴⁴⁾ tot stand met die vae doelstelling: „..... bevordering van de kennis der Volkstaal en aankweking van een ontwikkeld nationaliteitsgevoel." Die „volkstaal" hier ter sprake was Hollands. Die mondstuk van hierdie liggaam het as „Het Zuid-Afrikaansch tijdschrift" bekend gestaan en die hoofklem van die werk van die Taalbond was die bekendstelling en bevordering van Hollands as skryftaal. Deur 'n stelsel van boekpryse het die Taalbond menige leerling sy eerste kennismaking met die Hollandse letterkunde besorg. Volgens Anna de Villiers het hierdie boekpryse vir die Afrikaanse kultuur stellig meer beteken as die sertifikate wat uitgereik is aan

42) Ibid., p. 641.

43) Ibid., p. 662.

44) Ibid. Malherbe. Afrikaner-volkseenheid, p. 83, 84. Pienaar, E.C., op. cit., p. 140, 172.

diegene wat in die Taalbondeksamens in taal en vaderlandsgeskiedenis presteer het. ⁴⁵⁾

Op 15 en 16 Januarie 1896 vind die eerste taalkongres in die Paarl onder voorsitterskap van ds. S.J. du Toit plaas en op 27 en 28 Januarie 1897 volg 'n tweede taalkongres. ⁴⁶⁾ By beide geleenthede is die hoofonderwerp van bespreking die verhouding tussen die drie tale: Afrikaans, Hollands en Engels. Een van die belangrikste gevolge van die eerste taalkongres was die publikasie van „Ons Klyntji” in 1896.

3.2.4 Die Debatsverenigings.

Belangrike werk word in hierdie tydperk ook gedoen deur die Debatsverenigings ⁴⁷⁾ wat oral ontspring nadat 'n Voortrekkergemeenskap op 'n plek gevestig geraak het. Hoewel die Debatsverenigings wat onder die naam „Het Debat” geaffilieer was hulle uitsluitend van Hollands bedien het, het hulle veel bygedra tot die handhawing van die tradisionele Calvinistiese kultuuretos en die bestendiging van die tradisionele karakter van die Afrikaanse volkskultuur.

3.3 Anglisering en denasionalisering, 1902-1910.

In 1899 breek die Tweede Vryheidsoorlog uit wat in 1902 ten einde loop met die ondertekening van die Vredestraktaat by Vereeniging. Reeds tydens die oorlog word in die kampskole Milner se verengelsingsbeleid deur sy direkteur van Onderwys,

45) De Villiers, Anna. Die Afrikaanse kultuurstryd 1870-1900. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 664).

46) Pienaar, E.C., op. cit., p. 190-1, 203 e.v.

47) De Villiers, Anna. Die Afrikaanse kultuurstryd 1870-1900. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 656).

E.B. Sargent, in werking gestel. ⁴⁸⁾ Ná die beëindiging van vyandelikhede word in die ondertekende vredetraktaat bepaal dat die owerheid die onderrig van die kinders in die Hollandse taal in die skole sou toelaat indien die ouers dit sou begeer, en dat die gebruik van Hollands in die geregshoue toegelaat sou word indien dit sou meewerk tot die effektiewe administrasie en toepassing van geregtigheid. Hernieude pogings tot anglisering en denasionalisering van die bevolking word aangewend onder andere deur:

- * 'n drastiese vermeerdering van die aantal Britte;
- * die op die voorgrond stel van die Engelse taal, en
- * die aanstelling van Engelsprekendes in die belangrikste betrekkinge in die staatsdiens.

Milner se verengelsingsbeleid het ten doel gehad die volkome vereenselwiging van die Afrikanervolk met die nuwe stelsel, die nuwe regering en die nuwe waardesisteem waarvan die Engelse taal die draer was. ⁴⁹⁾

Net soos in die voorafgaande periode word die skool weer eens as die belangrikste angliseringsmedium gebruik waardeur die geestelike anneksasie van die Afrikanerkinders vir die imperialistiese ideale sou plaasvind. ⁵⁰⁾ Milner se onderwys-ordonnansie van 1903 bepaal dat uiters 5 uur per week aan die onderrig van Nederlands bestee moes word. Teen hierdie proses

48) Pienaar, E.C., op. cit., p. 220. (Aangehaal uit: Eybers. Select. const. documents, p. 346). De Villiers, Anna. Die Afrikaanse kultuurstryd 1870-1900. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 664). Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 113.

49) Pauw, op. cit., p. 67. Pienaar, E.C., op. cit., p. 220. Dekker. Die kulturele ontwikkeling na die tweede vryheidsoorlog. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 441).

50) Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 29.

van doelbewuste verengelsing kom die Afrikanervolk in ver-
set en gaan daartoe oor om privaatskole op die ou republi-
keïse grondslag in die lewe te roep.⁵¹⁾ In hierdie skole
sou nie slegs die taal van die volk tot sy reg kom nie,
maar ook die lewens-en-wêreldbeskouing waarvan die taal die
draer was. Vandaar dan ook dat die skole as „Christelik
Nasionaal" bekend gestaan het. Milner was sterk gekant teen
staatsteun vir hierdie skole omdat dit volksverskille sou
aksentueer en die so sterk deur hom begeerde volkseenheid in
belang van die Britse ryk in die weg sou staan.⁵²⁾

Met die verlening van verantwoordelike selfbestuur aan Trans-
vaal en die Oranjerivierkolonie in 1906, kom die Afrikaner
in beheer van die onderwys. In die Oranjerivierkolonie het
genl. Hertzog⁵³⁾ deur sy onderwyswet van 1908 die gelykheid
van Engels en die Hollandse taal in die algemeen en die ge-
sonde pedagogiese beginsels van moedertaalonderwys beklemtoon.
Die Smutswet⁵⁴⁾ van 1907 maak in die Transvaal vir moeder-
taalonderwys in die laer klasse tot standaard III en daarna
slegs onderrig in Engels onderworpe aan die voorwaarde dat
Nederlands as skoolvak aan Engels- sowel as Afrikaansspreken-
de kinders gedoseer sou word, tensy die ouers daarteen be-
swaar maak. Hierdie twee wette lui 'n nuwe fase in die volks-
kultuur in. Die teenstelling tussen die Engelse en die
Afrikaanse kultuuretos, wat tot in hierdie stadium groten-
deels met die kontras tussen die Afrikaanse volk en taal en
die Engelse volk en taal vereenselwig is, word verswak en

51) Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 19. Meyer. Die
Afrikaner, p. 98, 99. Wiid. Weeropbou, 1902-1908.
(In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van
Suid-Afrika, 1951. 2: 459).

52) Ibid. Pienaar, E.C., op. cit., p. 229 e.v. Nienaber,
G.S. & P.J., op. cit., p. 113.

53) Wiid. Weeropbou, 1902-1908. (In Van der Walt, A.J.H.
e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 459).

54) Hancock, W.K. Smuts, p. 239 e.v. Pauw, op. cit.,
p. 174. Blanckenberg, P.B. (Samesteller). The

die denkbeeld van Suid-Afrikaanse n a s i o n a l e eenheid word voortaan ook deur die Afrikaners gepropageer. Uit hierdie tydperk dateer die sogenaamde „tweestroombeleid” van genl. Hertzog, waarin uitdrukking gegee word aan die konsepsie van ’n aparte volksbestaan van die Afrikaner, teenoor die „eenstroombeleid” van genl. J.C. Smuts, waarin die meganiese sintese van die Afrikanervolk en die Engelse volk in ’n groter Suid-Afrikaanse nasie, as deel van die Britse ryk, beklemtoon word – die holistiese gedagte. ⁵⁵⁾

3.4 Differensiasie van volksorg.

Ná die tweede Vryheidsoorlog en die Vrede van Vereeniging tree veel konkreter volksnood na vore. Nie slegs die politieke ideale en identiteit van die Afrikanervolk verkeer in gevaar nie, maar die nagevolge van die oorlog en die effek van die doelbewuste anglisering en die nasionalisering van die volk van owerheidsweë, het tot verdere gevolg die materiële verarming van die Afrikaner. ⁵⁶⁾ Met die ontwikkelende materiële nood gaan ook ander negatiewe ver-

thoughts of General Smuts, op. cit., p. 144. Dekker, G. Die kulturele ontwikkeling na die tweede vryheidsoorlog. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 675).

55) Waar Cilliers "South African nationalism" met "British holism" kontrasteer, stel Coetzee Suid-Afrikaanse nasionalisme teenoor "British supremacy". Vgl. Cilliers. South African nationalism or British holism. Coetzee, J.A. e.a. Ons republiek, p. 48. Sien ook Van den Heever Die Afrikaanse gedagte, p. 26. Dekker. Die kulturele ontwikkeling na die tweede vryheidsoorlog. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 675). Laubscher. Generaal J.C. Smuts. "Greater South Africa", p. 84. Millin. General Smuts, 1:3. Hancock sir K. Smuts. Diederichs. Die republikeinse volkstaat van die toekoms. (In Coetzee, J.A. e.a. Ons republiek, p. 121).

56) Coetzee, J.H. Verarming en oorheersing.

skynsels gepaard, 'n proses wat uiteindelik uitmond in die ag. armblankevraagstuk - 'n vraagstuk wat primêr die blanke Afrikaanssprekende deel van die bevolking getref het. Hierdie omstandighede bied daartoe aanleiding dat daar van die kant van verskillende samelewingsvorme en ook deur die volk in partikulier-georganiseerde verband handelend opgetree word ten opsigte van die nood van die mede-volksgenoot.

Die negentiende eeu kenmerk in feitlik alle lande die ontstaan en bloei van partikuliere sorgorganisasies. In Suid-Afrika het hierdie ontwikkeling veel later as in ander lande ingetree. Dit was eers teen die einde van die negentiende eeu dat daar van 'n sterk georganiseerde optrede op sowel kerklike as partikuliere terrein sprake was. Dit is gedurende hierdie fase tot ongeveer 1920 dat die kerk en die verskillende vrouekomitees hoofsaaklik vir die versorging van die noodlydende volksgenote verantwoordelik was. Die vorme en metodes van sorg was aangepas aan die praktiese landsomstandighede en die onmiddellike sorgbehoefte van die sorgbehoewendes.⁵⁷⁾

Hoewel die verskillende vorme van sorg vir die materieel-noodlydendes vóór hierdie fase ongedifferensieerd was, en kerk, staat en gesinsorg baie nou ineengestrengel was, het daar veral kort na die Tweede Vryheidsoorlog 'n groot mate van differensiasie in die metodes van sorg, asook in die instansies by die versorging betrokke, tot stand gekom. Chronologies kan die volgende ontwikkelingsfasies onderskei word.

- 57) Die oorlog van 1899 en die daaropvolgende konsentrasiekampellende; rebellie van 1914-1918 en die daaruit voortspruitende ontstaan van die Helpmekaar-beweging, die griepiepidemie ens. Vgl. ook Du Toit: Olie op die wonde, p. 123. Verslag van die Departement Volkswelsyn, 1937-1949, p. 17. Lambrechts & Theron: Vrouevolksdiens, p. 5 e.v.

3.4.1 Gesinsorgfase.

As eerste fase word beskou dié waarin die gesin primêr as versorgingseenheid optree en alle sorg-aktiwiteite in en deur die gesinsgroep plaasvind.⁵⁸⁾ Hierdie vorm van sorg was veral kenmerkend van die pioniersfase in die geskiedenis van die volk. Die gesin was die sentrum waarom alle sorg gedraai het, en geen spesifieke instansie was vir georganiseerde sorg of die koördinasie van hierdie aktiwiteite verantwoordelik nie.

3.4.2 Kerksorgfase.

Tydens die tweede, die kerksorgfase, het die kerk as instituut deur middel van sy ampsdraers ten opsigte van die lidmate van die kerk versorgend opgetree. Eers was die optrede van die kerk baie beperk en terughoudend, maar later word kerksorg op 'n meer wetenskaplike en georganiseerde en planmatige wyse aangepak.

3.4.3 Vroueverenigings.

Die derde fase is die van partikuliere sorg deur vroue-organisasies.⁵⁹⁾ Die doelstellings van hierdie verenigings was in hoofsaak die bevordering van die welsyn van die Afrikaanssprekende deel van die bevolking.

58) Unie van S.A.: Verslag van die Departement Volkswelsyn, 1937-1949, p. 28. Zeeman. Die armesorgwerk van die NG-kerk, p. 36 e.v. Botha, L.L.N. Die maatskaplike sorg, p. 141. Unie van S.A. Verslag van die SA Nasionale konferensie oor die na-oorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, 1944, p. 20. Cronjé. Mens en medemens, p. 15 e.v.

59) Unie van S.A.: Verslag van die Departement Volkswelsyn, 1937-1949, p. 17. Vgl. ook Van Rensburg, S.M. Die ontstaan en ontwikkeling van die Oranje Vrouevereniging as vereniging vir maatskaplike werk, p. 22-24. Zeeman. Die armesorgwerk, p. 269. Sedert die jare dertig word vermeerderde belangstelling en aktiwiteit van die kant van die Staat in alle sorgvraagstukke van die land bespeur.

Drie van die vier groot vroueverenigings kom in die tydperk onder bespreking tot stand, naamlik die ACVV en ZAVF in 1904 en die OVV in 1908.⁶⁰⁾ Die NCVV in Natal wat op dieselfde lees geskoei was as die ander vroueverenigings in die ander drie provinsies, kom in 1914 tot stand. Die volksorgmetodes van hierdie verenigings was gewortel in die tradisionele Calvinistiese kultuuretos en gedra deur h besef van volksamehorigheid. Dit het in die eerste plek geskied met die oog op die onmiddellike leniging van nood, maar in hoofsaak as h metode om die eie kultuurpatroon te bestendig en te bewaar in teenstelling met die vreemde lewens-en wêreldbeskouing wat van owerheidsweë op die onderdrukte volk afgedwing is.

Die „verdraagsaamheidsgedagte“ maak al spoedig na die totstandkoming van die ZAVF en die ACVV in 1904 sy verskyning in die partikuliere volksorg van die vroueverenigings. Dit kom naamlik tot uiting in die breuk wat daar tussen die twee liggame in die Kaapprovinsie ontstaan.⁶¹⁾ By die ZAVF was h mate van politieke, kulturele en godedienstige vervlakking te bespeur, wat tot uiting gekom het in h gesindheid van neutraliteit. Op grond van hierdie feit asook op grond daarvan dat die ZAVF sy lidmaatskap vir alle blanke vroue, ongeag geloofsoortuiging oopgestel het, ontstaan daar h breuk tussen die twee liggame.

60) Niensber, G.S. & P.J., op. cit., p. 147.

61) Zeeman. Die armesorgwerk van die NG-kerk, p. 269. Pienaar, T.C. In diens van die volk, p. 2, 4, 7, 11, 17.

Daar is 'n baie duidelike en direkte lyn te bepeur met betrekking tot die invloed van die negentiende-eeuse liberalisme in Engeland op die ontwikkeling van die partikuliere volksorg deur die vroueverenigings aan die Kaap. Die ontstaan van allerlei verenigings met filantropiese doelstellings was in 'n groot mate die produk van die humanistiese liberalisme wat hom in Suid-Afrika ook in kerklike geleedere nie onbetuig gelaat het nie. ⁶²⁾ Een van die uitlopers van die liberale denkrigting in Engeland was die stryd om vrouestemreg - die sg. „suffragette“-beweging. Een van die leidsters van hierdie beweging in Engeland, 'n Jodin, mev. Saul Solomon het 'n leidende aandeel gehad in die totstandkoming van die ZAVF. Mev. Saul Solomon het deur haar invloedryke werk en entoesiasme gedurende die groeijare van die vroueorganisasies noodwendig vanweë die ideologiese agtergrond waaruit sy gestam het, baie van die veel meer liberalistiese denkbearde in die partikuliere volksorg van die vroueverenigings ingedra. ⁶³⁾

- 62) Hanekom. Die liberale rigting in Suid-Afrika, p. 30, 141. Venter. Die kultuurtoestand van die Afrikaner. Artikelreeks in Die Taalgenoot. Venter, E.S. Die emansipasie van die vrou. Die Taalgenoot, 31: 22, 1962. Coetzee, J.H. Verarming en oorheersing. Pauw, op. cit., p. 38. Nepgen, loc. cit. Meyer. Die Afrikaner.
- 63) Die „suffragette“-beweging het uit 'n groot aantal geestesstrominge geput. Veral liberalistiese en sosialistiese gedagtes het 'n vormende invloed op die feministebeweging gehad. Besonder opvallend is die ooreenkoms in die naam van die „Women's Liberal Federation“ in Engeland en die ZAVF in Suid-Afrika. Eersgenoemde organisasie het hom veral ten doel gestel die stryd om vroueregte. Dr. K. Schilder wys in sy werk, Die Openbaring van Johannes en het sosiale leven, op die noue verband wat daar tussen die feminisme en die hedendaagse sosialistiese staatsbeskouing bestaan. In hierdie verband is dit ook belangrik dat die leermeester van Proudhon en Karl Marx, William Thompson, een van die kampvegters van die feminisme was. Vgl. i.v.m. die invloed van die verskillende strominge, Hanekom. Die liberale rigting. Fullford. Votes for women. Webb. My apprenticeship, 1:166. Biso. The philosophy of social work. Polak. Die toekomst is verleden tyd, p. 193, 195 e.v.

Wanneer die vrouevereniginge later betrokke word by instellinge gemoeid met die koördinasie van die werksaamhede van verskillende instellings, skaar hulle hulle sowel by die Nasionale Welsyneraad, waarin partikuliere instellings wat o.a. gebruik maak van die professionele maatskaplike werktegniek saamgegroepeer is, as by die Federasie van Afrikaanse kultuurverenigings, waarin die werksaamhede van die Afrikaanse „kultuur“-verenigings saamgegroepeer is. Alhoewel die vier vernaamste vroue-organisasies in die land reeds vroeg aan die begin van hierdie eeu tot stand gekom het, het 'n groot koördinerende liggaam eers in 1920 ontstaan. Dit staan bekend as die Federale Vroueraad.⁶⁴⁾ Dat hierdie vrouebeweginge

Pethick-Lawrence. Unshackled, p. 69. Schilder, K. De openbaring van Johannes en het sosiale leven, p. 155. Pienaar, T.C. In diens van die volk, p. 1. Solomon. Saul Solomon - The member for Cape Town, p. 13, 28, 349. Du Toit, H.D.A. Olie op die wonde, p. 123. SAVF. Vyftig jaar van seën, 1904-1954, p. 10-14. Lambrechts & Theron. Vrouevolksdiens, p. 14 e.v. Laasgenoemde twee skryfsters ontken dat die „suffragette“-beweging in Engeland enige merkbare invloed op die ontstaan van die Suid-Afrikaanse vroueverenigings gehad het en beweer dat die feminisme in Suid-Afrika in Afrikaans oorgesit is. Wat ookal hiermee bedoel word, blyk die bewering by nadere ondersoek nêrf en oppervlakkig te wees en kan dit nie 'n toets aan historiese feite deurstaan nie. Mev. Saul Solomon was 'n Jodin. Vgl. ook i.v.m. die Joodse invloed op die ontwikkelingsgeskiedenis van die Charity Organization Society, een van die voorlopers van die moderne professionele maatskaplike werk. Slater. Poverty and the state, p. 21, e.v.

- 64) Vgl. Lambrechts & Theron: Vrouevolksdiens, p. 18. Du Toit: Olie op die wonde, p. 123. Zeeman. Die Armesorgwerk, p. 268. Van Rensburg. Die ontstaan en ontwikkeling van die OVV as vereniging vir maatskaplike werk. Pienaar, T.C. In diens van die volk. Botha, L.L.N. Die maatskaplike sorg, p. 72. Die vrouevereniginge het in die volgende jare tot stand gekom: ACVV, 1904; ZAVF, 1904; OVV, 1908 en die NCVV, 1915.

h enorme rol vervul het in die leniging van die nood van die Afrikanerbevolking is nie te betwyfel nie. Daardeur het hulle h belangrike rol gespeel en bydrae gelewer in die verhoging van die lewenstandaard van die Afrikanervolk en die uitwissing van verarming, waardeur ook veel gedoen is vir die behoud en die bewaring van die selfrespek en eie identiteit van die in nood verkerende bevolking.

3.4.4 Afrikaanse taal en kultuurorganisasies.

3.4.4.1 Die „Tweede Taalbeweging“

Ook op ander fronte word in hierdie tydperk die stryd vir die behoud van die Afrikanervolksidentiteit aangeknoop. Die ontredderde na-oorlogse toestand van die Afrikanervolk dien as stimulans vir die ontstaan van die Tweede Taalbeweging.⁶⁵⁾ Waar die klem in die vorige fase primêr op Afrikaanse taalbewussyn, taalskepping en -erkenning geval het, sprei die tweede taalbeweging sy vleuels veel wyer uit en is dit in die volste sin van die woord v o l k -sbeweging, omdat dit nie slegs taalhandhawing, maar ook volksbewussyn ingesluit het. Die nood van die ontredderde volkenoot open die oë vir die gevaar van die verlies van volksidentiteit deur die verlies van die taalidentiteit en dien as stimulans vir hernieuwde aktiwiteit op die gebied van kultuurhandhawing deur middel van taalhandhawing.

65) Bosman. Hoof trekke van die Afrikaanse kultuurgemeenskap, p. 26. Pienaar, E.C., op cit., p. 236, 289.

3.4.4.1.1 Die Afrikaanse Taalgenootskap en Afrikaanse Taalvereniging.

Onder voorsitterskap van dr. N. Hoogenhout kom op 13 Desember 1905 die Afrikaanse Taalgenootskap tot stand, met die drieledige doel om: ⁶⁶⁾

- * Die Afrikaners te oortuig dat Afrikaans hulle taal is en as hulle spreek en skryftaal gebruik behoort te word;
- * die taal in „suiwer vorm” te ontwikkel en in die algemeen;
- * h suiwer Suid-Afrikaanse nasionaliteitsgevoel aan te kweek en te ontwikkel.

Die grootste verdienste van die ATG lê in die aansporing wat dit gegee het tot die totstandkoming van „Die Brandwag” op 31 Mei 1910 ⁶⁷⁾ en dat dit gepoog het om die weg tot die verwesenliking van die volksbestemming aan te wys.

Op 3 November 1906 stig h aantal geesdriftige geleerde jong Afrikaners in Kaapstad die Afrikaanse Taalvereniging met dieselfde strewe as die ATG. ⁶⁸⁾ h Hollandse

- 66) Steyn, J.L. Uit die argief van die Afrikaanse Taalgenootskap. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, 15: 145, 147, 1955. Dekker. Die kulturele ontwikkeling na die tweede vryheidsoorlog. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 671). Pienaar, E.C., op. cit., p. 257 e.v. Nienaber, C.S. & P.J., op. cit., p. 136.
- 67) Steyn, J.L. Uit die argief van die Afrikaanse taalgenootskap, p. 153. Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., 135, 138, 139. Pienaar, E.C., op. cit., p. 257 e.v.
- 68) Malherbe. Die rol wat die ATV gespeel het. Die Huisgenoot, XL: 29, 19. Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 141. Pienaar, E.C., op. cit., p. 278 e.v. Dekker. Die kulturele ontwikkeling na die tweede vryheidsoorlog. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 671.)

taalkongres vind in die loop van 1907 in die Paarl plaas, waartydens die Taalbond en die ATV tot 'n ooreenkoms geraak het om saam te werk vir die Hollandse-Afrikaanse taalsaak.

3.4.4.1.2 Die Afrikaanse Taalunie.

In 1906 ontstaan ook in Potchefstroom 'n Afrikaanse Taalunie.⁶⁹⁾ Die ATV het veel meer lewenskragtigheid aan die dag gelê as die ATG. 'n Belangrike oogmerk van die ATV was die strewe om deur middel van wetgewing te laat bepaal dat niemand tot die staatsdiens toegelaat sou word tensy hy 'n redelike kennis van Hollandse besit nie. Verder sou daarna gestrewe word om Hollandse as offisiële taal deur afdelings- en munisipaliteitsrade wettig erken te kry. Aan die Afrikaanse volksang en volkslied is ook aandag gewy en die ATV het onder meer sy werk voortgesit deur middel van toneelopvoerings, lesings, voordragte, verspreiding van pamflette ens.

3.4.4.1.3 Bond van Vrystaatse Debatverenigings.

In die Vrystaat word in 1907, onder leiding van ds. W. Postma 'n Bond van Vrystaatse Debatverenigings⁷⁰⁾ in die lewe geroep met die doel: „Bevordering van eenheid en samewerking tussen debatsverenigings wat streef om 'n Christelike-nasionale volksgees aan te kweek.” 'n Hollandse taalkongres vind in die loop van 1907 in die Paarl plaas, waartydens die Taalbond en die ATV tot 'n ooreenkoms geraak het om saam te

69) Dekker, Die kulturele ontwikkeling na die tweede vryheidsoorlog, loc. cit. 1914.

70) Nienaber, G.S. & P.J., op cit., p. 145, 149.

werk vir die Hollands-Afrikaanse taalsaak.

3.4.4.1.4 Die Suid-Afrikaanse Akademie.. ⁷¹⁾

Op 2 Julie 1909 kom die SA Akademie tot stand met die doelstelling van handhawing en bevordering van die Hollandse taal, lettere, Suid-Afrikaanse geskiedenis, oudheidkunde en kuns. Onder „Hollands" word verstaan beide die Afrikaanse en die Hollandse taalvorme. Die Akademie sou as sentrale liggaam al die bestaande taalorganisasies verenig met die oog op gesamentlike en gesaghebbende optrede in die toekoms. Vir die eerste keer kom daar in die volkskultuur 'n sentrale mondstuk van die georganiseerde partikuliere volksorgane tot stand wat die wye uiteenlopende pogings van die onderskeie taal- en kultuurliggame kon saamsnoer ten einde verenigde optrede in belang van die Afrikaanse taal en kultuur te verseker.

3.4.4.1.5 „Onze Taal"

Van al die taalverenigings gestig vóór 1910 het „Onze Taal", vanaf 1912 bekend as „Ons Taal", die grootste lewenskragtigheid aan die dag gelê. ⁷²⁾

71) Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 152, 155. Pienaar, E.C., op. cit., p. 316 e.v. Krüger, D.W. Die bewind van genls. Botha en Smuts. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 481). Sien ook in dieselfde werk artikel van Dekker, Die kulturele ontwikkeling na die tweede vryheidsoorlog, p. 671. Bosman. Hoof trekke van die Afrikaanse kultuurgemeenskap, p. 26.

72) Steyn, J.L. Uit die argief van die ATG, p. 317.

3.4.4.2 Die Helpmekaarbeweging.

Spontaan wel uit die geledere van die Afrikanervolk in hierdie tyd 'n partikuliere volksorgbeweging op ten einde die volksenoot in materiële nood te help. Die Helpmekaarbeweging kom tot stand, ⁷³⁾ 'n beweging waarin die diepe godsdiensin, die gees van hulpverlening en naasteliefde en die Calvinistiese lewensooruiging van die Afrikanervolk spreek. Die Helpmekaarbeweging, wat soos 'n bruisende stroom die volk in besit geneem het, het sy ontstaan in Bethlehem, Lindley en Reitz in die Vrystaat gehad. Rebelle en nie-rebelle het hier saamgespan om die gemeenskaplike skuld te delg, sodat 'n deel van die volk nie in armoede sou versink nie. ⁷⁴⁾ Orals is pogings aangewend om geld in te samel. Geld is van die banke geleen. Hiervoor het ses of meer persone gesamentlik as borge geteken. Die verskillende distrikte het weer toegesien dat die borge weer gewaarborg word, deurdat elkeen op die basis van hulle besittings bydraes gedoen het. Op hierdie wyse, en ook deur koek- en ander verkopings waardeur die vroue veral hulle bydrae gelewer het, is groot dele van die skuld gedelg. ⁷⁵⁾

73) Krüger, D.W. Die bewind van genls. Botha en Smuts, 1910-1924. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 498). Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 163.

74) Botha, Marthina E., op. cit., p. 83 e.v., 199. Nepgen, op. cit., p. 67-92, 152, 211. Helpmekaar-Gedenkboek, p. 17.

75) Helpmekaar-Gedenkboek, p. 17, 21.

As laaste en finale poging tot geldinsameling is besluit om 'n Helpmekaardag te hou om veral die Vrystaatse skuld wat nie ten volle gedelg was nie, te betaal. 'n Sekere heer, T.E. de Villiers, het beloof om £500-0-0 by te dra, indien 500 andere ook bereid was om elk £100-0-0 by te dra. So almal se verwagting het hierdie gebaar die Helpmekaarfonds die hoogte laat inskiet, sodat dit die vereiste hoeveelheid geld wat geïn moes word, ver oortref het. ⁷⁶⁾ In die Helpmekaarbeweging het dr. N.J. van der Merwe, die eerste voorsitter van die FAK en vooraanstaande kultuurleier in die Afrikaanse volkslewe, ook 'n belangrike rol gespeel. In die tydsbestek wat dr. Van der Merwe voorsitter van die Helpmekaarvereniging was, het die vereniging groot hoogtes bereik en hom veral beywer vir die bevordering van opvoedkundige geleenthede vir die Afrikanerjeug. ⁷⁷⁾ Maatreëls vir die verligting van die ekonomiese posisie van die boere en die hele kwessie van landboukrediet is 'n ander terrein waarop die Helpmekaar in sy omvattende reddingspogings beweeg het.

Hier het 'n spontane metode van volksorg uit die geledere van die volk self ontstaan, 'n metode wat gedra is deur 'n diep volksbewoëndheid met die lot van die noodlydendes. Tereg het president M.T. Steyn van hierdie beweging gesê: „Die Helpmekaar is uit God gebore.” In hierdie tyd het die „gees van saamwerk” die hele volk aangegryp. ⁷⁸⁾

76) Ibid., p. 21, 28.

77) Scholtz. Dr. N.J. van der Merwe, p. 117 e.v. Botha, Marthina E., op. cit., p. 219. Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 163.

78) Helpmekaar-Gedenkboek, p. 5, 37. Nienaber, P.J. Dr. J.D. Kestell. Vader van die Reddingsdaad, p. 67, 107, 109. In die bevordering van hierdie gees van saamwerk en helpmekaar het dr. J.D. Kestell („Vader Kestell”) 'n leidende rol gespeel.

3.4.4.3 Die Afrikaanse Studentebond. ⁷⁹⁾

Sedert 1911 het die studente ook 'n belangrike rol in die Afrikaanse taal- en kultuurstryd gespeel. Die Afrikaanse Studentebond kom in 1916 tot stand met die doelstellings:

- * Die wetenskaplike ontwikkeling van sy lede ooreenkomstig die Afrikaans-tradisionele volkskarakter; en
- * Die handhawing en bevordering van die Nederlands-Afrikaanse taal, lettere, kuns en geskiedenis.

As gevolg van die onaktiwiteit van die oorspronklike Afrikaanse Studentebond, en die onafrikaanse koers wat deur die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse studente ingeslaan is, word in Maart 1934 'n groot studentekongres op Potchefstroom gehou waar die Afrikaans-Nasionale Studentebond (ANS) gestig word en waarin die ASB opgaan. ⁸⁰⁾

In sy grondwet bepaal die ANS sy grondslag soos volg: „Die Bond berus op Protestants-Christelike en kultureel-nasionale grondslag en erken die leiding van God op elke gebied van die kultuur soos op elke gebied van die lewe ooreenkomstig die Afrikaanse volkstradisies soos in die geskiedenis beliggaam. ⁸¹⁾ In sy doelstellings het die ANS onder meer aandag gegee aan die vereniging van die kweek van 'n gevoel van nasionale saamhorigheid en nasieliefde. ⁸¹⁾

79) Pienaar, E.C., op. cit., p. 361. Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 155, 167, 190.

80) Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 190.

81) Loc. cit.

3.4.4.4 Die Natalse Saamwerkunie van Kultuurverenigings⁸²⁾

Hierdie Saamwerkunie word op 24 Mei 1917 onder voorsitterskap van adv. E.G. Jansen gestig met die doel om die werksaamhede van die verskillende debats-, jongeliede- en ander kultuurvereniginge te lei en te bevorder. Later kom 'n soortgelyke liggaam in die Transvaal tot stand.

3.4.4.5 Die Handhawersbond.⁸³⁾

Gedurende Julie 1929 kom die Handhawersbond in Johannesburg tot stand met onder andere die doelstelling: „..... om deur 'n streng georganiseerde optrede

- * Die Hollands-Afrikaanssprekende Afrikaner op te wek tot sterker self- en volksbewussyn;
- * om suiwer Afrikaans orals en te alle tyd tot sy reg te laat kom;
- * om op ekonomiese gebied te strewe na die heil van die Hollands-Afrikaanssprekende Afrikaner.”

Die Handhawersbond het daartoe meegewerk dat Afrikaanse rekenings, kwitansies en tjekboeke verkry is, dat korrespondensie met besighede in Afrikaans gevoer is; dat ouers aangedring het op Afrikaansmediumskole, ens.

3.4.4.6 Die Reddingsdaadbond

In die eeufeesjaar 1938 waartydens die ATKV (SAS en H) die Simboliese Oesewatrek ter herdenking van die Groot Trek reël, kom deur die toedoen van die FAK die Reddingsdaadbond tot

82) Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 164, 165.

83) Ibid., p. 181. Pauw, op. cit., p. 179, 289.

stand. ⁸⁴⁾ Hierdie beweging was die vrug van 'n diepgrypende proses van volkswording, waartydens die dieperliggende tradisionele volkswaardes en ideale gestalte aangeneem het in 'n magtige reddingsdaad om die volk op ekonomiese gebied van ondergang te red. ⁸⁵⁾ Die armblankevraagstuk en die verval in kulturele waardes wat enersyds daaraan ten grondslag gelê het, en ook andersyds die gevolg daarvan was, het nie slegs die materiële aspek van die volksbestaan aangetas nie, maar veral die geestelike, die kulturele. Die ekonomiese krisis het in feitlik alle bestaansuitinge van die Afrikanervolk tot uitdrukking gekom. In hierdie krisissomstandighede van die Afrikanervolkslewe kom die Reddingsdaadbond as uitvloeisel van die Ekonomiese Volkskongres gereël deur die FAK in 1939 tot stand. Die gedagte van 'n reddingsdaad in die gesindheid van saamwerk, help mekaar en red mekaar, het sy oorsprong gehad by die alombekende dr. J.D. Kestell. Die ideaal van dr. Kestell was dat die reddingsdaad die vorm van 'n sindikaat moes aanneem, opgerig uit aandeelhouers wat nie oog op diwidende het nie, maar wat die rente op die kapitaal wat hulle belê, sou aanwend om plase te koop wat in die mark kom. Die grond sou daarna aan die persone wat hulle grond verloor het verhuur of verkoop word. Ten grondslag van hierdie beweging

- 84) Dekker. Die kulturele ontwikkeling van die tweede vryheidsoorlog. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 666). Malherbe. Afrikaner-volks-eenheid, p. 90.
- 85) Coetzee, J.A. Ons reddingsdaad, p. 4. Nienaber, P.J. Dr. J.D. Kestell, Vader van die Reddingsdaad, p. 113.

het die gedagte gelê van 'n reuse-volksofferende wat die ekonomiese selfstandigheid van die volksenoot in nood sou bewerkstellig en die landsbodem in die hand van die Afrikanervolk sou hou.⁸⁶⁾

3.4.4.7 Kultuurverenigings binne beroepsgroepe.

Tot in hierdie stadium het die partikuliere volksorg hoofsaaklik die vorm van v o l k s -bewegings aange- neem. Vanaf 1930 word 'n tendens bereik waarin die georganiseerde volksorgaksie nie meer die volk as geheel omspan nie, maar taal- en kultuurverenigings binne bepaalde beroepsgroepe tot stand kom. Hierdie tendens word eerste by die verskillende onderafdelings van die staatsdiens bemerk. Dit kan onder meer toe- geskryf word aan die feit dat die staatsdiens een van die terreine van die Afrikaanse volkskultuur was waar die Engelse lewens-en wêreldbeskouing en by name die Engelse taal die diepste spore getrap het. Andersyds was dit ook weer die eerste terreine wat deur die Afrikaner na sy politieke selfstandig- wording verower is. So kom daar in die tydperk ná 1930 die volgende taal- en kultuurverenigings tot stand.⁸⁷⁾

- * Die ATKV (SAS en H) binne die Spoorweë, 1930.
- * Die ATKB (Pos- en Telegraafwese).
- * AKPOL in die SA Polisie.
- * Die AKVV (Volk en Verdediging).

86) Coetzee, J.A. Ons reddingsdaad, p. 9, 61, 63. Nienaber, P.J. Dr. J.D. Kestell, p. 54, 91, 11 e.v. Kestell, J.D. My nasie in nood, p. 19 e.v., 54, 91. Van den Heever & Pienaar. Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, 2: 87.

87) Buys, M.A. Die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond. Die Taalgenoot, 23: 11, 1954.

3.5 Resumé

Hier is gepoog om in hooftrekke die wisselwerking en same-
spel tussen die Calvinistiese kultuurdominant soos verge-
stelt in die ideaal van die Afrikanervolke- en kultuuriden-
titeit en soos gedra deur die partikuliere taal en kultuur-
organisasies en die doelbewuste proses van anglisering en
denasionalisering te skets. Hierdie proses van wissel-
werking is reeds voorafgegaan deur 'n liberaliseringsproses
waardeur 'n wig gedryf was in die karakteristieke lewens- en
wêreldbeskouing inherent aan die Calvinistiese kultuurdomi-
nant in die Afrikanerkultuuretos. 'n Gespletenheid manifes-
teer hom geleidelik in die volkslewe, wat veral tot uitdruk-
king kom in twee onderskeie eenheidsideale, naamlik een
waarin die differensiasie van 'n eie Afrikaanse politieke,
kulturele en linguale identiteit sterk geaksentueer word
as voorvereiste vir enige vorm van eenheid en daarteenoor
'n ideaal waarin die politieke, linguale en kulturele iden-
titeit ondergeskik gestel word aan die belange van die
geheel van die bevolking wat dan met dié van die
Engelse bevolkingsdeel geïdentifiseer was.

Hierdie proses van inter-kulturele kontak roep telkens van
die kant van die Afrikaanssprekende deel van die bevolking
protes op - protes wat uitmond enersyds in 'n bykans mili-
tante konservering van die mees fundamentele van die volks-
eie - die Afrikaanse taal. Andersyds implementeer dit ook
'n langsame proses van adduktiewe konstruktiewe verder-
vorming van verskillende fasette van die volksbestaan en
die volkstaal.

Ná die totstandkoming van die SA Akademie volg die mylpale
in die sege van die Afrikaanse taalstryd verrassend snel in
staat, kerk en skool. In 1918 is reeds deur die parlement
bepaal dat vir die doeleindes van staatsbestuur die woord

„Hollands“, in artikel 137 van die Grondwet van die Unie van Suid-Afrika, ook Afrikaans insluit, behalwe in gevalle van wetsontwerpe en wette van die parlement en van amptelike dokumente van beide Huise.⁸⁸⁾ Deur die toedoen van dr. D.F. Malan word Afrikaans in 1925 as landstaal erken.⁸⁹⁾ Vir die geskiedenis van die Afrikaner en van die Afrikaanse taal- en kultuurbeweging was hierdie gebeurtenis van besondere belang. Dit het gedien tot die stimulus wat hernieude ywer vir die uitbou en die bestendiging van die Afrikaanse gedagterêld en volkskultuur tot gevolg gehad het, onder meer deur h herlewing van die tipies Afrikaanse partikuliere volksorg.

Gelyktydig met hierdie gunstige ontwikkelinge in belang van die Afrikaanse taal en kultuur, kom die Unie van Suid-Afrika tot stand. Vir die vryheidsliewende Republikeins-georiënteerde Afrikanervolk was hierdie eenwording van die vier provinsies in die Unie as deel van die Britse Ryk h „noodoplossing“.

In watter mate die denkbeelde, waarvan die Unie as deel van die Britse Ryk die vrug was, vir h groot deel van die Afrikanervolk onaanvaarbaar was, blyk uit die rebellie ná die uitbreek van die eerste wêreldoorlog in 1914.⁹⁰⁾

- 88) Dekker. Die kulturele ontwikkeling na die tweede vryheidsoorlog. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 673).
- 89) Krüger, D.W. Die bondgenootskap tussen nasionalisme en arbeid, 1924-1933. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 512.) Sien ook in dieselfde werk: Dekker. Die kulturele ontwikkeling na die tweede vryheidsoorlog. 2: 678.
- 90) Ibid. Krüger, D.W. Die bewind van genls. Botha en Smuts, 1910-1924. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 492).

Baie nasionaliste was nie bereid om deel te neem aan 'n stryd wat, volgens hulle, in belang van die Britse ryk gevoer word nie. Die rebellie was enersyds uitdrukking van die smeulende onafhanklikheidsideale van die volk en andersyds die verset van die volk teen die gedagte van die kunsmatige assimilasië van die twee teenoormekaarstaande volke. In die periode ná 1925 tree die reeds bestaande sterk Afrikaanse volksbewussyn en volksbesef skerp na vore in die ontwaking van die politieke bewuswording van die Afrikaner. Afrikaner-nasionalisme kom tot ontwaking en voortaan word die Afrikanergedagte wêreld grotendeels gedra deur en vergestalt in die politieke, nasionale strewe van die volk.⁹¹⁾ Om die Afrikanernasionalisme suiwer met die Calvinistiese kultuurdominant te identifiseer, sou onjuis wees. Reeds in die vroegste uitinge van die politieke bewuswording van die Afrikaner is die invloed van die liberale denkbegrepe van die Franse Rewolusie te bespeur. Om te meen dat die Afrikanernasionalisme van die verdere deurwerking en invloed van hierdie denkbegrepe, wat dwarsoor die wêreld die teelaarde en voedingsbodem van die nasionalisme gevorm het, gespaar gebly het, is 'n illusie.⁹²⁾

Die Afrikanernasionalisme soos ingebed in die kultuuretos en volksbewussyn van die Afrikaner het gestrewe na die realisering van die onafhanklikheidsideaal – die republi-

91) Serton, op. cit., p. 185, 186.

92) Vgl. i.v.m. teelaarde en voedingsbodem van die nasionalisme o.a.: Smitskamp, Ontstaan en ontwikkeling van het moderne nationalisme. (In Barents. Christendom en nationalisme, p. 11, 113 e.v.) Kohn. Nationalism, p. 29-31. Brink. Theologisch woordenboek, kolom 3437.

keinse staatsvorm,⁹³⁾ met 'n eie staatshoof, parlement en nasionale simbole. Hierin is die moontlikheid vir die daarstelling van optimale gunstige omstandighede vir die ontplooiing van die Afrikaanse volkskultuur ooreenkomstig die tradisioneel oorgelewerde kennisbesit, soos beliggaam in die Calvinistiese kultuurdominant in die Afrikaner-kultuuretos gesien.

Die triomf van Afrikaans in 1925⁹⁴⁾ was vir die Afrikaner geen onvermengde seën nie, want hoewel albei tale kragtens wet gelyke status geniet het, het die konsekwente toepassing van die tweetaligheidsbeginsel in die praktyk voorlopig uitgebly, onder meer as gevolg van 'n oorwegend Engels-talige staatsdiens wat deur die vorige regerings nagelaat was. Pauw wys daarop dat die „Milner-manne” omstreeks 1930 op die hoogtepunt van hulle invloed in die staatsdiens moes gewees het.⁹⁵⁾ Vanaf 1924-1933 beskik die Nasionaliste vir die eerste keer oor die politieke magsoorwig in die volkselewe. Naas die amptelike erkenning van

- 93) Geref. Korps Veritas Vincet. Republiek en koninkryk, p. 16. Meyer. Grondslae van die Afrikaanse republiek-keinse staatsvorming. (In Coetzee, J.A. e.a. Ons republiek, p. 64, 70, 71, 87, 124, 125.) Stoker. Calvinisme as wortel van ons volksbestaan, p. 169.
- 94) Pienaar, E.C., op. cit., p. 361 e.v. Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 176.
- 95) Pauw, op. cit., p. 76, 77, 78. Pienaar, E.C., op. cit., p. 372 e.v.

Afrikaans dien dit ook as stimulus vir hernieuwde aksie op die Afrikaanse taal en kultuurfront. 'n Hoogtepunt in die taalstryd is in hierdie tydperk verder ook die verskyning van die Bybel in die Afrikaanse taal.⁹⁶⁾ Kenmerkend van die kultuurbeweging vanaf die „Tweede Taalbeweging“ is die feit dat die klem op herstel, bewaring en handhawing van die Afrikaanse taal en kultuur val, terwyl dit in die tydvak van die Eerste Taalbeweging meer pertinent op die skepping, wording en bou van die taal en kultuur geval het.⁹⁷⁾

4. Integrasie van kultuurdominante.

Dat die Afrikanervolk veel van die elemente van die kontrasterende kultuurdominante in die proses van wisselwerking in sowel sy kultuuretos as in die volkskultuur geïntegreer het, is bykans voor die hand liggend. Presies wat die karakter is van hierdie nuwe hibridiese kultuurdominant wat as historiese kultuurproduk van die integrasie van die twee onderskeie kultuurdominante die lig sien, is moeilik in hierdie stadium met sekerheid te poneer. Die verdere ontwikkeling van die volkskultuur in die volgende fase sal egter meer lig hierop kan werp, altans in soverre die onderlinge relasie tussen die onderskeie samelewingstrukture as kriterium vir sodanige ontwikkelinge kan dien.

96) Nepgen, op. cit., p. 65. Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 21, 38, 175. Pienaar, E.C., op. cit., p. 388. Krüger D.W. Die bondgenootskap tussen nasionalisme en arbeid, 1924-1933. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 512). Sien ook in dieselfde werk. Dekker. Die kulturele ontwikkeling na die tweede vryheidsoorlog, 2: 673. Hans Kohn sê i.v.m. die belangrikheid van die Bybelvertaling in die volkstaal, die volgende: "Translation of the Bible into the vernacular language lent them a new dignity and frequently became the starting point for the development of national language and literatures." Sien Nationalism, p. 14.

97) Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 180.

Uit die voorafgaande proses van etno-kulturele wisselwerking tussen volkere en die kultuurdominante in die respektiewelike kultuurpatrone van die twee volke is dit egter duidelik dat een van die belangrikste knelpunte in die konfrontasie die feit is dat die bestaan van 'n nuwe volksidentiteit ontken word en dat daar bewustelik gepoog is om hierdie identiteit te integreer in dié van die besettende moondheid via die magsoorsisie van die staat. So word die proses van kultuurpositivering in staat, kerk en skool deur die owerheid gestu in die rigting van 'n konformering aan die normesisteen van die Engelse deïstiese denkwêreld. Fundamenteel aan die proses van anglisering en denasionalisering is die ontkenning van die in eie kring soewereine volksidentiteit in die lig van die visie dat die staatsgeheel die bevolkingsdele of -elemente omspan en oorkoepel.

Spore van 'n geleidelike struktuurnivelleringsproses tree na vore as voortsetting van 'n proses wat reeds met die koms van die liberalistiese geestestroming 'n aanvang geneem het. 'n Visie op die onderlinge verhouding tussen samelewingstrukture tree na vore waarin die eerste spore van die universalistiese geheel-deelverhouding met sy hiërargiese onderskikking van samelewingsverbande aan die staat, te bespeur is.

Teen hierdie tendens kom die partikuliere volksorginstellings in verzet en poog veral om via die proses van taalhandhawing die eie volksidentiteit te handhaaf. Hierdie partikuliere instellings was náás die kerk en gesin van die weinige kultuurmedia waaroor die Afrikanervolk beskik het in die proses van kultuuroordrag en kultuurhandhawing, maar het met verloop van tyd geblyk dinamiese faktore te wees in die bou, bewaar en herstel van die Afrikanervolkskultuur.

Die grensnivelleringsproses hierbo genoem geskied as pendant van 'n eenheidsideaal wat hom in die Afrikanervolkslewe manifesteer. Die eenheidsideaal van Rhodes wat later deur J.C. Smuts voortgesit word beoog die integrasie van die verskillende bevolkingselemente binne

die omvattende staatsgeheel. Dit berus op 'n individualistiese volksbeskouing waarin die staatsburgerlike demokratiese gelykheids-ideologie die erkenning van die kultureel-eiesoortige volksidentiteit vervang.

Die kontoere van 'n nuwe hibridiese kultuurdominant begin hom geleidelik in hierdie fase in die Afrikaanse volkskultuur afteken. In hierdie fase blyk dit nog in hoofsaak uit die onderlinge relasie tussen volkere en volk en staat, terwyl die partikuliere kultuurvereniginge primêr hulle kuratiewe werksaamhede toespits op die bewaring van volksidentiteit via taalhandhawing.

Na die Vrede van Vereeniging kom 'n proses van differensiasie van volksorgaktiwiteite tot stand. 'n Groot verskeidenheid van partikuliere instellings sien die lig, wat hulle aktiwiteite toespits op 'n verskeidenheid van fasette van die volkenood. 'n Gedetailleerde analise van die verskeidenheid van fasette waarop die gedifferensieerde instellings volksorg beoefen is uiteraard hier nie moontlik nie.

Ten einde te diagnoseer in hoeverre die kontoere van die bogemelde hibridiese kultuurdominant hom in die verdere ontwikkeling van die partikuliere volksorg manifesteer, word aan die hand van die koördinerings van volksorgaktiwiteite gepoog om die markante lyne van hierdie nuwe konsepsiewêreld te bepaal.

HOOFSTUK IV: VOLKSORGPOLARISERING NÁ 1910

1. Inleidend

In 1910 kom die Unie van Suid-Afrika tot stand, 'n gebeurtenis wat in die lig van die voorafgaande stryd om die erkenning van Hollands besonder betekenisvol was. In artikel 137 van die grondwet van die Unie word vir die eerste keer gelykheid tussen Engels en Hollands amptelik vasgelê.¹⁾ Dat hierdie stap in die guns van die Afrikanervolk, juis in die grondwet van die Unie, die kulminasie van genl. J.C. Smuts se holistiese ideale vir Suid-Afrika, vasgelê is, wys op 'n sekere mate van tweespalt in die volksbestaan.²⁾

Twee duidelik omlynde ideale ten opsigte van die bestaan van die Afrikanervolk tree in hierdie tydperk in die Afrikanervolkslewe na vore en word in hooftrekke dwarsdeur die tydvak ná 1910 beliggaam in die strewe van die twee toonaangewende politieke partye.³⁾ Die Suid-

- 1) Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 31, 32, 33. Krüger, D.W. Die totstandkoming van die Unie, 1908-1910. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 472, 474). In dieselfde werk: Dekker, G. Die kulturele ontwikkeling na die tweede Vryheidsoorlog, 2:678, 673. Pienaar, E.C., op. cit., p. 321, 325.
- 2) Sien Laubscher. Generaal J.C. Smuts, p. 76. Hierdie skrywer haal die volgende gedeelte uit S.G. Millin se werk, "General Smuts", I, 3 aan: "Smuts himself was destined to work for the Union of South Africa and the fusion of those who had been enemies to plan with Wilson the League of Nations and to find a system of philosophy - he called it Holism - whose principle is the principle of all his dreams and life; coming together; making whole; the co-operation of effort; the union of states; the fusion of peoples; the commonwealth of Britons; the League of Nations - the reconciliation, in his own words, of matter and spirit, the temporal and the eternal, the finite with the infinite, the particular with the universal - creation with God." Sien ook Armstrong. Gray steel, p. 375. Rupert. I plead for my country and all its peoples, p. 18.
- 3) Vir die gedifferensieerde ontplooiing van die Afrikaanse en Engelse volkskultuur was hierdie ontwikkeling nie 'n onvermengde saak nie. Tereg sê 'n anonieme skrywer in Woord en Daad, dat die politiek al hoe meer die politiek van die nasie, die staatsvolk behoort te wees. So word die volkskultuur van sy partypolitieke georganiseerdheid ontdoen om parallel as

Afrikaanse Nasionale Party kom in 1911 tot stand met as belangrikste beginsel die samewerking van die twee blanke volksgroepeerings met die oog op die bou van 'n nuwe verenigde nasie.⁴⁾ Hierteenoor tree, met die stigting van die Nasionale Party in 1914, 'n ander ideaal met betrekking tot die volksbestaan en die volkskultuur van die Afrikaner na vore. Waar die beginselprogram van die Nasionale Party die beliggaming van genl. Hertzog se „tweestroombeleid” was, was die beginselprogram van die Suid-Afrikaanse Nasionale Party, die beliggaming van die politieke denksbeelde van genls. Louis Botha en J.C. Smuts.⁵⁾ In die tweestroombeleid was opgeneem die eerbiediging van die volkseie van die Afrikaanse volkskultuur, soos die taal, geskiedenis, godsdiens, sedes en gebruike. Ten opsigte van die verhouding teenoor die nie-blanke bevolkingsgroepe is as beleid bepaal die oorheersing van die nie-blankes in 'n gees van Christelike voorgdyskap. Voortaan sou die Nasionale Party in 'n hoër mate die draer wees van die grondgedagtes van die geesteserfenis van die Afrikanervolk.⁶⁾

Engelse en Afrikaanse volkskultuur te ontplooi. Sien Woord en Daad, 9: 6, 1966.

- 4) Krüger, D.W. Die bewind van genls. Botha en Smuts, 1910-1924. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 487).
- 5) Die teenstelling wat daar tussen Rhodes en Kruger bestaan het, is voortgesit in dié tussen Botha en Smuts enersyds en Hertzog, andersyds. Eersgenoemdes het gestreef na 'n verenigde Suid-Afrika binne die Britse Ryk, terwyl Hertzog in sy opposisie gehamer het op die selfbeskikkingsreg van klein nasies. Vgl. Krüger, D.W. Die bewind van genls. Botha en Smuts, 1910-1924. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 502).
- 6) Pauw, op. cit., p. 186. Krüger, D.W. Die bewind van die Verenigde Party, 1934-1948. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 540). Die stryd tussen die twee partye het in 'n sekere sin die stryd tussen imperialisme en nasionalisme verteenwoordig. Vgl. ook Laubscher. Generaal J.C. Smuts, p. 96.

Twee volksbeskouinge ontstaan: Een waarin die ideaal gehuldig word van die integrasie van die twee blanke bevolkingselemente in 'n hoër eenheid - die Suid-Afrikaanse nasie, met die voorbehoud dat hierdie hoër eenheid die stempel en karakter van die Britse lewenstyl en kultuuretos dra, en andersyds 'n ideaal waarin die reg van die erkenning en handhawing van die eie volksidentiteit van die Afrikanervolk náas die Engelse bevolkingselement, voorbehou word. Die karakter van die twee volksbeskouinge is moeilik binne die bestek van hierdie tema op verantwoorde wyse wetenskaplik te analiseer. Kontrasterende kenmerke van die twee beskouinge spring egter in die oog: In die eerste beskouing word die onderlinge relasie tussen volkere binne een staatsverband gesien as 'n geheel-deelverhouding, waarin die verskeidenheid van volksidentiteite dele vorm van die omvattende staatsverband. Die tweede beskouing daarenteen gaan uit van die newegesikte posisie en in eie kring soewereine identiteit van die verskeidenheid van volksidentiteite binne een staatsverband. Eersgenoemde ideaal, hoewel histories reeds voorberei vanaf die vroegste Britse koloniale en imperialistiese tydperke, kulmineer in die persoonlikheidsteensstellinge tussen Rhodes en Kruger en tussen Smuts en Hertzog. Die mees pregnante vergestaltling van hierdie eenheidsideaal tree na vore in Smuts se lewens-en-wêreldbeskouing - die holisme. Die begrip „holisme“ is 'n begrip wat deur genl. J.C. Smuts⁷⁾ geyk is, maar die denkbeelde wat in hierdie stroming vervat is, kan teruggevoer word tot selfs by die klassieke denke van Plato en Aristoteles. Hoewel Smuts die belangrikste eksponent van hierdie rigting in Suid-Afrika was en moontlik ook in die geskiedenis van die Afrikanervolk die belangrikste verwesenliking van die denkbeelde in die holisme vervat, beleef en

7) Vgl. Laubscher. Generaal J.C. Smuts, p. 75 e.v. Hancock. Smuts, p. 304. Kempff. Die godsdienswysbegeerte van die holisme, p. 11, 20. Smuts, J.C. Holism and evolution. De Wet, op. cit., p. 17.

bewerkstellig het, is spore van die wesenskenmerke van hierdie geestestroming reeds veel vroeër in die volkslewe te bespeur. ⁸⁾

Hierdie geestestroming het ook 'n besonder belangrike invloed gehad op die ontwikkeling van die partikuliere volksorg in hierdie fase en veral 'n deurslaggewende rol gespeel in die koördinerende en polarisering van die werksaamhede van 'n groot groep van die partikuliere volksorginstellings.

2. Uitlopers, voorlopers en vergestaltungen van die dialektiese eenheids-ideaal.

Hierdie gedagtes van samesnoering en eenheidsvorming van verskillende dele is deur Smuts in sowel die onderwys as in die staatkundige lewe van toepassing gemaak en het verder ook 'n belangrike rol gespeel in die polariseringsproses van die sorgaktiwiteite van partikuliere instellings.

Die onderwysbeleid van Smuts, soos onder meer beliggaam in sy Onderwyswet van 1907, het ingehou dat daar 'n sogenaamde eenheidsbeginsel in die onderwys nagestreef moes word, waarin geen regverdiging vir die ou CNO-beleid meer bestaan het nie. Die Hollandse en Engelse taal sou volgens hierdie wet gelyke regte geniet. In die praktyk het daar egter van die erkenning van Hollands of Afrikaans weinig tereg gekom. Twee wesenselemente van hierdie onderwysbeleid was die koppeling van sentrale toesig en beheer en plaaslike inisiatief. Ten einde die kompromis tussen owerheidsverantwoordelikheid en plaaslike inisiatief doeltreffend te bewerkstellig, is oorgegaan tot die instelling van 'n sentrale direktoraat en adviesraad en plaaslik verkose komitees. Dit wil voorkom asof hierdie organisasievorm van 'n

8) Cecil John Rhodes met sy ideale vir 'n imperialistiese federasie van Britse kolonies, kan reeds as 'n voorloper van hierdie geestestroming gesien word. Sien ook Laubscher, Generaal J.C. Smuts, p. 79.

sentrale koördinerende liggaam en plaaslike komitees in die Nasionale Welsynsraad hom herhaal. ⁹⁾

Op staatkundige gebied het Smuts hierdie eenheidsideaal nagestreef deur te werk vir die verwesenliking van die Unie van Suid-Afrika, d.w.s. die eenwording van die vier provinsies. Tesame met ander „dominions” en kolonies sou die Unie weer opgeneem word in die groter eenheid, die Britse Ryk, wat weer op sy beurt saam met ander volkere deel sou uitmaak van die Volkerebond. ¹⁰⁾ Smuts se ideaal vir die bevolking van Suid-Afrika was die uiteindelijke eenwording en samesmelting van die Afrikaans- en Engelssprekende volke in een groter broederskap: Die Suid-Afrikaanse nasie. Die konsiliasiepolitiek van Smuts, waarin die een oorheersende denkbeeld van die uiteindelijke eenwording van die twee Suid-Afrikaanse volksgroepe vergestalt is, kan regstreeks tot die holisme herlei word. ¹¹⁾ Hierdie sienswyse van genl. Smuts het ook verder duidelik geblyk in die standpunt wat hy ingeneem het ten opsigte van die vraagstuk van neutraliteit tydens die twee wêreldoorloë en die stryd om ’n eie Suid-Afrikaanse vlag. ¹²⁾

Hierdie fase waarin die holisme in verskillende vergestaltinge in verskillende fasette van die volkslewe sy intog maak, begin „amptelik” omstreeks 1910. Vanaf daardie datum ontstaan en ontwikkel ook geleidelik ’n groot verskeidenheid van partikuliere

9) Vgl. Smuts se Onderwyswet nr. 25 van 1907. Sien ook Hancock: Smuts, p. 239 e.v. Botha, Marthina E. Die vraagstuk van die koördinasie van maatskaplike sorg.

10) Hancock. Smuts, p. 375.

11) Hancock. Smuts, p. 181, 199.

12) Vgl. in hierdie verband die werke onder meer van Scholtz: Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe, 1888-1940, en Hancock, loc. cit. Dit is ook belangrik dat mev. Smuts vanweë die standpunt van die regering ten opsigte van die oorlog en die simpatie van haar man vir die saak van Brittanje, ’n reuseaandeel gehad het in die insameling van geld en geskenke

instellings wat hulle met 'n wye verskeidenheid van sorgaktiwiteite besig hou. Twee groot kategorieë van volksorginstellings kan geleidelik onderskei word, die sogenaamde welsynsorganisasies en daarteenoor of daarnaas die Afrikaanse kultuurorganisasies. Beide hierdie kategorieë van partikuliere volksorginstellings spits hulle toe op die versorging van die volksgenoot-in-nood - dus in beide gevalle gaan dit om hulpverlening aan hulpbehoewendes. By die kultuurorganisasies val die klem veel meer op hulpverlening met die oog op die handhawing van die eie volksidentiteit, terwyl die welsynsorganisasies, die vroueverenigings en die kerklike instellings hulle veel meer toespits op die hele problematiek wat rondom die armblankevraagstuk ontstaan. Uiteraard het ook hierdie sorgaktiwiteite die handhawing van die volksidentiteit van die in-nood-verkerende ten doel gehad. Die uiteenlopende karakter van die werksaamhede van hierdie twee groeperings van partikuliere volksorginstellings kan aan die hand van die algemene spraakgebruik aangedui word met die begrippe „maatskaplike werk" en „kultuurwerk". Dat beide van hierdie groepe van instellings wat hulle in die uitvoering van hulle taak primêr met die een of die ander van die genoemde twee metodes besig gehou het, óók van die ander metode gebruik gemaak het, is voor die hand liggend. 'n Suiwre groepering van bepaalde instellings onder hierdie twee gemeenskaplike grondnoemers is dus moeilik, des te meer omdat ook die kultuurverenigings later onder die wet op welsynsorganisasies moet registreer ten einde onder meer geld vir hulle werksaamhede van die

vir Suid-Afrikaanse soldate oorsee. Sien in hierdie verband haar artikel: „What I want for the 60,000 'glory-bags' sent up North every month." Outspan, jrg. 31, nr. 803, 29 Julie 1942. Sy het 'n leidende aandeel gehad in die oorlogsfonds bekend as die „Gifts and Comforts Organization." Vgl. ook Macdonald, Tom: *Ouma Smuts, the first lady of South Africa*, p. 9, 74 en 93.

publiek in te samel. Presies waarin die onderskeid tussen die benadering van nood deur die twee onderskeie tipes van instellinge geleë is, is moeilik binne die bestek van hierdie proefskrif te analiseer. Wel word daar in die volgende afdeling 'n analise gemaak van die werksaamhede van een so 'n kultuurvereniging ten einde 'n beter beeld te vorm van die aard van die werksaamhede van die kultuurorganisasies.

Om 'n beter beeld van die polarisering wat hom voltrek in die werksaamhede van die partikuliere volksorginstellings te kan vorm, word vervolgens 'n oorsig aan die hand van die ontwikkeling van die koördinasie van die werksaamhede van die instellings gegee. Omdat die besluite van verskillende konferensies en kongresse 'n belangrike invloed uitgeoefen het op hierdie ontwikkelings, word vervolgens die belangrikste kongresse en konferensies behandel.

3. Volksorgkoördinerings.

Langs die weg van verskeie kongresse en konferensies is geleidelik nuwe versorgingsmetodes in die Afrikaanse volkslewe ingedra. Dat onoordeelkundige hulpverlening 'n probleem geword het, veral sedert die ontstaan van die armlankevraagstuk, is seker nie te betwyfel nie. Daarom te meer dat daar reeds van die begin van hierdie probleem ernstige besinning oor die vraagstuk van koördinasie nodig was.¹³⁾ Ener syde is die krisis in die volkslewe ervaar as 'n maatskaplike of sosio-ekonomiese krisis met die daaruit voortvloeiende sosiale wanaanpassing, terwyl andersyde dit as 'n verval van en gebrek aan 'n tipiese en eie Afrikaanse kultuurpatroon ervaar is, wat baie nou ineengestrengel was met

13) Vgl. Report of the Transvaal Indigency Commission, 1906-1908, T.G. 13-0'8, p. 136, 159, 151; Coetzee, J.H. Verarming en oorheersing.

die stryd om die gelykberegtiging en erkenning van Afrikaans as taal en daardeur die uiteindelijke vestiging van 'n volksleefwyse ooreenkomstig die Calvinistiese kultuuretos.

3.1 Kongresse en konferensies

3.1.1 Die Kerklike Kongres, Cradock, 1916

Gedurende 1916 vind 'n kerklike kongres te Cradock plaas wat in hoofsaak om die brandende kwessie van die arm-blankevraagstuk gaan.¹⁴⁾ 'n Belangrike kenmerk van hierdie kongres is die feit dat daar na die institutêre kerk opgesien word om tot aksie oor te gaan en leiding te gee in die maatskaplike lewe.¹⁵⁾ Moontlik is hierdie tendens grotendeels toe te skryf aan die feit dat die staat destyds die Afrikanervolk nie goedgesind was nie en dat die institutêre kerk die enigste georganiseerde instansie was wat enigsins aan die probleem aandag kon skenk.¹⁶⁾ Een van die belangrikste besluite van die konferensie was dat die behoorlike organisasie van die sorgaktiwiteite noodsaaklik is, sodat niemand onversorgd bly nie.¹⁷⁾ Hier word gevoel dat onoordeelkundige hulpverlening talle probleme in die hand werk en dat die vraagstuk van die koördinasie van die werksaamhede van verskillende instel-

14) Greyling. Die Neder. Geref. Kerk en armesorg. Zeeman. Die armesorgwerk, p. 244. Botha, L.L.N. Die maatskaplike sorg, p. 154 e.v. Coetzee, J.H. Verarming en oorheersing.

15) Vgl. Botha, L.L.N. Die maatskaplike sorg, p. 170.

16) Die staat het reeds in 1908 aandag geskenk aan die arm-blankevraagstuk maar het oor die algemeen 'n beleid van onthouding ten opsigte van die maatskaplike lewe gevolg.

17) Vgl. Greyling, loc. cit. Zeeman, op. cit., p. 244.

linge dringend noodsaaklik geword het. Twee oplossings is aanbeveel, naamlik:

3.1.1.1 hulpverlening deur een kanaal, byvoorbeeld deur 'n godsdienslike liggaam wat slegs sy geloofsgenote versorg, of

3.1.1.2 die daarstelling van 'n sentrale informasieburo waar deeglik aantekening van alle hulpverlening gemaak word.¹⁸⁾

3.1.2 Die „Gesamentlike Kongres“, Bloemfontein, 1923.

'n Mylpaal in die ontwikkeling van kongresse en die invloed daarvan op die koördinasie van die verskillende vorme en metodes van sorg, vind in 1923 te Bloemfontein plaas, waar die „Gesamentlike Kongres“ gehou word. Hierdie kongres word so genoem omdat dit die eerste geleentheid is waartydens kerk, staat en partikuliere inisiatief gesamentlik oor sorgvraagstukke, en meer spesifiek die armblankevraagstuk, oorleg gepleeg het.¹⁹⁾

Daar is deur hierdie kongres gevoel dat deur die regering te min in verband met die armblankevraagstuk gedoen is. Van die kant van die staat, daarenteen, was daar tot op hierdie tydstip 'n mate van huiwering ten opsigte van en selfs afkeer teenoor staatsinmenging en staatsoptrede in vraagstukke van hierdie aard.²⁰⁾

Een van die belangrike gevolgtrekkings van hierdie kongres was dat daar nog 'n groot behoefte en gebrek aan die koördinasie van die werk van liefdadigheidsgenootskappe bestaan

18) Greyling, op. cit., p. 294.

19) Botha, L.L.N. Die maatskaplike sorg, p. 177. Greyling, op. cit., p. 298. Zeeman. Die armesorgwerk, p. 245.

20) Report of the Transvaal Indigency Commission, 1906-1908, p. 150.

het ²¹⁾ en daar is dus aanbeveel dat daadwerklike poginge aangewend moes word om die koördinasie van die werk van hierdie genootskappe te bewerkstellig. Veral in die stede was hierdie gebrek aan die koördinasie van werk te bespeur in die toenemende bedelary onder die verarmde Afrikaanse volksdeel. ²²⁾ Die kongres het die feit betreur dat daar van regeringsweë ten opsigte van die aanbevelings van die Cradock-kongres (1916) nog nie daadwerklik opgetree is nie, en veral aangedring op staatsaksie ten opsigte van die volgende sake:

- 3.1.2.1 'n ondersoek om die lot van die blanke bywoners en landbouarbeiders te verbeter;
- 3.1.2.2 die in die lewe roep van 'n statutêre liggaam wat as 'n adviserende raad die regering van advies sal bedien ten opsigte van sake op die gebied van volkswelsyn. ²³⁾

Die 1916- en 1923-kongres het een element gemeenskaplik gehad, naamlik die bemoeienis met die lot van die armblanke en hulle besondere klem op die noodsaaklikheid van koördinasie in hulpverlening ten einde die vraagstuk te bowe te kom. Van hierdie laaste konferensie was veral kenmerkend 'n minder afkerige standpunt teenoor staatsoptrede, en die aanmoediging van staatsaksie ten opsigte van die genoemde vraagstukke.

Hoewel die konferensie ook enersyds die noodsaaklikheid van die herstel van die diakonale amp beklemtoon, pleit dit voorts vir die aanstelling van „opgeleide susters” in die

- 21) Botha, L.L.N. Die maatskaplike sorg, p. 182, 183. Greyling, op. cit., p. 301.
- 22) Report of the Transvaal Indigency Commission, 1906-1908, p. 113, 159, 161, 162.
- 23) Greyling, op. cit., p. 298, 305. Zeeman. Die armesorgwerk, p. 245. Greyling wys daarop dat sedert die totstandkoming van die Departement van Volkswelsyn hierdie ideaal in vervulling gegaan het.

gemeentes om behulpsaam te wees met armversorging. Zeeman ²⁴⁾ wys daarop dat hierdie kongres 'n aantal wette in verband met die genoemde vraagstukke tot gevolg gehad het. Dit is opvallend dat P.F. Greyling ²⁵⁾ die aanvanklike huiwering van die kant van die staat om in die hagglike armblankevraagstuk in te gryp aan die heersende staatsfilosofie toeskryf. Met die koms van 'n nuwere staatsfilosofie het die gedagte dat die „gemeenskap as geheel” ²⁶⁾ 'n roeping teenoor die sorgbehoewendes het, meer en meer veld gewen.

3.1.3 Die Carnegie-onderzoek na die armblankevraagstuk en die Volkskongres, Kimberley, 1934.

Nog 'n belangrike mylpaal in die ontwikkelingsgeskiedenis van die koördinasie van sorgaktiwiteite in Suid-Afrika is die verslag van die Carnegie-onderzoek na die armblankevraagstuk.

Gedurende 1927 word Suid-Afrika deur twee ampsdraers van die Carnegiekorporasie van New York, Amerika besoek. As gevolg van hierdie besoek het die Korporasie in 1928 'n bedrag van R8,000-00 tot die beskikking van 'n gesamentlike raad van beheer gestel vir 'n grondige ondersoek na die armblankevraagstuk in Suid-Afrika. Verskeie ander instansies het ook finansiële bydraes tot hierdie onderneming gedoen, naamlik die universiteite, die NG kerk en die Federale Vroueraad. ²⁷⁾

24) Zeeman, op. cit., p. 245.

25) Ibid., p. 296, 297.

26) Word hiermee die staat bedoel?

27) Vergelyk Sensus en Statistiek, Buro van: Offisiële jaarboek van die Unie en van Basutoeland, Bechuanalandprotektoraat en Swaziland, nr. 13, 1930-31, p. 267; nr. 14, 1931-32, p. 280, voortaan bekend as Offisiële Jaarboek van die Unie van SA. Botha, L.L.N. Die maatskaplike sorg, p. 189, 190. Zeeman. Die armesorgwerk, p. 246. Carnegiekommissie: Die armblankevraagstuk in Suid-Afrika. Greyling, op. cit., p. 305.

h Kommissie van ondersoek is aangestel wat ondersoek moes instel na en verslag moes doen oor vyf verskillende aspekte van die vraagstuk te wete: die sosiologiese, ekonomiese, opvoedkundige, godsdienstige, psigologiese en gesondheids-aspekte van die probleem. Die kommissie van ondersoek het die wetenskaplike versameling van feite en gegewens in verband met hierdie vraagstuk tot taak gehad.

In 1932 het vyf boekdele die lig gesien, waarin die vyf aspekte van die probleem uiteengesit is.²⁸⁾ Die voorstelle wat in hierdie verslag vervat is, moes later dien as die basis vir bespreking vir h volkskongres oor hierdie vraagstuk.

Die kommissie het die oorsaak en kern van die vraagstuk veral gesien as h hoë mate van ontoereikende aanpassing by moderne omstandighede. Onder die faktore wat hiertoe meegewerk het, word die industrialisme, die moderne sakegees en die godsdienstig-georiënteerde opvoeding en onderwys,²⁹⁾ wat nie genoegsame aandag aan die sosiologiese aspekte van die opvoedingsproses geskenk het nie gereken.

In hooftrekke het die aanbevelinge soos in die verslag vervat, veral klem gelê op die noodsaaklikheid van vermeerderde staatsteun op die gebied van sosio-ekonomiese vraagstukke, die sentralisasie van die plattelandse skole en h meer sosiologies-georiënteerde opleiding van onderwysers, sodat hulle meer begrip van die probleme van sosiale wanaanpassing het.³⁰⁾ Veral die volgende vier aanbevelinge het

28) Vgl. Offisiële jaarboek van die Unie van SA, nr. 14, 1931-32, p. 280. Botha, L.L.N. Die maatskaplike sorg, p. 190, 191. Die Nasionale Onderwysburo was ook in hierdie ondersoek behulpsaam.

29) Vgl. Offisiële jaarboek van die Unie van SA, nr. 14, 1931-32, p. 280.

30) Carnegieverslag, dl. I, p. xxiii, xxiv, viii.

verreikende gevolge gehad op die ontwikkeling van die koördinasie van gedifferensieerde vorme en metodes van sorg in Suid-Afrika:

- 3.1.3.1 Die dringende noodsaaklikheid is beklemtoon dat deeglik geskoolde maatskaplike werkers, wat deur wetenskaplike diagnose en gevallestudie die probleem kon ontleed en behandel, ³¹⁾ aangestel moes word.
- 3.1.3.2 Samewerking tussen kerk en staat is bepleit met die ietwat arbitrêre funksieverdeling dat die staat verantwoordelik is vir die ekonomiese welsyn en opheffing van die bevolking, terwyl die kerk die sedelik-godsdiensstige opheffing moes behartig. Klem is veral gelê op die noodsaaklikheid om sosiale wetgewing daar te stel om die vraagstuk te bekamp. ³²⁾
- 3.1.3.3 Ten opsigte van die vraagstuk van koördinasie het die kommissie tot die gevolgtrekking gekom dat h veel groter mate van koördinasie van die werk van verskillende liefdadigheidsliggame nie slegs gewens was nie maar ook gebiedend noodsaaklik. Dit het gegeld ten opsigte van die koördinasie van soortgelyke liggame, liggame in die stede en op die platteland, vrywillige en publieke liefdadigheid en van uniale en provinsiale armesorg. ³³⁾

Daar is aanbeveel dat landelike armesorgkommissies in die lewe geroep word in samewerking met

31) Offisiële jaarboek van die Unie van SA, nr. 14, 1931-32, p. 280. Carnegieverslag, p. xxxi.

32) Carnegieverslag, dl. II, p. 74, 81, 85 e.v.

33) Vgl. Carnegieverslag, dl. I, p. v, xiii, xxxii; dl. V, p. 128, 129, 140 en 141.

die kerk, wat met staatsteun belangrike organisasiewerk moes onderneem. Hierdie plaaslike komitees sou dan ook koördinasie kon bevorder. Daar is op gewys dat dit raadsaam sou wees om die voorbeeld van die samewerking tussen die „public assistance” van die owerheid en die „voluntary aid committees” in Engeland na te volg. Dit sou kontrole, raad en voorligting van die kant van die owerheid aan private liggame meebring. ³⁴⁾

3.1.3.4 Een van die belangrike aanbevelings van hierdie kommissie was dié in verband met die oprigting van ’n staatsburo vir maatskaplike welvaart. Deur die totstandkoming van so ’n staatsdepartement kon ’n versienende liefdadigheidsbeleid, gegrond op wetenskaplike beginsels wat tred hou met oorsese ontwikkelinge, uitgebou word. Dit sou die koördinasie van dienste wat tussen ’n hele aantal departemente verdeel was, asook die koördinasie van dienste gelewer deur die sentrale regering en provinsiale administrasies meebring.

’n Ander ingrypende aanbeveling was dat ’n volkskongres belê moes word waar die bevindinge en voorstelle van die kommissie bespreek kon word. Die beginsels van die verslag moes dien as ’n sg. tienjaarplan vir die sorgfunksies van die verskillende instellings in die land. ³⁵⁾ Die Volkskongres, wat van 2 tot 5 Oktober 1934 te Kimberley gehou is, het net die stempel gedruk op die besluite en aanbevelings van die Carnegiekommissie. Dit is deur die Armesorgraad van die NG kerk gereël. Verskeie onderkomitees is benoem en hulle het ’n hele paar

34) Vgl. Carnegieverslag, dl. I, p. xiii; dl. V, p. 138, 139, 155.

35) Vgl. Greyling. Die Ned. Geref. Kerk en armesorg, p. 305; Botha, L.L.N. Die maatskaplike sorg, p. 191.

maande lank die onderwerp bestudeer. Die gekoördineerde aanbevelinge van hierdie komitees is aan die kongres voorgelê. ³⁶⁾

Ook hierdie kongres het die nadruk op die koördinasie van die werk van die verskillende welsynsorganisasies gelê en het veral gewys op die noodsaaklikheid om van owerheidsweë die koördinasie verpligtend te maak. ³⁷⁾

Een van die sprekers, ds. P. du Toit, het in sy referaat oor die „Beginnels van opbouende armsorg“, gewys op die noodsaaklikheid van die koördinasie van diens- en hulpverlening. Hy het veral op die belangrikheid van vriendenskaplike samewerking, behoorlike verdeling van arbeidsveld en duidelike doelstellinge ³⁸⁾ gewys. 'n Voortsettingskomitee is benoem wat, benewens sy ander ondernemings, ook sterk gepleit het vir die instelling van 'n departement van volkswelsyn. Later het die voortsettingskomitee tot die besluit geraak dat dit raadzaam sou wees dat dit in 'n nasionale liggaam omskep word wat alle maatskaplike welsynsbelange verteenwoordig. Dit is dan ook omgeskep in die Instituut vir Volkswelstand. ³⁹⁾

3.1.4 Die Nasionale Konferensie oor Maatskaplike werk, Johannesburg, 1936.

Gedurende 1936 is 'n groot nasionale konferensie insake maatskaplike werk op versoek van 'n groot aantal welsyneliggende op die

- 36) Greyling, op. cit., p. 309. Du Toit, P. (samesteller): Verslag van die volkskongres oor die armbankevraagstuk, Kimberley, 3-5 Oktober 1934. Botha, L.L.N., op. cit., p. 192. Unie van SA. Jaarverslag van die Departement van Onderwys, 1933 en 1934 (U.G. 46 - '35).
- 37) Du Toit, P. (samesteller). Verslag van die volkskongres oor die armbankevraagstuk, 1934, p. 267. Unie van SA. Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 21.
- 38) Du Toit, P. (samesteller). Verslag van die volkskongres oor die armbankevraagstuk, 1934.
- 39) Unie van SA: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 39. FAK: Silwerjubileumuitgawe, 1929-1954, p. 49.

Rykstentoonstelling in Johannesburg gehou, gereël deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing van die Unie-departement van Onderwys. ⁴⁰⁾

Die doel van die konferensie was om maatskaplike werk-organisasies van die staat, provinsie en partikuliere inisiatief sowel in die stede en dorpe as op die platteland in staat te stel om inligting te verkry betreffende hulle onderlinge arbeidsvelde, die programme wat onderneem word, en die probleme wat hulle daarby voordoën. Hierdeur is gepoog om 'n forum vir die bespreking van gemeenskaplike probleme te verskaf, die vorming van 'n grondslag vir beter onderlinge samewerking en die bepaling van 'n nasionale beleid. ⁴¹⁾ Dit was een van die eerste nasionale konferensies waar professionele maatskaplike werk op 'n wetenskaplike basis behandel en bespreek is. ⁴²⁾

Gedurende die dertigerjare van hierdie eeu, is daar oor die hele wêreld, Suid-Afrika ingesluit, 'n tendens tot vermeerderde staatsoptrede op alle terreine van die lewe geopenbaar. Dit, tesame met 'n toename in die eise tot koördinasie van staatsweë, het ook in Suid-Afrika voorgekom. Dit was asof hierdie tendens momentum verkry het vanaf die publikasie van die Carnegieverslag.

40) Skynbaar was hierdie konferensie doelbewus saam met die Rykstentoonstelling in Johannesburg gehou. Die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, wat reeds in die Komitee vir Intellektuele Koöperasie van die Volkebond verteenwoordig was, was verantwoordelik vir die reëling van die konferensie. Die Volkebond en die Gemenebes van Nasies was twee sake wat wyle genl. Smuts baie na aan die hart gelê het. Vgl. Verslag van die Unie Onderwysdepartement, 1935 (U.G. 55 -136), p. 19.

41) Offisiële jaarboek van die Unie van SA, nr. 18, 1937.

42) Vgl. Offisiële Jaarboek van die Unie van SA, nr. 18, 1937, p. 259. Brümmer, F. Verslag van die Nasionale Konferensie oor maatskaplike werk, 1936.

Koördinasie in die sin van „funksionele desentralisasie”⁴³⁾ tree meer en meer na vore. Dit word al hoe meer van die staat verwag om die onderskeie sorgaktiwiteite van sowel die staat as die privaat inisiatief in een omvattende beleid en verband saam te koördineer. S. du Plessis⁴⁴⁾ bring hierdie ontwikkeling in verband met die holismestroming wat ook in Suid-Afrika terdeë sy invloed laat geld het deur die toedoen van genl. Smuts, wat ook in andere aspekte van die volkebestaan h voorstander van hierdie geestesrigting was.⁴⁵⁾

Genl. Smuts het in sy openingsrede tydens die 1936-konferensie oor maatskaplike werk veral klem gelê op die noodsaaklikheid van die koördinasie van welsynsdienste en weer eens sterk gepleit vir die instelling van h afsonderlike departement volkwelsyn, wat veral die funksies van die staatsdepartemente sou koördineer.⁴⁶⁾ Deur talle sprekers is op hierdie konferensie die nadruk gelê op die chaotiese toestand waarin welsynsdienste in die land verkeer het, en die absolute noodsaaklikheid van die koördinasie van sorgaktiwiteite.⁴⁷⁾ Dr. E.G. Malherbe

43) Dooyeweerd. Vernieuwing en bezinning.

44) S. du Plessis noem in haar verhandeling (p. 2,3) dat koördinasie h term is wat sy oorsprong hoofsaaklik in Anatomie en Fisiologie het. Dit beteken die georganiseerde werking van sekere liggaamsdele in samewerking met die brein. Sy meld ook dat daar in koördinasie h sentrale punt moet wees wat instruksies gee, net soos die brein die boodskap aan h liggaamsdeel stuur. Daar moet dus h sentrale punt wees vanwaar die instruksies gegee en die beleid opgestel word.

45) Du Plessis, S., op. cit., p. 1. Van Wyk, J.T. Plaaslike beheer in die onderwys van Transvaal, 1902-1910, p. 140, 233, 237. Sien ook die Smuts-onderwyswet nr. 25 van 1907. Grayling, op. cit., p. 297. Hancock. Smuts, p. 239, 242, 244. Smuts, J.C. Holism and evolution. Blanckenberg, P.B. (samesteller), loc. cit. Armstrong, op. cit., p. 274.

46) Brümmer, F. Verslag van die nasionale konferensie oor maatskaplike werk, 1936. Unie van SA. Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-39, p. 2. Vgl. ook Hancock, Smuts, p. 289-308.

47) Brümmer, F. Verslag van die nasionale konferensie oor

meld ook in sy voorsittersrede dat die aksent verskuif moet word van onafhanklike, individuele optrede tot gekoördineerde aksie.⁴⁸⁾

Een van die vernaamste aspekte van die werk van die konferensie, wat deur die konferensie aan die Uitvoerende Komitee opgedra is om voort te sit, is die aanbeveling dat h staatsdepartement van volkswelsyn daargestel behoort te word.⁴⁹⁾

3.1.5 Die Suid-Afrikaanse Nasionale Konferensie oor die naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, Johannesburg, 1944.

Nog voor die einde van die Tweede Wêreldoorlog word daar in 1944 h konferensie oor die naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk gereël. Hierdie konferensie het momentum verleen aan die ontwikkeling op die gebied van die koördinasie van sorgbedrywighede. Die staatsdepartement vir Volkswelsyn bestaan toe al reeds en die Wetsontwerp op Welsynsorganisasies was in hierdie stadium reeds opgestel.⁵⁰⁾

Ook by hierdie konferensie tree genl. Smuts as openingspreker op.⁵¹⁾

maatskaplike werk, 1936, p. 20, 28-30, 40, 41, 51 e.v. Onder andere is hierdie feit genoem deur E. Theron, F. Brümmer, mej. H.P. Pollack e.a.

48) Brümmer, F. Verslag van die nasionale konferensie oor maatskaplike werk, 1936, p. 3.

49) Offisiële Jaarboek van die Unie van SA, nr. 18, 1937, p. 259.

50) Die Wetsontwerp op Welsynsorganisasies is reeds in 1944 vir die eerste keer deur mnr. Harry Lawrence, Minister van Volkswelsyn en Demobilisasie, in die Volkeraad ingedien, maar het net h eerste lesing bereik - kyk Union of South Africa. House of Assembly, Debates, vol. 60 and 61, 1947.

51) Unie van SA. Verslag van die nasionale konferensie oor naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, 25 tot 29 Sept. 1944, p. 2.

In sy openingsrede het genl. Smuts veral sy blydskap uitgespreek oor die feit dat die konferensie op nasionale grondslag gereël is, sodat dit die hele vraagstuk van die naoorlogse beplanning van sorgaktiwiteite vanuit 'n nasionale perspektief kon benader. Hy pleit verder vir die benutting van die skat van „mensliewendheid en menslike gevoel” wat deur die oorlog opgeroep is. Juis hierin sien hy die skans teen die ontstaan van verdere oorloë, naamlik die ontwikkeling van ware gemeenskapsin. ⁵²⁾

Daar is tydens hierdie konferensie deur talle sprekers gewys op die noodsaaklikheid van die instelling van 'n volkwelsynsraad, waarin die meeste privaat liggame verteenwoordig was en wat die nasionale koördinasie van die welsynswerk deur die staat, vrywillige welsynsorganisasies, provinsiale owerhede en plaaslike owerhede onderneem, tot taak sou hê. Daarby moes die universiteite ingeskakel word wat navorsingewerk oor maatskaplike sorgvraagstukke onderneem. Die deetydse Sekretaris van Volkswelsyn, mnr. G.A.C. Kuschke, was blykbaar afkerig van die gedagte dat 'n sentrale, nasionale koördinerende liggaam buite die Volkswelsyndepartement tot stand moes kom. Hy wou graag sien dat hierdie koördinasie op nasionale grondslag via die staatsdepartement van Volkswelsyn sou plaasvind. Die voorgestelde plaaslike rade wat in adviserende hoedanigheid sou optree, kon die partikuliere inisiatief betrek. Hy het aanbeveel dat die toe reeds bestaande nasionale rade, wat ten opsigte van die koördinasie van hulle werkterreine belangrike werk gedoen het, uitgebou moes word om selfs meer terreine te omvat. Hierdie landwye koördinerende rade kon dan in raadgewende hoedanigheid met die Departement Volkswelsyn saamwerk. ⁵³⁾ As beginsel-

52) Ibid., p. 3.

53) Unie van SA. Verslag van die Nasionale konferensie oor naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, 1944, p. 18.

standpunt is deur hom aanvaar dat dit die verantwoordelikheid van die staat as geheel is om die finansiële verantwoordelikheid ten opsigte van die gedifferensieerde versorgingsfunksies van die verskillende samelewingsvorme van die land te onderneem.

Die konferensie is veral belangrik in dié opsig dat dit klem op die noodsaaklikheid van koördinasie deur middel van volkswelsynrade en 'n nasionale koördinerende volkswelsynraad lê.

3.2 Statutêre koördinasie.

Reeds vóór die totstandkoming van die Unie was daar van owerheidsweë besorgdheid oor die vraagstuk van die koördinering van die verskillende sorgaktiwiteite van 'n verskeidenheid van partikuliere instellings. Koördinasie word in hierdie eerste fase nog gesien as bloot die uitskakeling van ooreenstemming en die voorkoming van 'n optrede ten opsigte van leemtes in hulpverlening. Die vraagstuk sentreer aanvanklik bloot om onoordeelkundige hulpverlening ten opsigte van die armblankes.

Reeds met die aanname van die Uniewet van 1909⁵⁴⁾ word die eerste saadjie van 'n nuwe staatsbeskouing gesaai. Weliswaar word daar nie onmiddellik voortgebou op die gedagte dat die staat vir die welsyn van die gemeenskap verantwoordelik is nie, maar hierdie gedagte werk voort totdat dit later in die historiese verloop van die verhouding tussen staat-, kerk- en partikuliere sorginstansies duidelik na vore tree.

54) Unie van SA. Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-39. Unie van SA. Hersiene wette van die Unie van SA, deel I, 1910-1912.

Met die aannane van Ordonnansie 4 van 1919 (Kaap)⁵⁵⁾ word 'n tydperk ingelui waarin die staat aktief toetree tot die terrein van die koördinasie van sorgaktiwiteite en onder andere deur middel van subsidie en registrasie koördinerend te werk gaan. Ook in Transvaal⁵⁶⁾ en Natal⁵⁷⁾ manifesteer hierdie ontwikkelingsfase hom onderskeidelik sewe en dertien jaar later met die aannane van Ordonnansie nr. 5 van 1926 en Ordonnansie nr. 8 van 1932. Met die ordonnansies word daar veral klem gelê op die koördinasie van sorgaktiwiteite, meer spesifiek liefdadigheidswerk, deur middel van Liefdadigheidsrade en registrasie.

3.2.1 Die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing.

Die Nasionale Buro vir Opvoedkunde Navorsing, ook bekend as die Nasionale Onderwysburo, het in Julie 1929 onder die Departement van Onderwys tot stand gekom.⁵⁸⁾ Die Navorsingstoelaraad wat in 1918 tot stand gekom het, die voor-

- 55) Kaap, provinsie van: Juta's revised Cape ordinances, 1911-1947, ordinances of the province of the Cape of Good Hope, vol. I, 1911-1921, p. 390. Report of the select committee on the subject of the welfare organizations bill, p. 1.
- 56) Transvaal, provinsie van: Ordinances of the province of Transvaal, 1920, p. 7. Vgl. ook Unie van SA. Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-39, p. 18. Du Plessis, S. Samewerking tussen organisasies, p. 7.
- 57) Natal, provinsie van: Ordonnansies van die provinsie Natal, 1932. (N.P. 5-1932), p. 23.
- 58) Unie van SA. Jaarrapport van die Departement van Onderwys, 1928. p. 87.

loper van die Nasionale Onderwysburo, was reeds behulpsaam met die Carnegie-ondersoek na die armblanke-vraagstuk.⁵⁹⁾ Die funksies van die Buro was die volgende:

3.2.1.2 Funksies van die Buro

- * Dit sou dien as die sentrale kantoor vir die verspreiding van inligting i.v.m. opvoedkundige en maatskaplike werk oor die hele land.
- * Die Buro het, benewens onderlinge skakeling tussen liggame belas met opvoedkundige en maatskaplike werk, die skakeling met die verskillende ontwikkelinge op hierdie terreine in ander lande vir sover dit vir Suid-Afrikaanse probleme belangrik is tot taak gehad. In hierdie kapasiteit het die Buro ook as Suid-Afrika se verteenwoordiger in die Komitee vir Intellektuele Koöperasie van die Volkebond en die Internasionale Onderwyskantoor te Genève opgetree.
- * Die Buro moes verder navorsingswerk in verband met vraagstukke van opvoedkundige en maatskaplike aard uitvoer.
- * Dit sou ook as diensburo vir die staat en ander organisasies dien.
- * Hoewel die Buro geen administratiewe koördinasie ten doel gehad het nie, het dit nogtans koördinasie bevorder deur middel van informele raadpleging

59) Offisiële jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, nr. 10, 1927-28, p. 182. Dit is van meer as blote toevallige belang dat die Navorsingstoelaeraad dit as sy taak gesien het om die gedagtes van die Volkerebond deur middel van brosjures en toelaes vir die publikasie van brosjures vir skoolgaande kinders te versprei. Vgl. in die verband: Unie van SA. Jaarrapport van die Departement van Onderwys, 1928, p. 87.

en konferensies tussen individue en organisasies met soortgelyke funksies. ⁶⁰⁾

Uit die verslae van die Unie-onderwysdepartement blyk dit dat daar ook in die werk van hierdie Departement hernieude klem gelê word op die sosiale aanpassing van die individu as doelstelling sowel in opvoedkundige as in maatskaplike werk asook dat daar 'n intensiewe belangstelling in die vraagstuk van sosiaal-opvoedkundige koördinasie gekom het. ⁶¹⁾ Gedurende hierdie tydperk resorteer „maatskaplike aktiwiteite“ asook die proefdienste onder die Kinderbeskermingswet van 1913 onder die Unie-onderwysdepartement.

Die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing het in sy strewe na die koördinerings van sorgaktiwiteite op opvoedkundige en maatskaplike gebied die nasionale konferensie oor maatskaplike werk van 1936 georganiseer. Die byvoeging van hierdie afdeling by die Buro asook die inlywing van volkswelsyn as afsonderlike afdeling onder die Departement van Arbeid word allerweë as twee vername gebeurtenisse in die geskiedenis van die koördinasie van aktiwiteit van staatsweë bestempel. ⁶²⁾

- 60) Offisiële jaarboek van die Unie van SA, nr. 16, 1933-34, asook Unie van SA: Jaarverslag van die Unie-onderwysdepartement vir die jaar geëindig 1930 (U.G. 36-31), p. 28 e.v.
- 61) Vgl. Unie van SA. Jaarverslag van die Unie-onderwysdepartement, 1933 en 1934, p. 7.
- 62) Vgl. Unie van SA. Jaarverslag van die Nasionale Konferensie oor maatskaplike werk, 1936, p. 5. Unie van SA. Jaarverslag van die Unie-onderwysdepartement, 1933/4, p. 8.

3.2.1.3 Werkzaamhede van die Buro

Gedurende die loop van die vyf jaar waarin die Buro veral met bg. drieërlei werkzaamheid gemoeid was, het dit op die volgende wyse uitdrukking gegee aan die doeleindes waarvoor dit in die lewe geroep is:

- * Dit het 'n omvattende register van maatskaplike welsynsorganisasies opgestel.
- * Dit het gedien as sekretariaat vir interdepartementele komitees wat ondersoek na sekere maatskaplike vraagstukke ingestel het.
- * Dit het hulp verleen by die instelling van 'n raad vir maatskaplike organisasies in Bloemfontein.
- * Die Buro het 'n vername aandeel gehad in die advisering van die Departement ten opsigte van die herorganisasie van sy proefbeamptediens asook van die formulering van die Kinderwet.
- * Dit het ook opgetree as sekretariaat vir die Komitee insake armsorg en liefdadigheidsorganisasies wat ondersoek ingestel het na die onderlinge verhouding tussen die armsorgfunksies van die Unieregering en dié van die vier provinsies met die doel om beter koördinasie teweeg te bring. ⁶³⁾

Dit was asof die tendens tot 'n belangstelling in koördinasie omstreeks 1935 'n hoogtepunt bereik het. Hiertoë het die Buro ook 'n aktiewe deel bygedra. ⁶⁴⁾

63) Vgl. Unie van SA. Jaarverslag van die Unie-onderwysdepartement, p. 14, 25, 1935, p. 19.

64) Unie van SA. Jaarverslag van die Unie-onderwysdepartement, 1935 (U.G. 55 - '36).

Met die geleidelike ontwikkeling en ontplooiing van die werksaamhede van die gekombineerde Departement van Arbeid en Volkswelsyn ontstaan 'n mate van ooreenstemming tussen die werksaamhede van hierdie Departement en die Buro. As 'n oplossing word gesien die stigting van 'n afsonderlike, selfstandige Departement van Volkswelsyn. Met die oorplassing van die navorsingsbeampte van die Afdeling Maatskaplike Navorsing na die nuutgestigte Departement Volkswelsyn in 1937 het die werk van hierdie afdeling tot stilstand gekom en is besluit om in die toekomst meer langtermynnavorsingsprojekte aan te pak en die beplanning vir kort termyn aan die nuwe Departement oor te laat.⁶⁵⁾

3.2.2 Die kerk-staatgroepareaplan.⁶⁶⁾

'n Belangrike voorloper van die totstandkoming van die departement van Volkswelsyn was die kerk-staatgroepareaplan. Na aanleiding van die feit dat die Carnegiekommissie daarop gewys het dat daar 'n groot gebrek aan koördinasie tussen die werk van die verskillende liefdadigheidsinrigtings bestaan, het verteenwoordigers van die NC kerk gedurende Mei 1930 'n onderhoud met verskeie ministers gehad ten einde 'n skema van samewerking tussen kerk en staat te formuleer. Benewens die feit dat daar swak koördinasie van werksaamhede tussen liefdadigheidsinrigtings bestaan het, was daar ook 'n gebrek aan die duidelike skeiding van funksies tussen die onderskeie staatsdepartemente.⁶⁷⁾

65) Unie van SA. Jaarverslag van die Unie-onderwysdepartement, 1936 (U.G. 57 - '37), p. 6. Idem, 1938 (U.G. 59 - '39), p. 57.

66) Unie van SA. Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-39, p. 42.

67) Ibid., p. 42. Botha, L.L.N. Die maatskaplike sorg, p. 195. Zeeman. Die armesorgwerk, p. 305. Beide laasgenoemde twee skrywers gee die datum as 1931 aan.

Die aanbeveling van die Carnegieverslag was dat plaaslike komitees gestig moes word wat nouer met die reeds bestaande liefdadigheidsinrigtings van die NG kerk sou saamwerk. Die kerkrade van die NG kerk wat reeds as liefdadigheidskomitees gefunksioneer het, sou ook in die toekoms in die nuwe kerk-staatskema dien om die maatskaplike nood te lenig. In 1934 is daar toe oorgegaan tot die instelling van 13 kringe met elkeen 'n plaaslike „Armesorgkomitee.“⁶⁸⁾

Die komitees was saamgestel uit vyf verteenwoordigers van die kerk, twee van die staat en later ook twee van die Federale Vroueraad. Die uitgawes verbonde aan die werksaamhede van die komitees sou een vyfde deur die kerk en vier vyfdes deur die staat gedra word, met dien verstande dat die vroueliggame twee vyf-en-twintigstes van die administratiewe koste sou dra. Die instelling van hierdie komitees was onderworpe aan 'n proeftydperk van een jaar. Na verloop van die proeftydperk het dit geblyk dat daar nie besondere tevredenheid met die skema was nie, en derhalwe is besluit om die gebiede waarin die komitees optree, opnuut in te deel en hulle naam na „maatskaplike welsynskomitees“ te verander.⁶⁹⁾ Die oorspronklike funksies van die komitees het onder meer die koördinering van alle liefdadigheidswerksaamhede ingehou.

68) Unie van SA. Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-39, p. 42, 44. Zeeman. Die armesorgwerk, p. 282, 283. Botha, L.L.N. Die maatskaplike sorg, p. 195.

69) Hierdie naamsverandering is ook onder meer simptomaties van die verskuiwing wat ook in Suid-Afrika, mede onder druk van die staat, plaasgevind het van die karitatiewe na die sosiologiese prinsipe in die „maatskaplike sorg“. Vgl. verder Unie van SA. Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 44. Sien ook in verband met hierdie verskuiwing: Botha, Marthina E. Die vraagstuk van koördinasie, p. 121.

Na 'n konferensie van verteenwoordigers van die kerk en die staat in September 1935 is nie slegs 'n wysiging van die naam van die komitees aanbeveel nie maar ook die verandering van die naam en status van die sekretarisse van die komitees tot „welsynsbeamptes“ wat as voltydse departementele beamptes sou diens doen.⁷⁰⁾ Gedurende 1937 het verdere samesprekings tussen verteenwoordigers van kerk en staat plaasgevind met die doel om 'n skema te ontwerp met betrekking tot die aanstelling van maatskaplike werkers en die staatsubsidie. 'n Nuwe basis van bydraes is beplan waar die staat vir driekwart en die kerk vir een kwart van die onkoste aanspreeklik is.⁷¹⁾

Met die oordrag van alle werk in verband met werkloosheid aan die landdroste het die hulpkomitees van die plaaslike welsynskomitees verval. Na die totstandkoming van die Departement van Volkswelsyn is die funksies van die maatskaplike welsynskomitees na die staat oorgedra en het die kerk-staatskema verval (1939).

3.2.3 Die staatsdepartement vir Volkswelsyn.

Die kulminering van die tendens tot vermeerderde sentralisasie en koördinasie van sorgaktiwiteite van staatsweë word bereik met die byvoeging van die Afdeling Sosiale Welsyn tot die Departement Arbeid in 1935 en die daaropvolgende totstandkoming van 'n afsonderlike Departement Volkswelsyn op 1 Oktober 1937.⁷²⁾

70) Unie van SA. Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-39, p. 44. Zeeman. Die armesorgwerk, p. 305.

71) Unie van SA. Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-39, p. 45.

72) Wagner en Theron. Maatskaplike werk by 'n plattelandse vereniging, p. 119. Unie van SA. Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1949, p. 29. Unie van SA. Verslag van die nasionale konferensie oor naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, 1944, p. 20, 21.

Hierdie was 'n stap in die rigting van die interne koördinasie van die verskeidenheid van staatsmaatreëls op die gebied van die versorging van die bevolking. In hierdie vroeë stadium het die Departement primêr die interne en nie die eksterne koördinasie van sorgaktiwiteite nie tot taak.

Die funksies van hierdie nuwe departement is deur 'n onderkomitee van die Kabinet geformuleer en in 1938 weer eens herformuleer. Hoewel sommige van die funksies probleme opgelewer het, was die een funksie, naamlik die bevordering van plaaslike koördinasie van die werk van liefdadigheidsverenigings en die van die administratiewe, plaaslike owerhede en die Unieregering, 'n saak wat weinig probleme opgelewer het. ⁷³⁾

Die nuwe Volkswelsyndepartement het gou die ingewikkelde aard van die volksorgvraagstukke wat op sy rekening was besef, en al spoedig sowel die provinsiale en plaaslike owerhede as die partikuliere inisiatief by die oplossing van hierdie vraagstukke betrek. ⁷⁴⁾ Met die stigting van hierdie Departement het die regering 'n sogenaamde „blueprint“ daar gestel van sy vasberadenheid om private liefdadigheidsprogramme deur gemeenskaplike sosiale sekerheidsmaatreëls wat finansieel deur die publiek ondersteun word aan te vul en nie te vervang nie. ⁷⁵⁾ 'n Karakteristieke verhouding tussen staat en partikuliere inisiatief kom geleidelik tot ontwikkeling. Tradisioneel het die verhouding tussen statutêre en partikuliere sorg so gegroei dat dit wesenlik deel uitgemaak het van een groot geheel en omvattende staatspoging,

73) Unie van SA. Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 4. Unie van SA: Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1949, p. 5, 8, 29.

74) Unie van SA. Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 1, 8.

75) Ibid., p. 4.

veral ten opsigte van die oplossing van die armblankevraagstuk. Uit die aard van die saak was hierdie historiese feit van samewerking reeds teen 1937 so vasgewortel dat dit moeilik verbreek kon word. Hiertoë het ook die krisistoe-stande na die twee wêreldoorloë meegehelp.

Die partikuliere instellings het in die volksorg in Suid-Afrika baanbrekerswerk verrig. Kenmerkend van die Suid-Afrikaanse sorgaktiwiteite is die feit dat feitlik elke nuwe terrein wat deur die selfstandige pioniersarbeid van die partikuliere instellings ontgin is, later stelselmatig subtiel verander het in semi-staatsinstellings wat deur staatsgeld op kunsmatige wyse lewend gehou is.⁷⁶⁾ Die skakel tussen die werksaamhede van die genoemde twee instellings is die volkswelsynbeampte van die staat, wat vanweë sy strategiese posisie hierdie kunsmatige, staatsondersteunde „samewerking“ ooreenkomstig departementele beleid en voorskrifte moet behartig, onder andere deur die verteenwoordiging van die staat in die besture van partikuliere instellings.⁷⁷⁾

Die situasie het algaande so ontwikkel dat die partikuliere instellings gesien is as „..... volkswelsyn se onbekende soldate sonder wie geen oorwinning nog ooit behaal is nie.“⁷⁸⁾ Reeds in die eerste verslag van die nuwe staatsdepartement vir Volkswelsyn word die hoop uitgespreek dat hierdie onderlinge verhouding mettertyd op 'n vaste statutêre basis geplaas sou word. Totdat dit gebeur, sal die Departement

76) Vgl. Unie van SA. Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1949-1951, p. 28, 30, 31.

77) Ibid., p. 29.

78) Unie van SA. Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 7. Report of the select committee on the subject of the Welfare Organizations Bill, June 1945. (S.C. 11-45), p. 148. Union of South Africa: House of Assembly, Debates, vol. 60, 61.

voortgaan om deur middel van onderhandelinge sy plig van raadgewing, ondersteuning en koördinasie uit te voer. Die tipiese verhouding wat in Suid-Afrika tussen die staat en die partikuliere sorginstellinge gegroei het, is 'n vennootskapsverhouding.⁷⁹⁾ Hierdie vennootskapsverhouding word gekenmerk daardeur dat die sterkere vennoot, die staat, die beleid bepaal, voorskrifte maak, eise stel, funksies verskaf, verantwoording eis en terrein verdeel, terwyl die partikuliere instelling beleid uitvoer, voorskrifte nakom, eise beantwoord, finansiële steun ontvang, verantwoording doen en hulle taak ten uitvoer bring op die gebied wat deur die staat aan hulle toegewys word.⁸⁰⁾ Die partikuliere welsynsinstellinge ontwikkel met verloop van tyd 'n aantal nasionaal-koördinerende rade wat die werksaamhede van verskillende kategorieë van sorgbehoewendes saamsnoer. Die werksaamhede van hierdie rade word weer binne die omvattende raamwerk van die staatsbeleid in die Nasionale Welsynsraad gekoördineer.

3.2.4 Die Nasionale Welsynsraad en Wet op Welsynsorganisasies nr. 40 van 1947.

Gedurende die oorlogsjare het talle oorlogsfondse hulle verskyning gemaak om die nood van die oorlogsomstandighede te lenig. Burgemeesters van verskillende stede was met die ideaal begeester dat Suid-Afrika sy volle deel tot die oorlog moes bydra. Hierdie ideaal het gegroei met die visie dat Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe deel gevorm het van en mede-aanspreeklik was vir die wel en weë van die

79) Unie van SA. Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 29. Cronjé. Mens tot medemens, p. 155. e.v.

80) Volkswelsyn en Pensioene, Departement van: Omsendbrief nr. 56 van 1955 soos aangevul deur nr. 6 van 1957.

die Britse Ryk. Die totstandkoming van hierdie fondse is dus 'n regstreekse gevolg van die meer holisties-universalistiese nasie- en staatsbeskouing wat hom geleidelik al hoe meer pertinent in die Afrikaanse volkslewe afgeteken het. Hierdie oorlogsfondse het gelei tot die totstandkoming van die South African Mayors' National War Fund, wat onder meer die verlening van hulp aan die afhanklikes van soldate en soldate wat van die oorlog af teruggekeer het, ten doel gehad het.

Vroeg in 1940 het genl. J.C. Smuts, destydse Eerste Minister, gevoel dat die tyd ryp was vir die daarstelling van 'n fonds wat uitsluitend aan Suid-Afrikaanse soldate en hulle afhanklikes hulp sou verleen. So kom die Governor General's National War Fund tot stand.⁸¹⁾ Feitlik gelyktydig met die ontstaan van hierdie oorlogsfondse het daar oral oor die land talle ander oorlogsfondse wat geld ingesamel het vir die behoeftes van die soldate en hulle afhanklikes, die lig gesien. Die vermenigvuldiging van hierdie fondse het spoedig allerlei misbruike meegebring, sodat 'n beter beheer hieroor noodsaaklik geword het. Nadat sterk vertoë tot die owerheid gerig is in hierdie verband, vind twee konferensies respektiewelik in 1941 en in 1943 plaas, waartydens regulasies vir die beheer van hierdie fondse aandag geniet. Tydens die konferensie in November 1943 in Johannesburg word besluit dat noodregulasies uitgevaardig word om doeltreffende beheer oor die oorlogsfondse tot stand te bring. Oorlogsmaatreël nr. 48 van 1944 word uitgevaardig waarin bekend gemaak word dat 'n Raad op Oorlogsfondse in die lewe geroep word.⁸²⁾ Die hoofdoel van die

81) Waar genl. Smuts 'n leidende aandeel gehad het in die totstandkoming van hierdie oorlogsfonds, het sy vrou 'n belangrike rol gespeel in die werk van die Gifts and Comforts Organization. Vgl. haar artikel: What I want for the 60,000 glory bags sent up North every month.

82) Unie van SA. Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1949, p. 124. Union of S.A. House of Assembly Debates, vol. 60, 61, 1947, kolom 1875.

beheer oor oorlogsfondse was om te verhoed dat valse oorlogsfondse in die lewe geroep word en ook om die publiek teen on- verantwoordelike geldelike oproepe te beskerm. Die Raad het voortbestaan tot 31 Oktober 1947. In hierdie tydperk is 381 oorlogsfondse geregistreer.⁸³⁾

Vredestydse omstandighede het uit die aard van die saak ander- soortige kontrole geverg. Tydens die nasionale konferensie oor die na-oorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk is daar breedvoerig ingegaan op die gedagte van 'n nasionale welsynsraad wat onder meer die beheer oor die insameling van geld deur welsynsliggame ten doel sou hê. In 1944 is die Wetsontwerp oor die beheer en registrasie van welsynsorgani- sasies deur minister H.G. Lawrence, die minister van Volks- welsyn en Demobilisasie by die Volksraad ingedien. Dit het net die eerste lesing bereik. In 1945 is 'n gewysigde wets- ontwerp, wat na oorlog met welsynsorganisasies gewysig is, deur hom in die Volksraad voorgedra. Dit is na 'n Gekose Komitee verwys. In die gewysigde wetsontwerp is die woord beheer ("control"), soos dit in die aanvanklike titel van die wetsontwerp vervat is, uitgelaat vanweë die besware wat deur verskeie persone teen die gedagte van kontrole van staatsweë ingebring is. Hierdie teenstand teen die wetsont- werp was gegrond op die feit dat die wet in prinsipe ingryp in die huishoudelike funksies van welsynsorganisasies moont- lik gemaak het en derhalwe die inisiatief van hierdie instel- linge kon damp. Nadat die verslag van die Gekose Komitee deur die Volksraad behandel is, is daar in 1947 oorgegaan tot die promulgering van Wet nr. 40 van 1947, die Wet op Welsyns- organisasies, wat kragtens proklamasie nr. 3876 van 26 Sep-

83) Unie van SA. Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939, p. 190, 191.

tember 1947 op 1 November 1947 in werking getree het. ⁸⁴⁾

Die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies, wat kragtens hierdie Wet in die lewe geroep is om die Wet te administreer, sou die werk van die Raad op Oorlogsfondse voortsit op 'n grondslag wat by vredestrydse omstandighede en welsynslike aangepas was. ⁸⁵⁾ Een van die primêre doelstellings wat met die instelling van die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies bereik moes word, is die registrasie van alle instellings wat onder die term welsynsorganisasie val. ⁸⁶⁾ Die promulgering van Wet nr. 40 van 1947 is die kulminasie van 'n proses van staatstoetrede tot die Suid-Afrikaanse volksorg wat reeds voor die totstandkoming van die Unie 'n aanvang geneem het. Daardeur word die verhouding tussen die staat en die partikuliere inisiatief vir die eerste keer op 'n statutêre basis geplaas. Hierdie wet het, net soos die na-oorlogse bestaansbeveiligingskemas, sy oorsprong in na-oorlogse omstandighede wat uit die aard van die saak veel meer kontrole van die kant van hoër gesag verg as onder ander omstandighede. Nadat die toestande na die oorlog reeds lank na normaal teruggekeer het, kom hierdie wet tot stand as 'n vredestrydse maatregel om van owerheidsweë beheer uit te oefen oor die insameling van geld deur welsynsorganisasies.

84) Vgl. Unie van SA. Wet nr. 40 van 1947, soos gewysig, p. 35, asook Union of South Africa. Report of the select committee on the subject of the welfare organizations Bill. Unie van SA. Verslag van die nasionale konferensie oor die naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, 1944. Union of S.A. House of Assembly, Debates, vol. 60, 61, kolom 1888.

85) Offisiële jaarboek van die Unie van SA., nr. 24, 1948, p. 190, 191. Unie van SA. Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-49, p. 29, 30, asook Unie van SA. Eerste verslag oor die werking en administrasie van die Wet op Welsynsorganisasies, 1948 (U.G. ii/49), p. 1.

86) Vgl. Wet op Welsynsorganisasies, nr. 40 van 1947, soos gewysig, p. 11.

3.3 Die Nasionale koördinerende rade

In 1924 kom die Nasionale Raad vir Kindersorg tot stand om as 'n skakel tussen die verskillende Kindersorgverenigings in die land te dien. Die doel van die totstandkoming van hierdie liggaam was om 'n eenvormige beleid te bewerkstellig en samewerking met die staat te vergemaklik.⁸⁷⁾ Aan die einde van 1931 was daar in die vier provinsies reeds 82 kindersorgverenigings met die Nasionale Raad vir Kindersorg geaffilieer.

Op 22 September 1926 kom op inisiatief van die vier vroueverenigings in samewerking met die Helpmekaarvereniging en die Armesorgkommissie van die NG kerk 'n Federale Raad vir Moederkunde en Gesinsorg tot stand.⁸⁸⁾ 'n "Gesamentlike Komitee vir Kindersorg" bestaande uit verteenwoordigers van die Federale Raad vir Moederkunde en Kindersorg en die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg kom tot stand om sake in verband met wetgewing, finansies, gemeenskaplike beleid te bespreek en om gesamentlik die regering oor sulke sake te nader.⁸⁹⁾

Na die totstandkoming van die Raad vir Maatskaplike Werk op inisiatief van die Federale Vroueraad, wat onder meer gesondheidswerk en kindersorgaangeleenthede sou behandel, is die Federale Raad vir Moederkunde en Kindersorg ontbind en daarna ook die Gesamentlike Komitee vir Kindersorg.⁹⁰⁾

87) Du Plessis, S. Samewerking tussen organisasies, p. 1. Offisiële jaarboek van die Unie van SA, nr. 14, 1933 en nr. 12, 1929-30, p. 284.

88) Lambrechts & Theron. Vrouevolksdiens, p. 131.

89) Offisiële jaarboek van die Unie van SA, nr. 14, 1931-32, p. 271.

90) Offisiële jaarboek van die Unie van SA, nr. 16, 1933-34, p. 297.

Hierdie Federale Raad vir Maatskaplike werk was die vrug van 'n besluit van die federale kongres van die vier vroueverenigings wat in 1933 in Bloemfontein gehou is. In 1935 vind samesprekings tussen die Federale Armesorgraad van die NG kerk en die Federale Vroueraad plaas met die oog op die bepaling van 'n konsepkonstitusie vir die voorgestelde raad. Die hoofdoel van hierdie „Christelike Maatskaplike Raad van Suid-Afrika" sou wees die koördinerende van alle maatskaplike dienste op Christelik-gereformeerde grondslag. As gevolg van die totstandkoming van gemeentelike armesorgkommissies met hulle subkommissies vir koördinasie asook die latere groeppareplan vir samewerking tussen kerk en staat, het die gedagte aan die voorgenome stigting van so 'n federale raad vir maatskaplike werk skipbreuk gely.⁹¹⁾

Hiernaas word 'n ander tendens met die totstandkoming van die sogenaamde nasionale rade aangetref, wat 'n ontwikkeling verteenwoordig waarin die koördinasie van sorg 'n meer gedifferensieerde patroon volg.⁹²⁾ Hier is sprake van kategoriese koördinasie van sorgaktiwiteite met die basiese ooreenkoms dat professionele maatskaplike werk deurgaans as metode van sorg aangewend word. Onder kategoriese sorg word die metodes van sorg verstaan wat aangewend word by die versorging van die onderskeie sorgbehoewendes in die samelewing, byvoorbeeld blindesorg, dowsorg, kreupelsorg, geestesgesondheidsorg ens.

91) Zeeman. Die armesorgwerk, p. 280.

92) Unie van SA. Verslag van die nasionale konferensie oor die na-oorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk, 1944, p. 21.

Die verskillende nasionale rade op kategorieëse grondslag kom hierna tot stand, naamlik:

- die Union of Jewish Women (1912)
- die Nasionale Komitee vir Geesteshigiëne (1920) ⁹³⁾
- die Nasionale Raad vir Blindes (1929)
- die Nasionale Raad vir Doves (1929)
- die Federale Armesorgraad van die NG kerk (1933)
- die Vereniging vir Maatskaplike Dienste (1935)
- die Nasionale Raad vir die Versorging van Kreupeles (1939)
- die NHSV-hoofbestuur (1940)
- die Ondersteuningsraad van die Nederduits Hervormde kerk (1945)
- die Nasionale Raad vir Huweliksvoorligting en Gesinslewe (1954)
- die Suid-Afrikaanse Rehabilitasieraad (1955)
- die Nasionale Raad vir die Welsyn van Bejaardes (1956)
- die Nasionale Raad vir Alkoholisme (1956) ⁹⁴⁾

Die provinsiale hoofbesture van die vier provinsiaal-georganiseerde vroueverenigings het in hierdie stadium reeds 'n geruime tyd bestaan.

- 93) Vgl. „'n Geskiedkundige oorsig“, artikel in Nuusbrief van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir geestesgesondheid, nr. 3, April 1961, p. 10. Die naam is in 1929 en daarna gewysig. Tans staan dit bekend as die „Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Geestesgesondheid.“
- 94) Gegewens i.v.m. die stigtingsdatums van die verskillende nasionale rade is verkry van die liggame se onderskeie kantore en van die kantoor van die Registrateur van Welsynsorganisasies. In 1962 was daar reeds 16 sulke nasionaal koördinerende rade by die kantoor van die Nasionale Welsynsraad geregistreer. Die Federale Armesorgraad se naam is in 1960 verander na die Federale Raad vir die Diens van Barmhartigheid, en in 1962, met die eenwording van die vier NG kerke en die aanvaarding van die nuwe kerkorde, het dit die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die kerk se Algemene Sinode geword. Vgl. ook die Neder. Geref. Kerk, Federale Armesorgraad van die --: Die diens van

Hierdie verskillende rade en hoofbesture het hoofsaaklik die koördinasie van die werksaamhede van die onderskeie geaffilieerde organisasies en takke in hulle onderskeie sorgsfere ten doel. Die nasionale rade tree in hoofsaak in adviserende hoedanigheid op en dien as skakel tussen die organisasies en die regering. In die meeste van hierdie organisasies word professionele maatskaplike werkers vir die uitvoering van die sorgtaak gebruik. Hierdie tendens word later veral gestimuleer deur die klimaat wat deur die Departement van Volkswelsyn geskep word, asook sy vereistes ten opsigte van die opleiding van maatskaplike werkers. ⁹⁵⁾

Hoewel daar in hierdie stadium geen private liggaam bestaan het wat die belange van die verskillende sorginstellings as geheel op nasionale skaal gekoördineer het nie, het die nasionale rade, wat staatsteun vir hulle werksaamhede ontvang het, in 'n groot mate bygedra tot die voorkoming van oorvleueling en tot die koördinasie van werksaamhede. ⁹⁶⁾

Feitlik parallel met die voorgenoemde ontwikkeling van die samewerking tussen staat en partikuliere inisiatief en die polarisering van die welsynsorganisasies rondom die staatsdepartement van Volkswelsyn en die latere Nasionale Welsynsraad, sit die Afrikaanse kultuurorganisasies hulle beskeie ontwikkeling voort. Die wêë van hierdie organisasies en die welsynsorganisasies is dikwels so nou ineengestrengel dat die twee tendense tot

barmhartigheid. Die armesorg van die NG Kerk in SA, 1966.
Die Kerkbode, 13 April 1955.

- 95) Vgl. Unie van SA. Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1949 asook Venter, C.N. Maatskaplike werk en die keerpunt in die Westerse kultuur. Koers, 23: 14 e.v., 1955.
- 96) Unie van SA. Jaarverslag van die Departement Volkswelsyn, 1937-1949, p. 20, 21, 24.

polarisering wat in hulle ontwikkeling bespeur is, moeilik duidelik te onderskei is.

3.4 Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) ⁹⁷⁾

Die totstandkoming van die FAK in 1929 was 'n doelbewuste en positiewe kultuurdaad, gebore uit die roepingsbesef en verantwoordelikeheidsbesef van 'n volk wat geglo het dat hy met 'n doel aan die Suidpunt van Afrika geplaas is en wat in hierdie feit die hand van God wat aan die volk 'n eie roeping en taak opgelê het om te vervul gesien het.

Juis die Calvinisme, met sy aard-eie waardesisteem gegrond op die Woord en die belydenis, wat so 'n belangrike plek ingeneem het in die lewens-en wêreldbeskouing van dr. N.J. van der Merwe, die eerste voorsitter en stukrag agter die totstandkoming van die FAK, was die geestelike groeibodem waaruit hierdie poging tot gekoördineerde aksie op die Afrikaanse taal- en kultuurfront gebore is. ⁹⁸⁾

Die FAK kom tot stand toe die aard-eie kultuurpatroon en die tradisionele lewens-en wêreldbeskouing van die Afrikaner deur 'n subtiële proses van verengelsing bedreig word. Die denasionalisering van hierdie tydperk dra nie meer die karakter van die militante angliseringspogings van die vorige fase nie, maar binne die Afrikanervolk self ontstaan die idee van 'n super-Afrikaner wat twee volksidentiteite in een persoon kon verenig. Hierdie denkbeeld word versterk deur die politieke aspirasies van Smuts.

Die FAK kom tot stand ten einde onder meer die veel fundamentele Christelik-nasionale lewensbeskouing van die

97) Krüger, D.W. Die bewind van die Verenigde Party, 1934-1948. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2: 540). Pienaar, E.C., op. cit., p. 373 e.v. Nienaber, G.S. & P.J., op. cit., p. 181 e.v. Pauw, op. cit., p. 179. Malherbe. Afrikaner-volkseenheid, p. 90.

98) Botha, Marthina E., op. cit., p. 219 e.v.

Afrikaner te handhaaf teenoor die elemente in die volkslewe wat die soewereiniteit van die mens en daarmee gepaardgaande h tendens tot die nivellering van grense bely het. In die jare omstreeks 1930 word in die Afrikanervolkslewe in toenemende mate onrusbarende tekens van kulturele verval bespeur, onder meer vererger deur die heersende armblankevraagstuk. Op organisatoriese vlak is h grootskaalse versnippering van kultuurkragte aangetref, wat uiteraard gesamentlike optrede ten behoewe van die bestending en die handhawing van die Afrikaanse volkskultuur bemoeilik het.⁹⁹⁾

Daar is, diep onder die besef dat opgetree moet word om die kulturele erfenisse van die volk te red h vergadering onder beskerming van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns op 24 Augustus 1929 in Bloemfontein belê, waartydens besluit is om h liggaam in die lewe te roep vir die gekoördineerde aksie in belang van die handhawing van die Afrikaanse taal op alle gebiede en vir die positiewe ontwikkeling van die kultuur. So kom die FAK as mondstuk van die georganiseerde Afrikaanse kultuurlewe tot stand en kies as leuse „Handhaaf en bou”.¹⁰⁰⁾ Wat organisasievorm betref is die FAK h federasie waartoe die meewerkende liggame op grond van vrywilligheid toetree op h newegeskikte basis.

Die FAK was as koördinerende partikuliere volksorgorgaan die draer en handhawer van die tradisionele amptelike Calvinistiese kultuuretos van die Afrikanervolk. Die eenheids-

99) Berig in Die Burger, 19 Desember 1929. FAK: Referate gelewer by geleentheid van die 12de tweejaarlikse kongres en silwerjubileum van die FAK, 29 September tot 3 Oktober 1954, Bloemfontein, 1955, p. 8, 9.

100) Botha, Marthina E., op cit., p. 215 e.v.

ideaal wat in die lewensbeskouing van dr. N.J. van der Merwe gehuldig is, is ook tiperend van die strewe van die FAK in hierdie verband. Die valse eenheidsideaal, soos deur h groep van die volk voorgestaan, het vir Van der Merwe lynreg gebots met die konsekwensies van die Calvinistiese kultuurbeskouing, wat ingehou het dat hoër eenheid alleen bereikbaar is deur die erkenning en die handhawing van dit wat aan elkeen van die selfstandige eenhede eie is. In hierdie eenheidsideaal het die gedagte van volk- en kultuurdifferensiasie voorop gestaan, teenoor die eenheidsideaal waarin die volks- en kultuurverskeidenheid op kunsmatige wyse genivelleer moes word in belang van die opname in h „hoër geheel” ¹⁰¹⁾ - die Suid-Afrikaanse nasie.

Uit die doelstellings van die FAK blyk dit dat dit in die werk van die federasie gaan om die samesnoering of koördinasie van alle beskikbare kragte met die oog op:

- * Die handhawing en bevordering van die Afrikaanse taal.
- * Die beskerming en uitbouing van h eie Afrikaanse kultuur.
- * Die behartiging van alle Afrikaanse belange op sowel geestelike as stoflike gebied.

Hierdie was die hoofdoelstellings van die FAK, terwyl ondergeskik hieraan daartoe oorgegaan is om skakelkomitees en kultuurverenigings in die lewe te roep met die oog op die bevordering van hierdie doeleindes. Daar is deur die FAK sedert sy totstandkoming in 1929 h groot verskeidenheid van metodes aangewend om aan hierdie doelstellings uitvoering te gee en in die uitvoering van sy taak het die FAK weinig terreine van die Afrikaanse volkslewe onbetree gelaat. ¹⁰²⁾

101) Laubecher. Generaal J.C. Smuts. Millin, op cit., 1:3.

102) Botha, Marthina E., op. cit., p. 222. Pienaar, E.C., op. cit., p. 382 e.v.

In al die werksaamhede van die FAK gaan die een sentrale gedagte van die handhawing van die eie Afrikaanse taal as die draer van 'n besonder eiesoortige lewens-en wêreldbeskouing en die daaraan onafskeidelik verbonde kenmerkende wyse van lewensindiensstelling voorop. Die meeste ander vorme van kultuurbewaring het later uit die een sentrale motief van taalhandhawing gespruit. Taalhandhawing was die brandpunt van die FAK se stryd om die behoud, bewaring en uitbou van die Afrikaner se volkskultuur. Omdat die FAK die volk as 'n onder die beskikgende hand van God tot stand gekome grootheid gesien het, en die taak van taalhandhawing as die stryd om die behoud van volksidentiteit en die eiesoortige gedifferensieerde volkskultuur sien, het die orgaan hom daarop toegespits om die taal as uitdrukking van die kennisbesit van die volk te bewaar en uit te bou. In 1936 kom die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad¹⁰³⁾ van die FAK wat as 'n leidinggewende liggaam rigting gee aan die verdere ontwikkeling van die Afrikaanse kultuurlewe op Christelik-nasionale grondslag tot stand.

Die Instituut vir Volkswelstand van die FAK kom in 1939 tot stand as 'n omvorming van die Voortsettingskomitee van die 1934-volkskongres, wat in Kimberley gehou is. Die Instituut het tot stand gekom nadat die meeste besluite van die volkskongres reeds deur die Voortsettingskomitee afgehandel is.¹⁰⁴⁾ Die Instituut is ingestel om as adviserende en koördinerende instelling ten opsigte van sorginstellings te dien. In 1940 is die Instituut tot 'n gewone Instituut van

103) Ibid., p. 388.

104) Notule van die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad, 3 Julie 1940. FAK: Program en verslag vir die agste tweejaarlikse kongres van die FAK, 1946.

die FAK omskep.¹⁰⁵⁾ Die samestelling van die Instituut is in 1944 gewysig. In die Instituut is die departement van Sosiologie van die vier Afrikaanse universiteite, die FAK, die Reddingsdaadbond en Ekonomiese Instituut, die Instituut vir Christelik Nasionale Onderwys en Opvoeding, die vrouevereniginge en die Armesorgkommissies van die NG en Hervormde Kerke en die Uniale Diakonale Kommissie van die Gereformeerde Kerk verteenwoordig.¹⁰⁶⁾

Die Instituut het as hoofdoel gehad om volgens Christelike-nasionale beginsels:

- * Navorsingswerk oor die verarmingsvraagstuk in die besonder en maatskaplike vraagstukke in die algemeen te onderneem en te bevorder;
- * 'n Doeltreffende maatskaplike beleid, waarin veral klem gelê word op die voorkoming en bestryding van verarming te bepleit;
- * Opbouende maatskaplike sorg te bevorder;
- * Algemene voorligting oor maatskaplike sorg en volkswelstand deur middel van publikasies, kursusse ens. te onderneem;
- * maatskaplike werk as beroep te bevorder en
- * die algemene en gemeenskaplike belange van meewerkende liggame te behartig; oorvleueling van werksaamhede te voorkom en die nodige koördinasie op maatskaplike gebied te bewerkstellig.¹⁰⁷⁾

105) Notule van die ANK-vergadering, 3 Julie 1940. Notule van die Uitvoerende Komitee van die FAK, 11 April 1941. FAK: Silwerjubileumuitgawe, 1929-1954, p. 49.

106) Vgl. notule van die Uitvoerende Komitee van die FAK 11/2/44, 4/8/44, 12/5/44, asook aanhangsel C by agenda van die Uitvoerende Komitee-vergadering, 8/9/45.

107) Aanhangsel C by die agenda van die Uitvoerende Komitee-vergadering van die FAK. 8/9/45.

Met die wysiging van die samestelling van die Instituut is daar ook voorsiening gemaak dat die Instituut uitgebrei word om die volgende drie afdelings te omvat: 'n afdeling vir sosiale volksbeleid, vir rassebeleid en vir 'n volks-gesondheidsbeleid.¹⁰⁸⁾ Sedert die ontstaan van die Instituut het hy aan sake op maatskaplike gebied aandag gegee. Aandag is geskenk aan die formulering van 'n gepaste maatskaplike beleid vir die Afrikaner.¹⁰⁹⁾ In 1945 is 'n volkskongres oor maatskaplike beleid gereël. Hiertydens is aandag gegee aan die beleid ten opsigte van die Afrikaanse gesinslewe, arbeid en opvoeding van die jeug.¹¹⁰⁾ In 1944 is 'n volkskongres oor die rassebeleid gereël. Hiertydens is aan die rassevraagstuk aandag gegee, omrede die Instituut nie kans gesien het om die destydse owerheidsbeleid ten opsigte van die rassevraagstuk te steun nie.¹¹¹⁾

In die periode ná 1946 is daar in besonder aan die twee genoemde sake aandag gegee. Die onderafdeling wat die rassevraagstuk en die beleid ten opsigte daarvan as opdrag gehad het, het 'n aantal subkomitees benoem om die beleid ten opsigte van die rassevraagstuk vanuit verskillende aspekte te ondersoek.¹¹²⁾ Ná 1947 word daar min vordering in die werk van die Instituut opgemerk. Van die kant van die Uitvoerende Komitee is aandag geskenk aan die instelling van 'n Instituut vir Rassestudies, wat in 1947 tot

- 108) Notule van die Uitvoerende Raadsvergadering van die FAK, 12/12/44 en 8/9/45, asook Notule van die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad, 4/7/45. Kyk ook: FAK Silwerjubileumuitgawe, p. 49.
- 109) Notule van die Uitvoerende Komitee van die FAK, 14/2/42, 24/6/47.
- 110) Verslag van die Uitvoerende Komitee van die FAK, 1944, 1946. Silwerjubileumuitgawe.
- 111) FAK: Verslag vir die sewende amptelike kongres van die FAK.
- 112) Notule van die Uitvoerende Komitee van die FAK, 18 Februarie 1946.

stand kom. Hierdie Instituut het later in die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (SABRA) ontwikkel.¹¹³⁾ In die tydperk ná 1950 raak die Instituut heeltemal onaktief.¹¹⁴⁾ Die Instituut het 'n tydskrif bekend as „Volkswelstand“ uitgegee. Dit is later in 'n meer algemene kultuurblad met die naam „Inspan“ omskep, waarin ook algemene berigte oor die werk van die FAK verskyn het.

4. Volksorgpolarisering: Simptomaties van kultuurpolarisering?

4.1 Kongresse en konferensies

Dit is simptomaties van die ontwikkeling en die onderlinge relasie tussen samelewingstrukture dat daar 'n klemverskuiwing merkbaar is van die sg. karitatiewe na die sosiologiese prinsipe.¹¹⁵⁾ Die eerste konferensie en kongresse word deur die institutêre kerk gereël wat hom die lot van die noodlydende Afrikanerdom aantrek. In die jare net na die eeuwisseling word daar in die algemeen deur die bevolking na die kerk opgesien om tot aksie oor te gaan ten einde bepaalde maatskaplike vraagstukke die hoof te bied. Dit is opvallend dat die tendens tot die verminderde belangstelling in die vraagstuk van koördinasie gepaard gaan met 'n ander parallelle ontwikkeling, naamlik

- 113) Notule van die Uitvoerende Komitee van die FAK, 7 Oktober 1947; Agenda en verslag van die FAK, 1948. Sekretariële verslag van die FAK, 1947-48.
- 114) 'n Memorandum ingedien deur C.N. Venter i.v.m. 'n Christelik-nasionale welsynsbeleid is na die Instituut verwys, maar daar word nie daarna melding gemaak van die werksaamhede van die Instituut nie. Kyk Notule van die Uitvoerende Komitee, 29 September 1950, 18 Augustus 1951.
- 115) Beide Everts en Treurniet en De Bruin en Geijs verwys na die oorgang van die karitatiewe via die humanitêr-karitatiewe of humanitêretiesse prinsipe na die sosiologiese prinsipe. Die humanitêr-karitatiewe prinsipe vorm die oorgang van die karitatiewe na die sosiologiese prinsipe en het tot gevolg die ontstaan van allerlei sg. neutrale of algemene instellings. Hierdie geleidelike loswringing uit die kerklik- of dogmaties beheerste sorgaktiwiteite lui die sosiologiese fase in waarin sorgaktiwiteite beoefen word vanuit die veronderstelling dat die te versorge individu deel van die gemeenskap uitmaak. Hierdie prinsipe lê in hoofsaak ten grondslag aan die werk van die burgerlike owerheidsinstellings. Vgl. Everts en Treurniet. Gids voor maatschappelijk werk, p. 26 e.v. De Bruin en Geijs. De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken, p. 86 e.v.

die stelselmatige toetrede van die staat tot welsynswerk. Vanaf 1923 word die staat nie net by die organisasie van die kongresse en konferensies in verband met die vraagstukke betrek nie maar gaan die inisiatief ten opsigte hiervan van die staat uit.¹¹⁶⁾ Die orde word nou net omgekeer, en die staat betrek nou die partikuliere inisiatief en die kerk by sy werksaamhede. Deur 'n hele aantal skrywers word gewys op die verskuiwingsproses wat hom in Suid-Afrika voltrek het en wat veral gekenmerk is deur 'n nuwe opvatting van die staatstaak, die geleidelike oordrag van die funksies van private welsynsliggame na die staat en die verskuiwing van belangstelling in sake van kultureel-politieke aard tot sake van sosio-ekonomiese aard.¹¹⁷⁾ Die gesamentlike kongres van 1923 is in die proses van verskuiwing die oorgang van die karitatiewe na die sosiologiese benadering. In hierdie fase wat dwarsoor die wêreld gekenmerk word deur 'n beweging in die rigting van vermeerderde staatsteun en -beheer en 'n toename in sosiale wetgewing, lui die Carnegieverlag in 1934 in Suid-Afrika die nuwe tydperk in. Die verslag was die draer van 'n maatskappybeskouing waarin die staat onder meer tot taak gehad het koördinasie van hulpverlening aan en aanpassingshulp vir die individu in nood.

Die verskuiwingsproses waarvan hier sprake is word oor die hele wêreld gekenmerk deur die ontstaan van nuwe staatsdepartemente en 'n nuwe verantwoordelikhedsbesef van die burger teenoor sy minder bevoorregte landgenoot, via die

- 116) Die 1934-, 1936 en 1944-konferensies is deur die staat georganiseer. Die staat het ook 'n groot aandeel in die 1923-„gesamentlike kongres" gehad.
- 117) Du Plessis, S. Samewerking tussen organisasies, p. 9. Venter, C.N. Professionele maatskaplike werk en sy verhouding tot pastorale werk, p. 103. Brümmer, F. Verslag van die nasionale konferensie oor maatskaplike werk, 1936. Greyling. Die Ned. Geref. Kerk en armesorg, p. 297.

staat. Hierdie denkbeelde word deur die Carnegieverslag in Suid-Afrika ingedra. Die publikasie van hierdie verslag en die besluite van die daaruitvoortvloeiende Volkskongres van 1934 lui 'n nuwe fase in die geskiedenis van koördinasie van sorgaktiwiteite in Suid-Afrika in en kan as 'n keerpunt beskou word.

Met die nasionale konferensie oor maatskaplike werk wat in 1936 gehou is, het die samewerking tussen staat, kerk en partikuliere inisiatief reeds 'n voldonge feit geword en moes daar slegs voortgebou word op die beginsels wat deur die vorige kongresse en konferensies neergelê is. Die tendens tot same-snoering van sorgaktiwiteite onder die beheer van die staat, wat hom reeds in alle lande gemanifesteer het, het in Suid-Afrika na vore getree in die vorm van 'n besonder sterk belangstelling in die vraagstuk van die koördinasie van funksies van verskillende instellings.

In 1944, wanneer die nasionale konferensie oor naoorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk plaasvind, funksioneer die Departement van Volkswelsyn, wat onder meer deur die toedoen van die 1936-konferensie tot stand gekom het, reeds sewe jaar. Uit die bespreking en verslag van hierdie konferensie blyk dit dat die nuwe departement nie geheel en al in sy doel van die koördinasie van welsynswerk geslaag het nie. Daar bestaan reeds weer die behoefte aan 'n sentrale liggaam wat die koördinasie van die werk sal behartig. Tydens hierdie konferensie word die moontlikheid van 'n nasionale welsynsraad breedvoerig bespreek en word die gedagte van so 'n koördinerende raad deur die liggame daar verteenwoordig in beginsel aanvaar.

In die verwesenliking van die gedagtes van staatskoördinasie van die sorgfunksies van die onderskeie samelewingstrukture het die holistiese lewens- en wêreldbeskouing van genl. Smuts 'n belangrike rol gespeel. In hierdie lewens-en wêreldbe-

skouing word reeds die eerste kiem gevind van die gedagtes waaruit die staatsdepartement van volkswelsyn gespruit het. Tydens die 1936-konferensie oor maatskaplike werk is die gedagte van staatskontrole en -koördinasie van sorgfunksies deur genl. Smuts geopper.¹¹⁸⁾ Sy aandeel in die 1936-konferensie en die 1944-konferensie het in 'n groot mate daartoe bygedra dat die aanbevelings van hierdie konferensies so spoedig in die praktyk verwesenlik is. Die besondere klem wat deur hom gelê is op die belangrikheid van die inskakeling van alle staatswelsynsdienste in een omvattende staatsdepartement, en daarna weer die klem wat deur hom op die nasionale koördinasie van welsynswerk gelê is, bewys dat ook in hierdie veld sy holistiese lewens- en wêreldbeskouing deurslag gegee het.

In 'n sekere sin vorm hierdie twee konferensies van 1934 en 1936 waartydens genl. Smuts as spreker opgetree het 'n keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse sorginstellings. Ná hierdie konferensie is daar 'n duidelike skeiding te bespeur tussen die sogenaamde welsynsorganisasies en kultuurorganisasies.¹¹⁹⁾ Die welsynsorganisasies polariseer met verloop van tyd saam om die Nasionale Welsynsraad terwyl die Afrikaanse kultuurorganisasies rondom die FAK polariseer. Hierdie twee groeperinge van liggame konfereer dan ook na 1936 slegs by uitsondering saam oor sake van gemeenskaplike belang. Die ontwikkelingsgang wat ná hierdie datum bespeur word is een waarin die welsynsliggame wat hoofsaaklik met die professionele maatskaplike werk as versorgingsmetode gemoeid is, saam kongresse en konferensies reël, terwyl die Afrikaanse kultuur-

118) Brümmer, F. Verslag van die nasionale konferensie oor maatskaplike werk, 1936.

119) Vgl. die omskrywing van 'n kultuurorganisasie in Botha, M.E. Die waarde van maatskaplike sorg vir kultuurwerkers. Die Veteran, XXVII, 2 Junie 1963, en die van 'n welsynsorganisasie in die Wet op Welsynsorganisasies, nr. 40 van 1947, soos gewysig.

liggame saam gekoördineer word onder die vleuels van die FAK wat van tyd tot tyd kongresse en konferensies van stapel stuur.

4.2 Statutêre koördinasie

Met die aanname van die Uniewet van 1909 word die eerste saadjie gesaai van 'n nuwe meer universalistiese staatsbeskouing. Die kulminering van 'n tendens tot vermeerderde sentralisasie en koördinasie van sorgaktiwiteite van staatsweë word bereik met die byvoeging van 'n afdeling Sosiale Welsyn tot die Departement van Arbeid in 1935 en die daaropvolgende totstandkoming van 'n afsonderlike Departement van Volkswelsyn in 1937. Dit was veral gedurende die fase 1910 tot 1937, en met name gedurende die laaste jare van hierdie fase, dat die universalistiese tendens in die sorgaktiwiteite van die onderskeie samelewingsvorme na vore tree. Die proses wat in 'n sekere sin die vrug en die navolging was van soortgelyke tendense wat hulle feitlik simultaan in ander wêrelddele gemanifesteer het, is in 'n groot mate gestimuleer deur die klimaat wat geskep is deur die deurwerking van die lewensbeskouing van Smuts.¹²⁰⁾ Die staatsdepartement wat midde-in die brandpunt van hierdie holistiese geestestroming in Suid-Afrika sy ontstaan het, is dan ook die historiese kultuurproduk van die geestestrominge wat so 'n vrugbare teelaarde gevorm het vir die praktiese verwesenliking van holistiese en universalistiese denkbeelde.

Met die totstandkoming van die staatsdepartement van Volkswelsyn word 'n nuwe wyse van samewerking tussen staat en partikuliere inisiatief in Suid-Afrika gebore. Staatsubsidiëring van

120) Vgl. Brümmer. Verslag insake die nasionale konferensie oor maatskaplike werk, 1936 asook die werke van skrywers soos Polak: De toekomst is verleden tijd. Couwenburg: De vereenzaming van de moderne mens. Id. De strijd tussen progressiviteit en conservatisme. Schilder. De openbaring van Johannes en het sociale leven. Oor die hele wêreld kom soortgelyke staatsdepartemente tot stand. Vgl. Kurtz. Social work yearbook, 1960.

van die sorgaktiwiteite van welsynsleggame tree op die voorgrond en die sogenaamde vennootskapsverhouding ontstaan waarin die partikuliere inisiatief by die staatstaak „ingeskakel” en „betrek” word. Die vennootskapsverhouding word daardeur gekenmerk dat die finansieel sterkere en territoriaal groter vennoot beleid bepaal, voorskrifte maak, eise stel, funksies en terreinverdeel en verantwoording eis, terwyl die partikuliere instellinge behulpsaam is in die uitvoering van staatsbeleid, voorskrifte uitvoer, aan eise beantwoord, finansiële steun ontvang, ensovoorts. Op hierdie wyse word die partikuliere instellinge bloot semistaatsorgane wat hulle eie interne soewereiniteit in eie kring prysgee ter wille van die finansiële steun wat hulle van staatsweë ontvang.

Waar die totstandkoming van die Nasionale Welsynsraad die hoogtepunt is van ’n proses van staatsbemoeling met die werk van die partikuliere en ander selfstandige sorgsfeer, is die vermeerderde staatsmag ten opsigte van koördinasie, soos dit in die Wet op Welsynsorganisasies beliggaam is, ’n voorwaartse stap op die weg van staatsingrype binne die soewereine sfeer van die selfstandige partikuliere en kerklike instellinge. Die Nasionale Welsynsraad kan gekwalifiseer word as een van die nuwe vorme van bestuursorganisasie waarin ons met ’n sg. „gemengde bestuursorgaan” te doen het. In hierdie gemengde bestuursvorm vind ’n verskuiwing van die taak van die partikuliere inisiatief na die staat op baie subtiele wyse plaas. In hierdie tendens moet ’n onregmatige verbreding van die staatstaak gesien word wat nie gerym kan word met die beperktheid van die staatstaak volgens die Skrif nie. Die partikuliere instellinge kom in ’n funksioneel gedensentraliseerde posisie of ’n subsidiêre posisie wat ten diepste, uitdrukking is van ’n meer sosialisties-georiënteerde staatsbeskouing waar die staatstaak die ganse menslike lewe omspan en daaraan leiding moet gee. Hierdie gedagte is reeds

in meer as een opsig in die kiem in Suid-Afrika aanwesig daarin dat die staat benewens sy normale juridiese taak, ook terrein verdeel, beleid neerlê, verantwoording eis en beleidsbeplanning ten opsigte van privaat sektore onderneem.

In die geval van die Nasionale Welsynsraad is sprake van 'n „gemengde orgaan“, wat as gevolg van die organisatoriese vermenging van staat en partikuliere inisiatief meebring dat die sosialisme „zachtgevooid en op kousenvoeten, vaak met de beste bedoelingen en op een ogenschijnlijk aanneemlijk wijze“ in die volkslewe inkom.¹²¹⁾ Dit bring mee die nivellering van grense tussen staat en partikuliere inisiatief en die uiteindelijke algehele opgaan van die partikuliere inisiatief in die totalitêre staat.¹²²⁾

Hierdie vermenging of organisatoriese in mekaar opgaan, deelgenootskaps- of vennootskapsvorming hou dus, vanweë die miskenning van die eie aard van die betrokke twee samelewingstrukture, die negasie van grense en die berowing van die tipiese karakter van elk van die instansies, 'n wesenlike gevaar in vir die normatiewe beginsels van gesag en vryheid, soewereiniteit in eie kring en universaliteit in eie kring en is die eerste skrede op die weg van verstaatliking van die maatskaplike lewe of staatstotalitarisme.

Meer en meer skrywers sien vandag die Nasionale Welsynsraad in Suid-Afrika as 'n vorm van gemeenskapsorganisasie waarin daar op nasionale vlak deur die staat tot die koördinasie van sorgaktiwiteite oorgegaan word. Die feit dat die Raad pas binne die raamwerk van die staatsbeleid waarin daar algaande meer

- 121) Berghuis. Samenwerken van overheid en particulieren. Anti-revolutionaire Staatskunde, 25: 1-18, 1955. Idem: De gemeenten in de frontlijn. Anti-revolutionaire Staatskunde, 21: 382, 1951.
- 122) Berghuis. Samenwerken van overheid en particulieren. Dooyeweerd. Vernieuwing en bezinning, p. 48.

en meer magte aan die staat toegeskryf word op grond daarvan dat die staat aanspreeklik sou wees vir die „algemene welsyn“, dui daarop dat hierdie Raad, net soos die sosiale rade in ander lande, die voorloper en begeleidente verskynsel van 'n staatsopvatting is wat baie nou verwant aan, indien nie sinoniem met die welsynstaatgedagte is nie.

Ook in die totstandkoming van hierdie Raad het die holisme-ideale van Smuts 'n deurslaggewende rol gespeel. Die eerste poginge tot die koördinasie van versnipperde welsynskragte geskied binne die raamwerk van die deelname van die Unie aan die tweede wêreldoorlog in belang van die Britse Ryk. Die ontstaan van die Nasionale Raad kan gesien word as 'n konvergensiepunt van twee fasette van die holisme wat ener syds die onderlinge relasie tussen state en volke en volk en staat raak en andersyds die relasie tussen staat en partikuliere instellings.

4.3 Nasionale koördinerende rade

In die ontwikkelingsgang van die vroueverenigings is dit duidelik dat die liberalisme in die gestalte van die verdraagsaamheidsgedagte hom nie onbetuig gelaat het nie. Hier tree die gedagte van eenheid bo geloofsverdeeldheid na vore. 'n Sekere dubbelslagtige ontwikkeling is in die werksaamhede van die vroueverenigings merkbaar, wat blyk uit hulle inskakeling ener syds by die kultuurinstellings wat rondom die FAK polariseer en andersyds die inskakeling binne die koördinasiepatroon van die staat.

In Suid-Afrika word daar 'n soortgelyke ontwikkelingstendens as in die buiteland aangetref met betrekking tot die ontstaan van nasionaal-georganiseerde koördinerende rade. Die ontwikkeling van hierdie rade verteenwoordig 'n gesonde uitbouing van die beginsel van gedifferensieerde koördinasie op kategoriese grondslag. Karakteristiek van die werksaamhede van hierdie rade is die feit dat feitlik al hierdie instellings van dieselfde versorgingsmetode gebruik maak, nl. die tegniek van professionele maatskaplike werk. Die vraag ontstaan onwillekeurig of hier nie trekke van universalisme en totalitarisme te bespeur is nie?

h Groot verskeidenheid van instellings met uiteenlopende doelstellings en werkterreine kan tog onmoontlik hulle in die uitvoering van hulle funksies slegs van één tegniek of metodiek bedien. Verskil in uitgangspunt, funksie, taak, werkterrein en doelstellings moet tog h wesenlike verskil in metode teweegbring.

4.4 Die Federasie van Afrikaanse kultuurverenigings

Die geestesklimaat waaruit die FAK ontwikkel het staan lynreg teenoor die liberalistiese, holistiese eenheidsideaal. Dit is produk van die Calvinistiese kultuurdominant in die volkslewe. Juis die Calvinisme, met sy aard-eie waardesisteem gegrond op die Woord en die Belydenis, het tot gevolg gehad organiese gemeenskapsvorming en kultuurskepping¹²³⁾ in die Afrikaanse volkslewe. Hierdie feit was in die geskiedenis van die Afrikaanse kultuurlewe een van die sterkste samebindende elemente en was ook die gemeenskaplike samebindende faktor wat ten grondslag lê aan die samehorigheidsgevoel en eenheidstrewe wat die grondslag en krag vir alle positiewe kultuurontploffing gevorm het.¹²⁴⁾ Dit is die „Afrikaanse gedagte“¹²⁵⁾ wat met verloop van tyd sy neerslag gevind het in die vorm van bepaalde bewuste kultuuruitinge ensovoorts en wat ook die groeibodem gevorm het vir die ontstaan van die FAK.

In die ontstaan en latere werk van die FAK speel die lewens- en wêreldbeskouing van dr. N.J. van der Merwe, die eerste voorsitter van die FAK h belangrike rol.¹²⁶⁾ Hy was Calvinis

123) Meyer. Die Afrikaner, p. 36, 55.

124) Van den Heever & Pienaar. Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, 3: 7.

125) Ibid. Meyer. Die Afrikaner, p. 6. Kruger. Kultuur in die Republiek.

126) Vgl. Scholtz. Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe, 1888-1940.

van lewensooruiging en het as kultuurleier op verskillende terreine kultuurhandhawing en -uitbou voorgestaan onderworpe aan die goddelike skeppingsordinansies. Sy ideale van die geestelike vryheid en selfstandigheid van die Afrikanervolk was die stukrag agter die werk van die FAK. Sy opvatting dat hoër eenheid in die volkslewe alleen bereikbaar is deur die erkenning en handhawing van dit wat aan elke volksgroep eie is, was die gedagte waaruit die versorgingsmetodes en die historiese kultuurprodukte van die FAK gebore is. In die kultuurbeskouing van Van der Merwe staan die gedagte van die innige verbondenheid tussen kultuur en godsdiens voorop. Dit het onder meer ingehou dat daar vir die Afrikaner geen kompromie of rassesamesmelting op kultuurgebied kon wees nie, selfs nie ter wille van die bereiking van sogenaamde eenheid nie.

Wat die samestelling van die FAK betref, het ons te doen met 'n organisasievorm bekend as 'n federasie, waarin liggame op nuwengesikhte basis op voet van gelykheid toetree en regstreekse verteenwoordiging geniet. In die samestelling van die FAK behou elke toetredende liggaam sy soewereiniteit. Dit is duidelik dat die FAK, wat sy samestelling betref, reg laat geskied aan die beginsels van universaliteit in die kring, soewereiniteit in die kring, en van gesag en vryheid. Ten spyte van die feit dat die FAK geografies, funksioneel, intern en ekstern kultuuraktiwiteite op regstreekse en onregstreekse wyse koördineer, kom daar geen oorkoepelende meganiese en totalitêre koördinasievorm tot stand waardeur aan die soewereiniteit en gesag en vryheid van die geaffilieerde liggame afbreuk gedoen word nie. Die FAK streef organiese koördinasie na en bring dit op ordelike wyse sonder 'n proses van hiërargiese onderskikking deur subsidiariteit tot stand.

5. Holisme: 'n Nuwe kultuurdominant?

Wanneer die partikuliere volksorg in historiese perspektief gesien word, dan is dit duidelik dat die ontwikkelinge wat hulle op hier-

die terrein manifesteer deel uitmaak van 'n veel meer omvangryke polariseringsproses wat besig is om hom in die Afrikaanse volkskultuur te vergestalt.

In die proses van die wisselwerking van kultuurdominante soos in die vorige hoofstuk uiteengesit blyk dat die meeste Afrikaanse kultuurorganisasies voortdurend konstruktief en konserverend besig is om verskillende fasette van die Afrikanerkultuur te beskerm teen die destruktiewe kragte van anglisering en denasionalisering. Aan hierdie stryd werk die meeste ander partikuliere instellings ook mee. Daar ontstaan geleidelik 'n divergensie in die tipe van nood ten opsigte waarvan die betrokke instellings kuratief te werk gaan, naamlik enersyds rig die kultuurorganisasies hulle in hoofsaak op die linguale, kulturele en ook politieke aspekte van die volkslewe, terwyl andersyds die welsynsverenigings konsentreer op sosio-psigiese en sosio-ekonomiese nood. By beide tipe van organisasie tref 'n mens egter ook 'n integrasie van hierdie twee benaderingswyses aan.

Die verset van die kultuurorganisasies teen die holistiese ideale van 'n meganiese integrasie van die twee bevolkingskomponente in 'n hoër geheel, geld primêr die gevaar wat dit inhou ten opsigte van die Afrikanervolksidentiteit. Korrelaat aan hierdie proses waardeur die identiteit van die Afrikanervolk op die spel geplaas is, voltrek 'n ander proses van grensnivellering hom waarin nie die identiteit van die volk as struktuur in die eerste plek op die spel geplaas word nie, maar die tussen staat en partikuliere instellings.

Ten einde die volle omvang van die nuwe dryfveer in die kultuur van die Afrikanervolk te begryp, vervolgens enkele kursoriese opmerkinge oor die holisme. Gesien die belangrike invloed wat hierdie filosofie van Smuts op die onderlinge verhouding tussen die Afrikaans en Engelssprekende bevolking en die koördinasie van volksorg gehad het, word dit primêr aan die hand van sy denkbearde gedoen.

Die holisme is vrug van die irrasionalisme en in 'n sekere sin 'n reaksie op die verskeuring van lewe en geloof, soos dit veral in

die verabsoluteerde wetenskapsideaal - die scientisme - met die een-
sydige naturalistiese en meganisties-analistiese wêreldbeeld na vore
getree het. Die holisme wil rede en geloof in 'n hoër sintese op
grond van die uitgangspunt van kreatiewe ewolusie verenig. Hier-
die stroming word soms ook met die naam vitalisme aangedui.
Dooyeweerd wys in sy werk „Vernieuwing en bezinning” op die noue
verband wat daar tussen die vitalisme of die verabsoluttering van die
lewe as geheel en die universalistiese geheel-deelmaatskappybe-
skouing ¹²⁷⁾ bestaan. In die holisme is die mees uiteenlopende ele-
mente tot een sisteem verenig. Die Platoonse ideëwêreld, Griekse
vorm-materiemotief, Thomistiese natuur-genademotief is maar enkele
van die momente uit die vroeëre geestestrominge wat 'n konstitueren-
de rol in die sinkretisme-filosofie van die holisme ¹²⁸⁾ speel.
Vir die Skriftuurlike Godsbegrip van 'n Absolute en Selfgenoegsame
God wat die Skepper van die heelal en die Onderhouer daarvan is, is
daar in die holisme weinig sprake. In die plek van God staan die
G E H E E L wat as absolute en selfgenoegsame krag alles deur-
straal, besiel en ordelik saamvoeg. Hoewel daar in die holisme
van „cosmic control” sprake is, veronderstel dit bloot die aanwesig-
heid van 'n geheelbewerkende mag. ¹²⁹⁾ Die stroming sien die ganse
skepping as 'n geheel van organiese strukture wat elk 'n selfstandige
geheel („whole”) vorm. ¹³⁰⁾ Hierdie verskynsels word nie slegs in

127) De Wet, op. cit., p. 11, 12. Kempff, op. cit., p. 11, 20. Dooye-
weerd. Vernieuwing en bezinning.

128) De Wet, op. cit., p. 117, 125, 133. Van hierdie sintese is die
holisme-filosofie van J.C. Smuts ook 'n voorbeeld. Blanckenberg,
P.B. (samesteller), op. cit., p. 165, 166.

129) Hancock, op. cit., p. 298. Armstrong, op. cit., p. 375. Laubscher.
Generaal Smuts. Kempff, op. cit., p. 149, 150.

130) Smuts stel dit in sy werk „Holism and evolution” soos volg: „The
harmonies of nature, the grand sweep of natural law throughout all
time and all space, the great ideas and the vast synthesis of
thought which embrace the interior spiritual world no less than
the external visible universe, all have their origin and find their
last explanation in that ultimate unity which is the essence of the
Whole and without which all the heterogeneous elements of ex-
perience would fall asunder and chaos would take the place of cosmos.”
Vgl. in die verband: Hancock: Smuts, p. 298.

die nie-menslike natuur aangetref nie maar ook in die menslike persoonlikheid wat die hoogste uitingsvorm van hierdie geheel-prinsipe is. Hierdie proses word volgens Smuts ook in die menslike samelewing en die staat aangetref.¹³¹⁾ Smuts het in die ganse skepping een saambindende faktor gesien, wat die eenheid en samehang van alle dinge beheer en verklaar het, naamlik die „whole“. Hy het die proses van holisme gesien as die grondleggende aktiwiteit wat soos 'n polsslag deur alle ander aktiwiteite in die skepping geklop het.¹³²⁾

Die tendens tot die vorming van gehele kulmineer in die menslike persoonlikheid, toegerus met die ideë van die Goëie, die Ware, die Skone, Reg, Vryheid, Liefde, Waarheid. Smuts stel dit soos volg: „Other higher orders of wholes may exist elsewhere or arise in the future evolution of this unfathomable universe, but for us, in the present order of things, human Personality is the supreme holistic achievement. The organism with conscious reason and soul is for us the highest embodiment of that spiritual principle which we believe is at the heart of the universe.“ En voorts: „..... I cannot get away from the conviction that the way for reform the way of salvation lies through the fostering, the purification, the enrichment of the human Personality.“ Uit hierdie kort aanhaling blyk die humanistiese en antroposentriese mensbeskouing van die holisme. Inherent aan hierdie beskouing is ook die gedagte van die broederskap van die mens.¹³³⁾

- 131) Smuts. Holism and evolution, p. 105. Armstrong, op. cit., p. 374. Blanckenberg stem nie saam met hierdie stelling nie. Hy beweer dat hierdie geheelprinsipe nie deur Smuts op die staatkundige lewe van toepassing gemaak was nie. Kyk Blanckenberg (samesteller), op. cit., p. 165. Die ontwikkeling van die Unie van Suid-Afrika, die Volkebond en die Gemenebes van Nasies staaf egter die bewering van Armstrong.
- 132) Hancock. Smuts, p. 10, 375. In die verband skryf Hancock soos volg: „Yet in his universe there appeared to be no need nor even room for God. There was a design, but no Designer. In Smuts' philosophy there was, for the ordinary man, no God.“
- 133) De Wet, op. cit., p. 153, 159. Blanckenberg, (samesteller), op. cit., p. 165. Kempff, loc. cit.

Omdat die mens die Gosis wil en van nature tot integrasie en reïntegrasie met die medemens geneig is, en op grond van die tendens tot die samevoering en vorming van harmoniese gehale, ook in die menslike samelewing, moet die broederskap van die mens as ideaal voorop staan, al sou dit die nivellering van verskille en grense tussen mense, groepe en strukture beteken – juis in en deur hierdie gelykmakingsproses word die proses van die integrasie tot gehele bevorder. ¹³⁴⁾

In die holistiese maatskappybeskouing werk die universalistiese maatskappybeskouing sterk deur, veral met betrekking tot die relasie staat-menslike persoonlikheid en die relasie tussen die staat en die ander samelewingsverbande. Die menslike samelewing bestaan ten behoeve van die menslike Persoonlikheid. Smuts sê: ¹³⁵⁾ „The State, whether it is a whole transcending the Personality, or an organized society of Personalities, should in any case have as its chief aim the promotion of the highest types of Personality. The good state is in the end the good society.....”

Met die oog op die harmoniese samevoeging van die dele van die staatsbevolking tot die geheel, die gosis samelewing, is die same-smelting van die verskillende volke in een staatsnasie nodig. Die verskillende state moet dele van die groter geheel van die „greater society”, die kosmopolis of wêreldstaat ¹³⁶⁾ vorm. Hierdie proses van kreatiewe evolusie met sy inherente drang tot die harmoniese samevoeging van dele tot gehele, speel hom af in alle ryke in die

- 134) Smuts het as politieke ekwivalent van sy holisme-filosofie gesien: „.... the brotherhood, not the strife of peoples”. Vgl. Hancock. Smuts, p. 181, 199. De Wet, op. cit., p. 13. K.R. Popper karakteriseer die holisme as „the creed of tribalism and collectivism, a devilish totalitarian invention for the glorification of the State and the enslavement of the individual.” Vgl. sy Open society and its enemies, l: 80, soos aangehaal deur Hancock. Smuts, p. 305.
- 135) Blanckenberg. (samesteller), op. cit., p. 165. Smuts, J.C. Holism and evolution, p. 105. Armstrong, op. cit., p. 374.
- 136) Vgl. ook Coetzee, J.H. Persoonlike vryheid. (In SA Akademie Referate gelewer op algemene vergadering, 1966, p. 88-108).

kosmos en kulmineer in die menslike persoonlikheid wat op sy beurt weer in die menslike samelewing samegestelde groepe, holistiese groepe vorm, onder meer deur koördinasie, koöperasie en sentrale kontrole. „Finally there emerge the ideal wholes, or holistic Ideals, or absolute Values Such are the Ideals of Truth, Beauty and Goodness, which lay the foundation of a new order in the world.”¹³⁷⁾ Uit die verskillende state waarin alle grense wegvall, word die groot wêreldomvattende g e h e e l, die „greater society” opgebou – die „better world”, waarvan Smuts so dikwels in sy toesprake en geskrifte gewag maak.¹³⁸⁾

Uit die voorafgaande uiteensetting is dit duidelik dat die holisme as geestestroming geleidelik op verskillende vlakke in die volkswêreld veld gewen het. Weliswaar het dit in ander kanale begin vloei as slegs die onderlinge relasie tussen volke, maar die wesenkenmerke van hierdie stroming tree geleidelik al hoe meer op die voorgrond.

In ’n tydperk waarin die holistiese ideaal ten opsigte van die onderlinge verhouding tussen die Afrikaans- en Engelssprekende bevolkingselemente in Suid-Afrika al hoe sterker op die voorgrond tree, ontstaan binne die Suid-Afrikaanse Spoorweë ’n nuwe kultuurvereniging wat hom in sy doelstellinge en aktiwiteite primêr rig op die bewaring en handhawing van die Afrikanervolksidentiteit en die bestryding van die uitwasse van die holisme in die werk en lewe van die Afrikaner op die Spoorweë.

137) Smuts, J.C. Holism and evolution, p. 105.

138) ’n Versameling van sy toesprake dra die titel: Plans for a better world. In hierdie „greater society” moes die „greater South Africa” opgebou uit die twee gekonsolideerde dele van die Suid-Afrikaanse bevolking, die Afrikaners en die Engelse, opgaan. Sien Laubscher. Generaal Smuts, p. 76, 77, 85, 86.

A F D E L I N G I I

DIE ATKV (SAS EN H) AS PARTIKULIERE VOLKSORGAAN
IN DIE AFRIKAANSE VOLKSKULTUUR

HOOFSTUK V: ONTSTAAN, AARD EN VOLKSORG MEDIA

1. Inleidend

Die totstandkoming van die ATKV (SAS en H) as partikuliere volksorg-
orgaan in die Afrikaanse volkskultuur gedurende die vroeë dertiger jare
kan nie geïsoleer word van die destyds heersende lands-, volks- en kultu-
rele omstandighede nie. Die behoefte aan sodanige vereniging wat hom
sou bemoei met die bewaring en behoud van die tradisionele oorgelewerde
Afrikaanse volkskultuur as wyse van lewensindienstelling en die daar-
aan ten grondslagliggende kultuuretos en konkrete en ideële volkskultuur-
produkte, is juis geskep en gedetermineer deur die heersende lands- en
volksomstandighede. Daarom vervolgens 'n vlugtige oorsig oor die lands-
omstandighede wat die totstandkoming van die Vereniging onmiddellik
voorafgegaan het.

Die dertiger jare van hierdie eeu konfronteer die Afrikanervolk op feit-
lik alle lewensterreine met volksvreemde kultuurprodukte en lewensstyle.
Hierdie tendense waaraan die volk in hierdie tydperk in 'n toenemende
mate blootgestel word, word onder meer teweeg gebring deur vermeerderde
kontak met allerhande buitelandse denkbearde en ideologieë. Telkens
maar weer word hierdie volksvreemde gedagtes en denkbearde primêr van-
uit die Engels- deïstiese gedagteklimaat of konsepsiewêreld, via die
Engelse taal in die Afrikanervolksew oorgeplant. Vruggbare teelaarde
vir die ontvangs en ontkiëming van hierdie denkbearde is reeds deur die
bevrugterende werking en invloed van die deïstiese en liberalistiese gees-
testrominge in die Afrikanervolksew voorberei. Vir die Afrikaanse
volkskultuur het die oorheersing deur die Engelse taal 'n subtiele be-
dreiging ingehou, omdat die Engelse taal die medium was waardeur die
Afrikanervolkslid in die Engels-georiënteerde leefwyse, sedes, gewoontes
en gebruike ingelyf is.

Die situasie wat in die twintiger- en dertiger jare ontstaan het dat
daar op feitlik alle lewensvlakke aan die Engelse taal en leefwyse
prioriteit toegeken is, is deur die denkbearde van Rhodes, Milner,
Smuts, Botha en andere in die hand gewerk. Op staatkundige gebied het

hierdie ideale in die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika gekulmineer. Sedert 1910 is van owerheidsweë alle moontlike middele in werking gestel om die lewensbeskoulik en linguaal wyd uiteenlopende blanke etniese bevolkingsgroepe van die Unie op meganies-kunsmatige wyse tot een verenigde nasie te laat saamsmelt.¹⁾ Hoewel die landsbestuur in die hande van Afrikaanssprekendes was, was hulle die oortuiging toegedaan dat dit, op grond van die beleid van „vergewe en vergeet“, moontlik sou wees om die historiese en ander verskille wat die twee blanke bevolkingsgroepe geskei het, uit te wis en gelyk te skakel en so 'n verenigde Suid-Afrikaanse nasie op te bou. Daar is nie genoegsaam rekening gehou met die veel dieperliggende en diepgrypende lewensbeskoulike en konsepsionele verskille wat die twee onderskeie etniese groepe gekenmerk het nie.

In die tydperk ná 1910 het daar vir die owerheid 'n taak van opbou en konsolidasie gewag. Die staatsdiens was een van die eerste terreine waarop 'n aanvang met die proses gemaak is. In daardie stadium het die Engelsprekendes nog die grootste gros van die personeel van die staatsdepartemente uitgemaak..... 'n erfenis uit die tydperk van die doelbewuste angliseringsbeleid van die Milner-regime.²⁾ Genls. Botha en Smuts was ook in hoofsaak op die eentalige Engelsprekendes vir die aanstelling in allerlei senior administratiewe betrekkinge in die staatsdepartemente aangewys, hoofsaaklik omdat die Afrikaners vir die grootste deel landelinge was. Só ontwikkel daar in die tydperk ná 1910 'n situasie waarin die staatsdepartemente, hoewel die landsbestuur in die hande van die Afrikaners was, grotendeels in die hande van die eentalige Engelsprekende amptenare kom. Dit maak uiteraard die toepassing van die belangrike artikel 137 van die Unie-grondwet oor taalgelykheid tussen die Engelse en die Hollandse taal in die praktyk bykans onmoontlik en lei tot die afskeep en vermenging van Afrikaans.

1) Vgl. hoofstuk IV van hierdie geskrif.

2) Pauw, op. cit., p. 186-7.

2. Historiese oorsig

Van die staatsdepartemente was die Spoorweë seker een van die belangrikste erfgename van hierdie toedrag van sake. Die ou NZASM van die Suid-Afrikaanse republiek, wat tydens die Britse militêre bewind deur die Imperial Military Railways van Milner oorgeneem is,³⁾ het 'n heenkome gebied vir 'n groot aantal Engelse soldate met die gevolg dat veral die Spoorweë op feitlik alle vlakke tot oorlopende toe gevul is met eentalige Engelssprekende amptenare en personeel. In al drie die ander provinsies was die voertaal van die Spoorweë vóór Unie-wording in 1910 deurgaans Engels.⁴⁾ Indien verder rekening gehou word met die feit dat die armblankevraagstuk juis in hierdie tydperk in die Afrikanervolkswet relevant op die voorgrond tree, en dat die Spoorweë naas ander staatsdepartemente die instansie is wat 'n heenkome bied vir die talle ongeskoolde blanke Afrikaanssprekende, destyds sg. armlastiges, wat hul toevlug na die stede neem, dan is dit duidelik dat die Afrikaanse taal en kultuur op die Spoorweë reeds by voorbaat 'n geweldige agterstand gehad het om in te haal, op grond van die feit dat die meeste senior administratiewe en tegniese betrekkings deur eentalige Engelssprekende amptenare gevul was, terwyl die Afrikaanssprekende werknemers hoofsaaklik ongeskoolde arbeid in die laer range van die Spoorwegdiens verrig het. Dit het daartoe meegewerk dat selfs vir 'n geruime tyd nadat daar reeds verandering in hierdie omstandighede ingetree het, daar nog aan die Afrikaners in diens van die Spoorweë 'n stigma gekleef het. Die groepering van die Spoorwegwerknemers in afsonderlike woongebiede - 'n ander erfenis uit die I.M.R.-tradisie van Spoorwegkampe, het hierdie toestand vererger.

In die tydperk onder bespreking lê die depressie die ganse ekonomiese

- 3) Ibid., p. 67 e.v. Praagh, L.V. The Transvaal and its mines, p. 37. Coetsee, D.J. Die Spoorwegman en Afrikaans, art. 3, DT, 24: 4, 1955. Wiid, J.A. Weeropbou, 1902-1908. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 5: 446-7).
- 4) Coetsee, D.J. Die Spoorwegman en Afrikaans, art. 3, p. 4 e.v. Pauw, op. cit., p. 69.

lewe van die volk lam. Dit vererger die reeds bestaande armblanke-vraagstuk, veral ook omdat die grootskaalse werkloosheid wat met die depressie gepaard gegaan het en die proses van verstedeliking wat dit in die hand gewerk het, waardeur talle verarmde Afrikaners in die stede as ongeskoolde arbeiders h heenkome moes vind, h situasie skep waarin die Afrikaanse taal en kultuur met minagting bejeën word. Die verarmde Afrikaners wat as laagbesoldigde ongeskoolde arbeiders onder andere by die Spoorwag h heenkome gevind het, was in die reël nie Engels magtig nie, met die gevolg dat hulle reeds by voorbaat vir bevordering gediskwalifiseer is.⁵⁾ Hierdie omstandighede maak dit vir die Afrikaner in h toenemende mate moeilik om aan sy volkskulturele erfenisse trou te bly en om sy afsonderlike identiteit as volk te handhaaf. Hy moet noodwendig Engels praat om vir die Engels-georiënteerde werkgewer, as werknemer, aanvaarbaar te wees en vir bevordering in aanmerking te kom. Daarbenewens is op die Afrikaanssprekende wat Engels nie magtig was nie, neergesien. Hierdie faktore word h byna onoorkomelike struikelblok op die weg van ekonomiese voortuiging vir die Afrikaanssprekende. Die vermoë om Engels te kan praat word geleidelik statussimbool onder h groot gros van die Afrikaanssprekendes en dit gee mettertyd aanleiding tot die ontstaan van h Afrikaner met h dubbele of gesplete volkspersoonlikheid wat, hoewel hy Afrikaanssprekend was, die Engelse sedes, gebruike en gewoontes al hoe meer vir homself deur die daaglikse gebruik van die Engelse taal, en daarby inbegrepe die Engelse volksgedagtereld, toegee-eien het.

In die toestroming van die verarmde Afrikaners na die stede en die indiensneming van hierdie ongeskoolde arbeiders in groot getalle, ook in die staatsdepartemente, het vir die Afrikanervolkskultuur ook h heilsame ontwikkeling opgesluit gelê. Dit het geleidelik h getalle-oorwig in die guns van die Afrikaanssprekendes in die openbare diens teweeg gebring. Terselfdertyd het die staatsdiens klaarblyklik geleidelik vir die Engelsprekendes minder aantreklik geword en het hulle in ander beroepe h

5) Pauw, op. cit., p. 195. Coetzee, Abel. Die opkoms van die Afrikaanse kultuurgedagte aan die Rand, 1886-1936, p. 332. Coetzee, D.J. Die Spoorwagman en Afrikaans, art. 9, p. 9.

heenkome gevind. ⁶⁾

Hierdie geweldige agterstand van die Afrikaanse taal en kultuur in die onderskeie staatsdepartemente, die erkenning van die gelykheid van Hollands en Engels in die Unie-grondwet en die erkenning van Afrikaans as amptelike landstaal naas Engels in 1925 ten spyt, ⁷⁾ dien as aanleiding tot die Uniale Taal- en Kultuurkonferensie wat in 1929 in Bloemfontein plaasvind en die totstandkoming van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) tot gevolg het. Dit dien weer op sy beurt as stimulus vir die totstandkoming van allerlei taal- en kultuurvereniginge met as primêre doel die handhawing van en stryd om die erkenning en die gelykbergtiging van die Afrikaanse taal. ⁸⁾

Hoewel die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1924 en die amptelike erkenning van Afrikaans as tweede landstaal in 1925 'n nuwe beveling vir die Afrikaanse taal en kultuur in die staatsdiens ingelui het, het daar nog veel gekort wat die praktiese uitvoering en toepassing van hierdie statutêre maatreël betref. Dit geld veral die onderskeie staatsdepartemente wat vir 'n geruime tyd alle korrespondensie, administrasie, omsendbriewe, kennisgewings ens. slegs in Engels of by voorkeur in Engels gevoer het. Tot in daardie stadium was Hollands, wat weinig lewenskragtigheid meer getoon het en vir die grootste meerderheid staatsamptenare feitlik geheel en al onbekend was, ⁹⁾ die alternatiewe amptelike taal naas Engels.

Ná die aanvaarding van Afrikaans as amptelike landstaal tree daar 'n verandering in op die Spoorweë. Op 1 September 1925 het die Spoorwegan en Havens Dienst Wet nommer 23 van 1925 waarvan artikel 8 die tweetaligheidsbeginsel baie duidelik stel, van krag geword. D.J. Coetsee ¹⁰⁾

- 6) Vgl. i.v.m. die grootskaalse indiensneming van behoeftige Afrikaners in die staatsdiens, die sg. "beskaafde arbeidbeleid" van genl. Hertzog. Sien ook: Coetsee, D.J. Die Spoorwegman en Afrikaans, art. 2, p. 4 e.v.
- 7) Pauw, op. cit., p. 186-7. Reeler, J.E. Die opgang van ons taal in die Spoorweë. DT, 24: 11, 16, 1955.
- 8) Coetsee, D.J. Die Spoorwegman en Afrikaans, art. 5, p. 4 e.v. Notule: ATKV-kongres: 1ste, 1931.
- 9) Coetsee, D.J. Die Spoorwegman en Afrikaans, art. 2, p. 5. Pauw, op. cit., p. 189. Reeler, J.E. Die opkoms van ons taal in die Spoorweë, p. 11, 16.
- 10) Vgl. sy artikelreeks in DT: Die Spoorwegman en Afrikaans, 1955 en 1956.

wys daarop dat daar vanaf hierdie datum 'n merkbare verandering ten gunste van Afrikaans in die amptelike taalbeleid van die Spoorweë te bespeur is. Hy wys daarop dat Afrikaans vanaf 1926 die v e r t a a l - tydperk binne tree. In November 1927 benadruk die Spoorwegraad die noodsaaklikheid van 'n stelsel waarvolgens behoorlik tweetalige amptenare na die Spoorweg-hoofkantoor oorgeplaas moet word sodat vertaalwerk uitgeskakel kan word. In 1929 word departementshoofde gelas om net deeglik tweetalige dienare in vakatures in personeelkantore aan te stel. Ten spyte van hierdie verandering ten goede en in die guns van die Afrikaanse taal en kultuur, het die praktiese toepassing van hierdie maatreëls veel te wense oor-ge-laas. Die ATKV (SAS en H) dank sy ontstaan aan 'n historiese situasie waarin daar in die Spoorweë as ekonomies gekwalifiseerde bedryf 'n toe-stand ontwikkel het waarin die Spoorweë nie sy roeping en verantwoorde-likheid ten opsigte van die erkenning van die taal en kultuur van 'n spesi-fieke groep werknemers, in hoofsaak Afrikaanssprekendes, nagekom het nie. Dit gee daartoe aanleiding dat die kultuur van hierdie groep in verval raak en dreig om uitgewis te word. In hierdie n o o d - situasie tree die Vereniging in en formuleer hy sy doelstellings en strewe dienooreen-komstig. ¹¹⁾

2.1 Ontstaan en wordingsjare, 1930-1935.

Hierdie Vereniging kom tot stand as 'n spontane, bewuste, positiewe versorgingsaksie, wat primêr ten doel gehad het die handhawing en die uitbou van dit wat as die tipiese en tradisionele Afrikaner-volkskultuur gesien is, en vir die versorging van die Afrikaners in diens van die Spoorweë sodat hulle as volksgroep hul regmatige plek in die bestendiging, handhawing en uitbou van die Afrikaanse volkskultuur kon inneem. Baie duidelik word ook in die totstand-koming van hierdie Vereniging 'n reaksionêre moment bespeur. In die bewussyn van die miskiening van die Afrikaanse taal en kultuur en die geweldige agterstand wat die Afrikaanse taal en kultuur gehad het by die oorheersende Engelse kultuur, groei geleidelik by

11) Coetsee, D.J. Die Spoorwegman en Afrikaans, art. 2, p. 4 e.v. Anon. Aantekeninge. DT, I: 99-103, 1932. Anon. Aantekeninge. DT, I: 147 e.v., 1932.

die Afrikaners in diens van die Spoorweë die dringende begeerte om deur georganiseerde aksie of re-aksie in hierdie toedrag van sake verandering te bewerkstellig deur oor te gaan tot die georganiseerde handhawing en uitbou van die Afrikanervolkskultuur en taal kontra die Engelse volkskultuur en taal.

Op 19 Augustus 1930 kom die ATKV (SAS en H) onder voorsitterskap van mnr. S.J. van der Spuy, later Superintendent van Handel en Personeel op die Kaapse Oostelike Afdeling van die SA Spoorweë, in die Raadsaal van die Spoorweghoofkantoorgebou in Kaapstad tot stand.¹²⁾ 'n Handjievol geesdriftige Afrikaners was by hierdie geleentheid teenwoordig. Die nuutgestigte vereniging sou as mondstuk van die Afrikaners in diens van die SA Spoorweë dien om die taalregte van die Afrikaners in die Spoorweë te beskerm en te bestendig. As een van die vernaamste doeleindes van die Vereniging word gestel: „..... om 'n wakende oog oor die Afrikaanse taalbelange (te) hou". Die doel en strewe van die Vereniging word in die eerste eksemplaar van die Verenigingsmaandblad, „Die Taalgenoot", kernagtig geformuleer in die leuse van die Vereniging, t.w.: „Handhaaf en bou" en „Praat, lees en skryf Afrikaans."¹³⁾ Die volledige oorspronklike doelstellings van die Vereniging lui soos volg:¹⁴⁾

- „(a) Om die gebruik van Afrikaans binne sowel as buite die spoorwegdiens te bevorder en 'n lewendige belangstelling in Afrikaanse kuns en kultuur aan te kweek.
- (b) Die bevordering van die intellektuele en kulturele welsyn van sy lede."

12) Anon. Met geesdrif aangevoer. Die Burger, 26 Aug. 1930. Van Heerden, P. Die ATKV se ontstaan en groei. DT, 7, 2: 117, 1938. Botha, M.C. Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (SAS en H). Inspan, 6: 8 e.v., 1947. „AGV". Datums. DT, 9: 61, 1940. Notule: ATKV-kongres, 1ste, 1931. Reeler, J.E. Die opgang van ons taal in die Spoorweë, p. 11, 16.

13) Notule: ATKV-kongres, 1ste, 1931.

14) Ibid.

Spoedig na hierdie gebeurtenis het takke van die Vereniging op al die groter Spoorwegsentra tot stand gekom, terwyl die eerste kongres van die Vereniging reeds op 16 en 17 Februarie 1931 in Johannesburg plaasvind. By die geleentheid word 'n voorstel dat die Vereniging as die Afrikaanse Taal, Kultuur en Personeelvereniging bekend behoort te staan verwerp en word besluit dat die Vereniging as die „Afrikaanse Taal en Kultuur Vereniging (S.A.S. en H.)” bekend sal bly. By die eerste kongres kies die 25 aanwesige verteenwoordigers van die verskillende sentra die eerste Federale Raad. Die eerste sitting van hierdie verkose Federale Raad vind op 7 September 1931 in Kimberley plaas. By die eerste kongres is ook 'n voorlopige konstitusie goedgekeur en 'n Uitvoerende Komitee gekies.¹⁵⁾

Afgesien van die verontregting van die taalregte van die Afrikaanssprekendes in diens van die Spoorweë, het die Afrikaanssprekende werknemers in daardie stadium ook nog geen arbeidsorganisasie gehad wat as personeel- of vakvereniging hul arbeids- en materiële belange by die Spoorwegadministrasie kon behartig nie. Reeds by die tweede ATKV-kongres wat op 22 en 23 Februarie 1932 in Kaapstad plaasvind, vind 'n baie aktuele bespreking plaas oor die wenslikheid dat die Vereniging in 'n personeelvereniging omskep moet word. Met 'n meerderheid van stemme word egter besluit „dat die ATKV nie in 'n Personeelvereniging sal oorgaan of verander nie.”¹⁶⁾ Tot in hierdie stadium was die meeste vakverenigings in die Spoorweë Engels georiënteerd en het hulle vreemd en koud gestaan teenoor die belange van die Afrikaanssprekende werknemers as groep in diens

15) Van Heerden, P. Die ATKV se ontstaan en groei, p. 121. Notule: ATKV-kongres, 1ste, 1931; 1ste Federale Raad-sitting, 7 September 1931. Kragtens 'n kongresbesluit word die Federale Raad in 1932 afgeskaf. Die kongres word as die hoogste gesag van die ATKV beskou en 'n Uitvoerende Raad word benoem.

16) Van Heerden, P. Die ATKV se ontstaan en groei, p. 119.

van die Spoorweë. Dit is derhalwe te begrype dat daar 'n dringende behoefte aan sodanige liggaam in die geledere van die Afrikaanssprekendes bestaan het.

Wanneer rekening gehou word met die feit dat weens heersende ekonomiese landsomstandighede daar by die meeste werknemers, in casu die Afrikaanssprekende spoorwegwerknemers 'n dringende behoefte bestaan het aan 'n georganiseerde front wat na hul stoflike belange sou omsien, dan is dit te begrype dat talle lede van die ATKV, veral in die beginstadia toe die werksaamhede en doelstellings van die Vereniging nog nie so wyd inslag gevind het nie, van die ATKV méér verwag het as om bloot net na hulle geestelike, intellektuele en kulturele welsyn om te sien. Afgesien van die feit dat die heersende ekonomiese landsomstandighede hierdie houding en gesindheid by die Afrikaanssprekende werknemer in die hand gewerk het, openbaar hierdie verwagting in 'n sekere sin ook reeds in watter mate materiële gewin vir die Afrikaanssprekendes swaarder begin weeg het as die aspirasies en ideale van die Afrikaanse volk en volkskultuur.

Tot die bestaande arbeidersbewegings en vakbonde in die Spoorweë het die Afrikaners hulle egter nie aangetrokke gevoel nie. Mislukte pogings van die kant van Afrikaanssprekende lede van die Gesalarieerde Personeelvereniging van die Spoorweë (SALSTAFF) om in die heersende toedrag van sake waarin van die gelykberegtiging van Afrikaans weinig tereg gekom het verandering te bewerkstellig, het daartoe aanleiding gegee dat daar ernstig oorweging verleen is aan die daarstelling van 'n soortgelyke personeelvereniging vir Afrikaanssprekende werknemers in diens van die Spoorweë.¹⁷⁾

Van die kant van die ATKV het die Federale Raad 'n kommissie benoem om ondersoek in te stel hoe die Afrikaanse taal en kultuur in SALSTAFF op konstitusionele wyse gehandhaaf kon word. Die betrokke kommissie het met SALSTAFF onderhandel met die oog op die be-

17) Pauw, op. cit., p. 208

werkstelling van 'n basis van gelykopverteenvoording van Afrikaans- en Engelsprekendes in die verskillende besturende liggame van die Vereniging. Hierdie onderhandelinge wat vir byna agtien maande voortgeduur het, het weinig vrug afgewerp, met die gevolg dat die betrokke kommissie, sonder dat hulle deur die Federale Raad van die ATKV daartoe gemagtig is, daartoe oorgegaan het om 'n personeelvereniging, gebaseer op die beginsels van die ATKV, met as addisionele ideaal: „Die belange op personeelgebied van sy lede te bevorder" te stig. Hierdie personeelvereniging bekend as Die Spoorbond,¹⁸⁾ het op 30 Maart 1933 tot stand gekom met die volgende doelstellings:

- * Om die welsyn van sy lede op stoflike, intellektuele, kulturele en maatskaplike gebied te beskerm en te bevorder.
- * Om 'n gesonde eensgesindheid en vriendskaplike samewerking onder alle range in die Diens aan te kweek en te bevorder.
- * Om die gebruik van Afrikaans met die oog op gelyke taalregte deurgaans te bevorder; en
- * Om saam te werk met ander verenigings wat dieselfde doel beoog, mits dit hierdie vereniging nie sal strem nie.

In die geledere van die Vereniging het die totstandkoming van hierdie Afrikaanse personeelvereniging naas die ATKV deur die toedoen van leidinggewende persoonlikhede in die Vereniging spoedig verwarring verwek. Die algemene gevoel was dat hierdie nuwe vereniging net so goed, indien nie beter as die ATKV nie in staat sou wees om die belange en ideale van die Afrikaanssprekende Spoorwegwerknemer te dien, veral ook omdat daar ook in die geledere van die ATKV feitlik vanaf sy totstandkoming gevoel is dat 'n personeelvereniging moontlik beter as 'n suiwer taal- en kultuurvereniging in staat sou wees om die besondere vraagstukke van die spoorwegwerk-

18) Pauw, op. cit., p. 208. Anon. Aantekeninge, DT, 3, 1:1, 1933. Anon. Die Spoorbond. DT, 2, 6: 132, 1932.

nemer te kan hanteer. 19)

Die verhouding tussen die twee liggame word by die derde ATKV-kongres, wat op 17 en 18 April 1933 in Bloemfontein plaasvind, te berde gebring. 20) By die geleentheid word besluit om die Spoorbond heelhartig te steun en dit by die ATKV-lede aan te beveel en te propageer, maar dat die ATKV sy identiteit sal behou as afsonderlike liggaam wat hom bloot by taal en kultuur sal bepaal. Aanvanklik gebruik Die Spoorbond „Die Taalgenoot” ook as mondstuk. In die 1933-Septemberuitgawe van die blad kondig Die Spoorbond ’n groepassuransieskema aan wat vir die volgende voorsiening maak: 21)

* Voorsiening in geval van permanente, algehele ongeskiktheid van ’n lid om sy gewone beroep na te kom; en

* ’n Welvaartsfonds.

Vanweë die kwynende belangstelling in Verenigingswerksaamhede en die verwarring wat geskep is deur die bestaan van die twee verenigings naas mekaar, met in hooftrekke gelykluidende doelstellings, belê die Uitvoerende Raad ’n spesiale kongres, wat op 2 Oktober 1933 in Bloemfontein plaasvind, met die doel om ’n beskrywingspunt te bespreek dat die ATKV (SAS en H) onmiddellik by Die Spoorbond moet aansluit. Ná ’n breedvoerige bespreking besluit hierdie spesiale kongres: „Dat die ATKV sal voortbestaan op ’n gereorganiseerde basis.” 22) Met die publikasie van sy eie maandblad het die weë van Die Spoorbond

19) Notule: UR: 8 Aug. 1933. Vgl. ook i.v.m. die onderlinge verhouding tussen die twee liggame: Notule: UR: 4 Febr. 1935; 15 April 1935; 25 Mei 1935. ATKV-DB 17 Nov. 1934. Anon. Ooreenkoms met Spoorbond. DT, 3, 10: 223, 1934.

20) Anon. Aantekeninge. DT, 2, 6: 131, 1933. Anon. Kongresbesluite, DT, 2: 170, 1933. Notule: ATKV-kongres, 3de, 1933, p. 6.

21) Anon. Valse profete. DT, 2, 10: 251 e.v., 1933.

22) Anon. Uittreksels uit die notule van ’n buitengewone kongres. DT, 2, 2: 299, 1933. „AGV.” Datums, p. 61. Van Heerden, P. Die ATKV se ontstaan en groei, p. 121. Notule: ATKV-kongres, 4de, 1933. Anon. Die ATKV se bestaan bedreig. DT, 2, 10: 239-40, 1933. ATKV-kongresboek vir die 7de kongres, 1936.

en die ATKV geskei, met die arbitrêre terreinverdeling dat die Bond verantwoordelik sou wees vir spoorwegpersoneelsaangeleenthede, terwyl die „suiwer kultuurkant“ van die oorspronklike doelstellinge van die Bond aan die ATKV oorgelaat sou word. ²³⁾

Die besluit van die vierde, spesiale ATKV-kongres dat die Vereniging op 'n gereorganiseerde basis sou voortbestaan, is allerweë bestempel as die „wedergeboorte“ van die ATKV. Deur die Uitvoerende Raad is 'n konsepkonstitusie opgestel wat op die daaropvolgende kongres op 13 en 14 April 1934 in Kaapstad gehou is, aanvaar word. By dié geleentheid word ook die daarstelling van 'n Groep- en Koeponassuransieskema, Wesefonds en Sterftefonds bekendgemaak en aanvaar. In die loop van 1934 word vertoë tot die Spoorwegadministrasie gerig waarin aansoek gedoen word om die vergunning om ledegeld deur middel van 'n stelsel van aftrekorders van die betaalstate van lede in te vorder en dit word toegestaan. In 1935 word 'n lywige program van aksie opgestel en dit wil voorkom asof die Vereniging sy werksaamhede op 'n vaste gereorganiseerde grondslag ná hierdie datum voortsit. ²⁴⁾

Die tydperk vanaf die totstandkoming in 1930 tot omstreeks 1935 kan gesien word as die krisis- en wordingsjare van die Vereniging waarin hy duidelik bewys het dat hy in 'n bestaande behoefte en nood voorsien en waarin sy koers, doelstellings en werksaamhede skerp afgegrens is van dié van die bestaande personeelverenigings in die Spoorweë.

2.2 Ontstaan en wordingsjare van die georganiseerde vrouewerksaamhede

Met die totstandkoming van die ATKV (SAS en H) is slegs manlike werknemers in diens van die SA Spoorweë as lede van die Vereniging toegelaat. Daar word vir die eerste keer vir die inskakeling van vroue as lede voorsiening gemaak in die ontwerpkonstitusie wat ná

23) Anon. Aantekeninge. DT, 3, 1: 4, 1933.

24) Van Heerden, P. Die ATKV se ontstaan en groei, p. 121 e.v. Anon. Ons sesde jaarkongres en indrukke daarvan. DT, 4, 6: 213 e.v., 1935. Notule: ATKV-kongres, 6de, 1935.

afloop van die „Spoorbondkrisis" in 1933 en die daaropvolgende reorganisasie van die Vereniging in 1934 opgestel is.²⁵⁾ Vanaf die toelating van vroue as lede van die Vereniging kan daar in die georganiseerde vrouewerksaamhede twee fases onderskei word, te wete:

- * Die periode vanaf 1933/4 tot die amptelike stigting van die Vrou-en-Moederbeweging in 1943.
- * Die periode vanaf die amptelike stigting van die Vrou-en-Moederbeweging in 1943 tot die Beweging in 1947 'n eie Hoofbestuur bekom en daarna saam met die Vereniging as welsyns-organisasie geregistreer word.

Die vernaamste gebeurtenisse in die twee hierbo gemelde tydperke van wording, groei en ontwikkeling word vervolgens geskets:

2.2.1 Die ontstaan en ontwikkeling van die Dameskringe - 1934-1943

In 1934 ontspring in verskillende sentra spontaan en sonder noemenswaardige organisatoriese verband georganiseerde kringe van vroueledes wat as *D a m e s k r i n g e* bekend staan. Hierdie Dameskringe, ook genoem „geselskringe", is gestig met die tweërlei doel om die „susterhand aan medespoorweggesinne te reik", en om weë en middele te bespreek om deur gesellighede, kollektes, ens. die Wesefonds te versterk. Vanuit die staanspoor is die Wesefonds beskou as die besondere werk van die vroueledes. In 1936 is ook reeds 'n beker aan die Dameskring wat die grootste bedrag in die Wesefonds gestort het, toegeken.²⁶⁾

- 25) Anon. Die Vrou-en-Moederbeweging deur die jare. *DT*, 24, 10: 30 e.v., 1955. Anon. Aantekeninge. *DT*, 3, 5: 103, 105, 1934. Anon. Aantekeninge. *DT*, 3,3: 49, 1934. *Notule*: ATKV-kongres, 3de, 1933, p. 6; 5de, 1934.
- 26) Anon. Aantekeninge. *DT*, 3,5: 103 e.v., 1934. Anon. Dameskringe presteer. *DT*, 5,1: 5, 1935.

Die Dameskringe het hulle benewens met geldinsameling vir die Wesefonds onder meer ook met die volgende werksaamhede²⁷⁾ besig gehou: Siekebesoek, hulp aan mindergegoedes, lesings, demonstrasies, samewerking met maatskaplike werkers in diens van die Spoorweë, algemene maatskaplike en kulturele opheffingswerk, stigting van groenteklubs, feesvierings, ens. In 1934 word reeds in „Die Taalgenoot“, die amptelike maandblad van die Vereniging voorsiening gemaak vir ’n vrouerubriek en in 1935 is ’n vaste medewerkster benoem vir die behartiging van die rubriek.²⁸⁾

Tydens die 1935-ATKV-kongres is ’n hele oggend aan damesafgevaardigdes afgestaan om hulle eie belange en aangeleenthede te bespreek en kon die dames ook die vrug van hulle besprekinge voor die kongres lê. Na aanleiding hiervan besluit die ATKV-kongres om drie verteenwoordigers van die dames in die Uitvoerende Raad toe te staan. Die 1936-kongres te Kimberley besluit na aanleiding van ’n afsonderlike byeenkoms van die vroue vóór die kongres dat die dames in die toekoms gereeld ’n dag voor die kongres moes vergader.²⁹⁾

In 1937 word die organisasie van die Dameskringe op ’n hefter grondslag geplaas. Terwyl die here afgevaardigdes op ’n stap-tog oor die landgoed van die Vereniging, Hartenbos, gaan om

- 27) Vgl. verskillende taknuusberigte in DT. Sien o.a.: DT, 6,6: 350, 1937. Die Dameskringe wat ná 1943 as Vrou-en-Moedertakke bekend staan, het hulle met soortgelyke werksaamhede besig gehou. Sien o.m.: Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 19de kongres, 1947). Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 20ste kongres, 1948).
- 28) Anon. ’n Gewaardeerde medewerkster. DT, 4,10: 398, 1935. Notule: ATKV-kongres, 5de, 1934, p. 2; UR: 25 Mei 1935, p. 7. Vgl. ook ’n beskrywingspunt van ATKV-tak, Durban. (In ATKV. Kongresboek vir 11de kongres, 1938).
- 29) Anon. Ons sesde jaarkongres en die indrukke daarvan. DT, 4,6: 213, 1935. Anon. Ons dameskringe ontvang regmatige erkenning. DT, 6,6: 367 e.v., 1937. Anon. Die Vrou-en-Moederbeweging deur die Jare, p. 30. Notule: ATKV-kongres, 6de, 1935, p. 12-3; ATKV-kongres, 7de, 1936; UR, 24 Mei 1934. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 7de kongres, 1936.)

dit te besigtig, vergader die dames om dameskringaangeleenthede te bespreek en reëls saam te stel vir die beter bestuur van die Dameskringe. By hierdie ATKV-kongres dien ook 'n beskrywingspunt dat die kongres hom duidelik ten opsigte van die doel, strewe en verhouding van die Dameskringe tot die plaaslike ATKV-bestuur moet uitspreek. Die Uitvoerende Raad keur in 1938 die voorgelêde huishoudelike reëls vir „Dames- en kinderkringe” goed en daar word besluit dat elke tak opdrag gegee word om 'n Dameskring te stig. ³⁰⁾

Geleidelik groei die behoefte aan 'n sterker, ruimer en meer georganiseerde vrouebeweging met 'n eie bestuur. In die begin van die veertiger jare, toe die Vereniging 'n groot konstitusionele en huishoudelike krisis beleef, tree die gedagte van 'n eie vrouebeweging telkens skerp na vore. 'n Stel konsep-reëls, 'n werkprogram en selfs 'n naam vir die beweging is in hierdie tyd ontwerp, en belangrike aanvoerwerk word in hierdie tydperk gedoen. Die konsepgrondreëls vir die voorgestelde „Vrou-en-Moederbeweging” word deur die 1940-kongres aanvaar en goedgekeur met die voorbehoud dat slegs dames wat geregtig is op ATKV-lidmaatskap lede van die Beweging mag word. Dié kongres en sy besluite is egter later deur 'n hofuitspraak ongeldig verklaar. Aanvanklik sou die Beweging in 1941 formeel gestig gewees het, maar hierdie stigtingskongres is vanweë die krisis in die Verenigingsgeledere uitgestel en so is die stigting van die Beweging tydelik verdryf. ³¹⁾

Hoewel daar na afloop van die krisis heelwat twyfel oor die behoefte aan en noodsaaklikheid vir die totstandkoming van 'n

30) ATKV. Kongresboek vir 9de kongres, 1937, p. 95. Notule: ATKV-kongres, 9de, 1937, p. 10; UR: 16 April 1938.

31) Anon. Die Vrou-en-Moederbeweging deur die jare, p. 30. Anon. Daar's werk! DT, 10, 4: 139, 1941. Anon. Die saak oor Hoofkantoor. DT, 10, 6: 223, 1941. Anon. Daar's werk! DT, 10, 4: 139, 1941. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 12de kongres, 1941). Notule: ATKV-kongres (Fondamentkongres), 12de, 1940. UR, 2 Des. 1939; 31 Aug. en 13 Des. 1940; 27, 28 Jan. 1941.

afsonderlike vrouebeweging bestaan het, blyk dit tog dat die tyd ryp was vir sodanige ontwikkeling. Kort voor die stigting verskyn die volgende in „Die Taalgenoot“:³²⁾ „Wat ook al die ongegronde aantygings teen die ‚Vrou-en-Moederbeweging‘ mag wees, dit moet met die volgende kongres werklikheid word. Die vrou moet haar eie beweging binne-in ATKV besit en haar eie bestuur en seggenskap verkry oor die sake wat haar eie is.“

2.2.2 Stigting van die Vrou-en-Moederbeweging tot die verkryging van h eie Hoofbestuur, 1948.

In 1943 vind die eerste Uniale Jaarvergadering van die Beweging h dag voor die ATKV-kongres in Johannesburg plaas.³³⁾ Dit is bygewoon deur een afgevaardigde van elke dameskring. Vanuit die staanspoor is duidelik gestel dat die Beweging geen aparte selfstandige of soewereine Beweging sou wees nie maar h outonome onderdeel van die ATKV.

Die naam van die Dameskringe word amptelik verander na die „Vrou-en-Moederbeweging van die ATKV (SAS en H)“ en dit word h selfstandige Beweging binne die raamwerk van die ATKV. Die Grondreëls wat by hierdie eerste Uniale Jaarvergadering behandel en aanvaar is, word na die Uitvoerende Raad vir bekragtiging verwys.³⁴⁾ Met die totstandkoming van die Beweging in 1943 is daar nie vir die bestuur en beheer van die Beweging deur h eie Hoofbestuur voorsiening gemaak nie.

32) Mostert, Dirk. Trek verder!, DT, 12, 4: 85, 1943.

33) Anon. Die Vrou-en-Moederbeweging deur die jare, op. cit., p. 30. Anon. Vrou-en-Moeder. DT, 11, 12: 329 e.v., 1942. Anon. Die Raad besluit. DT, 12,12: 285, 1943. Anon. Die vrou. DT, 12,4: 79, 1943. Notule: ATKV-kongres, 15de, 1943; UR: 29, 30 Jan. 1943; UJ: 1ste, 1943.

34) Notule: UR: 5 Okt. 1943.

h Memorandum oor die moontlikhede van bestuur en beheer word in 1946 voor die Uniale Jaarvergadering gelê, en word as h basis van funksionering vir takke aanvaar. Hierdie Jaarvergadering besluit ook dat die tyd ryp is vir die daarstelling van h eie Hoofbestuur ondergeskik aan die Uitvoerende Raad van die ATKV. In die loop van 1947 word daartoe oorgegaan om h hoofbestuur, bestaande uit vyf lede, waarvan drie deur die Uitvoerende Raad benoem sou word en twee deur die Uniale Jaarvergadering verkies sou word vir die Beweging saam te stel. Dat die promulgering van die wet op welsynsorganisasies, wet nommer 40 van 1947, hierdie ontwikkeling grotendeels geïmplementeer het, is duidelik. Met die oog op die registrasie van die Beweging as h welsynsorganisasie is die Hoofbestuur na sewe lede, van wie vier deur die Uitvoerende Raad en drie deur die Uniale Jaarvergadering verkies word, uitgebrei. Later het geblyk dat die Vereniging as geheel as welsynsorganisasie geregistreer was en dat die vergroting van die Hoofbestuur onnodig was. ³⁵⁾

- 35) Blykbaar het o.m. aan die gedagte van die reorganisasie van die Beweging se hoofbestuur die idee ten grondslag gelê dat die Beweging uiteindelik die vorm van h erkende landwyse welsynsvereniging sou aanneem, met h eie hoofbestuur, takke en takbesture en gekwalifiseerde welsynswerksters in diens van die organisasie. Hiervan kom egter weinig tereg. In 1947 word h voltydse organiseerster vir die Beweging aangestel. Vgl. o.m.: Notule: UJ, 4de, 1946. ATKV-kongres, 18de, 1946.

In 1948 besluit die ATKV-kongres om die volgende bepalings by die Statute van die Vereniging te voeg: „Die Vrou-en-Moederbeweging wat slegs as h onderdeel van die Vereniging kan bestaan, is die vroueorganisasie van die Vereniging se vroulike lede, binne die algemene raamwerk van die Vereniging, en dit stel hom algemene opheffingswerk van h maatskaplike, opvoedkundige en kulturele aard in ooreenstemming met die doelstellings en beleid van die Vereniging ten doel. Die werksaamhede, bestuursorgane e.a. funksies word in die Grondreëls van die Beweging, wat deur die Vereniging se kongres goedgekeur word, bepaal.” Vgl.: Notule: ATKV-kongres, 20ste, 1948.

In 1951 is die Hoofbestuur weer na 5 lede verklein en in 1958 weer na 7 lede uitgebrei.

Die Vereniging as geheel registreer in 1949 as welsynsorganisasie. Sien o.m. i.v.m. al bg. konstitusionele wysigings: Anon. Die Raad besluit. DT, 7,4:13, 1947. Reeler, J.E. Hoogtepunte van die kongres. DT, 15,12:449, 1946. Sekretariële jaarverslae. (In Kongresboeke vir 18de kongres, 1946; 19de kongres, 1947; 20ste kongres 1948).

Hoewel daar met die samestelling van 'n Hoofbestuur ook voorsiening gemaak is vir die samestelling van 'n dagbestuur funksioneer die eerste dagbestuur kortstondig en word daar vir die tweede keer in 1960 daartoe oorgegaan om 'n dagbestuur aan te wys.³⁶⁾

Die betreklike stilte op die arbeidsfront in die Vrou-en-Moedertakke in die periode vanaf die stigting in 1943 tot die reorganisasie van die Beweging met die oog op registrasie as welsynsorganisasie, laat onwillekeurig die vraag ontstaan of die Beweging in daardie beginjare inderdaad 'n funksie vervul het. Sou die vrouelede nie moontlik in elk geval ook as aktiewe lede van die ATKV-takke onder leiding van die ATKV-takbesture 'n soortgelyke funksie vervul het nie? Een van die dryfvere van die daarstelling van 'n vrouebeweging was juis om ook die vrouekragte van die Vereniging beter vir die bereiking van die Verenigingsdoelstellings te mobiliseer en te benut.³⁷⁾

3. Die karakter van die ATKV (SAS en H) en sy Vrou-en-Moederbeweging

Die ATKV (SAS en H) kom as 'n privaat vereniging tot stand - die resultaat van die organisasie en inisiatief van 'n partikuliere groep werknemers met dieselfde taal- en kultuuragtergrond en dieselfde arbeidsmilieu. Hiertoë word oorgegaan nadat daar by die oorspronklike stigters die gemeenskaplike bewussyn ontstaan het van 'n besondere s o r g - wekkende toestand van verval en agteruitgang waarin die

Sekretariële jaarverslag. (In Agenda e.a. stukke vir 17de UJ, 1959).
Notule: UJ: 4de, 1946; 5de, 1947; 6de, 1947; 6de, 1948; 16de, 1958; 17de, 1959. ATKV-kongres: 18de, 1946; 19de, 1947; 23ste, 1951. UR: 27 Jun. 1947; 28, 29 Jan. 1948; 6, 10 sept. 1948; 3, 6, Sept. 1951; 7 Des. 1951; 8 Sept. 1958. VM-Hb.: 14 April 1948; 4, 7 Sept. 1948; 29 Junie 1949; 6 Sept. 1958.

36) Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 23ste kongres, 1951). Notule: VM-Hb: 5 Mei 1960; 4, 7 Sept. 1948; 3, 4, Sept. 1951; UJ, 9de, 1951. UR, 19 Sept. 1960.

37) Red. Van die redaksie. DT, 9, 5: 177, 1940.

Afrikaanse taal en kultuur en ook die Afrikaanssprekende werknemer in diens van die SA Spoorweë verkeer het. Omdat daar in daardie stadium geen ander weg was waarlangs die Afrikaanssprekende spoorwegwerknemer sy doelwit kon bereik nie, is daartoe oorgegaan om 'n partikuliere sorgorgaan in die lewe te roep wat op georganiseerde wyse aan hierdie aangeleentheid aandag kon gee.

3.1 Grondslag

Met die aanvaarding van die hersiene konstitusie in 1934 word die g r o n d s l a g van die Vereniging bewustelik soos volg geformuleer: „Die Vereniging staan op Kristelik-historiese grondslag.”³⁸⁾ Hierin word uitdrukking gegee aan die erkenning van die band met die verlede en in besonder word die karakter van die Vereniging en van hierdie historiese verbondenheid as C h r i s t e l i k gekwalifiseer. Van tyd tot tyd is hierdie grondslag in die amptelike Verenigingsdokumente onderskryf en omskryf. Daaruit blyk onder meer dat die Christelike grondslag waarna verwys word, meer spesifiek C a l v i n i s t i e s is en dat die Vereniging die besonder noue en onlosmaaklike verband tussen „godsdiens en kultuur” erken en ten alle koste wil handhaaf. Daaruit blyk ook verder dat die Vereniging homself sien as die draer van die gedagte waarin die denkbeeld van die van Godswêë geroepenheid van die Afrikanervolk, sentraal staan 'n geroepenheid wat onder meer ook gemoeid is met die handhawing en uitbou van die tradisionele geestesgoedere van die Afrikanervolk.³⁹⁾

Hierdie gedagtegang wat in die volksorg van die ATKV deurlopend aangetref word en wat deurgaans deur die Vereniging,

38) Anon. Grondwet van die ATKV (SAS en H). DT, 5,2: 69, 1936. Notule: ATKV-kongres, 9de, 1937.

39) Anon. Aantekeninge. DT, 3,4: 81-2, 1934. Anon. Ons sesde jaarkongres en indrukke daarvan. DT, 4,6:213, 1935. Reeler, J.E. Hoogtepunte van die kongres, DT, 15,12:449, 1946. Anon. Aantekeninge. DT, 4,3: 97 e.v., 1935. Red. Op die Voorpos. DT, 20, 1:3, 1950. Red. Op die Voorpos. DT, 22,10:3, 1953. Red. Op die Voorpos, DT, 16,7:3, 1947. ATKV Kongresboek vir 7de kongres, 1936. Notule: 19de ATKV-kongres, 1947.

meestal onbewustelik, onderskryf is, kulmineer in die inleiding van die Akte van Oprigting van die Vereniging wat die grondwet van die Vereniging vervang nadat die Vereniging in 1962 kragtens artikel 21 van die Maatskappywet van 1926, as maatskappy sonder winsbejag geregistreer word. Dit lui soos volg: ⁴⁰⁾

„Nademaal die Afrikaanse volk erken dat hy hier aan die skone suidpunt van Afrika as 'n volk tot stand gekom het en gevestig is op 'n eie bodem deur die wil van die Almagtige God, en dat hy hier nog in stand gehou word, word dit so beskou dat hierdie volk ook 'n taak het om sy spesifiek eie te handhaaf en uit te bou tot eer van God en tot veredeling van sy eie op die gebied van die taal en kultuur met die erkenning van, waardering en agting vir die eiendomlike van elke ander bevolkingsgroep. So is dit dat ook die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (SAS en H) glo dat hy in hierdie verband 'n taak het en daarom tot stand gekom het.”

In die Grondreëls van die Vrou-en-Moederbeweging word gestel dat die grondslag van die Beweging dieselfde is as dié van die Vereniging.

3.2 Doelstellings

Die oorspronklike doelstellings soos geformuleer by die eerste ATKV-kongres het kort en kernagtig die rigting en strewe van die Vereniging voorop gestel, naamlik:

- 3.2.1 Die bevordering van die gebruik van die Afrikaanse t a a l binne en buite die Spoorwegdiens.
- 3.2.2 Die aankweek van 'n lewendige belangstelling in die Afrikaanse k u n s en k u l t u u r; en
- 3.2.3 Die bevordering van die intellektuele en kulturele welsyn van sy l e d e.

40) Vgl. Akte van Oprigting van die ATKV (SAS en H)

Die leuse van die Vereniging, „Handhaaf en bou“, het die besondere gerigtheid en aard van die doelstellings wat deur die Vereniging nagestreef sou word, gekwalifiseer.⁴¹⁾

Daar word in die vroeë dokumente of stukke geen amptelike uiteensetting gegee van wat presies onder die terme „Afrikaanse kultuur“ of „kulturele wêlsyn“ soos in die doelstellings weergegee, bedoel word nie. Duidelik blyk egter uit die twee aanvanklik-geformuleerde doelstellings dat die Vereniging op grond van partikuliere inisiatief tot stand kom met die oog op die versorgende optrede ten opsigte van h bepaalde s o r g - behoefte soos dit in die Afrikaanse volksk u l t u u r na vore getree het, asook met die oog op h bepaalde kategorie van sorgbehoewendes.

Ten spyte van latere konstitusionele wysiginge tree daar basies in die doelstellings van die Vereniging weinig radikale wysiginge in. Dwarsdeur die historiese verloop van die volksorg van die Vereniging bly die werksaamhede van die Vereniging om hierdie drie groothede sentreer, te wete:⁴²⁾

- * Volksorg ten opsigte van die l e d e.
- * Volksorg ten behoeve van die Afrikaanse t a a l.
- * Volksorg ten behoeve van die Afrikaanse k u n s en k u l t u u r p r o d u k t e.

Met die aanvaarding van die hersiene konstitusie ná die reorganisasie in 1934, word die doelstellings uitgebrei en breedvoeriger omskryf, maar dit bring geen wesensverskil teweeg in die rigting, strewe en doelwit van die Vereniging nie. In die

41) Reeler, J.E. Hoofbestuur-oproep. DT, 1,5: 111, 1932. ATKV. Jaarverslag vir die tydperk Mrt. 1931 - Febr. 1932. Notule: 1ste Federale Raadsitting, 1931.

42) Vgl. o.m. i.v.m. die beskouing oor die taak van die ATKV: Red. Op die Voorpos. DT, 17,12: 3, 1948. Botha, M.C. Die ATKV (SAS en H), p. 8, 37. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 23ste kongres, 1951). Notule: UR; 18, 19 Sept. 1964.

ontwerpkonstitusie, opgestel tydens die reorganisasie en goedgekeur en aanvaar tydens die vyfde ATKV-kongres gehou in Kaapstad op 13 en 14 April 1934, word die doel van die Vereniging soos volg uiteengesit: ⁴³⁾

- „(a) Die gebruik van Afrikaans binne sowel as buite die Spoorwegdiens te bevorder.
- (b) Die bevordering van Afrikaanse Kuns en Kultuur veral onder sy lede.
- (c) Die intellektuele, kulturele en maatskaplike welsyn van sy lede te bevorder.
- (d) Die nouer aanhaling van die bande van kameraadskap onder sy lede.
- (e) Die behartiging sover moontlik van die belange van die families van afgestorwe lede.
- (f) Die fondse van die Vereniging aan te wend tot welsyn van sy lede.
- (g) Die samewerking met ander liggame met dieselfde doel na te streef mits dit nie die vooruitgang van die Vereniging sal strem nie.”

Die hersiening van die Verenigingsgrondwet as gevolg van die hofsaak in 1941 en die daarmee gepaardgaande krisis bring h breedvoeriger uiteensetting maar geen radikale wysiging in die doelstellings van die Vereniging mee nie. ⁴⁴⁾ Die uitspraak

43) Notule: ATKV-kongres, 5de, 1934. Grondwet van die ATKV (SAS en H), DI, 3,6:142-8, 1934. Anon. Aantekeninge. DI, 3,3:50 e.v., 1934. Anon. Aantekeninge. DI, 3,4:79, 1934.

44) By die bestaande doelstellings word ook nog die volgende gevoeg:

*Die voorsiening vir die daarstelling en instandhouding van die volgende fondse:

- ** Studieleningsfonde
- ** Sterftfonde
- ** Taalgenootfonde
- ** Eiendomsfonde.

*Om vaste eiendom in die Unie van Suid-Afrika aan te koop, te verkry en in eiendom te besit, ter bevordering van die doelstellings van die Vereniging, om die registrasie van trans-

van hierdie hofsaak het o.m. aan die lig gebring dat die Vereniging wél as regs persoon ⁴⁵⁾ kan fungeer. Vanaf 1949 is die Vereniging, waarby die Beweging inbegrepe is, kragtens wet nommer 40 van 1947, ook as welsynsorganisasie geregistreer. Ingevolge die latere wysigings van hierdie wet moet die Vereniging as 'n sogenaamde „multi-purpose“-organisasie gesien word - één wat sowel sogenaamde „welsyns“-doelstellings as ander doelstellings nastreef.

3.3 Belydenis en doelstellings van die Vrou-en-Moederbeweging van die ATKV (SAS en H).

In die Grondreëls van die Vrou-en-Moederbeweging van die ATKV (SAS en H) word gestel dat die grondslag van die Beweging dieselfde is as dié van die ATKV. Verder bely alle vroue en jongedogters wat lede van die Vereniging is, die volgende: ⁴⁶⁾

porte en ander aktes op die naam van die Vereniging te verkry; om vaste eiendom te verkoop, te verhuur en op enige ander wyse te vervreem; om lenings in die vorm van verbande op naam van die Vereniging te registreer, en om verder oor die algemeen alle handelinge te verrig in verband met vaste eiendom.

*Om die bestudering van die Afrikaanse Aardrykskunde (veral die geskiedenis van die ontstaan van plekname) en geskiedenis te bevorder;

*Om oor die algemeen alle sake of ondernemings wat betrekking het op die Afrikaanse kultuur of daaraan verwant is, te verrig en te bevorder en alle maatreëls in verband daarmee te tref.

Afgesien van die hierbo genoemde hoofdoelstellings is in die Grondwet ook vir 'n groot aantal bykomstige doelstellings voorsiening gemaak. Sien verder: Notule: UR: 9, 9, 10 Sept. en 9 Nov. 1942.

45) Hier word die gangbaar-gebruiklike konnotasie aan die term „regspersoon“ gegee. Prinsipiële besware vanuit wysgerige oogpunt bestaan egter teen die toekenning van regspersoonlikheid aan instansies, ens. Vgl. o.m. Spier, J.M. Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, p. 183.

46) Anon. Vrou-en-Moeder. DT, 11,12:330, 1942.

- „(i) Dat hulle die bestier en almag van God in die welstand en bestemming van die Afrikanernasie erken;
- (ii) Dat hulle die plig en roeping van die Afrikaanse vrou in die grootste en edelste sin aanvaar en wens te vervul;
- (iii) Dat hulle die roem en die adel van die Afrikaanse vrou vir die nageslagte sal handhaaf en bewaar; en
- (iv) Dat hulle die reinheid en onaantasbaarheid van die Afrikanerhuis ten alle tye teen bedreigings sal bewaak en vrywaar.”

Die Beweging wat tot stand gekom het ten einde die arbeidskragte van vrouelede van die Vereniging te mobiliseer met die oog op die realisering van die Verenigingsdoelstellings, stel hom, benewens die uitlewing van die Verenigingsdoelstellings, ook die volgende ten doel: ⁴⁷⁾

- 47) Met die oog op oorsigtelikheid is die doelstellings van die Beweging in die hierbo genoemde kategorieë gegroepeer. Die volledige doelstellings van die Beweging is dieselfde as dié van die Vereniging en behels ook verder:
- * Om maatskaplike en welstandswerk onder die lede van die ATKV en hul verwante en huisgesinne te bevorder.
 - * Om die trots en waardigheid van die Afrikanervrou en haar kinders te handhaaf.
 - * Om die huisvlyt, moederkunde, gesondheid, opvoeding en algemene welstandswerk onder die lede van die ATKV waar te neem en te bevorder ten einde 'n gesonde burgerskap vir die nasie op te bou.
 - * Om die sanglus en die Afrikaanse lied te bevorder.
 - * Om besondere aandag aan die geestelike, verstandelike en liggaamlike welsyn van die kinders van lede te sterk en onder hul toesig Kinderkringe te organiseer.
 - * Om die lede van ATKV aan te moedig om te organiseer en deel te neem aan die kunswedstryde en tentoonstellings wat deur die ATKV (SAS en H) georganiseer word.
 - * Om besondere aandag te wy aan die welsyn van weeskinders van afgestorwe lede.
 - * Om die SA Noodhulppliga by te staan wanneer die Liga diens doen.
 - * Om fondse te bestee en aan te wend ter verwesenliking van hul doel.

- 3.3.1 Opvoedkundige opheffingswerk in die algemeen en hulpverlening aan hulpbehoewendes.
- 3.3.2 Gesinsorg:
 - * Vir die gesin in die algemeen.
 - * Sorg vir die vrou.
 - * Kindersorg.
 - * Jeugsorg.
- 3.3.3 Bevordering van volksang en aktiewe deelname aan volkskuns.
- 3.3.4 Geldinsameling en -besteding met die oog op die verwesenliking van genoemde doelstellings.
- 3.3.5 Hulp aan en samewerking met bevriende, goedgekeurde liggame.

4. Volksorgmedia van die ATKV (SAS en H)

Ten einde aan die doelstellings van die Vereniging soos in die Grondwet uiteengesit uitvoering te gee is die nodige organisatories-administratiewe apparaat in die lewe geroep en die nodige materiële middele daargestel.

4.1 Organisatories-administratief

Die organisatories-administratiewe opset van die Vereniging het in die historiese verloop van die Verenigingswerksaamhede telkens wysiginge ondergaan ten einde doeltreffender funksievervulling moontlik te maak. Om 'n volledige beeld van hierdie ontwikkeling, soos dit in die konstitusionele ontwikkeling van die Vereniging ingebed is, te bied, is uiteraard in die bestek van die enkele hoofstukke gewy aan die volksorg van die Vereniging, onmoontlik. Daar-

- * Om in alle opsigte die prestige van die vrou en dogter by die SAS en H te bevorder en hul geluk te verseker.
- * Om blymoedig te dien en grootmoedig te offer waar die nasie dit eis.

Vgl. o.m. Anon. Vrou-en-Moeder. DT, 11,12:330, 1942.

Kernagtig saamgevat word die doelstellings van die Beweging onder die versamelnaam „kultuurwerk“, gegroepeer. Vgl.: Notule: UJ: 1949.

VM-Hb: 14 Apr. 1948.

omdat slegs na enkele van die belangrikste veranderinge verwys word.

4.1.1 Bestuur en beheer.

In die bestuur en beheer van die Vereniging kan vier fases onderskei word, te wete:

- * Vanaf die stigting in 1930 tot die reorganisasie na afloop van die Spoorbondkrisis in 1934.
- * Vanaf 1934 tot die hersiening van die grondwet in 1944 na afloop van die hofsaak en interdik.
- * Die periode vanaf 1944 tot die reorganisasie van die Vereniging in 1960 met die oog op die bestuur en beheer van die Vereniging deur middel van 'n stelsel van bestuursliggame.
- * Vanaf 1960 tot en met die registrasie van die Vereniging as openbare nutsmaatskappy kragtens artikel 26 van die Maatskappywet van 1926.

4.1.1.1 Die fase 1930 tot 1934

Met die eerste ATKV-kongres in 1931 word 'n **F e d e r a l e R a a d** in die lewe geroep bestaande uit 'n algemene sekretaris en nege lede, verteenwoordigend van die nege afdelings waarin die land, ooreenkomstig die indeling deur die SA Spoorweë, verdeel was. In elk van die nege afdelings het 'n hooftak tot stand gekom, terwyl daar in die onderskeie afdelings plaaslike takke, aanvanklik „ondertakke” genoem, tot stand gekom het.⁴⁸⁾ In hierdie vroeë stadium funksioneer die Federale Raad as die hoogste gesagsliggaam van die Vereniging. Uit die lede van die Federale Raad is 'n Uitvoerende Komitee benoem. Een van die eerste komitees wat benoem word is 'n redaksiekomitee.⁴⁹⁾ Die Federale Raad word reeds by die tweede kongres in

48) Verslag, 2de ATKV-kongres, 1932, p. 5-7. Notule: ATKV-kongres, 1ste, 1931.

49) Notule: ATKV-kongres, 1ste, 1931, p. 8. 1ste Federale Raadsitting, 1931, p. 6, 7.

1932 afgeskaf en deur h Uitvoerende Raad, as hoogste gesags-
orgaan, vervang, terwyl die kongres van die Vereniging as
hoogste gesagsliggaam van die Vereniging beskou word. Die
krisis veroorsaak deur die totstandkoming van Die Spoorbond
bring mee dat die Vereniging met die oog op die reorganisasie
h nuwe konstitusie aanvaar.

4.1.1.2 Die fase vanaf 1935 tot 1944

In die hersiene konstitusie wat deur die 1934-kongres aange-
neem is, word die bestuur en beheer van die Vereniging onder
die volgende liggame tuisgebring:

- * Die kongres.
- * Die Uitvoerende Raad.
- * Takke.
- * Takbesture.
- * Jaarvergaderings van takke en
- * Die Redaksiekomitee.

In die tydperk onder bespreking word die Vereniging hoofsaak-
lik ooreenkomstig die hersiene konstitusie bestuur, terwyl
die dagbestuur van die Uitvoerende Raad wat in 1934 tot stand
gekom het, alle spoedeisende sake hanteer. Weens die uit-
breiding van die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Nood-
hulpliga as h onderafdeling van die Vereniging, het die Uit-
voerende Raad h Noodhulpligakomitee in die loop van die
boekjaar 1935/36 aangestel. ⁵⁰⁾

h Aantal gebeurtenisse ⁵¹⁾ vind in hierdie tydperk plaas wat tot

50) Anon. Aantekeninge. DT, 3,3:55 e.v., 1934. Grondwet van die ATKV
(SAS en H), DT, 5,2: 72 e.v., 1936. Sekretariële jaarverslag. (In
Kongresboek vir 7de kongres, 1936).

51) Anon. Amptelik. DT, 9,1:19, 1939. „AGV” Die afdelingskomitees. Hul
reg van bestaan. DT, 9,8: 307 e.v., 1940. Red. Van die redaksie.
DT, 9,12:463, 1940. Anon. Die saak oor Hoofkantoor. DT, 10,6:223-4,
1941. Notule: ATKV-kongres (Koerskongres), 11de, 1939; 12de,
(Fondamentkongres), 1940. UR: 4 Sept. 1939; 31 Aug. 1940; 16 Maart
1940.

h grondige hersiening van die Grondwet van die Vereniging aanleiding gee. Die sogenaamde Koerskongres van 4 September 1939, gehou te Hartenbos, besluit dat daar jaarliks deur elk van die nege afdelings h afdelingskongres gehou moet word, waartydens onder meer verteenwoordigers na die landwye kongres verkies word en afdelingskomitees saamgestel word. Afdelingskongresbesluite sou na die Uitvoerende Raad verwys word. Waar die Uitvoerende Raad bevoeg was om aan sodanige besluite uitvoering te gee sou dit geskied, terwyl ander besluite, waaraan die Uitvoerende Raad nie gevolg kon gee nie, na die landwye kongres verwys word. Kragtens h besluit van hierdie Koerskongres word h aantal afdelingskongresse byeengeroep. Hierdie afdelingskongresse vind in die loop van 1940 in agt van die nege afdelings van die Vereniging plaas. In September 1940 vind die sogenaamde Fondamentkongres in Johannesburg waarheen verteenwoordigers, soos verkies tydens die Afdelingskongresse, afgevaardig is, plaas. Grondwetlik moes die kongres egter deur verteenwoordigers van die t a k k e bygewoon word. Eén van die besluite deur die kongres insake die verskuiwing van die ATKV-hoofkantoor vanaf Hartenbos na Johannesburg geneem, gee onder meer aanleiding tot die genoemde hofsaak en interdik, wat h ernstige huishoudelike en konstitusionele krisis in die geledere van die Vereniging te weeg bring. Hierdie kongres en die besluite daartydens geneem, word later deur h hofuitspraak as ongeldig verklaar, wat daartoe aanleiding gee dat die Grondwet van die Vereniging weer hersien word.⁵²⁾

4.1.1.3 Die fase 1944 tot 1960

Hoewel daar ná die hersiening van die Grondwet in 1944 van tyd tot tyd geringe wysiginge in die grondwet aangebring

52) Ná hierdie krisis word h beleidsverklaring uitgereik en h lywige program van aksie opgestel. Vgl. ook: Notule: UR: 16, 18 Febr. 1944; 9 Nov. 1942. ATKV-Db: 6 Okt. 1942.

word, word die grondwet soos dit by die vyftiende kongres, gehou vanaf 12 tot 15 September 1944 te Bloemfontein, goedgekeur is, gebruik om in breë trekke die organisatoriese opset van die Vereniging in hierdie fase onder bespreking aan te dui.

Die bestuur en beheer word in hierdie tydperk deur die volgende liggame uitgeoefen:

- * Kongres ⁵³⁾
- * Uitvoerende Raad ⁵⁴⁾
 - * Dagbestuur
 - * Finansiële komitee
 - * Redaksiekomitee
 - * Komitees
- * Raad van Trusteë
- * Jaarvergaderings van takke
- * Takbesture ⁵⁵⁾

53) Die kongres is die hoogste gesagsliggaam van die Vereniging en is alleen onderworpe aan die Grondwet en reglemente. Vir die werksaamhede van die kongres, sien: Grondwet van die ATKV (SAS en H), p. 72 e.v.

54) Die Uitvoerende Raad is die hoogste uitvoerende gesag van die Vereniging. In hierdie konstitusie word geen omskrywing van die magte en bevoegdhede van die Uitvoerende Raad gegee nie. Vgl. o.m.: Ontwerpkonstitusie van die ATKV. DT, 3,3: 53, 1934. Grondwet van die ATKV (SAS en H), p. 73 e.v.

55) Op plaaslike vlak bestaan takke van die Vereniging onder aanvoering van takbesture wat bepaalde werksaamhede ten uitvoer behoort te bring, ooreenkomstig die bepaling van die Grondwet:

- * Die strewe na die verwesenliking van die ATKV se oogmerke.
- * Die behandeling van sake wat deur die takbestuur, die Uitvoerende Raad en/of lid van die tak aanhangig gemaak word.
- * Die volgende sake moet die blywende aandag van die takke geniet:
 - ** Die skepping van 'n transportkultuur,
 - ** Die skepping van 'n transportmuseum.
 - ** Die bevordering en die uit- en opbou van die Afrikaanse taal.
 - ** Die bevordering van hoër sowel as laer onderwys. (In DT word dit hoër en laer „kultuur” genoem - vermoedelik 'n drukfout - MEB).

Die komitee belas met die verantwoordelikheid ten opsigte van Noodhulpliga-aangeleenthede bly tot April 1943 voortbestaan wanneer die Noodhulpliga 'n selfstandige beweging word.

Die Uitvoerende Raad besluit in September 1942 om 'n Hartenbos-komitee te benoem met die opdrag om 'n volledige skema ten opsigte van die hele toekomstige plan en doel in verband met Hartenbos as 'n besitting en onderdeel van die Vereniging uit te werk en voor die raad te lê. By die vyftiende ATKV-kongres vanaf 15-18 Junie 1943 in Johannesburg gehou, is besluit dat 'n afsonderlike bestuur vir Hartenbos gekies sou word. Die onderkomitee van die Uitvoerende Raad wat aangewys is met die opdrag om die ontwikkelingsmoontlikhede ens. in verband met die winter-vakansieoord naby Illovostrand, Natalia te ondersoek, word

- ** Die bevordering van die Afrikaanse lied, met besondere aandag aan liedere wat die skepping van 'n transportkultuur beoog.
- ** Die verspreiding van kennis onder die lede omtrent die vereistes van hul werk en pligte asook hul verpligtinge as lede sodat hulle beter werknemers en burgers van die staat sal wees.
- ** Die versameling van besonderhede van heldedade deur lede van die Vereniging in besonder en van die vervoerondernemings in Suid-Afrika in die algemeen verrig ten einde genoegsame aandag daarop te vestig en waar verdienend, behoorlike waardering te verkry.
- ** Die bevordering van die gesellige samekoms van lede, wat in elke tak minstens vier keer per jaar behoort te geskied.
- ** Die beywering van takke in die organisasie van wedstryde in model-ingenieurswese, huisvlyttentoonstellings en kunswedstryde.
- ** Die organisering van kersbome waar moontlik en die organisasie van veldpartytjies minstens een keer per jaar indien moontlik.
- ** Die insameling van fondse vir die Wesefonds - besondere en gedurige aandag behoort, aldus die Grondwet, aan hierdie groot saak gegee te word.

Vgl. o.m.: Ontwerp-konstitusie van die ATKV (SAS en H). DT, 3,3: 56-7, 1934. Grondwet van die ATKV, p. 73 e.v.

later omskep in die Nataliastrandoordkomitee, belas met die behartiging van alle aangeleenthede rakende dié strandoord. Die twee komitees belas met die bestuur en beheer van die strandoorde van die Vereniging fungeer in die fass onder bespreking as komitees van die Uitvoerende Raad.⁵⁶⁾

Die Raad van Trustees oefen beheer uit oor sulke trustfondse en trusteiendomme soos deur die kongres en die grondwet en statute van die Vereniging bepaal. Die Sterftefonds en die Studieleningsfonds van die Vereniging is as trustfondse onder die toesig en beheer van die Raad van Trustees.

Die Vrou-en-Moederbeweging wat slegs as onderdeel van die Vereniging kan bestaan, is die vroue-organisasie van die Vereniging se vroulike lede binne die algemene raamwerk van die Vereniging.

Die bestuur en beheer van die Beweging geskied deur die volgende beheerliggame:

- * In Algemene Jaarvergadering.⁵⁷⁾
- * In Hoofbestuur.
- * Jaarvergaderings van takke.
- * Takbesture.
- * Komitees wat benoem mag word.

Wat die verhouding van die Vereniging en die Beweging betref stel die Grondreëls van die Beweging dat die Beweging slegs as 'n onderdeel van die Vereniging kan bestaan, terwyl takke van die Beweging net as ondergeskikte takke van die Beweging kan bestaan en deur die Beweging as sodanig erken moet word.

56) Anon. Daar's werk! DT, 11,12: 323, 1942. Reeler, J.E. Vyftiende jaarlikse kongres. DT, 9: 197, 1943. Notule: ATKV-kongres, 15de 1943. UR: 8, 9, 10 Sept. 1942; 24 Mei 1957; 8 Junie 1957. ATKV-Db: 8 Nov. 1956; 4 Des. 1956.

57) Vgl. i.v.m. naamsverandering van Uniale na Algemene Jaarvergadering Notule: VM-Db: 25 Jan. 1962.

In die loop van 1954 kom h Jeugkomitee tot stand wat in hoofsaak belas is met die behartiging van jeugaangeleenthede. Die Jeugkomitee het besluit om hom veral toe te lê op: Die onderwys in al sy vertakkinge, die beroepslewe, ontspanning en vryetydsbesteding en die behoeftes van die jeug.

In die grondwet wat ná die hofsaak en krisis in 1944 deur die vyftiende jaarlikse kongres goedgekeur en aanvaar word, ondergaan die werksaamhede van takke h geringe wysiging.

4.1.1.4 Die fase vanaf 1960 tot die registrasie as openbare nutsmaatskappy, 1962.

Met die oog op die doeltreffender funksionering en intensiewer kultuurwerk vind daar h reorganisasie van die bestuur en beheer van die Vereniging plaas, waardeur voorsiening gemaak word vir die daarstelling van agt liggame, bestuursliggame genoem, wat as onderkomitees van die Uitvoerende Raad die werksaamhede van die Vereniging behartig. Die statute-wysiginge wat hiervoor voorsiening maak, word by die twee en dertigste kongres wat in 1960 te Mosselbaai gehou is, goedgekeur. ⁵⁸⁾

In hierdie fase maak die Grondwet voorsiening vir die bestuur en beheer van die Vereniging deur die volgende liggame:

- * Die kongres.
- * Die Uitvoerende Raad.
- * Die Dagbestuur van die Uitvoerende Raad.
- * Die Finansieskomitee.
- * Die Kultuurkomitee.
- * Die Redaksiekomitee.
- * Die Hartenbosbestuur.

58) Red. Op die Voorpos. DT, 29, 3: 2, 1960, p. 2. Vgl. ook: Memorandum van Hoofsekretaris. Verenigingswerksaamhede en komiteestelsel, 30 Desember 1959. ATKV. Verslag van h gesamentlike vergadering van die beheerliggame gehou op 6 Mei 1960. Notule: ATKV-kongres, 32ste, 1960, p. 18. UR: 8, 9, Jan. 1960; 6,7, Mei 1960; ATKV-Db. en Finans.kom.: 29 Okt. 1959, 2 Nov., 5 Nov. en 16 Nov. 1959; 8 Des. 1959.

- * Die Nataliabestuur.
- * Die Vrou-en-Moederbeweging se
 - * Uniale/Algemene Jaarvergadering.
 - * Hoofbestuur.
 - * Dagbestuur van die Hoofbestuur.
- * Die Jeugkomitee.
- * Komitees van die Kongres of van die Uitvoerende Raad.
- * Die Raad van Trustees.
- * Jaarvergaderings van takke.
- * Takbesture.

Van hierdie genoemde liggame word agt ⁵⁹⁾ in 'n latere artikel as „bestuursliggame” van die Vereniging omskryf, te wete: Die Dagbestuur van die Uitvoerende Raad, Finansieskomitee, Kultuurkomitee, Hartenbosbestuur, Nataliabestuur, Jeugkomitee, Redaksiekomitee, Vrou-en-Moederhoofbestuur en Raad van Trustees.

Vóór die reorganisasie van die Vereniging met die oog op die funksionering deur middel van bestuursliggame of bestuurskomitees, is die Beweging met sy Jaarvergadering, Hoofbestuur en takke, hoewel organisatories ondergeskik aan en 'n onderdeel van die Vereniging, gesien as 'n outonome beweging binne die raamwerk van die Vereniging. Ná die indeling van die Verenigingswerkzaamhede in komitees, word die Beweging, net soos die ander sewe komitees van die Uitvoerende Raad, as 'n bestuursliggaam van die Vereniging gesien, wat belas is met 'n bepaalde aspek van die werkzaamhede van die Vereniging. In 1962 word die Vereniging kragtens artikel 21 van die maatskap-

59) Vgl. Statute van die ATKV (SAS en H).

pyewet van 1926 as openbare nutsmaatskappy geregistreer.⁶⁰⁾

4.1.2 Personeel en Hoofkantooradministrasie

By die eerste vergadering van die Federale Raad in 1931 is besluit dat daar tot die aanstelling van 'n besoldigde assistent en die huur van 'n kantoor oorgegaan moet word. Die eerste voltydse personeel van die Vereniging word in 1935 in diens geneem. Aangesien Verenigingswerkzaamhede sodanig uitgebrei het dat dit die aanstelling van 'n voltydse hoofamptenaar regverdig, besluit die kongres in 1935 dat daar tot die aanstelling van sodanige amptenaar oorgegaan word. In 1939 word die eerste voltydse besoldigde hoofamptenaar van die Vereniging in die persoon van mnr. Dirk Mostert aangestel.⁶¹⁾

Die Verenigingspersoneel en hoofkantoor wat aanvanklik in Mosselbaai gevestig is, word ingevolge 'n kongresbesluit van 1936 na Hartenbos oorgeplaas.⁶²⁾

- 60) Sien o.m. t.o.v. aanvoerwerk hiervoor: Reeler, J.E. Kongres in 1953 in Bloemfontein. DT, 22,12: 5, 1953. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 26ste kongres, 1954). Notule: ATKV-kongres, 25ste, 1953; 26ste, 1954; UR: 13 Febr. 1961; ATKV-Db. & Finans.kom: 16 Nov. 1959; 13 Febr. 1961; 10 Jan. 1961; 10 Febr., 20 Febr., 10 & 11 Apr. 1961; 16 Nov. 1961; 7 Febr. 1962; 14 Febr. 1962;

Die ATKV-kongres van 1 tot 4 Mei 1962 te Natalia, keur finaal die registrasie as openbare nutsmaatskappy goed. Sien: Notule: ATKV-kongres, 34ste, 1962, asook Red. Kongres moet besluit oor Akte van oprigting. DT, 31,4: 21, 1962.

- 61) Anon. Nuusberigte. DT, 4,12:495, 1935. Anon. Ons sesde jaarkongres. DT, 4,6:214, 1935. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 11de ATKV-kongres, 1939). ATKV. Kongresboek vir 7de kongres, 1936. Notule: ATKV-kongres, 6de, 1935; 7de, 1936; 9de, 1937. 1ste Federale Raadsitting, 1931, p. 4. UR: 1,2 Okt. 1934; 25 Mei 1935; 7 Okt. 1935; 8 Jul. 1939; 4 Sept. 1939. ATKV-Db. & Finans.kom., 20 Apr. 1939.

Reeds in 1934 word die beginsel van die aanstelling van organiseerders deur die kongres goedgekeur en in 1939 besluit die UR dat 'n voltydse pos van organiseerder geskep word. Sien: Anon. Ons jongste kongres. DT, 3,5: 103 e.v., 1934. Notule: UR, 4 Sept. 1939.

- 62) Notule: UR, 7 Okt. 1935. Spesiale ATKV-kongres, 1936.

Die hofsak en interdik wat die uitvoering van die besluite van die 1940-Fondamentkongres verydel het, het ook die uitvoering van die kongresbesluit aangaande die verskuiwing van die Hoofkantoor vanaf Hartenbos na Johannesburg vertraag. Die oorpasing van die Hoofkantoor na Johannesburg vind egter in 1943 plaas.⁶³⁾

4.2 Materiële volksorgmedia

Afgesien van die organisatories-administratiewe masjinerie wat vir die vervulling van die Verenigingsdoelstellings in die lewe geroep is, is daar ook materiële middele daargestel om aan die Verenigingsdoeleindes uitvoering te gee. Enkele daarvan word vervolgens bespreek.

4.2.1 Finansies

Die inkomste van die Vereniging word primêr uit ledegeld verhaal. Vóór 1934 is hierdie ledegeld maandeliks deur kollektante ingevorder. Vir die doeleindes van die heffing van lidmaatskapgeld is die Spoorwegdiens in vier groepe werknemers verdeel, wat ooreenkomstig hulle verdienste verskillende bedrae bygedra het. Die feit dat in die jaarverslag van 1931/32 genoem word dat 'n groot deel van die Verenigingslede nie-betalende lede was, dit wil sê 'n groep wat 60c en minder per dag verdien het, gee 'n aanduiding van die finansiële vermoë van diegene wat in die vroeë wordingsjare tot die Verenigingsgeleedere toegetree het. Hoofstukke het aanvanklik op 'n vasgestelde grondslag bydraes tot die sentrale fonds gemaak.⁶⁴⁾

63) Anon. Afskeidsfunksie vir ATKV-personeel op Mosselbaai. DI, 10,1: 71, 1940. Red. Van die redaksie. DI, 9,12: 465, 1940. Reeler, J.E. Vyftiende jaarlikse kongres. DI, 12,9:197, 1943. Notule: ATKV-kongres (Fondamentkongres), 12de, 1940; 15de, 1943.

64) Jaarverslag, Mrt. 1931 - Febr. 1932. (In DI, 1,4: 89, 1932). Notule: ATKV-kongres, 1ste, 1931; 2de, 1932. 1ste Federale Raadsitting, 1931, p. 5.

In die loop van 1934 gee die Spoorwegadministrasie toestemming dat ledegeld deur middel van 'n aftrekorderstelsel van die betaalstate van lede gevorder word. Inkomste langs hierdie weg verkry is ooreenkomstig die bepalinge van die 1934-grondwet in 'n Algemene Fonds gestort.⁶⁵⁾ Die geld is dan maandeliks volgens 'n bepaalde vasgestelde verhouding na die onderskeie fondse van die Vereniging oorgedra te wete:

- * Die Sterftefonds
- * Die Taalgenootfonds en
- * Die Wesefonds.

Verder is die oorblywende geld onder meer vir administrasie- en propagandakoste en vir die opbou van 'n reserwefonds aangewend.

In die 1944-grondwet word die volgende Verenigingsfondse wat bestaan met die oog op die verwesenliking van Verenigingsdoeleindes genoem:

- * Algemene inkomsterekening
- * Die Sterftefonds
- * Die Hartenbosstrandoordfonds
- * Die Studielendingsfonds
- * Die Taalgenootfonds
- * Die Eiendomsfonds
- * Takfondse wat die eiendom is van en deur die betrokke tak self beheer word.
- * Enige ander rekening en/of fonds wat vir die bevordering van die doeleindes van die Vereniging in die lewe geroep word.

In artikel 50 van die statute van die 1944-grondwet word, benewens die bogemelde fondse ook nog die Reserwefonds, die Nataliafonds

65) Ontwerp-konstitusie van die ATKV. DT, 3,3: 57 e.v., 1934. Anon. Aantekeninge. Die aanstaande kongres. DT, 3,4: 78 e.v., 1934.
Notule: ATKV-kongres, 5de, 1934.

en 'n Kultuurfonds genoem. In die stadium is in die statute voorsiening gemaak vir vaste toewysings uit die ledegeld van volle lede aan:

- * Die Sterftfonds
- * Die Taalgenoot
- * Hartenbos

Die res van die Verenigingsfondse word in die Algemene Fonds waaruit alle ander Verenigingswerkzaamhede dan gefinansier word, gestort. Sedert 1948 word ook ooreenkomstig 'n vaste formule 'n bedrag in die vorm van takfondse tot die beskikking van takke gestel. Die beginsel wat aan die uitbetaling van takfondse ten grondslag lê, is dat dit voorsiening behoort te maak vir die nodigste geldelike behoeftes van takke ten einde 'n redelike mate van funksionering van takke moontlik te maak.⁶⁶⁾

Ná die indeling van die Vereniging in die verskillende komitees vir doeltreffender funksionering, kom 'n stelsel van begrotings op grond van voorafbeplanning van werkzaamhede in swang. Van die eerste begrotings wat op grond van hierdie nuwe vorm van bestuur en beheer saamgestel is, tree in 1961 in werking.⁶⁷⁾

4.2.2 Eiendomme

4.2.2.1 ATKV-gebou

Sowel die finansies as die eiendomme van die Vereniging moet gesien word as middele ter bereiking van die doelwit van die Vereniging, naamlik die handhawing en uitbou van die

66) Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 21ste kongres, 1949). Notule: ATKV-kongres, 20ste, 1948; 21ste, 1949.

67) Notule: ATKV-Db. & Finans.kom: 27 Jan., 3, 7 en 9 Febr., 27 Mrt. 1961. Finans.kom.: 3 Des. 1962; 4 Febr. 1963.

Afrikaanse taal en kultuur. 68)

Tydens die 1935-kongres in Pretoria is besluit dat aan die Uitvoerende Raad opdrag gegee word om sy eie perseel en gebou in Johannesburg aan te koop. Sodanige perseel is in 1946 in Johannesburg aangekoop met die doel om 'n eie gebou op te rig waarin die Hoofkantoor van die Vereniging gehuisves kon word. Die ingebruikneming van die ATKV-gebou het op 30 Junie 1950 plaasgevind. Die oprigting van die ATKV-gebou in Johannesburg moet gesien word as vrug van die bewuste strewe van die Vereniging om sy taal- en kultuurstrewe ook in die grootstad te laat geld. 69)

4.2.2.2 Vakansieoorde

* Hartenbos 70)

Spiedig na die totstandkoming van die Vereniging is beseef dat dit noodsaaklik is om ook vir lede vir 'n geskikte vakansieoord voorsiening te maak. By die bestaande vakansieoorde in die land het die Spoorwegman in die vroeëre jare dertig nie tuis gevoel nie, deels vanweë die

68) Botha, M.C. Die ATKV (SAS en H), p. 37. Notule: ATKV-kongres, 21ste, 1949.

69) Die gebou wat aanvanklik uit 'n kelder-, winkel- en drie kantoorverdiepings bestaan het, is in 1958 voltooi tot agt verdiepings. Vgl.: Anon. Die Raad besluit. DT, 26,4: 13, 1957. Anon. Die jaar in oënskou. DT, 26,10: 4, 1957. Red. Die ATKV-gebou word oopgesing. DT, 19,5:19, 1950. Sekretariële jaarverslae. (In Kongresboeke vir 20ste kongres, 1948; 21ste kongres, 1949; 23ste kongres, 1951; 22ste kongres, 1950.) Notule: ATKV-kongres, 6de, 1935, p. 16; 18de, 1946; 28ste, 1956. UR: 24 Sept. 1956; 25 Mei 1957; ATKV-Ob. & Finans.kom. 10 Des. 1956.

70) „AGV“. Datums, DT, 9,2: 61 e.v., 1940. Van Heerden, P. Die ATKV se ontstaan en groei. DT, 7,2: 117, 1938. Klopper, H.J. Voorsittersrede. (In Kongresboek vir 9de kongres, 1937.) Sekretariële jaarverslag. (In Kongresboek vir 7de kongres, 1936.) Notule: Spesiale ATKV-kongres 1936; 9de, 1937; 7de, 1936. UR: 26 Mei 1936; 4 Sept. 1939.

feit dat die Afrikaanssprekendes by die meeste vakansiesentra in die minderheid was en deels vanweë die stigma wat daar aan die Afrikaanssprekende spoorwegwerknemer gekleef het. In die lig van hierdie omstandighede moet die besondere belangrikheid van die besluit van die Uitvoerende Raad in Mei 1936 om by die kongres aan te beveel dat 'n vakansieoord vir die Vereniging aangekoop moet word, beoordeel word.

'n Spesiale kongres word op 16 November 1936 op Mosselbaai opgeroep waartydens besluit is om die landgoed Hartenbos, geleë vyf myl van Mosselbaai, aan te koop. Afgesien van die inrigting van hierdie landgoed as doeltreffende vakansieoord vir die lede van die Vereniging is ook 'n groot aantal erwe aan lede teen 'n billike prys te koop aangebied. Vandag pryk reeds 'n groot aantal vakansiehuise en ander huisvestingseenhede op Hartenbos.

* Natalia ⁷¹⁾

Tydens die 1952-kongres is besluit dat oorweging verleen word aan die moontlikheid om 'n eie wintervakansieoord aan die Natalse kus vir lede te verkry. In 1953 het die Vereniging 'n stuk grond aan die Natalse Suidkus aangekoop. Dit is ontwikkel tot 'n vakansieoord vir lede. Die drieverdiepinggebou wat op die strandoord opgerig is vir die huisvesting van vakansiegangers is in 1960 in gebruik geneem.

4.2.3 Publikasies

Die ATKV het hom in die loop van sy bestaan van 'n groot aantal publikasies bedien met die oog op die uitvoering van sy doelstellings.

Die eerste eksemplaar van die Verenigingsmaandblad, „Die Taalgemeenoot”, ⁷²⁾ Verskyn in Desember 1931. Hierdie tydskrif dien as mond-

71) Red. Op die voorpos. DT, 22,7:3, 1954. Red. Ons neem besit. DT, 25,7:11, 1956. Red. Natalia, DT, 26,7:3, 1957. Red. Natalia. Nog 'n mylpaal. DT, 29,3:16, 1960. Notule: ATKV-kongres, 24ste, 1952; 25ste, 1953. UR: 23 Jan., 29 Mei 1953; 21 Mei, 27 Sept. 1954; Jan. 1955; 25 Mei, 27 Febr., 29 Sept. 1956; 29 Mei, 7 Sept. 1959. ATKV-Db. & Finans.kom.: 29 Mei 1957; 28 Mei, 7 Des. 1954; 21 Des. 1954.

72) Vgl. DT, 1,1, 1931. „AGV”. Datums. DT, 9,2:61, 1940. Sekretariële

stuk van die Vereniging en ook as middel om Verenigingsdoelstellings ten opsigte van taal- en kultuurhandhawing te verwesenlik. Die blad het in die loop van sy bestaan vir 'n wye verskeidenheid van rubrieke voorsiening gemaak deur middel waarvan belangrike opvoedingswerk verrig is. Die gereelde maandelikse redaksionele artikels onder die opskrif „Op die Voorpos” lewer bespreking, waardering en kommentaar oor aktuele Verenigings-, volks-, taal- en kultuuraangeleenthede. Hierdie rubriek en ander vir die vrou, die kind, die jeug, oor taalsake ens. bied 'n groot verskeidenheid van leersame stof oor allerlei aktuele volkskulturele aangeleenthede. Dit dien as belangrike materiële opvoedingsmedia waardeur enkulturasie plaasvind, d.w.s. waardeur kennis, soos ingebed in en gedra deur die volkswete van die Afrikaanssprekende op die Spoorweë, oorgedra word. Verder poog die blad ook om deur die verskaffing van gesonde ontspanningslektuur, positiewe afleiding aan lesers te bied. ⁷³⁾

Benewens die gereelde kongresboeke wat jaarliks voor die aanvang van die kongres van die Vereniging en die Algemene Jaarvergadering van die Beweging verskyn en 'n oorsig bied oor die stand van Verenigingswerkzaamhede, is ook van tyd tot tyd inligtings- en ander brosjures gepubliseer waardeur die werkzaamhede van die Vereniging bekend gestel is. Die publikasie van pamfletreekse oor onderwerpe van opvoedkundige strekking was 'n ander middel waardeur die Vereniging met behulp van materiële media gepoog het om kennis aan lede en buitestaanders oor te dra. Hierdie en ander metodes van volksorg soos deur die Vereniging gebruik met die oog op taal- en kultuur-

jaarverslag. (In Kongresboek vir 28ste kongres, 1954).

- 73) Vgl. o.m.: Botha, M.C., Die ATKV (SAS en H), p. 17. Red. Op die Voorpos. DT, 22,11,:3, 1953. Red. Op die Voorpos. DT, 21,9:3, 1952. Anon. Aantekeninge. DT, 3,7:153, 1934. Sekretariële jaarverslag. (In Kongresboek vir 20ste kongres, 1948). Anon. Wat is die ATKV (SAS en H)? DT,16,4:22, 1947. Notule: ATKV-kongres, 24ste, 1952; 27ste, 1955.

handhawing word in die volgende hoofstukke breedvoeriger bespreek.

5. Resumé

Dit is duidelik dat die ATKV in 'n fase van die historiese ontwikkeling van die Afrikanervolkskultuur tot stand gekom het, toe daar binne sowel as buite die staatsdiens onrusbarende simptome van kulturele desintegrasie van die Afrikanervolksidentiteit te bespeur was. Waar vroeëre kultuurverenigings in die ware sin van die woord kultuur - 'n beweging' was, het die ATKV die pioniersweg van organisatoriese samevoering van kragte binne 'n bepaalde beroepsgroep ingeslaan - 'n nuwe, riskante weg wat onder meer ook die moontlikheid van persoonlike verontregting ingehou het, maar wat met verloop van tyd geblyk het die mees effektiewe weg te wees ten einde intensief kulturele verval teen te werk.

Om te midde van die dwingende materiële en ekonomiese nood van die Spoorwegwerknemers 'n weg te vind waardeur óók en veral die ideaal van 'n eie, selfstandige volksidentiteit met tipiese kultuurgoedere gekweek en in stand gehou kon word, was uiteraard 'n dubbel-moeilike opgawe. Daarom behoort die strewe om ook aan die lid benewens die meer abstrakte en idealistiese visie, ook konkrete en sigbare materiële voordele te lewer, positief beoordeel te word, hoewel die tendens om as konkurrent van die sogenaamde personeelverenigings op te tree, ten einde meer lede te trek, veroordeel moet word.

Steeds moet die doelstellings van die Vereniging in die historiese situasie waarin dit tot stand gekom het beoordeel word. 'n Voortdurende herwaarderings en herformulering van die doelstellings in die lig van die veranderende historiese situasie van die Afrikanerwerknemer op die Suid-Afrikaanse Spoorweë is dringend noodsaaklik, veral ook met die oog daarop dat dienste gelewer deur bestaande instellings of wat deur bestaande instellings gelewer behoort te word, nie gedupliseer word nie. Die Vereniging en die Beweging se doelstellings noop hulle daartoe om veral kuratief te funksioneer, wanneer dit die funksie van ander instellings betref. 'n Beleid van positiewe stimulerings sonder die oornames van die taak van bestaande instellings is aan te beveel.

Die Vereniging en Beweging het in hulle wordingsjare 'n geweldige stimulas gebied tot die volks- en taalbewuswording van die Afrikaner en was gelyktydig deur die verskeidenheid van volksorgmedia tot sy beskikking instrumenteel in die voortstuwing van hierdie volks- en taalbesef ver buite die „grense“ van die Spoorweë as bedryf.

Die organisatories-administratiewe masjinerie van die Vereniging ondergaan met verloop van tyd dinamiese ontwikkelinge waaruit veral 'n bewuste verantwoording met betrekking tot die eise van die tyd blyk. Die reorganisasie van die Vereniging deur middel van 'n stelsel van bestuursliggame is 'n duidelike teken van die organisatoriese vaartbelyning wat 'n kultuurvereniging in die moderne kultuursituasie nodig het. 'n Proses waarin die aandeel van die gewone taklid in hierdie stelsel meer bewustelik ingeskakel kan word is egter sterk aan te beveel. 'n Verdere stroombelyning van hierdie komiteestelsel waarin veral die proses van desentralisasie van verantwoordelikheid 'n meer prominente rol sal speel, behoort ook die aandag te geniet.

'n Hiper-doeltreffende organisatories-administratiewe apparaat met voortreflike volksorgmedia, mag nooit die ideale, wense, begeertes en behoeftes van die gewone lid uit die oog verloor nie.

Die verandering van die posisie van die Vrou-en-Moederbeweging tot 'n bestuursliggaam naas ander bestuursliggame van veel kleiner omvang en met 'n veel kleiner werkterrein is te bevraagteken. Hoe die interne relasie van so 'n vrouebeweging binne 'n bestaande Vereniging egter gereël moet word is 'n moeilike vraag wat ten nouste saamhang met die prinsipiële vraag na die bestaansreg van een vereniging binne 'n ander en die posisie van die vrou in die hele organisatoriese opset van die Vereniging.

HOOFSTUK VI: VOLKSORG

1. Inleidend

In hierdie hoofstuk kom primêr daardie volksorgaktiwiteite van die ATKV (SAS en H) aan die orde wat daarop gemik is om die Verenigingslid as medevolksgenoot, individueel of in die onderskeie samelewingsvorme waarin hy staan, te versorg, m.a.w. deur die aanwending van bepaalde vorme en metodes van sorg, wat konstruktief, konserverend en/of kuratief gekwalifiseer is, die lid of die samelewingsvorm waarvan die lid 'n deel uitmaak, toe te rus en bekwaam te maak vir die uitvoering van sy volksorggroeping, of die samelewingsvorm as sodanig te ondersteun in die uitvoering van sy in eie kring soewereine roeping en taak. Dit raak dus ook die daarstelling van daardie materiële en ander omstandighede wat die uitvoering van die volksorggroeping van die individuele volksgenoot of die volksgenoot in organiese verband (verbond) moontlik maak.

In hierdie hoofstuk verkry die begrip „volksorg” ’n tautologiese karakter. Die begrip „volk” dui in hierdie samestelling op sowel die feit dat dit hier gaan om die mens-in-volkverband, as die mens-in-volkverband. Ten einde hierdie onderskeidings binne die omvattender begrip volksorg duideliker na vore te laat tree is dit moontlik om byvoorbeeld ook te onderskei tussen „etniese” volksorg en „kulturele” volksorg, waar daar dan in laasgenoemde geval gedui word op die feit dat die sorg gerig is op die kultuurprodukte van die volk. ’n Minder gekompliseerde onderskeiding is blykbaar dié tussen volksorg, waarin dan gespesifiseer word dat dit primêr gaan om die sorg vir die mens-in-volkverband en kultuursorg, waarin dit gaan om die sorg vir die kultuur wat deur die volk tot stand gebring word in die proses van die bou, bewaring en herstel, d.w.s. die omvorming van die nie-menslike landepotensiaal, aan sy sorg toevertrou. Ook hierdie onderskeiding lewer probleme op, omdat ook die volksorg ten opsigte van die mens in volksverband as sodanig ook kultuur is, sodat dit moontlik is om ook in verband met dit wat vir die mens gedoen word, die kultuurhandelinge ten opsigte van die volk, te spreek van „kultuursorg”. Die

begrip volk as individualiteitstruktuur behels in werklikheid sowel die sg. „natuur“-kant van menslike en nie-menslike aard asook die verskeidenheid van ander lewensuitinge waaraan beide genoemde deel het.

In die proses waarin daar aan die Verenigingsdoelstellings ten opsigte van die versorging van die volk uitvoering gegee word, funksioneer die Vereniging nie slegs as volksorgorgaan ten opsigte van sy eie lede nie, maar bemoei hy hom ook met die probleme en behoeftes van die volksgeenoot buite Verenigingsgeledere, asook met die onderlinge verhoudinge tussen die onderskeie volksgroepe, rassegroepe en nasies op die gemeenskaplike landsbodem, en selfs met die onderlinge verhoudinge tussen verskillende nasies.

In die uiteensetting van die volksorgaktiwiteite¹⁾ van die Vereniging word die volgende weg gevolg: Daar word onderskei ten opsigte van daardie volksorgaktiwiteite wat in verband staan met die n a t u u r²⁾ aan die Vereniging se sorg toevertrou en daardie volksorgaktiwiteite wat gemoeid is met die handhawing, bewaring en uitbou van die volkskultuur. Hoewel die sorg vir die land, organisatories-administratiewe volksorgapparaat en die materiële volksorgmedia 'n inherente deel van die omvattende kultuurtaak van die Vereniging vorm word dit hier nie breedvoerig behandel nie. Primêr geniet hier die „etniese“ volksorg die aandag, terwyl in die volgende hoofstuk die k u l t u r e l e volksorg, genoem „kultuursorg“, behandel word.³⁾

- 1) Die volksorgaktiwiteite van die Vereniging as g e h e e l is in hierdie studie aan die orde. Hoewel t a k - werksaamhede die belangrikste deel van die Vereniging se volksorgtaak uitmaak, word dit nie hier in detail bespreek nie. Dit kan voorwerp vir verdere navorsing en studie uitmaak. Die werksaamhede van die Vereniging en die Beweging word as 'n eenheid gesien en nie afsonderlik bespreek nie.
- 2) Stoflike-, plantaardige-, diere- en menslike natuur. Dit sluit die land, organisatories-administratiewe volksorgapparaat, materiële volksorgmedia en die volk (lede en nie-lede) self, in.
- 3) Sien hoofstuk oor terminologie en begripsbepaling vir uiteensetting van hierdie terme. „Kulturele“ volksorg of kultuursorg word gebruik in aansluiting by die gangbare konnotasie in dokumente van die ATKV. Hierdie konnotasie is egter veel enger dan die één wat in die wetenskap Kultuurkunde gebruik word.

2. Intra-organisatories

2.1 Organisations-administratiewe sorg

Onregstreeks geskied die bemoeienis van die Vereniging met die bewaring, versorging en behoud van die land en die volksorgmedia uitsluitend met die oog op die versorging van die volk of deel van die volk in belang van wie die Vereniging funksioneer. Dit bestaan immers ter wille van die sorg ten behoeve van lede en die kultuurprodukte deur hulle tot stand gebring. Die metodes en vorme van sorg wat in die geval van die volksorgmedia onder bespreking en die land aangewend word, kan deurgaans as konstruktief-konserverend gekwalifiseer word. Daar moet onderskei word en gelet word op die wisselwerking wat daar tussen die volksorgapparaat van die Vereniging enersyde en die volksorg van die ATKV as sodanig bestaan. Ten einde sy funksie en taak in die volksbestaan na te kom, is dit nodig om sorg te dra vir die doeltreffende funksionering van sy volksorgapparaat.

2.1.1 Kongresse ⁴⁾

Die gereelde jaarlikse kongresse van die Vereniging wat in die verskillende groot dorpe en stede van die land plaasvind en waarheen

- 4) 'n Wye verskeidenheid van onderwerpe het tydens kongresse in beskrywingspunte, referate en toesprake aandag geniet, w.o.: Die taak en plek van die ATKV in die Republiek; Die Christelike huisgesin in die daaglikse lewe; Die bestryding van ongewenste publikasies; Ons volk se toekoms - 'n toekomsblik'; Die Afrikaner se roeping op die arbeidsterrein; Die ATKV en die jeug; Die Afrikaner-kultuurmense se verhouding tot die nie-blanke en die wyse waarop die Afrikaanse taal en letterkunde onder nie-blankes ingedra kan word; Die onderlinge verhouding tussen man en vrou; Verfrissing en vernuwning van Verenigingswerkzaamhede; Die Afrikaner in die verstedelingsproses; Die ekonomiese bewusmaking van die Afrikaner; Arbeid as grondslag vir ware en blywende kultuur; Die kulturele en algemene verwantskap tussen die Afrikaner en die Nederlander; Vervoerkultuur; Burger-skap; Die toekoms van ons Republikeinse volk; Die Afrikaanse volksroeping in wêreldverband; Taalhandhawing; Rasseverhoudinge in Suid-Afrika; Die onderwys; Vakleerlingskap, ens., ens. Vgl. o.m. in hierdie verband die onderskeie kongresnotule van die verskillende jare, asook notule van die UR en die ATKV-Db. & Finans.kom. Sien ook: Reeler, J.E. Kongres op Hartenbos. DT, 20,10:7, 1951. Ibid. 1950-kongres. DT, 20,4:24, 1951. Red. Kongres-toe. DT, 17,10:3, 1949. Red. Op die Voorpos. DT, 17,10:3, 1948. Red. Op die Voorpos. DT, 16,7:3, 1947. Red. Op die Voorpos. DT, 21,7:3, 1952. Reeler, J.E. Kongres 1953 in Bloemfontein. DT, 22,12: 4, 1953.

takke volgens 'n vaste grondslag verteenwoordigers stuur, is 'n belangrike middel waardeur die Vereniging kultuurwerk verrig. 'n Interne en 'n eksterne funksie word deur hierdie kongresse vervul: Wat die interne funksie van die kongres betref, dien dit as 'n geleentheid waartydens die werksaamhede van die Vereniging in oënskou geneem word en as sentrum vir die bepaling van die Verenigingsbeleid met die oog op die beplanning en bespreking van die beoogde program van aksie vir die komende jaar. By die kongres word 'n kongrestema of hoofonderwerp deur 'n hoofspreeker⁵⁾ behandel. Langs hierdie weg word aan lede die geleentheid gebied om sprekers aan te hoor wat, om voor die hand liggende redes normalitêr nie deur takke uitgenooi kan word nie. Die bywoning van die jaarlikse Verenigingskongres beteken vir die deursnee Verenigingslid veel vanuit 'n opvoedkundige oogpunt gesien: Die plaaslike takwerksaamhede word in breër perspektief gesien en dit dien as 'n bron van besieling waardeur die lid geïnspireer word om plaaslike takwerksaamhede met hernieuwde ywer aan te pak. Op subtiele wyse word vergaderingsprosedure ens. by die lid tuisgebring, terwyl die besprekings 'n belangrike bron is vir die oordrag van kennis aangaande aktuele volksaangeleenthede. Die kongres dien as kanaal en geleier van die oordrag van 'n bepaalde aspek van die kennisbesit soos in die volkslewe beliggaam. Die eksterne funksie en waarde van die kongres is in die gesamentlike beraadslaging oor sake van gemeenskaplike volksbelang geleë. Kongresbesluite verteenwoordig die wete van 'n bepaalde deel van die bevolking en by name die Afrikaanse werknemers van die SA Spoorweë aangaande 'n bepaalde aspek of faset van die volkskultuur. Die waarde wat die aanwesigheid van die kongres in verskeie sentra van die land vir die bewusmaking van die volk van hulle geestes- en kultuurerfenisse het, is moeilik te onderskat.⁶⁾

5) Sekretariële jaarverslag. (In Kongresboek vir 19de kongres, 1947).
Notule: UR, 12 Sept. 1958.

6) Sekretariële jaarverslag. (In Kongresboek vir 22ste kongres, 1950).

Wat ten opsigte van die kongres van die Vereniging geld, geld ook mutatis mutandis ten opsigte van die Algemene Jaarvergadering van die Vrou-en-Moederbeweging.⁷⁾ Die aksent val egter hier net meer pertinent op die besondere roeping en taak van die vrou en moeder en die aandeel van die vrou en die georganiseerde vrouekragte in die volksorgtaak.

2.1.2 Beheerliggame:

Die verskillende beheerliggame van die Vereniging fungeer primêr as organisatories-administratiewe apparaat waardeur die Vereniging oor die onderskeie aspekte van sy volksorgtaak bespreking voer, beleid bepaal en besluite ten uitvoer laat bring. Sodanige besprekings en besluite is ook die neerslag van 'n besondere aspek van die kennisbesit soos in die volkswete belanggaam. Hulle is verder historiese kultuurprodukte wat die vrug is van bepaalde konsepsies aangaande die besondere volksorggroeping van die volk en die Vereniging in besonder. 56

- 7) Die benaming Uniale Jaarvergadering word in 1962 met Algemene Jaarvergadering vervang. Sien: Notule: VM-Db. 25 Jan. 1962. By die verskillende Algemene Jaarvergaderinge is 'n groot verskeidenheid hoofonderwerpe van aktuele volksbelang behandel en bespreek, o.m. die volgende: Die organisering van kultuurwerk as opheffingsmiddel binne die raamwerk van takwerksaamhede; Aandag aan die kind; Die vername rol van die vrou te midde van die natuurwetenskaplike vordering van die afgelope tyd; Die behoefte by die jeug aan lewensfondamente wat die toets van die tyd sal deurstaan te midde van die veranderde lewensomstandighede; Die geesteskrag van die moeder bepaal die toekomst van die Afrikanervolk; Ondernemings ter bevordering van 'n gesonde gesinslewe; Die rol wat die moeder in die huis speel sodat die ouerlike woning 'n kultureel-vormende betekenis vir die kinders kan hê; Die ontwikkeling van maatskaplike werk in SA met besondere verwysing na die vrou daarin; Beroepsvoorligting; Die vrou en wetgewing met besondere verwysing na haar kinders; Die moderne tydsgees en die jeug; Die vername rol van die vrou in die vorming van die openbare mening; Bediendeloosheid in die praktyk ens., ens. Sien in dié verband die notule van die verskillende Uniale- en later Algemene Jaarvergaderinge sedert 1943 asook die notule van die VM-Hb. en VM-Db., asook artikels in DT.

fungeer die Redaksiekomitee byvoorbeeld as medium waardeur die Vereniging beheer oor die Verenigingsmaandblad „Die Taalgenoot“⁸⁾ uitoefen. ’n Komitee soos hierdie het in die organisatoriese opset van die Verenigingswerksaamhede by uitstek ’n kontrolerende funksie – dit dien in ’n sekere sin as die verlengstuk of verteenwoordiger van die volks(ge)wete van die lede en moet toesien dat skadelike en afbrekende elemente uit die amptelike orgaan van die Vereniging geweier word, m.a.w. dat die inhoud van die blad nie strydig is met die histories-tradisionele amptelike volkskonsepsiewêreld nie. Primêr moet die klem op die handhawing, konservering, bewaring van die volkseie en die konstruktiewe, die bou van die kultuurpatroon⁹⁾ val.

2.1.3 Takke:

Afgesien van die belangrike eksterne volksorgfunksie wat deur die takke deur die funksionering as plaaslike outonome organe van die Vereniging vervul word, het die Vereniging as geheel ook ’n taak ten opsigte van die sorg vir die behoorlike funksionering van die takke. Met die oog hierop bestaan daar die reglemente, huishoudelike reëls en ander stukke wat vir die takbestuur as rigsgoer en handleiding moet dien in die volvoering van hulle plaaslike volksorgtaak.¹⁰⁾ Deur middel van ’n skema waarvolgens die aktiefste tak van die Beweging en die Vereniging jaarliks aangewys word met die oog op die verowering van ’n trofee, poog die Vereniging om deur

8) Notule: ATKV-kongres, 6de, 1935, p. 12.

9) Hierdie kort bespreking van die funksie van één van die beheerliggame dien ter illustrasie van die belangrike volksorgfunksie van konstruktief-konserverende aard wat deur die onderskeie beheerliggame van die Vereniging vervul word.

10) Vgl. o.m. i.v.m. brosjures en naslaanreeksstukke: Anon. Die Vrouen-Moederbeweging deur die jare, p. 33. Sekretariële jaarverslag. (In V&M-beweging. Jaarverslagboek vir 21ste AJ, 1963). Notule: VM-Hb: 20 Mei 1947; 6 Sept. 1958; 21 Aug. 1961; 22 Mrt. 1962. VM-Db: 15 Okt. 1958.

middel van 'n element van wedywering takke tot doeltreffende funksionering en volksorgaksie aan te spoor. ¹¹⁾

Met die oog op die voorligting van, die opvoeding tot en die toerusting vir die uitvoer van dié taak, maak die Vereniging gebruik van die dienste van sy personeel en lede van die Uitvoerende Raad en Hoofbestuur wat takke besoek en onder meer ook behulpsaam is met die lewering van lesings tydens kursusse en konferensies. ¹²⁾

Kursusse ¹³⁾ en konferensies wat van tyd tot tyd deur die Vereniging vir sy lede aangebied word, is 'n belangrike medium waardeur kennisoordrag in die proses van enkulturasie plaasvind. Afgesien van die jeugleierskursusse, wat sedert 1956 feitlik elke jaar aangebied word en waar veral die jeug geskool word vir hulle taak om binne die Verenigingslewe en in die georganiseerde volkslewe leiding te gee, word ook van tyd tot tyd organisasiekursusse en kultuurleierskursusse aangebied, wat daarop gemik is om lede te vorm en te skool vir die taak van doeltreffende organisasie en

- 11) Notule: ATKV-kongres, 28ste, 1956; AJ: 22ste, 1964; UR: 25 Jan. 1957; 16 Sept. 1957; 11 Mei 1964; ATKV-Db. en finans.kom.: 25 Aug. 1959; VM-Db: 16 Jun. 1962; 11 Sept. 1963.
- 12) Red. Vrou-en-Moeder maak konferensiegeskiedenis. DT. 32,2:25, 1963. Notule: UR: 23 Sept. 1960.
- 13) Van die onderwerpe wat onder meer tydens hierdie kursusse aandag geniet, is die volgende: Pligte van ampsdraers, programbeplanning, prosedure by vergaderings, leierskap, huishoudelike takaangeleenthede, taal-handhawing, viering van volksfeeste, organisering van kunswedstryde, organisering van kindergroepe na Hartenbos ens., ens. Vgl. o.m. Anon. Die Vrou-en-Moederbeweging deur die jare, p. 33. Red. Streekkonferensie van takke. DT, 15,12:450, 1946. Anon. Die Raad besluit. DT, 16,8:17, 1947. Red. Op die Voorpos. DT, 16,6:3, 1947. Red. Die Raad besluit. DT, 19,8:13, 1950. Red. Konferensie. DT, 19,5:3, 1950. Red. Konferensie-indrukke. DT, 25,5:19, 1953. Red. Op die Voorpos. DT, 30, 8:2, 1961. Red. Geelaagde studieweek vir jong dames. DT, 31,10:23, 1962. Sekretariële jaarverelae. (In Kongresboeke vir 21ste ATKV-kongres, 1949; 20ste ATKV-kongres, 1948). Notule: ATKV-kongres, 20ste, 1948; 27ste, 1955. UR: 28, 29 Jan. 1948; 16, 17 Jan. 1947; 27 Jan. 1956; 8 Sept. 1958; 27 Jan. 1956; 7 Sept. 1959. ATKV-DB. en Finans.kom.: 15 Mei 1946; 17 Mrt. 1947; 26, 27 Apr. 1950; 4 Jun. 1954; 10 Junie 1954; 14 Jan. 1955; 13 Apr. 1955; 9 Julie 1954; 6 Mrt. 1957; 6 Julie 1959. VM-Hb.: 5, 6 Sept. 1949.

leidinggewing in die volkselewe.

Besondere vermelding verdien die opvoedkundige vakansiereise van die Vrou-en-Moederbeweging wat die vorm van 'n reeks streekkonferensies in die onderskeie hawestede van die Republiek aanneem.¹⁴⁾ Tydens hierdie reise word lede geskool vir hulle volksorgtaak en word die doel, strewe en werksaamhede van die Beweging onder die aandag van die breër publiek gebring. 'n Belangrike beginsel wat met hierdie ondernemings, sowel as met die jeugleierskursusse van die Vereniging in praktyk gebring is, is die koppeling van georganiseerde vryetydsbesteding aan 'n opvoedkundige mikpunt.

2.2 Materiële volksorgmedia

Benewens die bogemelde konstruktief-konserverende volksorg wat die Vereniging beoefen ten einde sy organisatories-administratiewe volksorgapparaat in stand te hou en beter toe te rus vir die doeltreffende vervulling van die volksorgroeping, bestee die onderskeie verantwoordelike besture ook heelwat aandag aan die materiële volksorgmedia van die Vereniging wat as belangrike middele diens doen ten einde die Vereniging in staat te stel om aan sy doelstellings te beantwoord. Hierdie interne volksorg kan as 'n sekondêre vorm getipeer word op grond van die feit dat dit geskied met die oog op die vervulling van die Vereniging se primêre taak en roeping, naamlik die sorg vir die volk en die volkskultuur.

3. Kategorieë

Volksorg wat onder hierdie hoof behandel word, sluit daardie versorgingsaktiwiteite in wat afgestem is op bepaalde groepe of kategorieë binne die bevolking. Dit dek sowel daardie vorme en metodes van sorg wat gerig is op die handhawing en erkenning van die volk as geheel, asook daardie wat gerig is op die behoeftes en probleme van 'n bepaalde kategorie binne die

14) ~~Sekretariële~~ jaarverslag. (In VM-beweging. Sekretariële jaarverslag en ander stukke vir 21ste AJ, 1963). Notule: AJ: 20ste, 1962; 22ste, 1964. UR: 7 Sept. 1962; VM-Db: 12 Jun. 1962.

Verenigingsgeleeders. Ook hierdie volksorg is wyer in trefwydte as slegs die lede van die Vereniging.

3.1 Volk

3.1.1 Beeld van die Afrikanervolk

h Belangrike faset van die volksorg van die Vereniging staan in verband met die konsepsie van die Afrikanervolk in die oë van andersdenkendes in besonder in die buiteland. Met die oog hierop het die Uitvoerende Raad aandag gegee aan en is ondersoek ingestel na die skewe beeld van die Afrikaner en die Afrikanervolk wat deur die voorgeskrewe werk, „Hantie kom huius toe“, in Engelse skole geskep kon word. Met h arends oog is wag gehou oor die eer en die waardigheid en die trots van die Afrikanervolk.¹⁵⁾

Vertoë is tot die owerheid gerig ten einde te versoek dat rolprente oor Suid-Afrika wat in die buiteland vertoon en versprei word, van h Afrikaanse klankbaan voorsien moet word, sodat die indruk nie in die buiteland geskep word dat Suid-Afrika h eentalige Engelsprekende land is nie. Dit gaan in hierdie optrede om die optrede in belang van die erkenning van die eie volksidentiteit deur ander bevolkingsgroepe.¹⁶⁾

3.1.2 Arbeid

Die arbeid en arbeidsgesindheid van h volk raak nie slegs die bedryf as samelewingsvorm of die ekonomiese lewe van die volk as sodanig nie maar wél die ganse volkslewe in al sy geledinge. Arbeid as h universeel-menslike verskynsel vorm een van die belangrikste aspekte van die volksleefwyse as antwoord op die roeping van die volk.

Aan die besondere plek van h gesonde, roepingsbewuste arbeidsgesindheid, arbeidstrots en h Christelike arbeidsbeskouing is in die volk-

15) Notule: UR; 25 Mei 1957. ATKV-Db. en Finans.kom: 28 Mei 1956; 28 Mei 1958; Jaugkom: 22 Mrt. 1957.

16) Notule: UR: 6 Jun. 1959. Ook ander fasette van intervolksbetrekkings het aandag geniet. Vgl. o.m.: Notule: ATKV-Db. en Finans.kom: 6 Sept. 1956; 10 Apr. 1957.

sorg van die ATKV ruim aandag gegee. Die noodsaak van blanke self-werksaamheid en die uitskakeling van nie-blanke arbeid onder meer in belang van die sneller implementering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling, die propagering van 'n korrekte arbeidsgeesindheid binne en buite die Spoorweë met die klem op 'n herwaardering van die arbeid en by name die hande-arbeid in die gesinslewe, is deur artikelreekse in „Die Taalgenoot“ onder die tema: „Die adel van die arbeid“, by lede ingeskep en in pamflette en lesings by kursusse en in kongresreferate behandel.¹⁷⁾

Twee pamflette gepubliseer respektiewelik deur die Jeugkomitee van die ATKV en die Vrou-en-Moederbeweginghoofbestuur met die titels: „Roeping en arbeid“ en „Dit is eintlik my roeping“, wat in duisend-talle onder alle bevolkingslae versprei is, was 'n konstruktiewe volksorgmedium waardeur die konsepsie van arbeid as antwoord op die goddelike roeping in die kultuuropdrag, by die volk tuisgebring is.

Die Vrou-en-Moederbeweginghoofbestuur het aan die vraagstuk van die buitenshuise beroepsarbeid van die getroude vrou daadwerklik aandag bestee deur die beskikbaarstelling van geld vir 'n grondige wetenskaplike ondersoek na hierdie verskynsel.¹⁸⁾

Die belangrikste bydrae van die Vereniging ten opsigte van die arbeid en arbeidsorg as sodanig is beslis gelewer deur die feit dat

17) Sien: Hugo, T.J. Arbeid as grondslag vir ware en blywende kultuur. DT, 19,12:11, 1950. Anon. Die adel van die arbeid. DT, 21,7:16, 1952. Red. Op die Voorpos. DT, 19,12:5, 1950. Duvenage, B. Roeping en arbeid by die jeugleier. DT, 30,12:20 e.v., 1961. Sekretariële jaarverslag. (In Kongresboek vir 23ste kongres, 1951). Notule: ATKV-kongres: 28ste, 1956; 19de, 1947. UJ: 19de, 1961. UR: 26, 27 Jan. 1952; 13 Febr. 1961; 7 Sept. 1962. VM-Hb: 23 Jan. 1958. ATKV-Db. en Finansieskom.: 24 Jul. 1946; 29 Nov. 1950; 4 Mrt. 1963. Jeugkom: 22 Mrt., 2 Des. 1957; 7 Nov. 1959. Kultuurkom: 5 Jul. 1961.

18) Weens gebrek aan navorsers en as gevolg van die verskyning van 'n hele aantal publikasies oor hierdie onderwerp, het die ondersoek nie gematerialiseer nie. Vgl. Sekretariële jaarverslag. (In Vrou-en-Moederbeweging. Agenda en ander stukke vir 17de UJ, 1959). Notule: UJ: 15de, 1957; 17de, 1959; 20ste, 1962. UR: 8 Sept. 1958. VM-Hb: 9 Febr. 1960.

die liggaam 'n deel van die Afrikanerbevolking wat binne dieselfde arbeidsmilieu werkzaam is, in organisatoriese verband saamsnoer in belang van die Afrikanervolkskultuur.¹⁹⁾ Die gemeenskaplike arbeidsmilieu het sy invloed na twee kante laat geld - verstewiging van die besef van kollegialiteit in die uitvoering van die gemeenskaplike taak enersyds, en andersyds die samesnoering van kragte in organisatoriese (organiese) verband, waardeur volksorg in die Afrikaanse volkskultuurpatroon moontlik gemaak is.

3.1.3 Vryetydsbesteding

Verreikend en verrykende konstruktiewe en kuratiewe invloed gaan van die Vereniging op die Afrikanergesinslewe uit as gevolg van sy voorsiening in die behoefte aan vryetydsbesteding van sy lede. Verenigingswerkzaamhede geskied uitsluitend in die vrye tyd van lede. Die diens wat so gelewer word, vorm elke lid tot meer bruikbare volkslid maar dra ook by tot die verstewiging van gesinsbande en die verryking van die gesinslewe.

Die vakansieoorde van die ATKV lewer 'n groot bydrae in belang van die verstewiging van gesinsbande en dra veel by tot die doelgerigte en positiewe vryetydsbesteding.²⁰⁾ Hoog en verhewe was die ideale wat die aankoop van die eerste Verenigingstrandoord in 1935 te Hartenbos geïnspireer het. Dit was gesien as „'n sentrum vir die Afrikanernasie“, waar ruim geleentheid gebied sou word om die onderlinge bande van kameraadskap tussen Afrikaners nouer aan te haal.²¹⁾

19) Botha, M.C. Die ATKV (SAS en H), p. 9. Anon. 'n Kwartaal van volksdiens. DT, 24,12:19, 1955. (Oorgeneem uit Die Transvaler, 28 Sept. 1955.)

20) Notule: UR, 12 Sept. 1958.

21) In die loop van die Desembervakansie, 1961, is die kwartaalfees van Hartenbos gevier en die Desemberuitgawe van Die Taalgenoot word geheel en al aan Hartenbos gewy. Vgl. DT, 30, 1, 1961. Sien ook: „AGV“ Hartenbos. DT, 9, 1:31, 1939. Ibid. 'n Treffende waarneming. DT, 9,3:101, 1940. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 13de kongres, 1941). Notule: UR; 13 Febr. 1961; 23 Mrt. 1962. ATKV-Db: 4 Aug. 1961; 8 Jan. 1962.

Twintig jaar later, in 1956, word 'n tweede vakansieoord, Natalia, geleë aan die Suidkus van Natal naby Illovo Beach, aangekoop.

Die strandoord te Hartenbos het, benewens ruim geleentheid vir ontspanning en vryetydsbesteding, ook allerlei ander fasiliteite aan sy lede gebied, onder meer die geleentheid om teen baie billike pryse erwe te bekom waarop vakansiehuise opgerig kon word. Voor-siening word gemaak vir die verskaffing van gesonde lektuur, die aanbieding van „kultuur“-programme en die organisering van volksfeeste. Besonder waardevol is die behoudende en vormende invloed wat daar van sodanige programme en volksfeeste by so 'n vakansieoord uitgaan. ²²⁾ Daarom dan ook dat die jaarlikse Kersfunksie, ²³⁾ met sy aan die Calvinistiese Afrikanervolkskonsepsiewêreld vreemde inhoud, betreur behoort te word. Poginge is deur die Vereniging aangewend om die uit die volksvreemde kultuurmilieu ontstane konsepsie van 'n Kersvader wat geskenke uitdeel, te „vertaal“ met 'n, vir die Afrikaner meer aanvaarbare „oom en tannie“ in Voortrekkerdrag, voorafgegaan deur 'n optog van seuns en dogters met brandende fakkels en herders in Bybellandse kleredrag. Hoewel hierdie poging van 'n opregte begeerte getuig om die volksvreemde konsepsie aangaande die viering van Kersfees in die ban te doen, is 'n sinkretistiese substituuat daargestel, wat die wese van Kersfees as 'n suiwer geloofs- en godsdienstige fees oneer aandoen.

22) Botha, M.C. Die ATKV (SAS en H), p. 16. Cloete, P.A. Kultuurwerk op Hartenbos. DT, 26,10:7, 1957. Sekretariële jaarverslae. (In Kongresboeke: 20ste kongres, 1948; 22ste kongres, 1950; 23ste kongres, 1951). Notule: UR: 28, 29 Jan. 1949; 27, 28 Jan. 1950; 28 Nov. 1960.

23) Reeler, J.E. Kersfunksie op Hartenbos. DT, 22,7:10, 1954. Notule: UR: 13 Febr. 1961. Spesiale ATKV-kongres: 16 Nov. 1936. ATKV-Db: 28 Okt. 1948.

In hierdie verband kan ook gewys word op die jaarlikse Kersspel wat deur die Hoofkantoor van die ATKV kort voor Kersfees gereël word, en wat juis tot stand gekom het om die ware sin en betekenis van Kersfees weer pertinent na vore te bring. Klaarblyklik was die misbruik van die ATKV-saal vir danspartye die dag voor Kersfees een van die aanleidende oorsake hiertoe.

By verskillende geleenthede is deur kongresse aandag bestee aan die vraagstuk van gesonde ontspanning en vryetydsbesteding van die Afrikaner. ²⁴⁾

3.1.4 Volksgesondheid, -veiligheid en noodleniging. ²⁵⁾

Wat volksgesondheid in die algemeen betref, is onder meer aandag gegee aan aparte wasserye vir die bewerking van die klerasie van blankes en nie-blankes; daeglikse toepassing van wetgewing en regulasies ten opsigte van die hantering van voedsel; verhoë tot die owerheid met betrekking tot voorsiening vir wetgewing vir beter kontrole oor sindelikhed, gesondheidsaspekte en die algemene inrigting van losieshuise; sindelikhed en netheid van stasiewagkamers; hulp aan SANTA vir die insameling van fondse ter bestryding van tuberkulose; verteenwoordiging in liggame wat hulle vir die oprigting van laboratoria vir ondersoek na die bestryding van polio bewys, versoeke aan die georganiseerde mediese professie om die korrekte stelling van feite wanneer nuwe geneesmiddels aangekondig word; drankmisbruik deur vroue en in die algemeen; padveiligheid; verteenwoordiging in die SANL-hoofbestuur en die SANL se Instituut vir Volksgesondheid. ²⁶⁾

- 24) Notule: ATKV-kongres: 9de, 1937; 16de, 1944. AJ: 20ste, 1962.
- 25) Samewerking is ook verleen aan liggame gemoeid met noodleniging en hulpverlening aan behoeftiges. Vgl. o.m.: Notule: ATKV-kongres: 6de, 1935. UR: 2 Des. 1939; 5 Okt. 1943. ATKV-Db. en Finanskom: 4 Des. 1956; 6 Febr. 1957; 24 Febr. 1949, 6 Jun. 1951.
- 26) Red. Agste Uniale Jaarvergadering. DT, 19,11: 14, 1950. Red. Uniale Jaarvergadering, 1953. DT, 22,12: 13, 1953. Notule: ATKV-kongres: 24ste, 1950; 27ste, 1955. UJ: 7de, 1949; 9de, 1951; 12de, 1954; 16de, 1958; 11de, 1953; 5de, 1947; 8ste, 1950; 3de, 1945; 4de, 1946; 19de, 1961; 17de 1959. UR: 29 Mei 1953. VM-Hb: 29 Jun. 1949; 26 Jan. 1950; 8 Mei 1952; 5 Mei 1960. VM-Db: 15 Jun. 1950; 15 Okt. 1948. ATKV-Db: 5 Jul. 1948; 27 Aug. 1962; 26 Apr. 1944; 3 Apr. 1946.

Die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga ²⁷⁾ is in 1936 deur die toedoen van die ATKV in die lewe geroep ten einde voorsiening te maak in die bestaande behoefte aan 'n Afrikaans-georiënteerde noodhulpbeweging. In 1943 is aan die Beweging selfbestuur toegeken. Wanneer die motiewe vir die ontstaan van die Liga in oënskyn geneem word, blyk dit dat die primêre bewegrede die handhawing van die taal en kultuur van die Afrikaner was. In die statute van die Liga is sy doelstellinge soos volg geformuleer:

- * Om naasteliefde te bewys deur die medemens te dien.
- * Om hierdie gees van selfopoffering in diens van die medemens orals en te alle tye aan te kweek.
- * Om alles in sy vermoë te doen om hom te bekwaam ten einde die diens van die medemens doeltreffend te maak deur die studie en beoefening van noodhulp en gesondheidsleer.
- * Om indien wenslik en goedgekeur in ander vertakings te ontwikkel, soos byvoorbeeld in die rigting van liggaams-oefeninge.
- * Om in alle sake die Afrikaanse taal en kultuur en verwante sake te bevorder.

In die klasse ter bevordering van volksgesondheid in die algemeen word die volgende rigtings onder meer aangebied:

- 27) Botha, M.C. Die ATKV (SAS en H), p. 16. Klopper, H.J. Wat die ATKV (SAS en H) vir die Afrikaner in die Spoorwegdiens beteken. DT, 4,7: 259, 1935. Anon. Die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga. DT, 5,2: 81, 1936. Red. Op die Voorpos. DT, 24,7:3, 1955. Statute van die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga, DT, 9,2:74, 1940. Red. Van die redaksie. DT, 9,7:264 e.v., 1940. Geyer, H.E. Ons eie Noodhulpvereniging. DT, 3,8:193, 1934. Anon. Die Vrou-en-Moederbeweging deur die jare, p. 33. ATKV. Kongresboeke vir die 7de kongres, 1936 en die 9de kongres, 1937. Notule: ATKV-kongres: 9de, 1935; 11de, 1939; 15de, 1943. UR: 24 Mei 1934, 25 Mei, 7 Okt. 1935, 4 Sept. 1939, 27, 28 Jan. 1941, 20 Jun. 1942, 5 Okt. 1943, 18 Mei 1951. VM-Hb: 12 Mei, 24 Sept. 1955, 26 Jan. 1956. UJ: 13de, 1955. ATKV-Db. en Finanskom.: 12 Des. 1945, 16 Febr. 1955, 6 Febr. 1957.

Noodhulp, Tuisverpleging, Moederkunde, Volksgesondheid, Voedingsleer, Kinderwelsyn, voorkoming van ongelukke in die huis, die werk, die vervoerwese, ens.

Kernagtig word die hoofdoel ²⁸⁾ van die Liga soos volg geformuleer: „..... om 'n Afrikanervolk te help opbou wat liggaamlik en geestelik sterk en gesond sal wees, wat nie vir enige ander nasie hoef agteruit te staan nie, wat hul bestaan as volk sal regverdig." Hierdie strewe word verwesenlik onder die vaandel van die omvattende leuse van die Liga: „Kennis, liefde, diens."

Deur die toedoen van die SANL sien in 1938 die eerste Noodhulphandleiding die lig. Eers in 1953 is deur die Administrasie van die Spoorweë, na aanleiding van versoë, amptelike erkenning aan die Liga verleen. ²⁹⁾

3.1.5 Inter-etniese volksorg.

3.1.5.1 Immigrantesorg

Daadwerklike pogings is aangewend ten einde die immigrante wat die land binnekom in te burger en by die Afrikanervolkse kultuurpatroon in te lyf. ³⁰⁾ Daar is aangedring op die noodsaaklikheid van 'n intensiewe voorligtingskursus vir immigrante en ook dat immigrante by die verwerwing van burger-

28) Du Toit, F.S. Doel en strewe van die SA Noodhulpliga. DI, 12,11:268 e.v., 1943.

29) Anon. Spoorweë erken SA Noodhulpliga. DI, 12,12:19, 1953. Anon. Die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga, DI, 7,9: 559, 1938. Notule: ATKV-kongres: 26ste, 1954. UR: 2 Des. 1939, 18 Mrt. 1940, 5 Aug. 1938.

30) Red. Op die Voorpos. DI, 17, 3: 3, 1948. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 26ste kongres, 1954). Notule: ATKV-kongres: 20ste, 1948; 27ste, 1955. UJ: 13de, 1955. UR: 27 Jan. 1956, 7 Sept. 1962, 20 Mrt. 1964. ATKV-Db. & Finanskom: 11 Aug. 1954, 18 Nov. 1955, 23 Jun. 1955, 2 Febr., 8 Mrt., 18 Apr. 1956, 26 Mrt. 1963, 17 Febr. en 23 Mrt. 1964. Kultuurkom: 19 Jun. 1963.

skap deur die aflegging van 'n toets bewys behoort te lewer van hulle goeie trou teenoor Suid-Afrika.

Ten nouste is by verskillende geleenthede met die Maatskappy vir Europese Immigrasie saamgewerk met die oog op die inlywing van immigrante in die Afrikanervolkslewe.

Met behulp van die verskillende volksorgmedia tot die beskikking van die Vereniging is dit telkens by lede ingeskerp om alles in hulle vermoë te doen om die immigrant by die Afrikaanse wyse van lewensindienstelling in te burger en in die land tuis te laat voel. Immigrante wat in groot getalle in diens van die SA Spoorweë, onder andere te Kroonstad getree het, is by wyse van verwelkomingsgesellighede by Verenigingswerksaamhede betrek.

Besluite van die kongres en die Jaarvergadering dui op die bereidwilligheid van die kant van ATKV-lede en -takke om immigrante wat in 'n hoër mate dieselfde lewens-en-wêreldbeskouing huldig, d.w.s. dieselfde volkskonsepsiewêreld deel, in die kennis aangaande die tradisionele Afrikaanse volkskonsepsiewêreld in te lyf en hulle daadwerklik in te burger in die leefwyse en volkskultuurpatroon van die Afrikanervolk.

Hier kan ook nie nagelaat word om te wys op die kommer oor en die optrede ten opsigte van die Afrikaners in Angola nie. Die Regering is versoek om die Afrikaners wat in armoedige omstandighede in Angola woon hulp te verleen as hulle na die Republiek wil emigreer. ³¹⁾

Internasionale betrekkings ³²⁾ en die houding van die Afrikaner daarteenoor het by verskillende geleenthede aandag geniet. Hier kan onder meer verwys word na die aanmoediging van belangstelling in nuwe toestande in Afrika en die optrede met die oog op die verstewiging van kultuurbande met stamlande.

31) Notule: ATKV-kongres: 29ste, 1957.

32) Notule: ATKV-kongres: 21ste, 1949. ATKV-Db. & Finanskom: 24 Okt. 1949, 26 Apr. 1961.

3.1.5.2 Volksverhoudinge

Ten opsigte van gesonde onderlinge volksverhoudinge blyk dit dat die Vereniging die standpunt huldig dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling en aparte naasbestaan van die verskillende bevolkingsgroepe die grondliggende beginsel behoort te wees. Hierdie standpunt word nie slegs gehuldig in die eiebelang van die blanke bevolkingsgroepe nie maar ook met inagneming van die noodsaaklikheid om aan die nie-blanke bevolkingsgroepe volle geleentheid te bied om hul eie taal en kultuur uit te leef. Verenigingsoptrede in hierdie verband staan in die teken van die aksentuering en erkenning van die afsonderlike volksidentiteit van die onderskeie groepe. In die lig hiervan moet die verskillende Kongres- en Jaarvergaderingsbesluite in verband met verskillende fasette van die deuren uitvoering en toepassing van die beleid van afsonderlike ontwikkeling binne sowel as buite die SA Spoorweë gesien word.

Wat die deurvoering van hierdie beleid binne die SA Spoorweë ³³⁾ betref, is aandag bestee aan die wenslikheid van afsonderlike rytuie vir kleurlinge en Bantoes, afsonderlike plekbesprekingsfasiliteite vir die onderskeie rasse-groepe, die toepassing van segregasie in werktuigkundige werkswinkels, en ondersoek na en verbetering van woon-segregasie op buitestasies en ploegbaashuise. Besluite soos die voorafgaande is gedra deur 'n ernstige besorgdheid oor die demoraliserende en nadelige gevolge wat integrasie en gebrek aan segregasie vir die volksbewussyn en die volkeroeping van die Afrikanervolk, en by name die Afrikaner op die Spoorweë, inhou.

33) Red. Die owerhede sê DT, 9,3:22, 1950. Notule: ATKV-kongres: 11de, 1939; 21ste, 1949. UJ: 3de, 1945; 4de, 1946.

Pertinent en onomwonde blyk die houding van die Vereniging en die Beweging teenoor gemengde huwelike, gemengde sportwedstryde waaraan blank en nie-blank deelneem, en gemengde rasse-inwoning in universiteitskoshuise uit die vertoë tot die owerheid om daadwerklik op te tree ten einde hierdie proses van gelykskakeling van die onderskeie rassegroepe teë te werk, desnoods deur middel van wetgewing. ³⁴⁾

Volksorg van die Vereniging op die gebied van rasseverhoudinge dra egter nie slegs 'n negatief-protesterende karakter nie. Positief is aandag geskenk aan die bevordering en aanmoediging van gesonde onderlinge verhoudinge tussen blanke en nie-blanke bevolkingsgroepe. ³⁵⁾ In die lig van die ernstige behoefte aan gesonde rasseverhoudinge in Suid-Afrika het die Kongres hom ten gunste van die aanleer van 'n Bantoetaal deur blankes uitgespreek. Die besondere aandeel van die vrou in die daarstelling van gesonde verhoudinge met die Bantoe, onder meer deur aandag te skenk aan huisvesting, gesondheid, behandeling en godsdiensonderlig van huisbediendes, is beklemtoon.

Een van die hoofonderwerpe by die negentiende ATKV-kongres in 1947 was „Rasseverhoudinge in Suid-Afrika, met besondere verwysing na die nie-blanke op taal- en kultuurgebied.”

34) Notule: ATKV-kongres: 26ste, 1954. UJ: 5de, 1947.

35) Notule: ATKV-kongres: 25ste, 1953; 19de, 1947; 20ste, 1948. UJ: 7de, 1949.

Samewerking met, verteenwoordiging in en bydraes aan liggame wat onderlinge volksverhoudinge bevorder is 'n ander voorbeeld van die werk in belang van gesonde volksverhoudinge. Vgl. o.m. samewerking met SABRA: Notule: ATKV-Db: 30 Okt., 11 Des. 1953, 25 Nov. 1954, 24 Aug. 1955, 27 Febr. 1957. UR: 26 Sept. 1955, 25 Mei 1956, 24 Jan. 1958, 28 Nov. 1960, 18 Apr. 1961, 6,7 Mei 1966.

Die Vereniging was ook verteenwoordig by die volkskongres vir die behandeling van die Tomlinsonverslag; die volkskongres oor die toekoms van die Bantoe en die volkskongres insake die rassebeleid. Sien: Notule: ATKV-Db. & Finanskom: 28 Aug. 1944, 16 Mei, 4, 25 Julie 1956, 24 Jul., 29 Aug. 1957.

Die uitvloeisel van die besprekinge na aanleiding van hierdie referaat was die gedagte aan die daerstelling van 'n subsidiese organisasie vir nie-blankes ten einde die Afrikaanse taal en kultuur onder die nie-blankes te bevorder en die inwerkingstelling van alle moontlike middele om die gebruik van Afrikaans deur kleurlinge en Bantoes uit te bou. ³⁶⁾

Of hierdie besondere besluit as positief gekwalifiseer moet word, is te bevraagteken, omdat, hoewel dit die uitbou van die taal op die oog het, staan dit tog die ontwikkeling en uitbou van die taal en die kultuur van die nie-blanke bevolkingsgroepe in die weg.

3.2 Die jeug

In die vroeë wordingsjare van die ATKV staan die jeug en die behoeftes van die jeug in die sentrum van belangstelling. So vroeg as in 1935 verskyn in „Die Taalgenoot“ 'n kort taknuusberig van 'n juniortak en tydens die 1937-kongres te Hartenbos word die gedagte van juniortakke in beginsel goedgekeur. ³⁷⁾ Of die gedagte van juniortakke ooit werklik in die praktyk ingang gevind het, is te betwyfel. Ten opsigte van hierdie ontwikkeling ontstaan met verloop van tyd twyfel oor die wenslikheid al dan nie om die jeug in 'n eie organisatoriese verband, binne die Vereniging te betrek. As motivering vir hierdie besware is aangevoer dat die jong mense uit die Vereniging onttrek word en dat hulle kragte nie regstreeks in belang van Verenigingsdoelstellings gekanaliseer word nie. Hoewel die gedagte van jeugtakke of juniorkringe van tyd tot tyd aan die orde was, word eers in 1964 daadwerklike aandag aan 'n reglement vir jeugtakke bestee. ³⁸⁾

36) Notule: ATKV-kongres: 19de, 1947. ATKV-Db: 3 Okt. 1947, 2 Jun. 1948.

37) Hierdie aangeleentheid word by latere kongresse herhaaldelik bespreek. Anon. Junior-takke van ons Vereniging. DT, 5, 11:501, 1936. Notule: ATKV-kongres: 9de, 1937. UR: 25 Mei 1935. Jeugkom: 27 Febr. 1961, 18 Okt. 1962.

38) Notule: ATKV-kongres: 20ste, 1948; 24ste, 1952. UR: 6 Jun. 1959. Jeugkom: 28 Febr. 1964.

Die sametrekking van jongmense in die Spoorwegtehuise het vir die ATKV besondere geleenthede vir volksorg onder die jeug daargestel. Takke binne wie se takgrense sodanige tehuise geleë was, is aangemoedig om daadwerklike pogings aan te wend ten einde die jeug aktief by Verenigingswerk-saamhede te betrek, terwyl die Uitvoerende Raad gepoog het om onder andere deur middel van samesprekinge met huis-ouers en hoofprefekte van die Spoorweghostels, die jongmense van die Spoorweë in die werksaamhede van die Vereniging te betrek. ³⁹⁾

Die jeugsorg van die ATKV verkry momentum met die daarstelling van 'n Jeugkomitee in 1954. Die taak van hierdie komitee is vanuit die staanspoor gesien as die beskikbaarstelling van 'n organisatoriese middel ten einde volksorg van die ATKV ten opsigte van die jeug doeltreffend te behartig. ⁴⁰⁾

Met die oog op die realisering van die beoogde doelstellings van die Jeugkomitee is besluit om in elke moontlike sentrum 'n jeugskakel aan te wys wat tot taak sou hê die inwin van inligting vir die Jeugkomitee op plaaslike vlak. Een van die belangrikste metodes en vorme van volksorg wat deur die Jeugkomitee in werking gestel is, was die organisering van jeugleierskursusse, waartydens jongmense, afkomstig van takke van oor die hele land, in die geleentheid

39) Verslag: Samespreking tussen die Hoofvoorsitter en die Hoofsekretaris, 27 Aug. 1952. Notule: ATKV-kongres: 29ste, 1957. Jeugkom: 28 Febr. 1958. ATKV-Db. & Finanskom: 1 Jul. 1959.

40) Dit is betekenisvol dat die Jeugkomitee die lig sien in die tydvak waarin die eendstertprobleem skerp na vore tree. Brig. M. van Vuuren by wie die gedagte van 'n Jeugkomitee sy ontstaan gehad het, is 'n geregsdienaar. Vgl. o.m.: Anon. Die invloed van die ATKV. DT, 23,12:3, 1954. Sekretariële jaarverslag. (In Kongresboek vir 27ste kongres, 1955). Notule: ATKV-kongres: 26ste, 1954. UJ: 13de, 1955. UR: 22 Jan. 1955. ATKV-Db. & Finanskom: 12 Nov. 1954. Jeugkomitee: 10 Des. 1954.

gestel is om as jeugleiers gevorm en geskool te word.⁴¹⁾

Verdere aandag is bestee aan jeugbehoefte onder meer deur die opstel van 'n gesindheidstoets, aandag aan die samestelling van 'n handleiding vir jeugleiers, die organisering van naweekkampe vir jeugleiers en die oorweging van die daarstelling van 'n Afrikaans-georiënteerde jeugherberg-beweging. Deur kongresse is kommer uitgespreek oor wangedrag by die jeug terwyl weë en middele bespreek is om 'n positiewe en konstruktiewe bydrae aan die jeug te lewer deur takwerksaamhede, pamflette, opstelwedstryde, sprekersklubs ens. te beïnvloed tot aktiewe deelname aan en inskakeling by die Afrikaanse volkskultuurpatroon. Die landwye jeugfeeste wat in 1963 van stapel gestuur is en gekulmineer het in die groot Jeugfees ter herdenking van die Simboliese Ossewatrek van 1938 by die Voortrekkermonument, verteenwoordig 'n klimaks in die volksorgaksie van die ATKV ten opsigte van die jeug.⁴²⁾

41) Red. Op die Voorpos. DT, 25,8:3, 1956. Red. Op die Voorpos. DT, DT, 25,12: 3, 1956. Notule: ATKV-kongres: 27ste, 1955; 29ste, 1957. AJ: 21ste, 1963, 14de, 1956. UR: 25 Mei 1956, 26 Sept. 1955, 25 Mei 1957, 29 Sept. 1961, 23 Mrt. 1962, 22 Mrt. 1963. Jeugkom: 10 Des. 1954, 18 Mrt., 5 Aug. 1955, 22 Mrt. 1957, 7 Nov. 1959, 27 Jun., 4 Jul., 26 Jul. 1961, 18 Jul. 1962, 18 Mrt., 19 Apr., 14 Aug. 1963, 28 Febr., 21 Sept. 1964.

42) Reeler, J.E. Kongres 1953 in Bloemfontein. DT, 22,12:5, 1953. Red. Aangenane indrukke. DT, 21,12:19, 1952. Sekretariële jaarverslae. (IN ATKV. Kongresboeke vir 26ste kongres, 1954; 30ste kongres, 1958.) Notule: ATKV-kongres: 25ste, 1953; 27ste, 1955; 28ste, 1956; 29ste, 1957. UJ: 2de, 1944; 13de, 1955; 15de, 1957. UR: 24 Febr., 23 Jul. 1954, 13 Mei 1955, 29 Sept. 1961, 5 Mei 1962. ATKV-Db. & Finanskom: 2 Des. 1957, 19 Mrt. 1958. Jeugkom: 10 Des. 1954, 18 Mrt., 5 Aug. 1955, 23 Mrt. 1956, 2 Des. 1957, 28 Febr. 1958, 7 Nov. 1959, 12 Des. 1960, 23 Jan. 1961, 27 Nov. 1962, 16 Nov. 1964. Voortsettingskomitee insake Jeugherberge van die ATKV-Jeugkomitee: 9 Jun. 1961 ens., ens.

Die doel van die Jeugfees was o.a.: „.... dat ons roemryke verlede weer onder die aandag van die jeug gebring moet word. Die jeug moet weer beseef wat die betekenis van die trekbakens en die monumente is, en die geleentheid moet aan die jeug gebied word om te antwoord op die roepstemme van die verlede." Vgl. o.m.: Notule: Breëkomitee vir die ATKV-jeugfeeste: 7 Aug. 1963. Reëlingskomitee van die Jeugfeeste: 16 Mei, 22 Jul. 1963. Kultuurkom: 12 Mrt., 22 Mei, 19 Jun. 1963.

h Belangrike faset van die jeugsorg van die Vereniging was geleë in die skakeling met ander liggame ⁴³⁾ wat ook aktief in die volksorgaksie ten opsigte van die jeug gestaan het en die bywoning van allerlei vergaderings, kongresse en konferensies, waartydens die jeug die middelpunt van belangstelling was.

3.3 Die vrou

Uit die historiese oorsig het geblyk dat die ATKV hom reeds vroeg bewus was van die besondere behoeftes, probleme en moontlikhede van die vrou binne die organisatoriese opset en doelstellings van die Vereniging. Vandaar die totstandkoming van die Dameskringe en die latere formele stigting van die Vrou-en-Moederbeweging met sy takke oor die hele land. ⁴⁴⁾ Die primêre kanaal of middel waardeur die volksorgaksie van die ATKV ten opsigte van die vrou geskied het, was die dameskringe, Vrou-en-Moederbeweginghoofbestuur en die takke van die Beweging. Die waarde van takwerkzaamhede in die vorming, skoling en toerusting van die vrou vir haar taak en roeping as vrou en moeder binne die gesinskring asook in die breëre samelewing en binne die Verenigingsgeledere, is moeilik te onderskat. Takbyeenkomste waartydens demonstrasies, lesings, praatjies en kompetisies aan die orde is, vorm h belangrike middel in die volksorg van die Vereniging omdat hierdie metodes daarop gemik is om die vrou binne die Vereniging, maar ook daarbuite, toe te rus en

43) Enkele voorbeelde van sodanige samewerking is o.m. die volgende: Bywoning van FAK-jeugkongresse, jeugkonferensies van die Pretoriase Raad vir Volksonwikkeling; samewerking met die KJV en in belang van die daarstelling van h Nasionale Jeugdiensraad.

Red. Agste Uniale Jaarvergadering. DI, 19,11:14, 1950. Notule: ATKV-Db. & Finanskom: 13 Jun. 1950, 14 Sept., 31 Okt. 1956, 30 Apr., 6 Jun., 18 Jun., 25 Jun., 2 Sept. 1958, 11 Nov. 1959, 10 Apr. 1962. UR: 9 Sept. 1950. Jeugkom: 22 Mrt. 1957, 12 Des. 1960, 6 Jun., 26 Febr. 1962.

44) Vgl. Hoofstuk V van hierdie proefskrif.

te vorm tot bruikbare en diensbare volkslede in die volksbestaan.

Veral tydens Jaarvergaderings van die Beweging het die vrou en haar roeping en taak aandag geniet. Aandag is onder meer aan die noodsaaklikheid van die daarstelling van toevlugte vir drank-sugtige vroue gegee, beroepe is op takke gedoen om by takbyeenkomste sprekers te vind wat die hoofonderwerp, soos by die Jaarvergadering behandel, asook die werkende moeder en hoe sy by die Beweging ingeskakel kan word, ens. te bespreek.⁴⁵⁾

h Belangrike bydrae tot die vorming van die vrou vir hierdie taak is deur die gereelde vrouerubrieke gelewer wat maandeliks in „Die Taalgenoot” gepubliseer is. Resepte, breipatrone, algemene artikels oor die huishouding, kindersorg en gesinsprobleme ens. is h belangrike volksorgkanaal waardeur aandag geskenk is aan die verwesenliking van daardie doelstellings wat spesifiek die vrou raak.

Die Moedersveldtog⁴⁶⁾ van die Beweging wat sedert 1950 vir h hele aantal jare h jaarlikse instelling was, is van stapel gestuur met die bedoeling om op h sekere tyd van die jaar spesiale aandag aan die moeder in die gesinslewe te wy, sodat die vrou en moeder opnuut aan die volk as die kern en die middelpunt van die gesin voorgestel word. Die volgende aanhaling uit h treffende Voorposartikel uit „Die Taalgenoot”⁴⁷⁾ aksentueer die verhewe ideale

- 45) Red. Ons voorsitster aan die woord. DT, 22,11:19, 1953. Notule: AJ: 1ste, 1943; 9de, 1951; 14de, 1956; 16de, 1958; 20ste, 1962.
- 46) Red. Stuur dit aan. DT, 22,10:13, 1953. Red. Ons bring hulde. DT, 21,9:18 e.v., 1952. Pienaar, M.S. Voorsitstersrede. DT, 21,11:24, 1952. Ibid. Die moedersveldtog is daar. DT, 22,5:13, 1953. Anon. Die Vrou-en-Moederbeweging deur die jare, p. 33. Red. Aangename indrukke. DT, 21,12:19, 1952. Sekretariële jaarverslae. (In ATKV. Kongresboeke vir 23ste kongres, 1951; 24ste kongres, 1952). Sekretariële jaarverslag. (In VMbeweging. Agenda en ander stukke vir 13de UJ., 1955). Notule: ATKV-kongres: 24ste, 1952. UJ: 8ste, 1950; 10de, 1952; 12de, 1954; 13de, 1955. VM-Hb: 25 Jan. 1951, 8 Mei, 30 Jul, 1952, 2 Des. 1954, 12 Mei 1955, 24 Mei 1956.
- 47) Red. Op die Voorpos. DT, 22,5:3, 1953.

wat aan die organisering van hierdie Moedersveldtog ten grondslag gelê het: Die klem moes nie uitsluitend op die uiterlike aspek van menseverheerliking val nie „..... maar op die innerlike waardes wat vir 'n Christenvolk as rigenoer dien - dié waardes waarop ons kultuur gegrondves is en wat dit vir ons volk moontlik maak om met trots aan ons moeders te dink - die waardes wat gemaak het dat die begrip 'Vrou en Moeder' die Afrikanerhart altyd ontroer." Deur hierdie veldtog wou die Beweging die vrou weer bewus maak van haar verhewe roeping as vrou en moeder, sodat sy haar deel sou bydra „om van die kind wat aan haar sorg toevertrou is, 'n waardige kultuurdraer te maak."

Die bedoeling was om tydens Mei maand elke jaar by funksies, feesdae en ander gesellighede, die m o e d e r in die sentrum te plaas. Dokumentêre gegewens oor die aandeel van die vrou in die volksgeskiedenis moes versamel word en deur die pers, radio en ander reklamemetodes moes die idee van die waardigheid van die Afrikanervrou en die hulde aan die moeder gepropageer word.

Vir enkele jare was hierdie feeste besonder geslaagd, te oordeel aan die publisiteit wat die saak in die pers en oor die radio geniet het. Spoedig is hierdie pogings egter gekortwiek deur 'n soortgelyke, vanuit Amerika geïnspireerde veldtog, wat deur die handelswêreld van stapel gestuur is en wat ook tydens Mei maand georganiseer was. Pogings is aangewend om die klem van die feeste van die Beweging na die gesin te verskuif, maar dit het geblyk nie geslaagd te wees nie. Die grondliggende gedagte waardeur die Moedersveldtog gekwalifiseer is, is die etiese. Dit gaan om die verstewiging van die liefdesband tussen ouer en kind en die ouers onderling. Dit raak ook verder die gebod van die eer wat die kind aan die ouer verskuldig is. Die Moedersveldtogfunksies was 'n positiewe vorm van sorg, aangewend deur die Beweging wat moes dien om gesinsverbrokkeling teë te werk en die belangrike plek van die moeder as skakel in die proses van kultuuroordrag te beklemtoon.

3.4 Die kind

Dit was veral die Beweging wat in sy volksorg aan die kind en die behoeftes van die kind aandag bestee het. Enkele voorbeelde van hierdie volksorg is die Jaarvergaderingbesluite dat vertoë tot die owerhede gerig moet word om die nadelige uitwerking van die huisvesting van minderjarige kinders saam met hulle ouers of ander volwassenes in treinkompartemente uit te skakel. Soortgelyke vertoë is tot die owerhede gerig waarin versoek is dat stappe geneem moet word om te verhoed dat volwassenes en kinders saam in dieselfde hospitaalsaal verpleeg word.⁴⁸⁾

Die taalregte van die Afrikaanesprekende Spoorwegkind in die Spoorwegtehuise⁴⁹⁾ was een van die fasette van die volksorg ten behoeve van die kind waaraan die Uitvoerende Raad van die ATKV by herhaling aandag geskenk het. Die sorg vir, besoeke aan en inskakeling van kinders in die Spoorwegtehuise, is sake wat voortdurend die aandag van takke en van die Hoofbestuur geniet het.

Samewerking met en skenkings aan liggame wat gemoeid is met die sorg vir die kind, het die ATKV ook in staat gestel om sy vinger op die pols van die verwickelinge op hierdie front te hou.⁵⁰⁾

Reeds voor die gedagte van die oprigting van 'n Kinderstrandhuis vir kindergroepe van takke ingang gevind het, het takke reeds groepe minderbevoorregte kinders georganiseer en na Hartenbos vir vakansie gestuur. In die Februarie-uitgawe van „Die Taalgemeenoot”⁵¹⁾ verskyn berigte aangaande 'n kindergroep van tak Bloem-

48) Notule: UJ: 19de, 1961. VM-Hb: 23 Jan. 1958.

49) * Red. Aangenane indrukke DT, 21,12:19, 1952. Notule: ATKV-kongres: 29ste, 1957. UJ: 10de, 1952; 21ste, 1963. UR: 5 Okt. 1953.

50) Vgl. o.m. skenkings aan die Dietse Kinderfonds. Anon. Ons moet help. DT, 17,11:19, 1948. Notule: ATKV-kongres: 25ste, 1948. UJ: 6de, 1948.

51) Anon. 'n Navolgingswaardige voorbeeld. DT, 7,4: 236, 1938. Taknuus. Bloemfontein. DT, 7,3:17, 1938. Notule: UR: 16 Apr. 1938.

fontein wat na Hartenbos vir 'n vakansie gestuur is. Na aanleiding van 'n beskrywingspunt van ATKV-tak Goodwood, word tydens die elfde ATKV-kongres te Hartenbos in 1939 die daarstelling van strandfondse bespreek ten einde minderbevoorregte kinders van lede jaarliks op Hartenbos te huisves. In 1944 word besluit dat so 'n Strandfonds in die lewe geroep word. Een van die belangrikste besluite van die eerste Uniale Jaarvergadering van die Beweging in 1944 het ook oor hierdie aangeleentheid gehandel. ⁵²⁾

In 1948 ontstaan by mev. M.S. Pienaar, destydse voorsitster van die Hoofbestuur, die gedagte om geskikte huisvesting vir die kindergroepe van takke te voorsien. Hierdie gedagte, gebore uit 'n belangstelling in en liefde vir die mindergegoede Afrikaanssprekende Spoorwegkind, is die kiem waaruit die Kinderstrandhuis ⁵³⁾ van die Beweging gebore word.

Sedert die ingebruikneming van die gebou in 1954 is reeds by twee geleenthede verbeteringe aan die gebou aangebring, bekostig deur bydraes van takke en geld ingesamel deur middel van aftrekorders. Aftrekorderfasiliteite is in 1958 deur die SA Spoorweë aan die Beweging toegestaan. Huisvesting word jaarliks aan 'n groot aantal kindergroepe, georganiseer deur takke van die Vereniging en Beweging en ander instansies, gebied. Só word die mindergegoede Afrikaanstalige Spoorwegkind die geleentheid gebied om by 'n eie eg-Afrikaans georiënteerde vakansieoord te ontspan en word hierdie kinders bewus gemaak van hulle eie kultuurerfenisse.

52) Beskrywingspunt na 11de ATKV-kongres. (In ATKV. Kongresboek vir 11de kongres, 1939). Notule: ATKV-kongres: 16de, 1944. UJ: 1ste, 1943. UR: 5 Des. 1944.

53) Anon. Die Vrou-en-Moederbeweging deur die jare, p. 33. Red. Ons Kinderstrandhuis. DT, 21,3:18, 1952. Sekretariële jaarverslae. (In ATKV. Kongresboeke vir 21ste kongres 1949; 22ste, 1950; 30ste, 1958). Sekretariële jaarverslae. (In VMBeweging. Agenda en ander stukke vir 13de UJ, 1955; 21ste AJ, 1963). Notule: ATKV-kongres: 20ste, 1948; 26ste 1954; 28ste, 1956. UJ: 12de, 1954; 16de, 1958; 22ste, 1964. UR: 6, 10 Sept. 1948, 25 Jan. 1957, 9 Mei 1958. VM-Hb: 4, 7 Sept. 1948, 5, 6, Sept. 1949, 26 Jan. 1950. VM-Db: 15 Des. 1961, 26 Mrt. 1964, 28 Mei 1964. ATKV-Db. & Finans-kom: 17 Jul. 1957.

3.5 Die bejaarde

Net soos die volksorg in belang van die kind, die jeug en die vrou primêr 'n plaaslike aangeleentheid is, so is dit in die geval van die volksorg van die ATKV by uitstek die plaaslike takke wat hulle met die sorg vir bejaardes besig gehou het. Onthale vir en besoeke aan bejaardes word gereeld deur takke georganiseer.

Hierdie deel van die volk is egter ook nie deur die Vereniging as 'n geheel verwaarloos nie.⁵⁴⁾ Versteë is tot die owerhede gerig om beter voorsiening te maak vir die huisvesting van behoeftige, kroniese siek- en verswakte bejaardes. Toe die SA Spoorweë amptelik daartoe oorgegaan het om daadwerklike aandag te bestee aan die daarstelling van 'n tehuis vir afgetrede Spoorwegpersoneel, het die Vereniging ook sy steun aan die saak toegesê en verteenwoordigers van die Vereniging is benoem in die komitee belas met die oprigting en die daarstelling van sodanige tehuise.

Die moontlikheid om self daartoe oor te gaan om sodanige tehuise vir bejaardes op Hartenbos daar te stel is oorweeg maar nie prakties uitvoerbaar gevind nie. As alternatiewe moontlikheid is by takke aanbeveel om aandag aan die organisering van groepe bejaardes vir vakansies in die Kinderstrandhuis⁵⁵⁾ te skenk.

4. Kuratief-gedifferensieerde volksorg

Die volksorg van die Vereniging is nie slegs gerig op die individuele volksgenoot nie maar is ook afgestem op die besondere behoeftes en

54) Verteenwoordigers is benoem in die Komitee van die SA Spoorweë, belas met die ondersoek na 'n oustehuis vir bejaarde afgetrede Spoorwegdienare. Vgl. o.m.: Notule: ATKV-Db: 1 Jun. 1961. UJ: 10de, 1952; 16de, 1958; 17de, 1959; 18de, 1960. VM-Hb: 17 Sept. 1960, 17 Apr. 1961, 22 Mrt. 1962.

55) Notule: AJ: 21ste, 1963; 22ste, 1964.

probleme van die onderskeie groepe in die bevolking. 'n Groot aantal metodes en vorme van sorg in die Vereniging fokus die lens op bepaalde aspekte van die volksbestaan wat aandag behoort te geniet. Afgesien dus van daardie volksorgaktiwiteite en -maatreëls wat daarop gerig is om aan die verskillende kategorieë van sorgbehoewendes binne die raamwerk van die Vereniging en die breër volksbestaan aandag te bestee word daar ook metodes en vorme van volksorg onderskei, wat in die teken staan van die verlening van hulp en steun aan die primêre - en sekondêre samelewingsvorme. Optrede van hierdie aard is uiteraard tydelik van aard en nie gerig op die oornam van die besondere eiesoortige roeping en taak van die in eie kring soewereine instansie nie. Intendeel gaan dit om die bewusmaking van die besondere behoefte in die volksbestaan, sodat daar van die kant van hierdie liggende positiese volksorg ooreenkomstig hulle eie taak en bestemming, kan uitgaan.

Wetenskaplike sistematisering van hierdie volksorgaktiwiteite het aan die lig gebring dat dit moontlik is om op grond van die grondliggende gedagte dat die partikuliere „kultuur“-vereniging onder meer hulp- en steunverlening aan die primêre en sekondêre samelewingsvorme tot taak het, die volksorg van die ATKV met behulp van die vorme waaraan kuratiewe sorg verleen word, as ordenings- en indelingsbeginsel te gebruik. Omdat sommige van die vorme en metodes van sorg deur meer as een grondliggende motief gedra word, is dit moontlik om hulle by meer as één van die onderafdelings te bespreek.⁵⁶⁾ Kuratiewe volksorg deur die ATKV word onder twee hoofde behandel, te wete: Institutêr-kuratiewe volksorg en partikulêr-kuratiewe volksorg.

4.1 Institutêr

4.1.1 Die Staat

Volksorg gemik op die bewusmaking van die staat ten opsigte van bepaalde volksorgvraagstukke openbaar die lewende volks-

56) Hier tree een van die gebreke van die ideaal-tipologiese metode aan die lig omdat daar tog ook volksorgmetodes toegepas is, waarvan die trefwydte veel wyer was as bloot net die betrokke samelewingsvorm waaronder dit in hierdie geskrif behandel word.

wete insake die staatstaak. In die kongresbesluite van die Vereniging en Beweging is h tendens merkbaar waarin daar al hoe meer vertoë tot die owerheid gerig word om ten opsigte van bepaalde volksvraagstukke en probleme in te gryp. In die beginjare is hierdie tipe van besluit begryplik en verklaarbaar ... die owerheid was die ideale en aspirasies van die Afrikanervolk nie besonder goedgesind nie en daar moes dus druk van die kant van die georganiseerde verenigingslewe op die owerheid uitgeoefen word om op te tree. Onrusbarend is die tendens dat daar met verloop van tyd al hoe meer na die staat opgesien word vir optrede in verband met die wye verskeidenheid van volksvraagstukke en probleme.⁵⁷⁾ Voorbeelde van kuratiewe volksorg⁵⁸⁾ ten opsigte van die staat sluit onder meer besprekings aangaande die verskynsel van jeugwangedrag en jeugmisdaad in en die vertoë dat strenger teen gewelddadige misdaad opgetree behoort te word. Strenger toepassing van die Sabbatswette word bepleit ten einde Sabbatsontheiliging te voorkom. Deur die Algemene Jaarvergadering is aandag geskenk aan die opleiding en inskakeling van die jongedogter in die landeverdediging.

Die waarde van die volksorg van die ATKV ten opsigte van die volk-in-staatsverband is veral in die geestelike en liggaamlike weerbaarmaking van die landeburger geleë, waardeur hy beter toegerus is vir die volvoering van sy taak en roeping binne die deur die staat geregeerde landsgebied. Aanmoediging van die Verenigingslede tot studie van volksvraagstukke op

- 57) Die vertoë tot die staatsowerheid om handelend in te gryp in sodanige volksvraagstukke kan nie almal gesien word as steunverlening aan die staat in die uitvoering van sy volksorgroeping nie. Hulle is onder die ander hoofde georden.
- 58) Red. Uniale Jaarvergadering. DT, 22,12:13, 1953. Red. Die Vrou-en-Moederbeweging. DT. 20,12:26, 1951. Notule: ATKV-kongres: 23ste, 1951; 20ste, 1948. UJ: 11de, 1953; 16de, 1958; 20ste, 1962. ATKV-Db. & Finanskom: 15 Mrt., 10 Des. 1956.

staatkundige gebied en aandag aan die propagering van die Republikeinse strewe is onder andere vorme van die konstruktiewe volksorg wat die Vereniging vir die staat lewer. ⁵⁹⁾

4.1.2 Die kerk

In die kuratiewe volksorg van die Vereniging word nie veel aandag bestee aan die kerklike sorgtaak nie. ⁶⁰⁾ Op die oog af kom dit voor asof staat en kerk dié twee instellings in die volkslewe is ten opsigte waarvan die ATKV slegs by hoë uitsondering kuratief opgetree het.

Finansieel is bygedra tot die fonds vir die geestelike bearbeiding van Spoorwegmense deur die NG kerk, terwyl die Vereniging deur kongresbesluite en andersins sy morele steun aan die werk van Spoorwegbearbeiding en Spoorwegprediking toegesê het. ⁶¹⁾

Na die goedkeuring van aftrekorderfasiliteite deur die Spoorwegadministrasie vir die finansiering van hierdie werk, besluit die kongres om die Spoorwegadministrasie te versoek om toe te laat dat personeellede wat bydraes vir die geestelike bearbeiding van die Spoorwegpersoneel (Spoorwegsending) by wyse van aftrekorders afstaan, mag stipuleer aan watter van die kerke die aftrekorders oorbetaal moet word. Hierdie toegewing is na 'n onderhoud met die minister toegestaan. ⁶²⁾

59) Red. Op die Voorpos. DT, 29,10:3, 1960. Red. Op die Voorpos. DT, 30,5: 3, 1961. Red. Op die Voorpos. DT, 30,7:2, 1961. Notule: ATKV-kongres: 27ste, 1955. UR: 6.7 Mei 1960. ATKV-Db: 12 Aug. 1960.

60) Tussen die ATKV en die kerk het 'n goeie onderlinge verstandhouding bestaan. Sien: Red. Aantekeninge. DT, 6,2:83, 1937. Notule: ATKV-Db: 27 Nov. 1935.

61) Notule: ATKV-kongres: 16de, 1944; 24ste, 1952. UR: 10 Jun. 1948. ATKV-Db: 24 Febr. 1949.

62) Anon. Geestelike werk onder Spoorwegpersoneel. DT, 18,3:27, 1949. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 21ste kongres, 1949). Notule: ATKV-kongres: 20ste, 1948. UR: 18 Mei 1951, 7, 8 Jan. 1949. VM-Hb: 11 Apr. 1958. ATKV-Db: 15 Jul. 1944.

Vir die oprigting van 'n kerkgebou op Hartenbos ⁶³⁾ het die Vereniging 'n stuk grond beskikbaar gestel en die Beweging het die plasing van Bybels in die huisvestingseenhede van die ATKV-strandoorde moontlik gemaak.

4.1.3 Die gesin

Die grootste deel van die volksorg van die ATKV is gewy aan die verlening van hulp aan die Afrikaanse huisgesin. ⁶⁴⁾ Daardeur is die gesin in staat gestel om in die volksbestaan sy selfstandige, eiesoortige en in sy kring sowereine volksorgtaak ten uitvoer te bring. Hierdie verskynsel is verklaarbaar in die lig van die feit dat nie minder as vier van die dertien hoofdoelstellings van die Vereniging regstreeks gewy is aan volksorg ten opsigte van die lid binne die gesinsverband nie.

Hierdie verskynsel is verder ook vanuit historiese motiewe en redes verklaarbaar. Die vloedgolf van verengelsing wat in die dertiger jare die Afrikanervolkslewe oorspoel het en aanleiding gegee het tot die ontstaan van 'n Afrikaner met 'n „dubbele volkspersoonlikheid“, was een van die belangrikste stimuli wat die ontstaan van die ATKV tot gevolg gehad het. Gedeeltelik was die houvas van die angliseringstroom toe te skryf aan die materiële, finansiële en opvoedkundige agterstand wat die Afrikanergesinslewe in die Afrikanervolksbestaan in dié fase gekenmerk het. Die Kongres- en ander besluite oor die huwelik, die gesin en gesinsorg in die algemeen openbaar die stand van die

63) Reeler, J.E. Grond van die volk. DT, 22,3:7, 1953. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 26ste kongres, 1953).

64) Samewerking is verleen aan liggame gemoed met gesinsorg. Vgl. o.m. die verteenwoordiging in en bywoning van die Gesinskongres en die samewerking met die komitee wat ondersoek sou instel na die gesinslewe: Anon. Die Vrou-en-Moederbeweging deur die jare, p. 33. Notule: ATKV-kongres: 23ste, 1951. UR: 6 Jun. 1959. VM-Hb: 29 Jun. 1949, 13 Mei 1949, 25 Jan. 1951, 5 Jun. 1959. ATKV-Db: 10 Jan. 1961, 19 Des. 1960. Kultuurkom: 1 Mrt. 1960, 29 Mrt. 1960.

volkswete aangaande die plek en taak van die huwelik en die gesin in die volkselewe. Afwykings van die norme en standarde soos beliggaam in die volkswete noep spoedig tot optrede van die kant van die Vereniging.

Ernstige besprekings en besluite oor die plig van die vrou en moeder om die h u i s g o d s d i e n e weer eens in ere te herstel, asook verskeie artikels in „Die Taalgenoot“ oor die plek van huisgodsdiens in die gesinslewe, dui op die behoudende beskouing van die Vereniging dat die behoud van die gesinslewe veranker is in die huistaar.⁶⁵⁾

Die kommer oor en bemoeienis met die toenemende egskeidingsyfer, die onrusbarende toename van gesinsverbokkeling en die daarmee gepaardgaande ontaarding van die volkskarakter,⁶⁶⁾ verteenwoordig die kennis van die volk aangaande die taak en die roeping van die gesin en dui ook op die mate waarin die Skriftuurlike, d.w.s. die a m p -telike huwelike- en gesinsbeskouing nog inherente deel van die volkswete van die Afrikanervolksekonsepsiewêreld uitmaak.

Teen hierdie agtergrond moet ook die kommer oor die nadelige gevolge van die buitenshuis arbeidende vrou en moeder op die gesinslewe, gesien word en die vertoë tot die owerheid om die beskikbaarstelling van meer fasiliteite vir die behoud van die gesinsverband.⁶⁷⁾

Die konstruktiewe waarde van talle gesinsbesoeke deur taklede oor die hele land, waardeur nie slegs gesinsbande verstewig is nie maar ook die bande van kameraadskap tussen Afrikaanssprekande

65) Nicol, WM. Kom ons hou weer huisgodsdiens. DT, 29,8:11, 1960. Notule: UJ: 9de, 1951. UR: 13 Febr. 1961.

66) Notule: ATKV-kongres: 29ste, 1957. UJ: 16de, 1958.

67) Red. Uniale Jaarvergadering, 1953. DT, 22,12: 13, 1953. Notule: ATKV-kongres: 21ste, 1949; 24ste, 1952. UJ: 7de, 1949.

Spoorweggesinne onderling verstewig is, is moeilik te onderskat. Dieselfde geld ten opsigte van die aanmoediging van gesinne om binne die gesinskring gemeenskaplike belangstellings en aktiwiteite aan te kweek ten einde die solidariteit binne die gesinskring te verstewig.⁶⁸⁾

In belang van die volksorg vir die Afrikaner-gesinslewe, word deur die toedoen van die Beweging 'n pamfletreeks oor die kultuurvormende invloed van die moeder in die gesinslewe gepubliseer.⁶⁹⁾

4.1.3.1 Ekonomiese bystand

Volksorg ter bevordering van die belange van afgestorwe lede se gesinne vorm 'n belangrike faset van die ATKV se kuratiewe gesinsorg.

Dit was die Spoorbondkrisis van 1933 wat die aandag van die ATKV baie pertinent gevestig het op die noodsaaklikheid om deur middel van finansiële en materiële bystand en hulpverlening die ekonomiese en materiële nood van die Afrikaner-gesin te verlig. Dit gee daartoe aanleiding dat in die her-siene konstitusie wat ná die krisis die lig sien, ook vir onderlinge hulpfondse voorsiening gemaak word.⁷⁰⁾ By die

68) Notule: ATKV-kongres: 24ste, 1952. UJ: 16de, 1958.

69) Anon. Die Vrou-en-Moederbeweging deur die jare. DT, p. 33. Red. Die negende Uniale Jaarvergadering. DT, 20,11: 16, 1951. Red. Bewys diens met pamfletreeks. DT, 29,11: 23, 1960. Sekretariële jaarverslae. (In Kongresboeke vir 27ste kongres, 1956; 30ste kongres, 1958). Sien ook sekretariële jaarverslae van die Vrou-en-Moederbeweging soos opgeneem in die verskillende Agenda en ander stukke vir die Algemene Jaarvergaderings.

Notule: ATKV-kongres: 23ste, 1951. UJ: 9de, 1951; 14de, 1956; 18de, 1960. VM-Hb: 25 Jan., 6 Des., 1951, 8 Mei, 30 Jul. 1952, 22 Jan. 1953, 28 Sept. 1954, 24 Sept. 1955, 24 Mei 1956, 23 Mei 1957, 6 Sept. 1958, 9Febr., 5 Mei 1960, 17 Apr., 21 Aug. 1961, ens. Kultuurkom: 13 Okt. 1961.

Die Vereniging publiseer ook 'n pamflet oor: Die Christelike huis-gesin deur prof. H.J. Strauss. Vgl. o.m. Notule: ATKV-Db: 11 Jan., 19 Febr. 1962.

70) Red. Aantekeninge. DT, 2,2: 35-6, 1933. Reeler, J.E. Wat moet ons doen? DT, 2,3: 59,60, 1933. Red. Organisasieplanne. DT, 3,1:9,10, 1933.

vyfde ATKV-kongres in 1934, word sowel 'n Koeponversekeringskema as 'n Groepassuransieskema aanvaar. ⁷¹⁾

Die Koeponversekeringskema hou die dekking onder sekere voorwaardes, teen dood of besering van ingeskrewe lede van die Vereniging en intekenaars op „Die Taalgenoot” in.

Die Groepbegiftigingskema het dit vir ATKV-lede moontlik gemaak om teen verminderde tariewe en deur voorsiening van aftrekorderfasiliteite alle soorte van lewensversekeringspolisse te bekom.

Die Sterftefonds ⁷²⁾ is in die lewe geroep „ten einde die bande van kameraadskap tussen lede nouer aan te haal.” Hierdie fonds maak voorsiening vir die uitbetaling van bepaalde voordele wanneer 'n lid te sterwe kom. As onderdeel van die Sterftefondsvoorsiening is ook voorsiening gemaak vir die verlening van hulp en bystand aan lede met die opstel van testamente en die bereddering van boedels. Later is hierdie aspek van die hulpverlening ten opsigte van testamente en boedels beperk tot die beskikbaarstelling van Afrikaans-bewoorde testamentvorme 'n diens waaraan 'n besondere behoefte bestaan het onder die Afrikaanstalige bevolkingselement. Belangrike volksdiens is deur die publikasie van 'n artikelreeks in „Die Taalgenoot” oor die bereddering van boedels gelewer. ⁷³⁾

- 71) Red. Groep-assuransieskema. DT, 3,3:70 e.v., 1934. Anon. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Trust en Assuransie maatskappy Bpk. DT, 3,4:96, 1934. Red. Daar's werk. DT, 15,11: 409, 1946. Red. Koeponversekering. DT, 20,8:5, 1951. Red. Groepbegiftigingsassuransie. DT, 21,9: 31, 1952. Notule: ATKV-kongres: 5de, 1934. Sien ook l.v.m. afskaffing en herinstelling van die skema: UR: 19 Mei 1950; 26, 27 Jan. 1951.
- 72) Red. Op die Voorpos. DT, 20,9: 3, 1951. Reeler, J.E. Kongres 1953 in Bloemfontein. DT, 22,12: 5, 1953. „ER” Die Sterftefonds. DT, 3,12:284, 1934. Red. Verdubbelde Sterftefondsverpligtinge. DT, 4,7:253, 1935. Notule: ATKV-kongres: 6de, 1935. UR: 1, 2 Okt. 1934.
- 73) Vgl. o.m.: „CR” Probleme in verband met boedelsake. DT, 25,3: 11 e.v., 1956. ATKV Kongresboek vir 7de kongres, 1936. Notule: UR: 12 Jan. 1942. ATKV-Db: 4, 9 Aug. 1960. Kultuurkom: 19 Mei 1960, 13 Okt., 16 Nov. 1961.

Voorsiening is vir 'n Begrafnisversekeringskema⁷⁴⁾ wat lede in staat gestel het om begrafnispolisse teen verminderde premies te bekom.

In die hersiene konstitusie, wat die lig sien ná die Spoorbondkrisis, word ook voorsiening vir die daarstelling van 'n Wesefonds,⁷⁵⁾ gemaak, wat aangewend is vir die behartiging van die belange van weeskinders van afgestorwe lede. Die fonds is gevoed uit vrywillige bydraes van lede, takbesture en bevriende persone en/of liggame, asook uit die uiteindelijke jaarlikse oorskot van die Algemene Fonds. Die Wesefonds is aangewend vir die geldelike ondersteuning van wese in armoedige en behoeftige omstandighede en in buitengewone gevalle waarvoor die Spoorwegtehuise nie voorsiening gemaak het nie. Uit hierdie fonds is gesinne, waar die broodwinner oorlede is, finansiëel ondersteun. Omdat die fonds later blykbaar nie aan sy doel beantwoord het nie, is die Wesefonds en die Studiefonds in 1946 onder die nuwe Grondwet van die Vereniging verenig.

4.1.3.2 Gesinsbehuising

Een van die faktore wat veel daartoe bygedra het dat die Spoorwegwerknemers en by name die Afrikaanstalige Spoorwegwerknemers as groep in die oë van die res van die bevolking as minderwaardige bevolkingsgroep gesien is, was die swak behuisingomstandighede van hierdie groep mense in afsonderlike woongebiede, soms neerhalend „Spoorwegkampe” genoem. Die saamgroepering in woonbuurtes en swak behuisingsomstandighede en die stigma wat daar van oudsher aan hierdie woonbuurtes gekleef het vanweë die I.M.R. „railway-camp”-tradisie, het

74) Anon. Groepskema vir Begrafnisversekering. DT, 4,10:417, 1935. ATKV. Kongresboek vir 7de kongres, 1936. Notule: UR: 7 Okt. 1935. ATKV-Db: 24 Febr. 1934.

75) Red. Aantekeninge. DT, 3,6:127 e.v., 1934. Red. Aantekeninge. DT, 3,5: 105, 1934. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 18de kongres, 1946). ATKV. Kongresboek vir 14de kongres, 1942. Notule: ATKV-kongres: 7de, 1936; 11de, 1939. UR: 16 Apr. 1938, 5 Okt. 1943, 11 Sept. 1944.

die behuising van die Afrikaanseprekende spoorwegwerknemer en ATKV-lid tot aktuele volksorgprobleem gemaak.

Afgesien van die besorgdheid oor die waardigheid van die Afrikanergesinslewe wat uit hierdie kuratiewe volksorg spreek, getuig die volksorg ten behoeve van adekwate gesinsbehuising⁷⁶⁾ en selfstandige woningsbesit ook van die besef van die nadelige en demoraliserende effek van ontoereikende behuising op die gesinslewe. Lede is aangemoedig om alles in hulle vermoë te doen ten einde hulle eie huise te besit. Van die behuisingsskemas van die Spoorwegadministrasie is met waardering kennis geneem, terwyl daar by herhaling aangedring is op selfs meer toereikende voorsiening in hierdie verband.

4.1.3.3 Volksgesondheid en -veiligheid

Hierdie vorm van volksorg raak soms die gesinslewe regstreeks en soms onregstreeks. Meer spesifiek ten opsigte van die gesondheid van die gesin is onder meer aandag aan die gesondheid van huisbediendes geskenk; vertoë is tot die owerheid gerig waarin die verskaffing van gratis kraamdienste aan blankes in kraaminrigtinge bepleit word met die oog op die verhoging van die blanke bevolkingsyfer. Lede is aangemoedig om SANTA te steun en alles in hulle vermoë te doen om die werk van SANTA 'n sukses te maak. Samewerking van lede en takke vir die verwesenliking van die lofwaardige ideale van die Noodhulpliga is gevra en lede is aangemoedig om hulle meer in die toepassing van eerstehulp en verpleging te bekwaam. Beskerming van die gesin in en om die huis het ook die aandag van die Jaarvergadering geniet.

Grond is op Hartenbos geskenk aan die Hospitaalraad vir die moontlike latere oprigting van 'n hospitaal.⁷⁷⁾

76) Coetsee, D.J. Die Spoorwegman en Afrikaans. Artikelreeks DT. Notule: ATKV-kongres: 27ste, 1955. UJ: 5de, 1946; 7de, 1949; 20ste, 1962. UR: 18 Mei 1951. VM-Hb: 14 Apr. 1948. ATKV-Db. & Finanskom: 19 Mrt. 1956.

77) Reeler, J.E. Grond aan die volk. DT, 22,3: 7, 1953.

4.1.3.4 Noodleniging⁷⁸⁾

Konstruktiewe, konserverende en kuratiewe noodleniging deur die ATKV moet beoordeel word in die lig van die twee Verenigingsdoelstellings wat handel oor die nouer aanhaling van kameraadskapsbande tussen lede en die bevordering van „maatskaplike welsyn” van lede. Noodleniging word ook aangewend ter wille van die behoud van die gesin en ter voorkoming van gesinsverbrokkeling. Noodleniging is gesien as die taak van die Vrou-en-Moederbeweging en sy takke er. die Noodhulpliga.

Die Beweging het van meet af aan sy taak gesien as „kulturele opvoedkundige opheffingswerk”,⁷⁹⁾ in teenstelling tot die grootste gros ander vroueliggame wat „maatskaplike opheffing” as hulle primêre doelstelling gesien het. Hierdie kulturele opvoedkundige opheffingswerk staan in die eerste plek in diens van die realisering van die taal en kultuurstrewe van die Afrikanervolk. Takke het onder meer in hulle werksaamhede aandag gegee aan gesins- en siekebesoek en noodleniging aan nooddruftiges. Lede is aangemoedig om hulle dit meer ten doel te stel om persoonlik met minderbevoorregte huisgesinne kennis te maak en hulle van raad en leiding te voorsien.

By herhaalde geleenthede is deur die Beweging aandag geskenk aan die moontlikheid en wenslikheid van samewerking met die Spoorwegwelsynswerksters. Die besondere noue samewerking het egter uitgebly.

78) Organisasieverslag. (In VMbeweging. Agenda en ander stukke vir die 15de UJ, 1957). Notule: UR: 4 Sept. 1939.

79) By verskillende geleenthede word daadwerklik aandag bestee aan die besondere a a r d van die werk van die Beweging. Hoewel daar dikwels nuere skakeling met die welsynswerk in die algemeen en die welsynswerk van die Spoorweë in besonder was, word die werk van die Beweging telkens met die begrip „kultuurwerk” of „kulturele opheffingswerk” gekwalifiseer. Notule: ATKV-kongres: 21ste, 1949; 7de, 1936. UJ: 1ste, 1943; 2de, 1944; 3de, 1945; 5de, 1947; 6de, 1948; 9de, 1951. UR: 4 Febr. en 4 Sept. 1939. VM-Hb: 14 Apr. 1948. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 23ste kongres, 1951). Sekretariële jaarverslag. (In VMbeweging. Agenda en ander stukke vir 11de UJ, 1953).

4.1.3.5 Studiehulp aan skoolleerlinge en universiteitstudiante.

Die materiële agterstand van die Afrikanervolk, wat h soort van minderwaardigheidsgevoel by die volk tot gevolg gehad het, het ook ander nadelige konsekwensies in die volksbestaan gehad. Jong Afrikanerseuns en -dogters moes op jeugdige ouderdom die skool verlaat ten einde die gesinsinkomste aan te vul. Vanweë gebrek aan finansiële middele is talle Afrikanerjeugdiges die geleentheid ontsê om verdere vorming deur universitêre studie te ondergaan. Onder die besef van die noodsaak om die Afrikanergesin in hierdie opsig tegemoet te kom word h Studieleningsfonde ⁸⁰⁾ in April 1935 deur die Vereniging in die lewe geroep. Gedeeltelik was hierdie stap ook die vrug van die konkurrensie en radikale konstitusionele wysiginge wat die totstandkoming van die Spoorbond met sy aantreklike materiële voordele vir die Vereniging meegebring het. Verdere motivering vir die daarstelling van hierdie studiefonds was die vorming en opleiding van Afrikaanse wetenskaplikes en tegnisi wat op die gebied van die tegniek, die handel, die nywerheid, mediese- en regsgebied leiding sou gee.

Die eerste twee lenings wat toegeken is, was aan h seun van h kondukteur op De Aar wat aan die Kweekskool op Stellenbosch sou studeer, terwyl die ander toegeken is aan h ambagsleerling van die Spoorwgaadministrasie wat verdere studie oorsee sou onderneem.

80) „ER” h Studiefonds. DT, 3,12: 294, 1934. Anon. Die Afrikaanse taal- en kultuurvereniging (SAS en H). DT, 4,3: 97, 1935. Red. ATKV-studiefonds doen volksdiens. DT, 21,8: 5, 1962. Red. Ware kultuurwerk. Hulp aan studente. DT, 21,10:20, 1962. ATKV. Kongresboek vir 7de kongres, 1936. Notule: ATKV-kongres: 6de, 1935; 11de, 1939; 29ste, 1957; 16de, 1944. UR:1,2 Okt. 1934, 25 Mei 1935, 4 Sept. 1939.

Hoewel die beskikbaarstelling van studiebeurse ⁸¹⁾ aan studente reeds vroeg in die veertiger jare aandag geniet het, word eers in 1955 met die vyf en twintigste herdenking van die bestaansjaar van die ATKV daartoe oorgegaan om sodanige beurse beskikbaar te stel. In 1955 was reeds R56,000-00 in die vorm van studielenings aan 130 studente vir universitêre studie toegeken.

Ter herdenking van die Simboliese Osewatrek van 1938 stel die Uitvoerende Raad in samewerking met drie universiteite waar ossewaens van die Trek bewaar word, jaarlike studielenings, vernoem na die ossewaens, tot die beskikking van studente wat aan finansiële steun behoefte het. Die drie studiefondse ⁸²⁾ staan bekend as die Magdalena de Wet-, die A.H. Potgieter en die Louis Trichardtstudiefonds.

Die moeilike woon- en werksomstandighede van Spoorweggesinne op buitestasies en die probleme ten opsigte van die skoolonderrig van hulle kinders wat daardeur in die hand gewerk is, het die Vrou-en-Moederbeweging aangegryp. Die Jaarvergadering van die Beweging het in 1944 daartoe oorgegaan om 'n Skool- en Hulpfonds ⁸³⁾ in die lewe te roep wat aangewend

- 81) Strijdom, J.G. Feesrede by geleentheid van die kulturfees in die stadsaal, Pretoria, ter viering van ATKV (SAS en H) se kwarteeufees, p. 4. Anon. Die Raad besluit. DT, 14, 2: 47, 1945. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 28ste kongres, 1956). Notule: ATKV-kongres: 27ste, 1955; 28ste, 1956. UR: 27 Jan. 1956, 25 Mei 1957.
- 82) Potchefstroomse Universiteit vir CHO. Jaarboek, 1966. Notule: ATKV-kongres: 15-18 Jun. 1943. UR: 29 Mrt., 1 Apr. 1943. ATKV-Db. & Finanskom: 10 Mei, 9 Des. 1955.
- 83) Botha, M.C. Die ATKV (SAS en H), p. 16. Anon. Die Vrou-en-Moederbeweging deur die jare, p. 32. Anon. Gaan ons hulle red? DT, 13, 4: 123, 1944. Red. Op die Voorpos. DT, 13,5: 141, 1944. Anon. Die Uniale Jaarvergadering. DT, 14,1: 35, 1944. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 17de kongres, 1945). Notule: ATKV-kongres: 9de, 1937. UJ: 2de, 1944. UR: 8 Mei 1937; 16-18 Febr. 1944; 12 Sept. 1958. ATKV-Db: 4 Okt. 1944, 10 Jan. 1945. (Reeds in 1937 word 'n besluit geneem dat 'n Studiefonds vir sekondêre onderwys in die lewe geroep word. Dit is nie duidelik of daar iets van hierdie besluit gekom het nie en of die Skool- en Hulpfonds dalk die voortsetting van hierdie gedagte was nie.)

sou word om gesinne in staat te stel om hul kinders die nodige onderwys te laat geniet.

Die eerste hulp van hierdie aard is verleen aan 'n twaalfstal kinders wat van die Spoorwegmodeldorpie, Rusgenot, naby Cathcart, na Queenstown se Afrikaanse sekondêre skool gestuur is.

Insameling van geld vir hierdie fonds was een van die eerste belangrike volksorgprojekte op die weg van die Beweging. Later is ook jaarlikse twee beurse uit hierdie fonds toegeken.⁸⁴⁾

Die Huishoudkundestudieleningfonds⁸⁵⁾ van die Beweging wat in 1956 in die lewe geroep is, het sy ontstaan aan tweërlei motivering te danke, nl.

- ** Finansiële ondersteuning van die gesin met die oog op die universitêre studie van die jong dogter; en
- ** Die opleiding van gekwalifiseerde huishoudkundiges, dieetkundiges en huishoudkundeonderwyseresse deur wie vroue en dogters gevorm en toegerus kan word vir hulle taak (of toekomstige taak) as vroue en moeders in die gesinslewe.

Tot hierdie fonds doen Vrou-en-Moedertakke jaarlikse vaste bydraes.

Op plaaslike vlak word ook deur verskeie takke beurse en lenings aan behoeftige studente beskikbaar gestel.⁸⁶⁾

- 84) Sedert 1965 word hierdie fonds aangewend ter beskikbaarstelling van beurse vir skoolkinders van Spoorwegwerknemers en lede.
- 85) Die eerste Huishoudkundestudielening word in 1960 toegeken. Vgl. Red. Die eerste huishoudkundelening word toegeken. DT. 29,5: 24, 1960. Sien ook sekretariële jaarverslae. (In VMbeweging. Agenda en ander stukke vir 15de UJ, 1957 en 16de UJ, 1958).
Notule: UJ: 14de, 1956. VM-Hb: 24 Jan. 1957, 9 Febr. 1960.
- 86) Vgl. o.m.: Organisasieverslag. (In Agenda e.a. stukke vir 17de UJ, 1959).

4.1.3.6 Gesinsekonomie ⁸⁷⁾

Die propagering van die noodsaaklikheid en die inskerping en bevordering van spaarsaamheid tree in die volksorgaksie van die Vereniging telkens na vore. Besinning oor die aandeel van die vrou in die ekonomiese bewusmaking van die Afrikaner en die finansiële omstandighede van die huigesin, gee daartoe aanleiding dat die Vrou-en-Moederbeweging-hoofbestuur 'n pamflet oor die ekonomiese lewe van die gesin die lig laat sien. Daadwerklike optrede by die Afrikaner-moeder in die verstewiging van die gesinsekonomie en ter bevordering van 'n gesonde volkshuishouding word bepleit, terwyl verder by takke aanbeveel word om sover dit moontlik is Suid-Afrikaanse produkte te koop en te verbruik.

Ook in die vermeerdering van kennis aangaande hierdie aspek van die volke- en gesinslewe het artikels in „Die Taalgenoot“ 'n belangrike konstruktiewe volksorgfunksie vervul.

4.2 Partikulier

4.2.1 Die bedryf

Twee sake verdien hier veral die aandag: ⁸⁸⁾

- * Die pogings van die ATKV vir die daargestelling van 'n eie Suid-Afrikaanse Vervoerakademie of Suid-Afrikaanse Vervoerinstituut;
- * Die aandag aan die Afrikaner in die nywerheidssektor.

Wat laasgenoemde betref is 'n ondersoek na die arbeid deur die vyf en dertigste jaarkongres van die Vereniging gelas.

87) Red. Uniale Jaarvergadering, 1953. DT, 22,12: 13, 1953. Red. Op die Voorpos. DT, 29,8:2, 1960. Notule: ATKV-kongres: 5de, 1934. UJ: 11de, 1953; 15de, 1957; 17de, 1959; 19de, 1961; 20ste, 1962. Kultuurkom: 12 Apr., 5 Des. 1960. Jeugkom: 18 Mrt. 1955.

88) Die Vereniging het op onregstreekse wyse ook 'n bydrae in belang van die volkseconomie in die algemeen gelewer deur samewerking met liggame op hierdie terrein en bywoning van kongresse en konferensies. Sien o.m.: Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 23ste kongres, 1951). Notule: UR: 4 Sept. 1939, 9 Sept. 1950. ATKV-Db. & Finanskom: 30 Mrt., 28 Jun. 1948, 2 Mrt., 23 Mrt., 26, 27 Apr., 21 Sept., 1 Nov. 1950, 26 Jul. 1954, 20 Mrt. 1957.

In die vroeë veertigerjare van hierdie eeu is daar in die algemeen gevoel dat daar vir die werknemer wat hom vakkundig en meer spesifiek in ooreenstemming met sy individuele aanleg verder vir die volvoering van sy taak wou toerus en ontwikkel, weinig fasiliteite in Suid-Afrika bestaan het. Hierdie behoefte, wat ook deur die ATKV as organisasie binne 'n bepaalde beroepsgroep sterk aangevoel is, het tot die totstandkoming van die Stigting Nasionaal⁸⁹⁾ van Suid-Afrika aanleiding gegee. Omdat dit egter later geblyk het dat die Vereniging met sy Stigting op geen terrein praktiese diens kon lewer nie, is die uitvoering van die doelstellings van die Stigting voorlopig op die langebaan geskuif. Ná die totstandkoming van die Jeugkomitee is gevoel dat daar groot kulturele waarde daarin sal steek om die kennis aangaande die Spoorweë as bedryf te formuleer, te sistematiseer en te sertifiseer. 'n Soortgelyke diens is reeds deur 'n Engels-georiënteerde instansie, die Institute of Transport, voorsien. Die grondliggende motief van die ATKV met die daarstelling van 'n eie Suid-Afrikaanse Vervoerakademie⁹⁰⁾ was die voorsiening in die behoefte aan 'n liggaam wat in lyn met die aspirasies en ideale van die Afrikanervolk en met volle erkenning van die Afrikaanse taal en kultuur, fasiliteite sou bied vir die studie van die vervoerwese en die aflegging van

- 89) Die Stigting Nasionaal kom tot stand as 'n instituut vir geskiedenis en aardrykskunde, gegrondves op die voorskrifte van die Woord van God; op die ervaring en die geskiedenis van die Afrikanernasie en op die aard en natuur van die Suid-Afrikaanse bodem. Vgl. Anon. Die Stigting Nasionaal van Suid-Afrika. DT, 12,10:224 e.v., 1943. Red. Daar's werk. DT, 11,12: 325, 1942. Anon. Wat beteken die Stigting Nasionaal? DT, 13,3:93, 1933. Red. Op die Voorpos. DT, 15,8:271, 1946. Botha, M.C. Die ATKV (SAS en H), p. 16. Notule: UR: 24 Mei 1941, 8, 9, 10 Sept. 1942, Apr. 1943, Mei 1952, 21 Mei 1954. ATKV-kongres: 15-18 Jun. 1943. ATKV-Db: 6 Jun. 1952. ATKV-Db. & Finanskom: 24 Okt. 1952. Onderkom. van die Jeugkom: 18 Mrt. 1955.
- 90) Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 27ste kongres, 1955). Notule: UR: 13 Mei 1955, 13 Febr. 1961. Jeugkom: 10 Des. 1954, 28 Febr. 1958. Onderkom. van die Jeugkomitee: 18 Mrt., 4 Jul. 1955.

eksamens. Deur hierdie diens sou die ATKV dit vir die Spoorweg-werknemer moontlik maak om beter toegerus te word vir sy taak binne die Spoorweë as bedryf, terwyl dit aanvullend sou wees by die opleiding wat deur die Spoorwegadministrasie reeds gebied is. Daardeur sou nie slegs die Spoorweë as bedryf baat nie, maar ook die individuele werknemer, terwyl dit ook 'n konstruktiewe bydrae sou lewer tot die uitbou van 'n eg-Afrikaanse ver-voerkultuur. Onderhandelinge in verband met die realisering van hierdie ideaal duur voort.

4.2.2 Die skool

Gesien die besondere plek wat die skool en die onderwys in die algemeen in die volksbestaan inneem en in besonder die enorme funksie wat die skool in die proses van kultuuroordrag en enkulturasie speel, is dit voor die hand liggend dat die ATKV 'n wakende oog oor onderwysbelange sou hou.⁹¹⁾ By verre die grootste deel van die volksorg van die Vereniging in hierdie sfeer van die volkskultuur kan as kuratief gekwalifiseer word in dié sin dat dit by uitstek daarop gerig is om die skool en die onderwysowerhede bewus te maak van die oortuiginge en op-vattings van die deursnee Afrikaner ten opsigte van dit wat hy deur die onderwys aan die kind oorgedra wil hê. Dat ook hierdie kuratiewe volksorg vrug is van die heersende geestestrominge in die volkslewe behoeft weinig betoog. Kongresbesluite openbaar onmiskenbaar die onderliggende klemverskuiwinge in die volkswete aangaande die onderwys, organisasie en beheer van die onderwys, inhoud van leerplanne, standaard van opleiding van onderwysers, leemtes in die onderwysbeleid en -praktyk, onderwystaak van die owerheid⁹²⁾ ens.

91) Die negentiende ATKV-kongres is geheel en al aan die onderwerp „Onderwys“, gewy. Sien: Notule: ATKV-kongres, 1947. Botha, M.C. Die noodsaak van onderwysvorming. DT, 17,5:5, 1948.

92) Reeler, J.E. Ons 1948-kongres. Glanspunte van verrigtinge. DT. 17,12: 20, 1948. Notule: ATKV-kongres: 7-10 Sept. 1948.

Dit is verder ook te begrype dat die ervaringsituasie van die Spoorwegwerknemer onderhewig aan gereelde verplasings, onge-reelde diensure en vestiging op afgeleë buitestasies besondere probleme ten opsigte van die onderrig van die kind sou meebring wat op die lang duur weer die denke en nadenke oor die onder-wys, en die besluite na aanleiding daarvan geneem, beslissend sou beïnvloed. Die ATKV het in hierdie opsig in 'n belangrike behoefte voorsien, naamlik om 'n mondstuk te dien vir die kanalisering van die gemeenskaplike beskouings van die Afri-kaanssprekende Spoorwegpersoneel insake die onderrig van die kind en vir die oordrag daarvan aan die verantwoordelike in-stansies. In die lig hiervan moet onder andere die vertoë van die Vereniging insake 'n eenvormige onderwysbeleid, een-vormige skoolleerplanne in die onderskeie provinsies en een-vormigheid ten opsigte van voorgeskrewe werke en verspreiding van skoolvakansies gesien word.⁹³⁾

Die probleme ten opsigte van skoolonderrig ondervind deur Spoorwegpersoneel gestasioneer op afgeleë buitestasies⁹⁴⁾ gee aanleiding tot 'n kongresbesluit dat vertoë tot die SA Spoorwegadministrasie en die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap gerig moet word ten einde aan te dring op die verskaf-fing van tydige en doeltreffende vervoer vir hierdie kinders en vir die oprigting van kosskole op groot spoorwegsentra vir die huisvesting van plattelandse spoorwegkinders.

Onder die indruk van die agterstand van die Afrikanerkind wat skool- en akademiese opleiding⁹⁵⁾ betref, is besorgdheid uitge-sprek oor die tendens van vroeë skoolverlating en word daar by die onderwysowerhede aangedring op die bestryding van hierdie

93) Notule: ATKV-kongres: 19de, 1947; 28ste, 1956; 29ste, 1957. UJ: 15de, 1957. ATKV-Db: 10 Mei en 28 Mei 1945.

94) Notule: ATKV-kongres: 19de, 1947.

95) Notule: ATKV-kongres: 23ste, 1951; 26ste, 1954. UJ: 11de, 1953; 12de, 1954; 14de, 1956; 22ste, 1964.

tendens, terwyl die noodsaaklikheid van skool- en hoër akademiese opleiding vir die kind met die oog op deeglike voorbereiding vir die beroepslewe beklemtoon word. Takke en lede is aangemoedig om sover moontlik finansiële steun te bied aan gesinne wat weens geldgebrek nie in staat is om hulle kinders die maksimum skoolonderrig te laat geniet nie. Beroepe is op takke en lede gedoen om die Skool- en Hulpfonds uit te bou ten einde behoeftige kinders in staat te stel om maksimale skoolonderrig te geniet.

Wat die daarstelling van toereikende onderwysfasiliteite ⁹⁶⁾ betref is aandag aan die moontlikheid van inrigtings, soortgelyk aan leërgimnasia vir seuns, vir die onderrig van dogters in huishoudelike aangeleenthede gegee. 'n Versoek is aan „Die Volksblad“ gerig vir die stigting van 'n strandoord en strandfonds vir Vrystaatse skoolkinders. Op eie werf is deur die Vereniging voorsiening gemaak vir die beskikbaarstelling van 'n stuk grond op Hartenbos vir die oprigting van 'n skool.

Die inhoud van skoolleerplanne het telkens aandag geniet. ⁹⁷⁾ Ten opsigte van die onderrig van die dogter is gevoel dat die leerplanne voorsiening moes maak vir verpligte opleiding in huishoudkunde, tuisverpleging en moederkunde en dat die skoolonderrig meer daadwerklik op die vorming van die jong dogter en vrou en moeder afgestem moes wees, terwyl onderrig in selfbeskerming en selfverdediging vir die dogter bepleit is. Klem is op die noodsaaklikheid dat godsdiensonderrig sy regmatige plek in die skoolleerplanne moes inneem, terwyl skoolonderrig daarop ingestel moes wees om meer volks- en vaderlandsliefde op skool aan die kind te leer.

96) Reeler, J.E. Grond aan die volk, p. 7. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 25ste kongres, 1953). Sekretariële jaarverslag. (In VMBeweging. Agenda en ander stukke vir 18de UJ, 1960) Notule: UJ: 12de, 1954; 16de, 1958; 17de, 1959.

97) Notule: AJ: 14de, 1956; 20ste, 1962; 22ste, 1964.

Daar is by die betrokke onderwysowerhede aangedring op meer en ruimer voorsiening vir kuns-, musiek- en algemene onderrig ten opsigte van allerlei kultuuraangeleenthede, onderrig in Bantoe-tale, geslagsvoorligting deur bekwame, opgeleide onderwysers en die instelling van 'n vak met die naam van „Roepingsleer.”⁹⁸⁾

Ernstige bedenkinge oor die waarde van die vak Sosiale Studies is uitgespreek in die lig van die aftakelende effek wat dit op die historiese besef en kennis van die volksgeskiedenis het en onderwysowerhede is versoek om die positiewe en kultuurbouende vak, Geskiedenis, weer sy regmatige plek in die onderwysleer-planne te gee. Die waarde van IK-toetse is bevraagteken. Laas-genoomde twee voorbeelde⁹⁹⁾ toon aan hoe die volkskonsepsiewêreld in die proses van die uitskakeling van vermeende volks-vreemde en volkskadende elemente fungeer. Die omgekeerde is egter ook waar. Basiese klemverskuiwinge in die inhoud van die volkskonsepsiewêreld as gevolg van die beïnvloeding deur vreemde geestestrominge of as gevolg van ander faktore kristalliseer spoedig ook in die vorm van besluite uit.

Probleme wat deur die jeug ondervind word by hulle toetrede tot die beroepslewe en die eise gestel deur werkgewers en die praktiese beroepsituasie gee onder meer aanleiding tot vertoë dat die klem in die onderwys meer op praktiese vakke moet val en dat die „on-nodige” teoretiese vakke uitgeskakel moet word, terwyl lede aange-moedig word om meer van beroepsvoorligtingsdienste gebruik te maak.¹⁰⁰⁾

Die ernstige tekort aan leerkragte en weë en middele om die tekort die hoof te bied is bespreek, en die provinsiale administrasies is versoek dat Biblioteekkunde as vak verpligtend gemaak word vir die

98) Notule: ATKV-kongres: 28ste, 1956. AJ: 5de, 1947; 6de, 1948; 17de, 1959; 20ste, 1962. ATKV-Db: 19 Jun. 1957, 5 Jun. 1962.

99) Notule: AJ: 17de, 1959; 22ste, 1964.

100) Red. Die negende Uniale Jaarvergadering. DT, 20,11: 30, 1951. Notule: UJ: 6de, 1948; 9de, 1951. VM-Db: 25 Jul. 1951.

opleidingskursusse van onderwysers. 101)

Vraagstukke wat as gevolg van die in toenemende mate buitenshuis arbeidende getroude vrou na vore tree, laat die soeklig van die Vereniging spoedig op die behoeftes en probleme van die kleuter val. Dit bring ontstellende gegewens aan die lig, onder meer 'n skromelike gebrek aan leerkragte en opleidingsentra vir sodanige leerkragte, finansiële nood en ontoereikende dienste by Afrikaanse kleuterskole en die feitlike situasie dat talle Afrikanergesinne om bogenoemde redes genoodsaak is om hul kleuters in die sorg van Engelssprekende onderwysers en Engelstalige en Engels-georiënteerde kleuterskole te laat. Dat hierdie toedrag van sake vir die oordrag van die kennisbesit van die volkskonsepsiewêreld van die Afrikaner ernstige gevaar ingehou het, behoef geen betoog nie. Nie slegs was die taal wat die kleuter moes aanhoor vreemd nie, maar ook die ganse lewens- en wêreldbeskouing en leefwyse as sodanige waarvan die taal die draer was, het in felle kontras met die tradisionele Afrikanerkultuur gestaan. Hierdie en ander faktore gee aanleiding tot besluite oor die wenslikheid van die instelling van 'n kleuterskoolopleidingsentrum in Kaapland; ondersoek na die tekort aan kleuterskoolonderwysers en die ontoereikendheid van Afrikaanse kleuterskole; vertoë tot die Superintendent-Generaal van Onderwys om kleuterskole by die departementele kleuterskole in te sluit; die bepleiting van die registrasie en subsidiëring van kleuterskole en kleuterklasse wat daarom aansoek doen, ens. Verder besluit die Jaarvergadering dat die Beweging hom vir die stigting van Afrikaanse kleuterskole sal beywer deur steun aan reeds bestaande Afrikaanse liggame wat die stigting van kleuterskole beoog te verleen. 102)

101) Notule: ATKV-kongres: 26ste, 1954. UJ: 5de, 1947.

102) Vgl. i.v.m. die volksorg in belang van die Afrikaanssprekende kleuter die volgende:

Notule: ATKV-kongres: 19de, 1947. UJ: 5de, 1947; 6de, 1948; 17de, 1959. VM-Hb: 14 Apr., 4,7 Sept. 1948; 5,6 Sept. 1949; 9,12 Sept. 1950. UR: 16,17 Jan. 1947; 25 Mei 1956. ATKV-Db: 19 Mei 1948, 18 Febr. 1959.

Deur die Vrou-en-Moederbeweging is ook voorsiening gemaak vir 'n opvoedkundige skema ¹⁰³⁾ waarvolgens groepe skoolkinders binne skoolkwartale vir 'n tydperk van 'n week in die Kinderstrandhuis te Hartenbos kon tuisgaan. In die bestek van dié week word 'n opvoedkundige program van besoeke aan allerlei besienswaardighede in Hartenbos en omgewing aangebied.

Samewerking met ander instansies gemoeid met die onderwys van volwassenes buite skoolverband, ¹⁰⁴⁾ asook onderhandelinge met die onderwysdepartement met die oog op die daarstelling van fasiliteite op Hartenbos vir die opvoeding van volwassenes, het ook die aandag van die Vereniging geniet.

4.2.3 Die universiteit

Nadat reeds vir baie jare die behoefte sterk gevoel is dat daar wetenskaplike navorsing gedoen behoort te word oor die Afrikaanse volkskultuur, gaan die ATKV in 1963 daartoe oor om die moontlikhede van die instelling van 'n leerstoel in die Afrikaanse Volkskunde te ondersoek. Dit gee aanleiding tot die besluit om nie slegs geld beskikbaar te stel vir sodanige leerstoel nie, ¹⁰⁵⁾ maar ook 'n liggaam daar te stel wat navorsingswerk sou onderneem.

103) Sekretariële jaarverslag. (In VMBeweging. Sekretariële jaarverslag en ander stukke vir 21ste AJ, 1963). Notule: VM-Hb: 22 Sept. 1956; 21 Aug. 1961; 17 Apr. 1963. ATKV-Db. & Finanskom: 29 Nov. 1950, 12 Aug. 1955. VM-Db: 1 Jun., 15 Des. 1961; 25 Jan., 15 Febr. 1962.

104) Hier word onder meer verwys na die samewerking met hierdie Afdeling t.o.v. die organisering van jeug-, toneel- en kultuurleierskursusse. Sien: Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 19de kongres, 1947). Notule: ATKV-kongres: 17de, 1945; 18de, 1946; 19de, 1947; 24ste, 1952. UR: 10 Jun. 1948. ATKV-Db: 29 Apr. 1948.

105) Die gedagte aan 'n ondersoek na die kultuurtoestand van die Afrikaner geniet reeds in 1957 die aandag. Nadat by verskeie geleenthede hieroor beraadslaag is, word die Komitee van Onderzoek na gevaartekens in die Afrikaner se volkslewe ontbind. Die besondere gedagte ten grondslag hieraan lei mettertyd tot die daarstelling van 'n Leerstoel in Afrikaanse Volkskunde en Volkskultuur. Sien o.m.: Red. Nuwe werksaamhede van ons Vereniging, DT, 26,4:23, 1957. Red. Op die Voorpos. DT, 32,7:4, 1963. Coetzee, A. Lewende monumente. DT, 32,7:5, 1963. Terblanche, H.J. Die Afrikaanse kultuur. 'n Leerstoel. DT, 33,2:5, 1964. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 30ste kongres, 1958). Notule: ATKV-kongres: 29ste, 1957; 35ste, 1963. UR: 3 Mei, 1 Aug. 1963; 4,5 Des. 1964. Kultkom: 17 Jun, 29 Jul., 16 Aug., 16 Sept., 24 Okt. 1963; 13 Mrt., 25 Mei 1964. ATKV-Db: 7 Jan., 13 Jun., 2 Jul 1963,

Aan die Universiteit van Stellenbosch is R100,000 beskikbaar gestel, waarvan die rente jaarliks gebruik word om sodanige leerstoel te finansier.

Langs hierdie weg het die ATKV deur sy kuratiewe optrede die aandag op 'n behoefte in die volkslewe gevestig waar die universiteit as samelewingsvorm in die uitvoering van sy taak in gebreke gebly het. Positief sal dit verreikende gevolge en betekenis vir die volkskultuur van die Afrikaner hê deurdat die vinger op die pols van die ontwikkelinge in die volkslewe gehou word en deurdat die tradisionele volkskultuurprodukte van die volk vir die nageslag bewaar word en behoue bly.

4.2.4 Inter-organisatoriese volksorg

Hoewel 'n evaluasie van die waarde en regstreekse gevolge van die samewerking van die Vereniging en Beweging met ander instansies met verwante doelstellings besonder moeilik is, is die beeld van die Verenigingsoptrede na buite daarsonder onvolledig. Die nastrewe en bevordering van samewerking met ander liggame met dieselfde of verwante doelstellings is een van die hoofdoelstellings van die Vereniging.

Duidelik is daar in hierdie faset van die Verenigingswerkzaamhede die polariseringstendens rondom die volkseie en die volksvreemde volkskonsepsiewêreld in die Afrikanervolkslewe merkbaar. Daadwerklike samewerking met, verteenwoordiging in en affiliasie met ander instansies, asook die bywoning van kongresse en konferensies van ander instansies geskied na deeglike oorweging van die implikasies van so 'n stap. Vandaar dat uitnodigings van verskillende liggame met die oog op samewerking dikwels van die hand gewys word. Hieraan lê ook 'n diepere verklaring ten grondslag.

26 Nov. 1964.

Die Vrou-en-Moederbeweging het by die 22ste AJ besluit dat in beginsel goedgekeur word dat weë en middele ondersoek moet word vir die stigting van 'n studieleningsfonds vir damesstudente op die gebied van die volkskultuur en dat 'n projek i.v.m. die volkskultuur aangepak moet word. Sien notule: AJ: 22ste, 1964. Sien ook i.v.m. die ATKV-instituut vir Volkskunde en Volkskultuur, hoofstuk VII van hierdie geskrif.

Liggame wat vreemd staan teenoor die ideale en aspirasies van die Afrikanervolk, soos dit by name in die grondslag van die Vereniging tot uitdrukking kom, word samewerking ontsê op grond van die feit dat die geestestrominge waarvan sodanige liggame die draers is, strydig is met die inhoud van die amptelike kultuuretos van die Afrikanervolk wat deur die Vereniging onderskryf word.

Die positiewe aspek van die samewerking met ander volksorgane is voor die hand liggend: Nouer skakeling word bewerkstellig, koördinasie van volksorgaksie word in die hand gewerk en die meewerkende liggame word bewus gemaak van gemeenskaplike volksorgbehoefte en -probleme. Vruggbare uitwisseling van gedagtes vind plaas en só word kultuurvorming en -oordrag in die onderskeie fasette van die volkskultuurpatroon bevorder.

Samewerking met die groot verskeidenheid van ander volksorgorgane het hoofsaaklik langs die volgende weë geskied: ¹⁰⁶⁾

- 106) Die beleid van die Vereniging t.o.v. liggame met verwante doelstellings is in die Grondwet van die Vereniging vasgelê en geniet veral aandag ná die „Spoorbondkrisis“. Sien o.m.: Verslag van die 2de ATKV-kongres, Kaapstad. Klopper, H.J. Oproep van die voorsitter van die Uitvoerende Raad. DT, 5,3:14, 1936. By verskillende geleenthede is aandag gegee aan die totstandkoming van liggame soortgelyk aan die ATKV in ander beroepsgroepe. Die ATKV was instrumenteel in die totstandkoming van die ATKB (Pos- en telegraafwese). Red. Op die Voorpos. DT, 23,2:3, 1954. Buys, M.A. Die Afrikaanse Taal- en Kulturbond (Dept. van Pos- en telegraafwese). DT, 23,4:11, 1954. Notule: ATKV-kongres: 6de, 1935; 15de, 1943; 24ste, 1952. UR: 20,26 Sept. 1946. ATKV-Db. & Finanskom: 9 Febr., 23 Mrt., 19 Mei 1950; 6 Jun. 1951; 8 Apr. 1952.

Samewerking met ander instansies: Daar is met die volgende instansies o.m. saamgewerk: FAK, ACB, VCHO, Nuusbladpersunie, SA Publisiteitsvereniging, SA Naslaanbiblioteek, Matigheidsbond, Afrika-instituut, AKPOL, Nasionale liggaam vir polio-navorsing, ens., ens.

Bywoning van kongresse en konferensies: Verskeie kongresse, konferensies en jaarvergaderinge van liggame is deur verteenwoordigers van die ATKV en die Vrou-en-Moederbeweging bygewoon, w.o.: FAK-kultuurkonferensie, -jeugkongres, SAVF-kongres, SABRA-kongres, Transvaalse Studiefondsvereniging, volkskongres oor kommunisme, AKVV, ACB, Publisiteitskongres, VCHO-kongres, NHSV-kongres, ACVV-kongres, VLU-kongres, Verbruikersadviesraad, ens., ens.

- * Daadwerklike samewerking ten opsigte van bepaalde projekte en ondernemings.
- * Amptelike verteenwoordiging in die besture en rade van ander liggame.
- * Affiliasie met of lidmaatskap van sodanige liggame.
- * Bywoning van vergaderings, kongresse en konferensies van ander liggame.
- * Finansiële bydraes aan organisasies met soortgelyke of verwante doelstellings.

Ten einde 'n oorsigtelike beeld van hierdie besondere faset van die Verenigingswerkzaamhede te gee kan die groot verskeidenheid van liggame met soortgelyke of verwante doelstellings in hoofgroepe ooreenkomstig die onderskeie terreine waarop daar deur hulle volksorg beoefen gekategoriseer word. Aangesien die aksent egter in hierdie geskrif primêr op die volksorgaksie van die ATKV (SAS en H) in die volkskultuurpatroon van die Afrikanervolk val, word hierdie inter-organisatoriese volksorg onder die verskeie fasette van die Verenigingswerkzaamhede tuisgebring.

5. Resumé

Drie fasette van die volksorg van die Vereniging en die Beweging het in hierdie hoofstuk aandag geniet, nl. die interne sorg ten opsigte van die doeltreffende funksionering van die Vereniging self, die sorg ten opsigte van die verskillende kategorieë van sorgbehoewendes en die sorg of kuratiewe optrede in belang van ander samelewingsvorme en kapties met die kultuurvereniging binne die volksbestaan vervleg.

Bydraes aan verskillende instansies: Die Vereniging en die Beweging het van tyd tot tyd bydraes aan verskillende instansies gemaak, w.o.: Voortrekkerbeweging, SA Blindewerkersorganisasie, SABRA, Universiteite, Nasionale Veldtrust, Matigheidsbond, SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, ens., ens. Vgl. i.v.m. hierdie verskillende aspekte van die samewerking met ander liggame die notule van die ATKV-kongres, UJ, UR, VM-Hb, VM-Db, ATKV-Db, Kultkom, Jeugkom. en „Die Taalgenoot“.

Uit die sistematisering van sorgaktiwiteite het geblyk dat die belangrikste ondersteuning deur die ATKV gebied is aan die gesin van die Spoorwegwerknemer. Die karakter van hierdie gesinsorg is oorwegend kuratief en ondersteunend, tog word die selfstandigheid van die gesinslewe nie daardeur ondermyn of die verantwoordelikeheidsbesef van die ouer daardeur ondergrawe nie.

Die konstruktiewe vorming en realisering van die verskillende fasette van die volkskultuur is in die eerste instansie die verantwoordelikeheid van die reeds bestaande primêre en sekondêre samelewingsvorme, dit wil sê die huisgesin, huwelik, staat, kerk, bedryf, skool, universiteit ens., doreenkomstig hulle aard-eie roeping en taak. Wanneer daar as gevolg van bepaalde historiese omstandighede 'n situasie ontstaan waarin hierdie vorme nie hulle roeping ten opsigte van die sorgobjek (stof, plant, dier en mens, die volkskultuur en kultuur en beskawingsgoedere) aan hulle sorg toevertrou, nakom nie, dan kan partikuliere persone daartoe oorgaan om met die oog op die herstel van sodanige situasie en die herstel van die vermoë tot die vervulling van die beperkte volksorgroeping, 'n partikuliere volksorgliggaam in die lewe te roep wat op georganiseerde wyse tydelik, kuratief ten opsigte van die onderhawige sorgversuim optree. Uit die aard van die funksie wat so vervul word, is dit duidelik dat die vervulling van hierdie taak tydelik is en nooit usurperend van karakter mag wees nie, en dat dit gerig behoort te wees op die herstel van die funksie wat dit tydelik vervul of ondersteun.

Hoewel die ATKV hom van 'n wye verskeidenheid van metodes bedien om sy taak ten uitvoer te bring, is dit opmerklik dat hierdie taak nie geskied deur die professionele „maatskaplike” werktegniek nie. Finansiering van die werksaamhede van die Vereniging geskied ook primêr selfstandig. Ondersteuning van werksaamhede met behulp van staatsubsidie is 'n ontwikkeling van later jare en vorm maar 'n geringe deel van die inkomste ter implementering van die Verenigingsdoelstellings. In

hierdie verband is dit noodsaaklik om daarop te wys dat 'n tendens tot inskakeling by statutêre sorg deur middel van subsidie ten alle koste vermy moet word indien dit aanleiding daartoe sou gee dat die soewereiniteit van die Vereniging en die eeggenskap van die Vereniging in die aard en karakter van sy volksorg, aangetas word.

HOOFSTUK VII: KULTUURSORG

1. Inleidend

In die voorafgaande hoofstuk is die volksorg van die ATKV as partikuliere volksorgorgaan behandel. Waar die klem in die voorafgaande hoofstuk hoofsaaklik op die volksorg ten opsigte van die mens in volksverband en in die onderskeie samelewingsvorme in die volkslewe geval het, word die klem in hierdie hoofstuk na die konstruktiewe en konserverende sorg ten opsigte van verskeie fasette van die volks - k u l t u u r verskuif. In die vorige hoofstuk het die mens primêr die aandag geniet, terwyl die aksent hier op die sorg vir die kultuuruitinge en die ideële en materiële kultuurgoedere van die volk val. Nie die volk, die individuele volkslid of die samelewingsvorme in die volkslewe staan hier dus sentraal nie maar die volkskulturele handeling, die volkskultuurgoedere en die kennis van die volk aangaande hierdie tradisioneel oorgelewerde volkskultuurbesit.

Die volgende dieldeling word in die behandeling van die onderhawige stof gevolg:

- * Die historiese bewussyn
- * Die volkskultuurgenres
- * Die volkskultuurgoedere

Tot maatstaf vir bogemelde indeling word die in die volkslewe waarneembare onderskeid tussen die volk se kennisbesit aangaande die volksgeskiedenis en volksverlede, die kontinue verdervorming van die volksgeskiedenis in lyn met die tradisioneel-oorgelewerde lewenskode in die onderskeie modale aspekte van die volksbestaan, en ten slotte die materiële en ideële kultuurgoedere wat as historiese kultuurprodukte deur die vormingsarbeid van die mens tot stand kom, gebruik.

2. Konservering van die historiese bewussyn

Die kennisbesit van die volk aangaande die volksverlede vorm 'n belangrike onderdeel van die volks - k u l t u u r van die Afrikanervolk. In hierdie historiese besef of historiese bewussyn is ook die roepingsbesef van die volk of die wete van die volk aangaande die volksroeping veranker. Wan-

neer die historiese bewussyn sterk ontwikkel en kragtig-lewend gehou word, dan bloei die kultuurlêwe van die volk. Afbraak en desintegrasie van die historiese bewussyn van die volk laat die volksbesef kwyn en werk verstarrend in op die kultuurproduktiwiteit van die volk.

In die sistematisering van die beskikbare gegewens oor die volksorg van die ATKV vir die historiese bewussyn van die Afrikanervolk as deel van die Afrikaanse volkskultuur, het dit geblyk dat veel meer van die volksorgaktiwiteite as die enkeles wat hier breedvoeriger bespreek word, onder hierdie hoof tuisgebring kan word. Die volks-geskiedenis in die algemeen, volksmonumente, volksfeeste en die sorg vir en aandag aan geskiedkundige plekke ¹⁾ word egter meer pertinent as voorbeelde van kulturele volksorg ten opsigte van die historiese bewussyn van die Afrikanervolk bespreek.

2.1 Volkesgeskiedenis

Omdat die belangrikheid van geskiedenis as skoolvak ²⁾ in die onderrig en opvoeding van die kind terdeë besef is, is vertoë tot die owerhede gerig waarin versoek is dat geskiedenis as verpligte skoolvak in skole onderrig moet word. Verder is versoek dat hierdie vak weer eens sy regmatige plek in die skool-leerplanne sal inneem en dat die vak Sosiale Studies deur Geskiedenis vervang moet word.

Die Voortrekkerwaens ³⁾ wat tydens die Simboliese Ossewatrek van 1938 gebruik is, is tot die beskikking van verskeie instansies gestel vir gebruik tydens volksfeeste. Daardeur, is gevoel, sou die kennis aangaande dit wat deur die ossewa in die volkslewe en

1) Notule: UR: 2 Des. 1939, 5 Okt. 1943, 8, 9, 10 Sept. 1942.

2) Red. Op die Voorpos. DT, 24,12:3, 1955. Red. n Pleidooi vir geskiedenis in hoërskole. DT, 24,12:19, 1955. Notule: ATKV-kongres: 27ste, 1955. ATKV-Db. & Finanskom: 19 Mrt., 11 Jul. 1956.

3) Notule: ATKV-Db. & Finanskom: 9 Apr. 1956.

volksgeskiedenis gesimboliseer is, in die volksgeheue lewend gehou word.

Aan takke is opdrag gegee om Oudstryders te vra om hulle herinneringe aan die Tweede Vryheidsoorlog op te teken; om ondersoek in te stel na die grafte van gesneuwelde Oudstryders en om naamlyste van vroue en kinders wat in die konsentrasiekampe dood is, van burgers wat in die driejarige oorlog gesneuwel het en van helde en heldinne wat hulle lewes opgeoffer het op die Pad van Suid-Afrika, op te stel. ⁴⁾

h Komitee is reeds in 1947 benoem om die geskiedenis van die Vereniging te boekstaaf. Sedert 1965 is dr. A.P.J. van Rensburg met hierdie taak belas. ⁵⁾

Deur hierdie sorg ten behoeve van die konservering van h kragtige en lewende volksbewussyn het die Vereniging h positiewe bydrae tot die verstewiging van die tradisionele bande met die verlede en die volksgeskiedenis gelewer en is die skakels in die proses van kultuuroordrag versterk. ⁶⁾

2.2 Volksfeeste

Die feit dat die kultuur van die Afrikanervolk betreklik arm aan allerlei feesgeleenthede en feesdae in vergelyking met die ouer Europese volke is, kan aan verskillende faktore toegeskryf word. Die belangrikste is seker die feit dat die volk nog maar h „jong” volk is met h betreklike kort geskiedenis. Dit in ag genom is dit opvallend dat die Afrikanervolk se volksfeeste en volksfeesdae primêr saamhang met gebeurtenisse in die volksgeskiedenis,

- 4) In Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 25ste kongres, 1953). Notule: ATKV-kongres: 24ste, 1952. ATKV-Db: 12 Aug. 1949.
- 5) Sekretariële jaarverslag. (In Kongresboek vir 20ste kongres, 1948). Notule: ATKV-kongres: 20ste, 1948. UR: 3,6 Sept. 1951; 28, 29 Jan. 1948. Kultkom: 25 Jan., 3 Mei, 19 Mei 1960; 13 Mrt. 1964.
- 6) h Belangrike bydrae is in hierdie verband gelewer deur die gereelde redaksionele artikels in DT. Vgl. o.m.: Op die Voorpos. DT, 24,12: 3, 1955. Die Vereniging het ook lid geword van die Historiese Genootskap. Sien: Notule: ATKV-Db. & Finanskom: 4 Jul. 1956.

en nie souseer met seisoenswisselinge ens. soos dit by die ouer Europese volke die geval is nie. Die besondere waarde van die konstruktiewe en konserverende sorg van die ATKV ten opsigte van volksfeesdae en volksfeeste is veral daarin geleë dat dit die volkswete opskerp tot herdenking van en bepeinsing oor die volksgeskiedenis, oor „..... die hele weg waarlangs die Here gelei het." Op hierdie wyse word die roepingsbesef versterk en ingeskerp en die daadkrag en skeppende kultuuraktiwiteit in die alledaagse leefwyse van die volk gestimuleer. ⁷⁾

2.2.1 Feesdae

Naas die kerklik-godsdienstige feesdae wat in die Afrikanervolksgeskiedenis 'n sentrale plek ingeneem het, is daar veral twee feesdae wat vanweë die noue ineenstrengeling in die volksgeskiedenis 'n besonder belangrike plek in die volkslewe inneem, naamlik: Krugerdag/Helddedag op 10 Oktober, en Geloftedag, op 16 Desember.

In belang van die erkenning en die handhawing van hierdie volksfeesdae het die ATKV ook versorgend opgetree. ⁸⁾ Vertoë is tot die owerhede gerig om deur middel van wetgewing voorsiening te maak dat Sabbatswette ook op Dingaansdag (Geloftedag) van toepassing sal wees en dat alle openbare sportbyeenkomste op hierdie dag belet moet word, daar dit teen een van die heiligste geloftes van die Afrikanernasie indruis.

Die ideaal wat sluimerend in die volkslewe was om aan die volkshele hulde te bring word gerealiseer toe 10 Oktober in 1950 tot

- 7) Vorster, J.D. Oproep tot die fees. Geloftedag, p. 5, 1956. Red. Op die Voorpos. DT, 23,11:3, 1954. Coetzee, Abel. Ons volkslewe, p. 156. Van den Heever, C.M. Die sin van heldeverering. DT, 21,11:17, 1952. Red. Op die Voorpos. DT, 23,1:3, 1954.
- 8) Reeler, J.E. Ons 1948-kongres. DT, 17,12:20, 1948. Red. Op die Voorpos. DT, 19,11:3, 1950. Notule: ATKV-kongres: 20ste, 1948. UJ: 6de, 1948. UR: 1,2 Okt. 1934. ATKV-Db: 6 Nov. 1946.

openbare vakansiedag verklaar word. In die erkenning van hierdie dag, die verjaarsdag van Paul Kruger, as openbare vakansiedag is die erkenning van die bydrae van die volkshelde tot die volkskultuur van die Afrikanervolk uitgekristalliseer. Daarin is ook beliggaam die geloof in die voortbestaan van die volk. In die erkenning van hierdie feesdag van owerheidsweë het die ATKV ook deel gehad deur sy beroep op die owerheid om hierdie dag tot openbare feesdag uit te roep.

Die ATKV het getuienis voor die Kommissie van Ondersoek na Openbare Vakansiedae afgelê en vertoë tot die owerheid in verband met die hersiening van openbare vakansiedae gerig.⁹⁾

2.2.2 Die Simboliese Ossewatrek

Ter herdenking van die Groot Trek 100 jaar tevore organiseer die ATKV in die Eeufeesjaar van 1938 'n Simboliese Ossewatrek vanaf die Suide na die Noorde wat sy klimaks bereik in die groot Voortrekkereeufees tydens die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Pretoria. In die aanvanklike plan van hierdie trek, wat geleidelik in die vorm van 'n landwyse volksfees ontplooi het, is slegs vir twee waens voorsiening gemaak. Die gedagte het die volk egter so aangegryp dat die uiteindelijke trek deur nege waens vanuit verskillende uithoeke van die land onderneem is.¹⁰⁾

Die motief¹¹⁾ wat ten grondslag aan hierdie gedagte lê het, is in die eerste plek die lewering van 'n bydrae tot die Eeufees-

- 9) Red. Op die Voorpos. DT, 18,11:3, 1949. Red. Die Raad besluit. DT, 16,7:13, 1947. Notule: ATKV-kongres: 21ste, 1949. UR: 16,17 Jan. 1947. ATKV-Db. & Finanskom: 30 Nov. 1949, 23 Nov. 1959, 5 Mrt. 1958.
- 10) „AGV” Datums. DT, 9,2:63, 1940. Van Schoor, M.C. Nege waens op die Pad van Suid-Afrika. DT, 18,12:21, 1949. Anon. Op trek. DT, 7,12:764, 1938. Red. Die Voortrekker-eeufees. DT, 7,7:427, 1938. Klop- per, H.J. Voorsittersrede. (In Kongresboek vir 9de kongres, 1937).
- 11) Red. Op die Voorpos. DT, 20,5:3, 1951. Red. Op die Voorpos, DT, 20,8:5, 1951.

vieringe en die beoogde daarstelling van 'n gepaste Voortrekkermonument waar hulde betuig kon word aan die heldemoed en daadkrag van die voorgeslag. Veel dieper egter het die diep-ernstige begeerte om die Afrikanervolk te herenig rondom die staatkundige vryheidsideale, gesluimer.

Orals langs die trekpad van die waens is volksfeeste gereël en allerlei volkskulturele oudhede ingesamel en aan die trekleiers vir uiteindelijke bewaring in die museum van die beoogde Voortrekkermonument oorhandig.¹²⁾ Geld is ook tydens die trek ingesamel. Die doel hiervan was tweërlei,¹³⁾ naamlik die lewering van 'n bydrae tot die fonds vir die bou van die Voortrekkermonument enersyds en die daarstelling van 'n sogenaamde Volksfonds andersyds. Die doel van hierdie Volksfonds sou wees „die instandhouding en opbou van die Afrikanervolk as afsonderlike entiteit en nasis met die volle behoud van sy besondere eienskappe, karaktertrekke, tradisies, sedes, taal, kultuur en godsdiens”

Hierdie gebeurtenis bied die stimulus vir die ontstaan van 'n beweging, 'n roering in die volkskultuur. Volksorganisasies¹⁴⁾ met verreikende invloed op die volkslewe sien die lig. Die Volksfonds met sy beskeie doelstellings van die behoorlike opvoeding,

- 12) Van den Bergh, W.J. Oudhede op Hartenbos. DT, 19,4:9, 1950.
- 13) 'n Deel van die geld wat ingesamel is op die Natalse Trek vandat hy Vegkop verlaat het, is geskenk aan die Bloedriviermonumentfonds. Sien ook: Anon. Op pad. DT, 7,10:627, 1938. Notule: UR: 5 Aug., 2 Des. 1938.
- 14) Botha, Marthina E. Die vraagstuk van koördinasie in maatskaplike sorg, p. 202 e.v. Red. Wat is die ATKV (SAS en H)? DT, 16,4: 22, 1947. Kruger, D.W. Die bewind van die Verenigde Party, 1934-1948. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951, 2:549). Red. Op die Voorpos. DT, 9,12:315, 1942. Red. Van die redaksie. DT, 9,5:173 1940. Meyer, P.J. Ons reddingsdaaddag. Briewebus. DT, 9,10:406, 1940. Red. Op die Voorpos. DT, 10,5: 173, 1941. „DM” Van die redaksie. DT, 9,6:217, 1940. Sekretariële jaarverslag. (In Kongresboek vir 11de kongres, 1939). Notule: ATKV-kongres: 12de, 1940. UR: 31 Aug. 1940.

voeding en kleding van die medevolksgeenoot word omskep in die magtige Reddingsdaadbond wat so kenmerkend deur J.D. Kestell as 'n Godsdaad, 'n reddingsdaad, beskryf is. Die Ossewabrandwag is ook uit hierdie trek gebore, 'n organisasie wat in sy ideale die grondliggende gedagte van die Groot Trek en van die republikanisme lewend wou hou. Die Simboliese Ossewatrek word 'n grootse demonstrasie van die krag wat daar nog in die Afrikanervolkslewe skuil. Dit bied die emosionele opwelling waardeur die volk van sy volke-eie kultuurerfenisse en tradisionele lewenswaardes bewus word en waardeur volkseenheid, -saamhorigheid en roepingsbesef weer wakker gemaak word. Dit laat die volkstrots weer opflikker, jukskei as volkspel is herontdek, die Afrikaanse volksdrag is weer tevoorskyn geroep en waardevolle oudhede is vir die bewaring vir die nageslag versamel.¹⁵⁾

Die ATKV-kongres wat in hierdie jaar plaasvind staan as die Voortrekker-huldigingskongres bekend. 'n Bedrag van £5,342.16.11 is deur die Trekleiers aan die Sentrale Volksmonumentekomitee vir die bou van die Voortrekkermonument oorhandig. Die Ossewaens wat die trek meegemaak het is aan universiteite en ander instansies geskenk waar dit geherberg word as 'n blywende heenwysing na die wonderjaar in die geskiedenis van die Afrikanervolk....¹⁶⁾ die jaar waarin die sluimerende roepingsbesef weer wakker geskud is en

- 15) Kruger, D.W. Die bewind van die Verenigde Party, 1934-1948. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951, 2:542). Du Plessis, H. Die ontwrigting van die Afrikanervolk en volkseenheid. Koers, 14:59 e.v., 1946. Hanekom, T.N. Kerk en volk, p. 123-4. Red. Op die Voorpos. DT, 17,9:3, 1948. Coetsee, D.J. Ossewatrek het Afrikaans koers en geloof gegee. DT, 31,6: 22,1963. ATKV. Voortrekker-eeufeesgedenkbok vir 10de ATKV-kongres, 1938. Malherbe, D.F. du T. Afrikaner-volkseenheid, p. 85. Botha, M.C. Die ATKV (SAS en H), p. 17. Vorster, J.D. Die metodistiese invloed in ons volkslewe. (In FCSV. Koers in die krisis, 3:139.) Eloff, G. Die Boerevolk-gedagte. Koers, 10,1,1942. Mostert, Dirk. Nasionale eenheid. DT, 9,2: 60 e.v., 1940.
- 16) „DM“ Die Trek duur voort. DT, 12,2:39, 1943. Malherbe, D.F. Ossewa het die teken geword van geslagte se worstelwerk. DT, 30,9:13, 1961. Scholtz, G.D. Ossewaens het verdeelde Afrikaners verenig. DT, 31,6:25, 1963. Notule: ATKV-kongres: 9de, 1937; 16de 1944; 15de, 1943; 25ste, 1953. UR: 16 Apr., 5 Aug. 1938; 9 Nov. 1942. ATKV-Db. & Finanskom: 28 Mei 1956.

die volk bewus geword het van sy taak om die land waartoe hy kragtens sy geskiedenis geroep is, ten volle in besit te neem.

Ter herdenking van hierdie lofwaardige fees in die Afrikaanse volkskultuur het die ATKV die Ossewatrekgedenkboek gepubliseer. Op 31 Mei 1940 is 'n groot fees gevier om die Gedenkboek van die Ossewatrek in ontvangs te neem.¹⁷⁾

In 1939 volg 'n groot Ekonomiese Volkskongres onder die vleuels van die FAK waardeur die Afrikaner bewus gemaak word van sy agterstand op ekonomiese gebied en tot daadkrag en aksie op hierdie terrein van die volkslewe opgeroep word.

2.2.3 Die Rapportryersfees

Waar die vir die Afrikaner minder gunstige politieke situasie in die jaar van die Voortrekkereëufees die stimulus was vir 'n grootse volksdemonstrasie, bied juis die gunstige politieke ontwikkelinge ná 1948 die milieu waarbinne 'n tweede belangrike volksfees deur die ATKV van stapel gestuur word.

Die sentrale inwydingsfees van die Voortrekkermonument in 1949 word deur plaaslike feeste, bekend as rapportryersfeeste, voorafgegaan. Perderuiters is oor 15 roetes vanuit die verste hoeke van die land, Suidwes-Afrika en Rhodesië met boodskappe afkomstig vanaf 'n groot aantal instansies en organisasies in die Afrikanervolkslewe na die inwydingsplegtigheid gestuur.¹⁸⁾ Die gedagte ten grondslag aan

17) „AGV” Die Gedenkboek van die Ossewatrek. DT, 9,1:5, 1939. Anon. Gedenkboekfees. DT, 9,6:223, 1940. Pienaar, E.C. Toespraak gehou op Mosselbaai, 31 Mei 1940 by geleentheid van die Gedenkboekfees. DT, 9,8:317, 1940. Anon. Gedenkuitgawe van die Ossewatrekke. DT, 7,12:749, 1938. Anon. Die aandeel van die ATKV aan die Voortrekkereëufees. DT, 7,7:562 e.v., 1938. Anon. Die Ossewatrek by geleentheid van die Voortrekkereëufees. DT, 7,8:495, 1938. Notule: UR: 4 Febr. 1939, 4 Sept. 1939.

18) Die grootste meerderheid van die plaaslike feeste is deur ATKV- en Vrou-en-Moedertakke georganiseer. Anon. Die Vrou-en-Moederbeweging deur die jare, p. 33. Red. Die idee van die Rapportryers. DT, 18,11:9, 1949. Red. Op die Voorpos. DT, 19,1:7, 1949. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 22ste kongres, 1950). Notule: ATKV-kongres: 21ste, 1949. UJ: 7de, 1949. UR: 27,28 Jan. 1950. VM-Hb: 29 Jun., 5,6 Sept. 1949.

boodskappe was dat dit die volk in die geleentheid moes stel om sy diep gevoelde versugting met die oog op sy toekomstige politiek-staatkundige ontwikkeling te uit.¹⁹⁾

Met die oog op die organisasie van die landwye Rapportryersfees is deur die ATKV in samewerking met die FAK 'n reëlingskomitee²⁰⁾ in die lewe geroep. Die komitee het hom onder meer ten doel gestel om besonderhede oor en afskrifte van geskiedkundige dokumente in te samel met die doel om gegewens oor geskiedkundige oorblyfsels wat met die volkeverlede in verband staan deur die stelselmatige versameling van inligting op te spoor. Die oorweging wat ten grondslag van hierdie strewe gelê het was die koördinasie en aanvulling van gegewens oor die materiële volkskultuurbesit.²¹⁾

Ook hierdie fees is gedra deur die dieperliggende konsepsie van die bewusmaking van die volk van sy eie volksidentiteit en as 'n huldeblyk aan die voorouers.

Na afloop van die feesverrigtinge kon die Rapportryersreëlingskomitee oorbetalings aan die volgende fondse doen:²²⁾

- 19) Notule: ATKV-kongres: 21ste, 1949; 23ste, 1951; 20ste, 1948.
UR: 6,10 Sept. 1948.
- 20) Sekretariële jaarverslae en beskrywingspunte. (In Kongresboeke vir 21ste kongres, 1949, 22ste kongres, 1950, 11de kongres, 1939).
Notule: ATKV-Db: 28 Okt., 10 Nov., 24 Nov. 1948. UR: 7,8 Jan. 1949.
- 21) Anon. Die versameling van historiese stukke. DT, 18,9:9, 1949.
Anon. Die Rapportryers. DT, 18,10: 13, 1949. Tydens die Rapportryersfees is 'n roeteboek gepubliseer. Notule: UR: 27, 28 Jan. 1950. ATKV-kongres: 6-9 Sept. 1949.
- 22) Die bladsakke en Bybels in gebruik tydens hierdie fees word aan 31 sekondêre skole en Voortrekkerkommando's, die FAK, Voortrekkermonument en die ATKV self geskenk. Sien ook notule:
ATKV-Db. & Finanskom: 21 Sept. 1950.

- * Die Kruger-sterfhuisfonds.
- * Die Sarel Cilliersstandbeeldfonds.
- * Die Generaal de Wetstandbeeldfonds en
- * Die Sentrale Volksmonumentekomitee.

Op hierdie wyse is ook 'n volksbydrae tot die daarstelling van volksmonumente gelewer wat op hulle beurt weer sou dien tot die versterking van die historiese bewussyn van die volk.

2.2.4 Die Poskoetsfees, 1952

Hoewel hierdie gedagte nie van die ATKV as sodanig uitgegaan het nie, is dit landswyd deur die ATKV georganiseer en is die dienste van die Vereniging se Hoofsekretaris, M.C. Botha tot die beskikking van die Van Riebeeckfeeskomitee gestel vir die organisering van die fees. Poskoetse oor sewe roetes afkomstig vanaf die noorde van die land, sou na die suide, na Kaapstad, die stad van die volksplanting, gaan waar die hoeksteen van 'n simboliese Poort tot Afrika gelê sou word.²³⁾ Hierdie poskoetsfeeste en die reëlings in verband daarmee is deur die ATKV onderneem, terwyl verteenwoordigers van die Vereniging in die Uniale Poskoetsreëlingskomitee benoem is.

Die ATKV het drie van die ossewaens²⁴⁾ van die Simboliese Ossewa-trek tot die beskikking van die feeskomitee gestel en het ook by die historiese optog tydens die fees in Kaapstad 'n optog van die Groot Trek aangebied.²⁵⁾

- 23) Red. Poskoetse. DT, 21,2: 5, 1952. Red. Op die Voorpos. DT, 21, 4:3, 1952. Red. Op die Voorpos. DT, 20,5: 3, 1951. Red. Op die Voorpos. DT, 20,8:5, 1951. Red. Poskoetse. DT, 20,9:4, 1951. Red. Die ATKV en die fees. DT, 21,5:17, 1952. Sekretariële jaarverslae. (In ATKV. Kongresboeke vir 23ste kongres, 1951; 24ste kongres, 1952). Notule: ATKV-Db. & Finanskom: 8 Aug., 5 Sept., 10 Nov., 14 Nov., 7 Des. 1950; 21 Mrt. 1951.
- 24) Red. Poskoetse. DT, 20,8:4, 1951. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 23ste kongres, 1951). Notule: UR: 26, 27 Jan. 1951. VM-Hb: 8 Mei 1952.
- 25) Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 24ste kongres, 1952.) Notule: VM-Hb: 3,4 Sept. 1951. VM-Db: 25 Jul. 1951. ATKV-Db. en Finanskom: 20 Jun. 1951.

h Onderdeel van die feesplan was dat elke stad en dorp sy eie geskiedenis te boek sou stel en dit dan ingebind tydens die plaaslike feesfeeste by die poskoetse sou besorg wat dit na Kaapstad sou vervoer. Die driehonderdjarige viering van die volksplanting van die Afrikaner-volk aan die Kaap moes in die teken staan van:²⁶⁾

- * Die wonder van die geboorte van h volk as afsonderlike kultuurgemeenskap.
- * Die wonder van die taal se geboorte as die uitdrukkings- en openbaarmakingsmiddel van die volksgedagte-wêreld van die nuwe volk.
- * Die wonder van die ontstaan van h eie Afrikaanse kuns en letterkunde.

Hierdie fees, net soos die vorige twee wat deur die toedoen van die ATKV georganiseer is, gee aan die proses van volkswording en volksbewuswording momentum omdat dit die Afrikanervolk as afsonderlike volkskulturele eenheid hegter saamsnoer en van sy kulturele erfenisse bewus maak.

2.2.5 Die Vrystaatse eeufees, ²⁷⁾ 1954

Die Vereniging was ook behulpsaam met die organisasie van h reuserperdekommando bestaande uit 800 ruiters, wat in die loop van 1954 tydens die Vrystaatse eeufees uit alle dele van die Vrystaat na Bloemfontein opgetrek het. Deur hierdie perdekommando is die „representanten" na Bloemfontein in die herinnering geroep.

26) Erlank, W.J. du P. Die patroon van ons volkskarakter, p. 8.

27) Red. Op die Voorpos. DT, 22,9: 3, 1953. Reeler, J.E. Kongres 1953 in Bloemfontein. DT, 22,12:4, 1953. Anon. Die Oranje Vrystaat herdenk die geboorte van h republiek. DT, 23,4:17, 1954. Sekretariële jaarverslae. (In ATKV. Kongresboeke vir 25ste kongres, 1953; 26ste kongres, 1954). Notule: ATKV-kongres: 25ste, 1953. ATKV-Db. & Finanskom: 27 Nov. 1953, 15 Jan., 2 Mrt. 1954.

2.2.6 Ander volksfeeste ²⁸⁾

Benewens die reeds genoemde vyf volksfeeste waarin die Vereniging 'n leidende aandeel gehad het, het die Vereniging ook deel gehad aan die fees ter herdenking van die honderdste herdenking van die geboortedag van pres. Steyn; die GRA-feeste in 1950, die Unie-fees, taalfeeste, Spoorweegeufees en ander feeste. ²⁹⁾

Deur die takke van die Vrou-en-Moederbeweging is vir 'n hele aantal jare 'n vaste gebruik daarvan gemaak om op en om en by 31 Mei Heldinndag of Heldinne-aande te vier. ³⁰⁾ Die netto-opbrengs van hierdie feeste is in die Skool- en Hulpfonds van die Beweging gestort. Die doel van hierdie feeste was om hulde te bring aan die groot bydrae wat die Afrikaanse vroue en dogters tot die Afrikaanse volkswording gelewer het.

In 1954 vier die ATKV sy eie kwarteeufees ³¹⁾ en ter herdenking van hierdie mylpaal in die geskiedenis van die Vereniging word 'n beursfonds vir studente in die lewe geroep waaruit jaarliks beurse vir universitêre studie aan belowende kinders van

- 28) Tot „volksfeeste” word nie die gebruike tydens Kersfees en ander kerklik-godsdiensstige feesdae gereken nie. Belangrike volksorg is egter ook in hierdie verband gedoen. Vgl. o.a.: Notule: UR: 6,7 Mei 1960, 25 Jan. 1957. ATKV-Db. & Finanskom: 13 Mei 1957; 16 Aug., 12 Okt., 17 Okt. 1960. ATKV-kongres: 28ste, 1956. Kultuurkom: 19 Jun. 1963.
- 29) Red. Die Raad besluit. DT, 19,8: 13, 1950. Red. Op die Voorpos. DT, 19,9: 5, 1950. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 22ste kongres, 1950). Notule: ATKV-kongres: 28ste, 1956. UJ: 7, 8 Sept. 1959. UR: 6 Jun., 7 Sept. 1959; 8,9 Jan. 1960. ATKV-Db. & Finanskom: 15 Des. 1958; 15 Des., 1958; 25 Mrt., 20 Apr., 16 Nov. 1959. Kultuurkom: 15 Febr., 1 Mrt. 1960.
- 30) Anon. Heldinnefees. DT, 17,5:3, 1948. Anon. Besluite van die Hoofbestuur. DT, 17,8:15, 1948. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 20ste kongres, 1948). Notule: VM-Hb: 14 Apr. 1948. UJ: 6de, 1948.
- 31) Notule: ATKV-kongres: 27ste, 1955. UR: 13 Mei, 26 Sept. 1955. ATKV-Db. & Finanskom: 16 Jun. 1955.

behoefte spoorweggesinne en/of ATKV-lede gemaak word.

In 1963 is 'n reeks landwyse jeugfeeste ter herdenking van die Simboliese Ossewatrek vyf en twintig jaar tevore van stapel gestuur wat in 'n sentrale Jeugfees by die Voortrekkermonument gekulmineer het. ³²⁾

2.3 Volksmonumente

Volksmonumente vergestalt op konkrete wyse die lyding, opoffering en oorwinning van die Afrikanervolk. Dit dien as gedenktekens wat die heldedade, die kultuuruitinge, die handeling van die voorgeslag in herinnering roep. Dit verteenwoordig die simboliese band met die verlede en dien as skakel in die proses van kultuuroordrag. In hierdie perspektief gesien is fondsinsameling ten behoeve van die daarstelling van sodanige volksmonumente sinvol en betekenisvol, omdat elke bydraer daardeur sy instemming betuig met die konkrete gestalte of openbaarmaking van die daaraan ten grondslagliggende konsepsie. Só word die band met die besondere historiese konsepsie of gedagte hefter vasgebind en skerp dit voortdurend die herinnering op, vorm dit 'n kanaal vir die oordrag van die tradisionele kultuurerfenisse. ³³⁾

In die daarstelling van 'n groot aantal van die volksmonumente van die Afrikanervolk het die ATKV ook 'n belangrike rol gespeel.

32) Notule: ATKV-Db. & Finanskom: 3 Des. 1963. UR: 23 Mrt., 7 Sept. 1962, 22 Mrt., 20 Sept. 1963.

33) Kuypers verwys na die funksie van gedenktekens in die oordrag van die tradisionele kultuurbesit en skryf o.m. soos volg: „Het historisch verleden wordt bewaard in de herinnering en door deze acte weer teruggeroepen. Dit kan middelijk of onmiddelijk geschieden, al naar dat daarbij wel of niet gebruik wordt gemaakt van hulpmiddelen (gedenktekenen in den meest ruimen zin van het woord.) De verschijningswijze van het historische en het middel dit terug te roepen zijn dus in principe nouw met elkaar verbonden." Vgl. Kuypers, K. Theorie der geschiedenis. Voornamelijk met betrekking tot de cultuur, p. 98. Vgl. ook Van den Heever, C.M. Die sin van heldeverering. DT, 21,11:16-7, 1952. Red. Op die Voorpos. DT, 21,11:3, 1952. Van den Heever, C.M. Gedagtes by die Voortrekkermonument, p. 5.

2.3.1 Die Voortrekkermonument

Die Voortrekkermonument simboliseer in die Afrikaanse volkslewe die onwankelbare vryheidsgedagte van die Afrikaner. In die marmersarkofaag word die gedagte van 'n volksaltaar versinnebeeld heenwysend na die offers wat deur die voorgeslag gebring is vir die behoud van die beskawing aan die Suidpunt van Afrika. Die ringmuur van die Voortrekkerwaens wat die altaar omring versinnebeeld die gedagte dat alles wat vreemd is aan die ideale van die Afrikaner weggehou moet word van die volksaltaar. ³⁴⁾

Tot die fondsinsameling vir die daarstelling van die Voortrekkermonument het die ATKV 'n belangrike deel bygedra. Nadat die Vereniging reeds so vroeg as in 1934 besluit het dat hy 'n besondere aandeel sou hê in die oprigting van hierdie monument, was die Vereniging verantwoordelik vir 'n bydrae van meer as R40,000-00 tot die Voortrekkermonumentfonds. Die dienste van die Vereniging se Hoofsekretaris is tot die diens van die Sentrale Volksmonumentekomitee gestel. In die Voortrekkermonument word van die oudhede wat tydens die Simboliese Ossewa-trek ingesamel is, uitgestal. 'n Ossewa wat tydens hierdie trek gebruik is, is ook vir bewaring aan die Sentrale Volksmonumentekomitee oorhandig. ³⁵⁾

- 34) Moerdyk, Gerard. Die simboliek van die Voortrekkermonument. DT, 19,1:17, 1950. Red. Op die Voorpos. DT, 19,1: 7, 1949. Van den Heever, C.M. Gedagtes by die Voortrekkermonument, p. 5.
- 35) Anon. Wat is die ATKV (SAS en H)? DT, 16,4: 22, 1947. Red. Aantekeninge. DT, 3,7:151, 1934. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 21ste kongres, 1949). Notule: ATKV-kongres: 7de, 1936; 9de, 1937; 21ste, 1949. UR: 24 Mei 1934; 2, 9 Sept. 1949; 22,26 Sept. 1952; 23 Jan. 1953.

2.3.2 Die Vrede van Vereenigingsgedenkteken

Die Vereniging het sy organisatoriese en administratiewe masjienerie tot die beskikking van die Vrede van Vereenigingsgedenktekenkomitee gestel vir die insameling van fondse vir die oprigting van 'n monument wat sou dien as simbool van die Afrikaner se herrysenis ná sy vernedering tydens die vrede van Vereeniging. Dit het as tema: „Gewond maar nie oorwonne” en word karakteristiek getipeer as 'n „grafsteen vir die verlore Republiek....”

Sestig Ossewatrekgedenkboeke is deur die Vereniging uitgelooft aan lade wat binne ses maande na die aanvang van die veldtog meer as R200-00 ingesamel het. Daarna is die kompetisie vir persone buite die Verenigingsgeledere oopgestel. Op hierdie wyse en deur die bydraes van takke is deur die toedoen van die ATKV 'n groot deel bygedra tot die nodige fondse vir die oprigting van hierdie monument wat so 'n belangrike gedeelte van die Afrikaner-volksgeskiedenis sou versinnebeeld. ³⁶⁾

2.3.3 Generaal De Wetstandbeeldfonds

Hoewel die gedagte aan 'n fonds vir die oprigting van 'n standbeeld van genl. Christiaan de Wet reeds in 1929 gebore is, het die insameling van geld besonder stadig gevorder. Toe die ATKV in 1946 genader is met die versoek om in hierdie opsig behulpzaam te wees, moes ruim die grootste deel van die bedrag nog ingesamel word. Takke het hiertoe hulle deel bygedra onder meer deur hulle regmatige takfondse wat maandeliks deur die Hoofkantoor aan hulle oorbetal is, vir een maand aan hierdie fonds af te staan. Van die meer as R28,000-00 wat tot op Februarie 1954

36) Red. Vryheidsmonument: 10 Oktober onthul. DT, 30,11: 3, 1961. Notule: UR: 25 Mei 1956; 20 Sept. 1957; 12 Sept. 1958; 20 Sept. 1963; 20 Mrt. 1964. ATKV-Db. & Finansieskom. en Db. van die Vrede van Vereenigingsgedenktekenkomitee: 6 Jun. 1956. ATKV-Db: 15 Mei 1952; 23 Apr. 1956; 29 Jun. 1960; 17 Febr. 1964.

ingesamel is, is bykans die helfte deur die ATKV ingesamel.³⁷⁾

As deel van hierdie veldtog is daar deur die Vereniging daartoe oorgegaan om 'n aantreklike skietkompetisie vir bestaande Afrikaanse skietkommando's in te stel. Afgesien van fondsinsameling vir die Genl. De Wetstandbeeldfonds het hierdie kompetisie ook onder meer die wêreld van nuwe geesdrif vir die skietkommando's en die tuisbring van trots by die „..... Boer met sy roer" ten doel gehad. Vir hierdie doel is 'n skiettrofee deur die ATKV beskikbaar gestel.³⁸⁾ Ná die afsluiting van die fonds sou geld wat so ingesamel word bestee word ten behoeve van 'n militêre doel, soos byvoorbeeld beurse of stipendia vir militêre studie of kultureel-militêre doelstellings. 'n Beheerraad bestaande uit verteenwoordigers van die ATKV, die skietkommando's en die departement van Verdediging, is saamgestel om hierdie skema te beheer.

2.3.4 Die Trekbakenfonds

Met die Simboliese Ossewatrek is 'n Trekbakenfonds in die lewe geroep met die doel om op Hartenbos 'n trekbaken ter herdenking van die Ossewatrek aan te bring.

Toe dit later geblyk het dat 'n skema vir die oprigting van 'n volksmonument op Goodwood ook nie genoegsame geld vir die doel

37) Red. Op die Voorpos. DT, 21,4:3, 1952. Reeler, J.E. Kongres, 1951. DT, 20,12: 26, 1951. Red. Op die Voorpos. DT, 23,3:3, 1954. Red. Op die Voorpos. DT, 23,11:3, 1954. Reeler, J.E. Hoogtepunte van die kongres. DT, 15,12:449, 1946. Sekretariële jaarverslae. (In ATKV. Kongresboeke vir 23ste kongres, 1951; 26ste kongres, 1954; 24ste kongres, 1952). Notule: ATKV-kongres: 18de, 1946; 23ste, 1951. ATKV-Db: 15 Aug. 1946; 4 Jun., 12 Aug., 13 Okt. 1948; 28 Apr. 1949. ATKV-Db. & Finanskom: 5 Sept., 21 Sept., 28 Sept., 19 Okt., 7 Des. 1950; 2 Mrt., 10 Mrt., 17 Mrt., 15 Okt. 1954. UR: 28, 29 Jan., 10 Jun. 1948; 9 Sept. 1950; 26, 27 Jan. 1951; 9 Mei 1952.

38) Anon. Generaal De Wettrofee. DT, 20,8:8, 1951. Red. Kunswerke en kolskote. DT, 22,5:17, 1953. Notule: UR: 18 Mei, 3,6 Sept., 7 Des. 1951. ATKV-Db. & Finanskom: 6 Jun., 20 Jun., 12 Sept. 1951.

byeen kon bring nie, is besluit om die twee fondse te konsolideer. 'n Gedenkteken is by die kerkgebou op Goodwood opgerig, terwyl die Trekbakenfonds in die Kinderstrandhuisfonds gestort is en 'n gedenkplaat ter herdenking van die besoek van die ossewaens aan Hartenbos in die Kinderstrandhuis op Hartenbos, aangebring is. ³⁹⁾

2.3.5 Ander volksmonumente

In samewerking met ATKB en AKPOL het die ATKV pogings aangewend om geld in te samel vir die Louis Trichardt-gedenktuin ⁴⁰⁾ wat in Lourenco Marques opgerig sou word. 'n Verteenwoordiger van die ATKV is in die bestuur van hierdie fonds benoem.

'n Brief is deur die Vereniging in 1955 aan mnr. N.C. Havenga gerig waarin navraag gedoen word in verband met die aanvoerkwerk vir die oprigting van 'n standbeeld vir wyle Generaal Hertzog. ⁴¹⁾ Die Vereniging is ook in hierdie Komitee verteenwoordig.

Ooreenkomstig 'n kongresbesluit is rapportryers van die Bloedriviermonument na Kroonstad vir die onthulling van die Sarel Cillierstandbeeld ⁴²⁾ georganiseer.

- 39) Sekretariële jaarverslae. (In ATKV. Kongresboeke vir 23ste kongres, 1951; 27ste kongres, 1955). Notule: ATKV-kongres: 21ste, 1949. UR: 7,8 Jan., 2,9 Sept. 1949; 27,28 Jan. 1950; 18 Mei 1951; 9 Mei, 22,26 Sept. 1952; 23 Jan., 29 Mei 1953; 27 Sept. 1954. VM-Hb: 4, 7 Sept. 1948. ATKV-Db: 1 Mei 1952.
- 40) Notule: ATKV-Db. & Finanskom: 11 Sept. 1952; 13 Okt., 24 Nov. 1955; 6 Jul., 19 Okt. 1959; 4 Okt. 1961.
- 41) Notule: ATKV-Db. & Finanskom: 7 Jan. 1955; 28 Mei 1958.
- 42) Reeler, J.E. 1950-kongres. DT,20,4:24, 1951. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 23ste kongres, 1951). Notule: ATKV-Db. & Finanskom: 28 Sept., 1 Nov., 24 Nov. 1950.

Bydraes van takke is vir die huldigingsfonds ter ere van mev. (pres.) M.T. Steyn gevra.⁴³⁾ Hierdie bydraes sou aangewend word vir die instandhouding van die Nasionale Vrouemonument en die Oorlogsmuseum in Bloemfontein en ook om 'n aanbieding namens die vrou van Suid-Afrika aan mev. Steyn te maak. Verteenwoordigers van die Vereniging het hierdie huldigingsfunksie bygewoon.

'n Mosie van dank is deur die ATKV-kongres tot die regering en Volksraad gerig vir die toelae wat bewillig is vir die instandhouding van Arbeidsgenot, die woning van die volkskrywer Langenhoven, die digter van die volkslied, „Die Stem van Suid-Afrika”. Kollektelyste is aan takke gestuur waarin bydraes gevra is vir die Langenhovengedenkfonds.⁴⁴⁾

Geslaagde vertoë is deur die Vereniging tot die Natalse Administrasie in verband met die verwaarloosde toestand waarin die Congella-monument⁴⁵⁾ verkeer het gerig.

Die Vrou-en-Moederbeweging het 'n stuk tapisseriegaas aan die SAVF geskenk wat gebruik is vir 'n tapisseriepaneel in die tot historiese monument verklaarde woning van Paul Kruger. Takke van die Vereniging was verder ook met die insameling van geld vir die aankoop van die Kruger-sterfhuis in Switserland behulpsaam. Vertoë is tot die gesaghebbende instansies in verband met die oprigting van die Krugerstandbeeld op die middelpunt van Kerkplein gerig.⁴⁶⁾

43) Anon. Huldigingsfonds. DI, 17,10:3, 1948. Notule: UR: 6,10 Sept. 1948. UJ: 6de, 1948. VM-Hb: 4, 7 Sept. 1948, 29 Jun. 1949.

44) Notule: ATKV-kongres: 23ste, 1951; 26ste, 1954; 29ste, 1957.

45) Notule: ATKV-Db. & Finanskom: 4 Okt. 1957; 5 Mrt., 2 Sept. 1958.

46) Notule: UR: 8,9,10 Sept. 1942.

Die Vereniging was verder ook behulpzaam met fondsinsameling ten behoeve van of skenkings aan die volgende monumentfondse: Die Ierse Monument, die Genl. De Wetgedenkfonds, die Genl. De la Reystandbeeldfonds, die Krugersdorpse Krugerm Monumentfonds, die Taalmonument op Welkom, ens. ⁴⁷⁾

3. Die volkskultuurgenres

In die uitvoering van sy taak as partikuliere volksorgorgaan betree die Vereniging ruim die grootste deel van die Afrikaanse volkskultuur in sy wye verskeidenheid van fasette. Hierdie verskeidenheid van aspekte of fasette van die volkskultuur staan in hierdie geskrif as volkskultuurgenres bekend.

Uiteraard is besondere aandag deur die Vereniging aan die onmiddellike en eie kultuurwerf, naamlik die Spoorweë self verleen. Die konstruktiewe en konserverende kultuursorg van die Vereniging op die Spoorweë was gedra deur die ideaal om op die Spoorweë h eie en tipies-Afrikaanse kultuur uit te bou, kenmerkend h „vervoerkultuur” of „transportkultuur” genoem. ⁴⁸⁾

Die begrip „vervoerkultuur” is in h rede oor hierdie onderwerp voor die ATKV-kongres soos volg omskryf: „..... die kenmerkende kundighede of eienskappe van ons nasionale vervoerstelsel.” Na aanleiding van hierdie referaat is vertoë oor verskillende aspekte van die vervoerkultuur tot die Spoorwegadministrasie gerig, onder meer oor bou-

- 47) Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 22ste kongres, 1950). Notule: ATKV-Db: 26 Nov. 1958; 16 Jun., 24 Nov. 1960. ATKV-Db. & Finanskom: 11 Sept. 1952; 2 Sept. 1958. UR: 12 Sept. 1958; 23 Mrt. 1962.
- 48) Du Plessis, Danie. Vervoerkultuur. DT, 17,12:9 e.v., 1948. Klopper, H.J. Waarom moet ek lid van die ATKV wees? DT, 3,4:88, 1934. Red. Op die voorpos. DT, 25,5:3, 1956. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 30ste kongres, 1958). Notule: ATKV-kongres: 20ste, 1948; 27ste, 1955. UR: 16 Sept. 1957; 9 Mei 1958. Kultkom: 16 Sept. 1963; 20 Mrt. 1964.

styl en argitektuur van stasies, behuising en woonbuurtes, verfraaiing van stasies, personeelverhoudinge ens. Deur die kongres is besluit om jaarliks 'n prys van R20-00 vir die beste referaat by 'n takbyeenkoms oor enige aspek van die vervoerkultuur toe te ken. Verder is ook 'n etensuurlesingreeks oor die vervoerwese in Johannesburg, aangebied.

Die wedstryd wat deur die Vereniging ter bevordering van die skryf van 'n Spoorwegroman uitgeskryf is, moet teen hierdie agtergrond gesien word.

Ten opsigte van sorg in belang van die Afrikaanse volkskultuur in die algemeen, buite die Spoorweë, is onder meer aandag gegee aan die daarstelling van kultuursentra ⁴⁹⁾ waar Afrikaners byeen kon kom. Hier moet gewys word op die besondere kulturele waarde van die ATKV-gebou en die Verenigingstrandoorde as kultuursentra. Die saal van die ATKV-gebou is byvoorbeeld teen 'n laer tarief tot die beskikking van liggame wat by volksorg betrokke is, gestel.

Lede is aangespoor tot regstreekse deelname aan goedgekeurde kulturele ondernemings en is deur middel van kultuurleierskursusse ⁵⁰⁾ tot leidinggewing in die volkskultuur van die Afrikanervolk gevorm.

Aandag is aan die inskakeling van kleurlinge in die kultuurbedrywighede van die Vereniging en die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur onder die nie-blanke bevolkingsgroepe geskenk. ⁵¹⁾

By die regering is op die stigting van 'n Nasionale Raad vir Kultuurbevordering aangedring. ⁵²⁾

3.1 Volksedes en -gebruike

Daar bestaan tussen die in die volkstaal gebruiklike konnotasie wat

49) Notule: UR: 16,17 Jan. 1947. ATKV-Db. & Finanskom: 8 Mrt. 1956.

50) Aandag is ook geskenk aan die erkenning van kultuurprestasies van lede. Notule: UR: 8,9 Jan. 1960. Kultkom: 16 Nov. 1961; 18 Jun. 1962.

51) Notule: ATKV-kongres: 19de, 1947. UR: 6 Jun. 1959; 8,9 Jun. 1960. ATKV-Db. & Finanskom: 7 Des. 1954.

52) Notule: Kultkom: 27 Apr. 1964.

aan die begrip sedes of die etiese geheg word en die wetenskaplike beskouinge oor die sedelike of die etiese 'n noue verband. Die vereenselwiging van die sedes met die geldende n o r m e in die volkslewe is in die Afrikaanse volkskultuur gangbaar. Hierdie, aan die reeds behandelde separatistiese lewens-en-wêreldbeskouing ontleende beskouing is tiperend van die siening van die etiese of die sedelike aspek van die volkslewe soos dit in die Afrikaanse volkskultuur aangetref word. Oor die juistheid al dan nie van hierdie beskouing word hier nie uitsluitel gegee nie. Op grond van die hieraan ten grondslagliggende problematiek is dit moeilik om die volksorg van die Vereniging op die gebied van die handhawing en uitbou van volksedes en -gebruike op wetenskaplik-verantwoorde wyse te sistematiseer en te kategoriseer.

Belangrik is dit egter om daarop te let dat hierdie faset van die sorg van die Vereniging in die teken staan van die konservering van die volkswete aangaande bepaalde uit die kultuuretos voortvloeiende lewensnorme. Word die besondere noue verband tussen die etimologiese herkoms van die begrippe s e d e s en die etiese (e t o s) in ag geneem, dan blyk dit dat die begrip in ruimer sin betrekking het op die lewensomspannende reeks van lewensgewoontes en -gebruike wat die leefwyse van 'n volk kenmerk. Die Vereniging laat sy stem hoor sodra dit blyk dat daar in die volkskultuur van die tradisioneel oorgelewerde volksetos afgewyk word.

Veral is aandag gegee aan die aftakelende en demoraliserende effek van swak, skadelike en ongewenste leesstof en rolprente op die volk en die volkskultuur. Lede en takke is deur alle moontlike middele aangemoedig om boeke en tydskrifte van opbouende gehalte aan te koop en te lees en om pogings in die werk te stel om 'n goeie smaak aan te kweek wat rolprente betref. ⁵³⁾

53) Notule: ATKV-kongres: 24ste, 1952; 25ste, 1953; 26ste, 1954.
UR: 24 Jan. 1958. ATKV-Db. & Finanskom: 28 Mrt. 1955.

By die owerhede is aangedring op optrede teen die verspreiding van skadelike lektuur en rolprente en daar is gepleit vir die instelling van 'n sensuurraad vir alle binnelandse publikasies. ⁵⁴⁾ Strenger sensuur op die verkoop van sede-ondermynende rolprente en lektuur is bepleit en vertoë is tot die Spoorwegadministrasie gerig oor die verkoop van onbehoorlike boeke en tydskrifte deur Spoorwegboekwinkels en op stasies. ⁵⁵⁾

Naas die gesproke woord is die geskrewe woord seker een van die magtigste faktore in die oordrag van die volkswete en -kennisbesit. Volksvreemde denkrigtinge wat strydig is met die inhoud van die amptelike volkskonsepsiewêreld dring dikwels via die geskrewe woord die volks-gedagte-wêreld binne. Die leesgewoontes en leesstof van die volk is 'n sterk aanduiding van die stand van die volkswete en van die mate waarin die volk van die lewensnorme soos in die amptelike volkskonsepsiewêreld beliggaam, afgewyk het. Optrede ter bevordering van leeslus en goeie leesgewoontes vorm deel van die konstruktiewe en konser-verende kultuursorg van die ATKV. Beroepe is op takke en lede gedoen om leeslus aan te kweek en aan te moedig deur meer aandag te skenk aan die lees van goeie Afrikaanse boeke en die intekening op Afrikaanse tydskrifte, die aansluiting by biblioteke en die aanmoediging van lede om hul eie boekerye aan te skaf. ⁵⁶⁾

Die Kultuurkomitee het hom daadwerklik beywer vir die bestryding van ongewenste leesstof. ⁵⁷⁾ Deur middel van „Die Taalgenoot” en omsendbriewe aan takke is die werwing van intekenare vir dagblaaie, tydskrifte en boeke aangemoedig. Vertoë is tot die Spoorwegadministrasie oor

54) Red. Uniale Jaarvergadering, Bloemfontein, 1953. DT, 22,12:15, 1953. Red. Aangenane indrukke. DT, 21,12:19, 1952. Notule: ATKV-kongres: 11de, 1939; 24ste, 1952. UJ: 23 Sept. 1952. UR: 22 Jan. 1955; 6 Jun. 1959.

55) Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 23ste kongres, 1951). Notule: ATKV-kongres: 19de, 1947; 20ste, 1948; 28ste, 1956. ATKV-Db. & Finanskom: 16 Aug. 1954.

56) Red. Op die Voorpos. DT, 20,2:5, 1951. Red. Op die Voorpos. DT, 26,11:3, 1957. Notule: UJ: 8ste, 1950; 12de, 1954. UR: 24 Jan. 1958. ATKV-kongres: 7de, 1936; 29ste, 1957.

57) Notule: Kultkom: 3 Mei 1960.

die gratis verspreiding van leesstof aan Spoorwegamptenare op afgeleë plekke gerig. Oorweging is verleen aan die skenking van geldelike bydraes vir die gratis verspreiding van suiwer Afrikaanse leesstof onder nie-blankes; samewerking is aan die FAK verleen in verband met die verspreiding van die goeie boek; konferensies in verband met die bevordering van die verspreiding van die goeie boek en die konferensie insake ongewenste lektuur is deur verteenwoordigers van die ATKV bygewoon. ⁵⁸⁾

Die daarstelling van leeskringe waar lede die geleentheid gebied word om die Afrikaanse boeke wat hulle self nie kan bekostig nie te lees en deur die bevordering van leeslus en gesonde smaak aan te kweek, geniet reeds by die derde ATKV-kongres die aandag. ⁵⁹⁾

Ten einde lede in staat te stel om goeie boeke teen verminderde pryse te bekom is 'n ooreenkoms met verskeie uitgewers aangegaan om by wyse van 'n boekeskema goedkoper gekeurde boeke tot die beskikking van lede te stel. In die praktyk het hierdie skema geblyk nie besonder geslaagd te wees nie. ⁶⁰⁾ Vertoë is ook tot die owerheid gerig waarin gevra is vir die daarstelling van 'n vry biblioteekskema.

3.2 Volkskuns ⁶¹⁾

3.2.1 Kunswedstrydwerk

58) Notule: ATKV-Db. & Finanskom: 6 Sept. 1955. Jeugkom: 10 Des 1954; 18 Mrt. 1955.

59) Anon. Kongresbesluite. DT, 2,7:171, 1933. Red. Aantekeninge. DT, 5,12:559, 1936. Red. Op die Voorpos. DT, 15,4:115, 1946. Notule: ATKV-kongres: 3de, 1933.

60) Jaarverslag. (In DT, 1,4:88, 1932). Notule: ATKV-kongres: 20ste, 1948. 1ste Federale Raadsitting, 1931. UR: 30 Apr. 1962; 20 Mrt. 1964. Kultkom: 13 Okt., 16 Nov. 1961, 18 Jun., 3 Aug., 18 Sept., 11 Okt. 1962.

61) Die begrip volks -k u n s is hier gekies ter aanduiding van al daardie volkskulturele uitinge wat primêr as „esteties“ gekwalifiseer sou word. Hoewel die begrip volksestetiek of -estetika oorweeg is, is dit nie bruikbaar nie omdat hierdie begrippe in die wysgerige-, algemeen-wetenskaplik en alledaagse taalgebruik nie in dieselfde konnotasie aangewend word nie.

Een van die eerste sorgaksies wat deur die ATKV op die terrein van die handhawing en bou van 'n tipies-Afrikaanse volkskuns aangedurf is, is die organisering van volksvlyttentoonstellings waar die handewerk van lede uitgestal en beoordeel is.⁶²⁾ Die sillabus vir hierdie kunswedstryde is aanvanklik in „Die Taalgenoot“ gepubliseer maar verskyn later in twee dele waarin voorsiening gemaak word vir handewerk, beeldende kunste, kunsnwyerheid en algemene handewerk enersyds en andersyds vir die sogenaamde uitvoerende kunste, naamlik sang, voordrag, musiek, instrumentale musiek ens. By hierdie kunswedstryde is 'n spesiale afdeling voorsien om die kunssinnigheid en handvaardigheid van vakleerlinge en ambagsmanne aan te moedig en te bevorder.

Die organisasie van plaaslike kunswedstryde deur takke is sterk aangemoedig. In een stadium het 'n vaste komitee⁶³⁾ bestaan wat oor allerlei kunsangeleenthede toesig gehou het. Later word die kunswedstrydwerk hoofsaaklik die taak van die Vrou-en-Moederbeweging en sy takke. Die besondere waarde van die Vereniging se kunswedstrydwerk is onder meer daarin geleë dat hierdie wedstryde nie slegs in stedelike sentra gehou is nie, maar ook op kleiner plattelandse dorpe waar elke lid van die Vereniging die geleentheid gebied is om deel te neem.

62) Die eerste volksvlyttentoonstelling vind in 1936 plaas. Vgl. i.v.m. die kunswedstrydwerk van die Vereniging o.m. die volgende: Anon. Kennisgewing. DT, 5,2:66, 1936. Anon. ATKV-vroue presteer op Mosselbaai. DT, 6,6:348, 1937. Anon. Sillabus vir kunswedstryd. DT, 5,5:226, 1936. Red. Aantekeninge. DT, 3,7: 151, 1934. Anon. Die Vrou-en-Moederbeweging deur die jare, p. 30. Botha, M.C. Die ATKV (SAS en H), p. 8, 29. Red. Van die redaksie. DT, 9,5: 177, 1940. Anon. Dringende kennisgewings. DT, 12,4:88, 1943. Sekretariële jaarverslae. (In ATKV. Kongresboeke vir 7de kongres, 1936; 23ste kongres, 1951; 25ste kongres, 1953). Sekretariële jaarverslag. (In VMBeweging. Agenda en ander stukke vir 16de UJ, 1958). Notule: ATKV-kongres: 15de, 1943; 29ste, 1957. UJ: 5de, 1947; 9de, 1951; 20ste, 1962. UR: 25 Mei 1935; 8 Mei 1937; 2 Des. 1939; 5 Des. 1944. VM-Hb: 24 Sept. 1955; 26 Jan. 1956; 31 Okt. 1962. VM-Db: 6 Jun. 1962. Kultkom: 1 Mrt. 1960.

63) Notule: UR: 14, 15 Jun., 6,7 Des. 1945; 27 Jun. 1946; 26,27 Jan. 1951.

3.2.2 Voortrekkermuurtapisserieë⁶⁴⁾

Die vyftien tapisseriepanele wat deur die Vrou-en-Moederbeweging aan die beheerraad van die Voortrekkermonument geskenk is en wat taferele uit die Groot Trek uitbeeld, vorm 'n hoogtepunt in die kultuursorg van die Vereniging en Beweging op die gebied van die volkskuns. Deur middel van die naaldwerkta-lent van die vrou is grepe uit die volksgeskiedenis op kunstige wyse op gaas vagelê. Afgesien van die estetiese waarde van hierdie kultuurproduk vertolk dit ook die konsepsie van hulde aan die voorgeslag en verbondenheid aan die tradisionele lewenstyl waarvan hierdie voorgeslag die draers was.

3.2.3 Volkstoneel

By die derde ATKV-kongres in 1933 word reeds aan die Uitvoeren-de Raad opgedra om 'n komitee te benoem wat Afrikaanse toneel-stukke by takke kan aanbeveel en van wie die takke toneelstuk-ke deur 'n uitruilstelsel kan verkry. Lede is aangemoedig om die Afrikaanse toneelopvoerings en rolprente waar moontlik te ondersteun en organisasies te ondersteun wat in belang van die bevordering van goeie Afrikaanse toneelkuns werk.⁶⁵⁾

64) Anon. Die Vrou-en-Moederbeweging deur die jare, p. 33. Pienaar, M.S. Die tapisserie-onderneming. DT, 25,8:10, 1956. Reeler, J.E. Kongres, 1953 in Bloemfontein. DT, 22,12:4, 1953. Red. Konferensie-indrukke. DT, 22,5:21, 1953. Red. Aangename indrukke. DT, 21,12:21, 1952. Pienaar, M.S. Voorsitstersrede, Uniale Jaarvergadering, 1952. DT, 21,11:22, 1952. Anon. Tapisserie vir die Voortrekkermonument. 'n Unieke onderneming. DT, 22,10:13, 1953. Red. Feestelike afsluiting van die tapisserie-onderneming. DT, 31,2:24 e.v., 1962. Sekreta-riële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboeke vir 27ste kongres, 1955). Notule: AJ: 10de, 1952; 20ste, 1962. ATKV-kongres: 29ste, 1957. UR: 22,26 Sept. 1952; 23 Jan. 1953; 6,7 Mei, 28 Nov. 1960. VM-Hb: 30 Jul., 22 Sept. 1952; 17 Sept. 1960.

65) Notule: ATKV-kongres: 3de, 1933; 19de, 1947; 20ste, 1948; 28ste, 1956. Kultkom: 19 Jun. 1963. Anon. Kongresbesluite. DT, 2,7:171, 1933.

Ter herdenking van die Simboliese Ossewatrek is in 1963 'n veldtog ter bevordering van die Afrikaanse amateurtoneel geloods.⁶⁶⁾ Hierdie veldtog het ingesluit die uitskryf van 'n dramawedstryd ter bevordering van die Afrikaanse dramakuns, aanmoediging van kunstenaars deur toekenning van trofeeë en erepenninge vir wengroepe en wenspelers, die organisasie van toneelleierskursusse en periodieke plasing van lysie van goeie toneelstukke in „Die Taalgenoot“.

3.2.4 Volkspel(e)⁶⁷⁾

Volksvermaak en vryetydsbesteding vorm 'n integrale deel van die volkskultuur en was as sodanig ook volksorgobjek van die konserverende kultuursorg van die Vereniging.

Ter bevordering van boeresport op Hartenbos is trofeeë beskikbaar gestel vir die victor- en die victrix lodorum. Jukskei as die volkseie Afrikanerspel is aangemoedig. Twee trofeeë is tot die beskikking van die SA Jukskeiraad ter bevordering van die spel gestel.

By takgesellighede en -uitstappies maak volkspele en boeresport 'n belangrike deel van die program uit.

3.2.5 Volksklëding⁶⁸⁾

Die norme ten opsigte van wat as wenslik en behoorlik beskou

66) 'n Dramawedstryd word ook reeds in Die Taalgenoot in 1944 aangekondig. Sien. Anon. Uniale dramawedstryd. DT, 14,1:17, 1944. Notule: UR: 29 Apr., 20 Sept. 1963; 20 Mrt., 15 Mei, 18,19 Sept., 11 Mei 1964. ATKV-Db. & Finanskom: 14 Jul. 1955. Landwyse toneelfeeskomitee: 12 Jun., 19 Sept. 1963. Kultkom: 3 Aug., 11 Okt., 6 Des, 1962; 20 Febr., 27 Mrt., 10 Apr., 22 Mei, 19 Jun., 24 Okt., 1963; 13 Mrt. 1964.

67) Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 21ste kongres, 1949). Sekretariële jaarverslag. (In VMBewëging. Agenda en ander stukke vir 21ste AJ, 1963). Notule: ATKV-kongres: 20ste kongres, 1948; 25ste kongres, 1953; 26ste kongres, 1954; 29ste kongres, 1957. UJ: 1ste, 1943. UR: 27 Jun. 1946. VM-Hb: 22 Mrt. 1962. ATKV-Db. & Finanskom: 27 Jan. 1949; 18 Jan., 2 Febr., 22 Mrt. 1962.

68) Red. Uniale Jaarvergadering, Bloemfontein, 1953. DT, 22,12:13, 1953. Notule: AJ: 11de, 1953; 20ste, 1962. VM-Db: 10 Nov. 1949.

word met betrekking tot die volkskleredrag, word deur die normbesef soos veranker in die geloofsbelydenis van die amptelike volkskonsepsiewêreld as kultuurdominant gevoed en gedra. Die feit dat die Vereniging 'n wakende oog oor hierdie faset van die volkskultuur hou, getuig van 'n lewende en kragtig-funksionerende volks(ge)wete waardeur skanse gebou word teen die verval van die normbesef van die volk.

By takke is aangedring om opvoedingswerk te doen ten einde die vrou en dogter op te voed tot die dra van geskikte kleding wat die Afrikanervrou en -dogter waardig is. Die vorming en beïnvloeding van die openbare mening teen die wanpraktyke van skamele kleredrag van vroue, onsmaklike winkelveensteruitstallings en prikkelende foto's in gedrukte stukke het aandag geniet. 'n Beroep is op vakansiegangers gedoen om aandag te skenk aan behoorlike kleding by vakansieoorde.

3.2.6 Volksang en -musiek

In die volksang en -musiek gee 'n volk uitdrukking aan dit wat in die wete van die volk leef, die lief en leed, die verwagtinge en teleurstellinge. Hierdie is een van die volkskulturele uitinge waardeur die binding en die kameraadskap tussen volksgenote verstewig word en die gemeenskaplike patriotisme gevoed word. Daadwerklike sorg is deur die ATKV gegee aan die stimulering van spontane samesang tydens gesellige verkeer, die bevordering van kore en georganiseerde sang en die bevordering van Afrikaanse musiek en komposisies asook aan die daarstelling van 'n eie ATKV-lied. ⁶⁹⁾

Leiding is deur middel van „Die Taalgenoot” in verband met die waardering van goeie klassieke musiek en boeremusiek gegee.

69) Red. Ons eie lied! DT, 4,5:173, 1935. Red. Liederebundel. DT, 4,7:302, 1935. Sekretariese jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 27ste kongres, 1955). Notule: ATKV-kongres: 6de, 1935. UR: 15 Apr., 25 Mei 1935; 24 Sept. 1956; 26 Jan., 25 Mei 1957. ATKV-Db: 10 Mei 1934.

Versoeke is tot takke gerig om hul eie kore en orkeste te stig en musiekaande te organiseer. 70)

Herhaalde besluite is geneem in verband met die erkenning en vertaling in Engels van „Die Stem” as volkslied van Suid-Afrika. 71) Ná bekendmaking dat Die Stem die enigste amptelike volkslied is, is ’n brief van waardering aan die Eerste Minister gerig en ’n onbestrede mosie van dank aan die Regering en Volksraad aanvaar. ’n Beroep is op takke gedoen om ter viering van hierdie gebeurtenis plaaslike feeste te reël en by alle geleenthede die nodige eerbied vir die volkslied te toon. Hulde is gebring aan Langenhoven, die digter, en M.L. de Villiers, die toonsetter van die volkslied.

Samewerking is ook aan organisasies gemoeid met die bevordering van volksang en -musiek verleen. 72)

3.3 Die linguale

Die linguale as omvattende begrip ter aanduiding van al daardie

- 70) Red. Ons sewende jaarkongres. DT, 5,8: 354, 1936. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 26ste kongres, 1954). Notule: ATKV-kongres: 7de, 1936; 15de, 1943; 18de, 1946; 20ste, 1948; 21ste, 1949; 24ste, 1952; 26ste, 1953. UJ: 18de, 1960. UR: 2 Des. 1939; 24 Febr., 23 Jul. 1954; 21 Mei 1954; 13 Mei 1955; 22 Mrt. 1963; 18,19 Sept. 1964. ATKV-Db: 14 Jan. 1955. Kultkom: 1 Febr., 15 Febr., 23 Febr., 1 Mrt. 1960.
- 71) Red. Op die Voorpos. DT, 26,7:3, 1957. Anon. Oordrag van die regte op Die Stem aan Regering van Suid-Afrika. DT, 26,8:15, 1957. Red. Die jeug en volksfeeste. DT, 26,12:3, 1957. Red. Op die Voorpos. DT, 21,4:3, 1952. Notule: ATKV-kongres: 10de, 1938; 21ste, 1949; 20ste, 1948; 26ste, 1954; 29ste, 1957. UR: 24 Jan. 1958; 8,9 Jan. 1960. ATKV-Db. & Finanskom: 4 Sept. 1957; 30 Apr. 1958.
- 72) Notule: UR: 14,15 Jun., 6.7 Des. 1945; 13 Febr. 1961. ATKV-Db. & Finanskom: 13 Mrt. 1953; 5 Jul. 1957; 2 Jun., 14 Aug., 12 Okt., 16 Okt. 1961.

volkskulturele uitinge waarin daar met behulp van terme, name, simbole of gebare uitdrukking gegee word aan bepaalde konsepsies, vorm een van die fasette van die Afrikaanse volkskultuurpatroon waaraan die Vereniging kragtens sy geskiedenis en sy doelstellings seker die meeste aandag bestee het.

Die aksieradius van die kultuursorg op hierdie akker van die Afrikaanse volkskultuur is besonder wyd en verreikend en kan slegs kursories behandel word.

3.3.1 Plekname

Die name wat aan verskillende plekke, geboue, strate, gebiede ens. gegee word, is net soos alle ander kultuuruitinge die historiese kultuurproduk van bepaalde geestestrominge. In die Afrikaanse volkskultuur weerspieël die benaminge van verskillende plekke, dorpe ens. baie duidelik die verskillende geestestrominge wat in die loop van die geskiedenis van die land die kultuur beheers het. Omdat sommige van hierdie name 'n skewe beeld van die volk van die land weergee en in 'n sekere sin openbaarmaking van die volksvreemde lewens- en wêreldbeskouing vorm, het die Vereniging dit ook tot sy volksorgtaak gereken om in hierdie toedrag van sake verandering te bewerkstellig. In hierdie verband is aandag geskenk aan: ⁷³⁾ die benoeming van nasionale paaie, Afrikaanse benaminge in die Unieweermag, wysiging van Nederlandse name op poskantore, name van dokke en parke en vertoë dat Trichardtpad in die Kruger Wildtuin nie na „Jock of the Bushveld Road” vernoem moet word nie.

'n Beroep is op die SA Spoorwegadministrasie gedoen dat by die benoeming van stasies, geboue, sylyne, plekke ens. die keuse van

73) Sekretariële jaarverslae. (In ATKV. Kongresboeke vir 22ste, 1950; 23ste, 1951; 28ste, 1956). Notule: ATKV-kongres: 26ste, 1954. UR: 19 Mei, 9 Sept., 1950, 18 Mei 1951. ATKV-Db. & Finanskom: 8 Des., 28 Jun., 28 Sept., 28 Okt. 1949; 26 Jan., 8 Aug., 4 Okt. 1950; 2 Mei 1951; 8 Febr. 1956; 2 Sept. 1958; 25 Mrt., 26 Aug. 1959.

name met behoorlike inagneming van die geskiedenis en tradisies verbonde aan sodanige plekke gemaak moet word en dat daar name gekies moet word wat eg Suid-Afrikaans in wese en in karakter is. ⁷⁴⁾

Die nuwe Spoorweghoofkantoorgebou in Johannesburg, bekend as die Paul Kruger-gebou, is só genoem na aanleiding van vertoë wat deur die Vereniging tot die Minister gerig is. ⁷⁵⁾

3.3.2 Volksimbole

Net soos die volkskonsepsiewêreld baie duidelik in die benoeming van verskillende plekke, geboue ens. tot openbaarmaking kom, so spreek die onderskeie volksimbole soos vlae, kentekens, rangtekens ens. ook hul eie taal as openbaarmaking van die inhoud van bepaalde konsepsies. In wakende oog is deur die Vereniging gehou oor hierdie uiterlike simbole van die veel dieperliggende konsepsies soos in die gedagte- en konsepsiewêreld van die volk beliggaam.

Omdat historiese Suid-Afrikaanse vlae by die opening van die Van Riebeeckbrug in Johannesburg ontbreek het, terwyl allerlei buitenlandse vlae vir versiering aangebring is, is in brief aan die SAS-hoofbestuurder gerig waarin versoek word dat die ou historiese Suid-Afrikaanse vlae om kultuur-historiese redes nie verontagsaam moet word nie. Verder is versoek dat in lys van vlae opgestel moet word met die oog op uniformiteit, sodat dit deur die SA Spoorweë gebruik kon word. ⁷⁶⁾

- 74) Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 21ste kongres, 1949). Notule: ATKV-kongres: 20ste, 1948; 26ste, 1954. UR: 7,8 Jan. 1949.
- 75) Anon. Die Raad besluit. DT, 18,4:13, 1949. Notule: ATKV-Db. & Finanskom: 1 Febr., 13 Febr. 1957; 16 Febr., 28 Mrt. 1955. UR: 6,10 Sept. 1948.
- 76) Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 24ste kongres, 1952). Notule: ATKV-Db. & Finanskom: 6 Mrt. 1952.

Daar is verder deur die Vereniging druk uitgeoefen op die Johannesburgse stadsraad omdat hierdie instansie ten spyte van andersluidende wetgewing volhard het om die Engelse vlag saam met die landsvlag op geboue te laat wapper.

Die kongres het met blydschap kennis geneem van die gewoonte wat by skole posvat om een keer per week die Suid-Afrikaanse vlag te hys en om „Die Stem van Suid-Afrika” te sing, omdat dit ’n voorwaartse skrede op die weg van volksbewussyn is. ⁷⁷⁾

Nadat die kroon deur die kasteel in militêre rangtekens vervang is, het die Vereniging met dank van hierdie ontwikkeling kennis geneem en die Minister van Vervoer versoek om ook die kasteelrangteken vir Spoorwegrangtekens te gebruik. Antwoord is ontvang dat reeds besluit is om die simbool van die kroon in die kentekens van die Spoorwegpolisie met dié van die Monument te vervang. ⁷⁸⁾

’n Brief van waardering is tot die owerheid gerig in verband met die aanvaarding van ’n desimale muntstelsel en daar is gewys op die noodsaaklikheid om eg Suid-Afrikaanse motiewe op die muntstukke ⁷⁹⁾ te verkry.

Hoewel hierdie wysiginge op die oog af gering voorkom, verteenwoordig dit ’n basiese verskuiwing in die klem van die volkskonsepsiewêreld. Dink maar aan die groot kontras in lewensbeskouing, wat verteenwoordig word in die vervanging van ’n simbool soos die

- 77) Verslag van samesprekings van die ATKV met die Skakelkomitee en geaffilieerde Johannesburgse kultuurliggame oor die vlagkwessie en die Johannesburgse stadsraad, 22 Mei 1958. Notule: ATKV-kongres: 28ste, 1956. ATKV-Db. & Finanskom: 30 Apr., 28 Mei, 22, 30 Jul. 1958.
- 78) Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 30ste kongres, 1958). Notule: ATKV-Db. & Finanskom: 10 Apr., 19 Jun. 1957.
- 79) Red. Op die Voorpos. DT, 21,4: 3, 1952. Notule: ATKV-Db. & Finanskom: 12 Jun. 1959.

kroon met dié van die kasteel of die Voortrekkermonument. Hierdie simbole en by name die landsvlag is die uiterlike tekens of die linguale openbaarmaking van h eie, onafhanklike volksbestaan, volksleefwyse en volkskultuur. ⁸⁰⁾

Die Voortrekkereuefeesvieringe van 1938 het ook h versnellende uitwerking gehad op die ontwikkelingsproses waardeur hierdie volksimbole as uiterlike tekens van die heersende patriotisme en eenheidstrewe van die volk in die volkslewe ingang gevind het, en uiteindelik deur die owerheid deur middel van wetgewing as sodanig erken is. ⁸¹⁾

3.3.3 Taalhandhawing

Drie sfere is deur die Vereniging in die uitvoering van een van sy hoofdoelstellings, naamlik t a a l -handhawing betree. Benewens die handhawing en uitbou van die Afrikaanse taal binne die geledere van die Vereniging self, het taalhandhawing binne die Spoorweë en daarbuite ook die aandag geniet.

Een van die belangrikste media waardeur taalhandhawing aange-
moedig is, was die maandblad van die Vereniging, „Die Taalgenoot”. ⁸²⁾

In hierdie blad verskyn van tyd tot tyd artikels oor taalgebruik en die handhawing van die taal en word beroepe op lesers gedoen

80) Laubscher, B.J. Generaal J.C. Smuts. „Greater South Africa”, p. 88. Krüger, D.W. Die bondgenootskap tussen nasionalisme en arbeid, 1924-1933. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2:520).

81) Krüger, D.W. Die bewind van die Verenigde Party, 1934-1948. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika, 1951. 2:543).

82) Red. Op die Voorpos. DT, 21,8: 5,27, 1952. Red. Op die Voorpos. DT, 29,4:2, 1960. Cornelius, C.P. e.a. Taalhandhawing binne die Spoorweë. DT, 21,6:15 e.v., 1952. Vgl. ook byv. Coetsee, D.J. Voorlopige lys poskantoorterme. DT, 21,2: 24, 1952. Notule: ATKV-Db. & Finanskom: 4 Apr. 1956.

om Afrikaanse koerante en tydskrifte te lees.

Alle moontlike middele is in die werk gestel om die individuele Verenigingslid van sy taal bewus te maak en taaltrots by hom tuis te bring.⁸³⁾ Takke is onder meer versoek om studiegroepe in die lewe te roep waardeur lede gehelp kon word om op die hoogte te bly met al die jongste spelreëls en tegniese terme in Afrikaans. Lede is versoek om mee te doen aan taalhandhawing deur onder meer steun aan Afrikaanse sakeondernemings in die stede te verleen. Ruwe en slordige taalgebruik is betreur en die Uitvoerende Raad is deur die kongres versoek om 'n propagandaveldtog te loods vir die aanmoediging van die gebruik van Afrikaans.⁸⁴⁾

Waar die ATKV gebore is uit die nood waarin die Afrikaner en sy taal hom in die Suid-Afrikaanse Spoorweë bevind het, oorheers die kommer oor hierdie noodsituasie en die maatreëls wat ten opsigte daarvan geneem behoort te word die eerste ATKV-kongresse. Teleurstelling is oor die swak uitvoering en toepassing van die duidelike instruksies wat in spesiale kennisgewing nommer 1995 en die definitiewe vereistes kragtens wet nommer 23 van 1925 vervat is waarin die beginsel van die gelykberegtiging van die twee landstale duidelik gestel word, uitgespreek. Vanaf hierdie datum volg een na die ander besluit en maatreël waardeur beoog is om die afsonderlike identiteit van die Afrikaner en van sy taal te handhaaf.⁸⁵⁾

'n Betekenisvolle besluit in verband met taalhandhawing word deur die ATKV-kongres in 1947 in Pretoria geneem. Daarin word versoek dat

83) Botha, M.C. Die ATKV (SAS en H), p. 9. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 11de kongres, 1939). Notule: ATKV-kongres: 15de, 1943; 21ste, 1949; 28ste, 1956; 29ste, 1957. ATKV-Db. & Finanskom: 10 Des. 1958. UR: 23 Jan. 1953.

84) Red. Op die Voorpos. DT, 20,2:5, 1951. Notule: UJ: 8ste, 1950.

85) Reeler, J.E. Ons 1948-kongres. DT, 27,12:20 e.v., 1948. Notule: ATKV-kongres: 7-10 Sept. 1948. UR: 16,17 Jan. 1947.

die Spoorwegadministrasie 'n kommissie van ondersoek moet aanwys om op die hele kwessie van tweetaligheid in die Spoorwegdiens in te gaan en aanbevelings tot verbetering te doen.⁸⁶⁾ Hierdie versoek is deur die Verenigde Partybewind geweier, maar ná die bewindsaansvaarding van die Nasionale Party in 1948 is die versoek herhaal, toegestaan en 'n Kommissie van Onderzoek na Tweetaligheid in die Spoorweë is aangewys met die opdrag om 'n landwye ondersoek in te stel. Onrusbarende toestande is deur hierdie ondersoek aan die lig gebring. Die Vereniging was ook in hierdie Komitee verteenwoordig, het getuienis afgelê en met meer as veertig voorstelle tot verbetering gekom, wat bykans sonder uitsondering aanvaar is. Die Minister van Vervoer het ná die oorweging van die verslag van hierdie Komitee by hernuwing regulasies vir die toepassing van tweetaligheid in die Spoorwegadministrasie uitgevaardig. Een van die gevolge van die aanbevelings van hierdie Komitee was die in die lewe roep van die Spoorwegtaalburo in 1952.

Die toepassing van die tweetaligheidsbeginsel in die Spoorweë kom in 1956 weer aan die orde.⁸⁷⁾ Die volgende drie hoofbronne van ontevredenheid in verband met die toepassing van die taalbeleid word met die SAS-Hoofbestuurder bespreek:

- 86) Reeler, J.E. Die opgang van ons taal in die Spoorweë, p. 11. Red. Tweetaligheid in die Spoorwegdiens. Vertoë namens die ATKV. DT, 18,2:7, 1949. Red. Kongresbesluite. DT, 17,2:21, 1948. Reeler, J.E. 1950-kongres. DT, 20,3:24, 1951. Coetsee, D.J. Die Spoorwegman en Afrikaans, art. nr. 2. DT, 14,4:4, 1955. Red. Op die Voorpos. DT, 18,10:3, 1949. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboeke vir 22ste kongres, 1950; 23ste, 1951; 21ste, 1949). Notule: ATKV-kongres: 19de, 1947; 21ste, 1949; 23ste, 1951; 27ste, 1955. UR: 26,27 Jan., 18 Mei 1951; 27,28 Jan. 1950. ATKV-Db: 18 Aug. 1947; 4 Jun., 4 Jul., 5 Aug., 3 Nov., 1 Des. 1948; 3 Mei 1949. ATKV-Db. & Finanskom: 16 Mei, 23 Jun. 1949.
- 87) Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 30ste kongres, 1958). Notule: ATKV-kongres: 28ste, 1956; 29ste, 1957. UR: 30 Apr. 1962. ATKV-Db: 22 Nov., 10 Des. 1956; 16 Jan., 19 Des. 1961; 18 Jan. 1962. ATKV-Db. & Finanskom: 27 Febr., 15 Mei 1957. Kultkom: 16 Jan. 1961.

- * Swak Afrikaans en die afskeep van Afrikaans op kennisgewingborde, kentekens, ens.
- * Taaltoetse en die toepassing daarvan.
- * Interdepartementele briefwisseling.

In 1957 het die Minister van Vervoer die ATKV om sy oorwoë mening oor die Spoorwegtaalbeleid gevra. Die kommentaar van die Vereniging lei op die lang duur tot 'n beleidsverandering in die guns van Afrikaans ten opsigte van die taalgebruik in departementele briefwisseling.

Die belangrikste en seker ook die grootste bydrae van die ATKV tot die handhawing en bewaring van die Afrikaanse taal binne die SA Spoorweë en daarmee ook in belang van die konservering van die afsonderlike identiteit van die Afrikaanstalige bevolkingsgroep in diens van die Spoorweë was sy volgehoue waaksaamheid en optrede in belang van taalhandhawings gelykberegtiging van Afrikaans in die groot verskeidenheid van sfere binne die Spoorweë. ⁸⁸⁾

- 88) In hierdie verband kan onder meer gewys word op: optrede t.o.v.: uithangborde op spoorwegpersele, naamborde van kontrakteurs wat bouwerk vir die Administrasie onderneem, tweetalige bewoordings op lokomotiewe, taalverontregting op laaimeesterkentekens, op kennisgewings en in die Spoorwegtydskrif; lysie van tegniese terme, Engelse benaminge van Spoorwegbehuisingskemas en -strate, tweetaligheid van ontvangsdames en verpleegsters by Spoorweggeneeshere en -spesialiste, doeltreffendheid van taaltoetse vir die bepaling van taalbevoegdheid van Spoorwegdienare, vertaling van tegniese stukke, gelykberegtiging van Afrikaans op Spoorwegtoere, verteenwoordiging deur Afrikaanstaliges in Spoorwegontspanningsklubbesture, taalgebruik deur kelniers op treine, erkenning van die moedertaal van kinders in Spoorwegweeshuise, daarstelling van hoër taaleksamens vir Spoorwegwerknemers, gelykberegtiging op amptelike vorms, lêers, kennisgewings, werkskedules, tekeninge, departementele handleidings, betaalstate, tegniese stukke, lesings, bonusspesifikasies, vakleerlingskedules, taaleksamens, vertoë i.v.m. taalmedium wat met opleiding van klerklike-, handels-, bedryfs- en ander personeel aan die Spoorwegkolleges gebruik word, ens., ens. Vgl. i.v.m. al bg. aangeleenthede die notule van die Kongres, Algemene Jaarvergadering, Uitvoerende Raad, Hoofbestuur en al die ander beheerliggame, asook Die Taalgenoot vanaf 1931 tot 1964.

Taalhandhawing in die verskillende sfere buite die Vereniging en die SA Spoorweë geniet ook die aandag van die Vereniging. ⁸⁹⁾

Enkele van hierdie aspekte sluit sorg ten opsigte van taalhandhawing in die verpleegstersberoep en SA Verpleegstersvereniging, in die Instituut van Vervoer, munisipale besture, die leër, die Krugerssterfhuis t.o.v. motorregistrasieletters, padtekens en spyskaarte in. Verder is ook onder meer aangedring op die vervanging van een-talige etikette op ingemaakte produkte en die verspreiding van tweetalig geëtiketteerde produkte, ook in die buiteland.

Gelykberegtiging en handhawing van die Afrikaanse taal in semi-staatsinstellings, openbare geboue en ander openbare instellings het ook binne die Vereniging se kultuursorg-aksieradius geval. ⁹⁰⁾

Die feit dat Afrikaans vanaf 1942 op muntstukke voorrang verkry, terwyl dit jare lank tweede plek ingeneem het, is die gevolg van die vertoë van die ATKV. In die uitsaaiwese ⁹¹⁾ is twee belangrike

89) Red. Aantekeninge. DT, 6,6:307, 1937. Reeler, J.E. Ons 1948-kongres. DT, 17,12:20, 1948. Red. Op die Voorpos. DT, 22,12:12, 1953. Reeler, J.E. Kongres 1953 in Bloemfontein. DT, 22,12:5, 1953. Red. Op die Voorpos. DT, 22,12:3, 1953. Red. Op die Voorpos. DT, 26,12:3, 1957. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 22ste kongres, 1950). Notule: ATKV-kongres: 9de, 1937; 14de, 1942; 16de, 1944; 19de, 1947; 20ste, 1948; 23ste, 1951; 24ste, 1952; 25ste, 1953; 26ste, 1954; 28ste, 1956; 29ste, 1957 ens. UJ: 11de, 1953; 20ste, 1962. UR: 2 Jul. 1932; 16 Apr. 1938; 14 Mrt. 1946; 19 Mei 1950; 24 Febr. 1954; 6 Jun. 1959; 30 Apr. 1962; 20 mrt. 1964. 1ste Federale Raadsitting, 1931. ATKV-Db. & Finanskom: 25 Nov. 1946; 28 Jun. 1949; 23 Mrt., 29 Nov., 28 Jun. 1950; 13 Nov. 1953; 1 Apr. 1954; 24 Febr., 1 Jun., 16 Jun. 1955; 20 Aug. 1956; 10 Apr., 24 Jul., 11 Des. 1957; 15 Jan., 2 Sept., 5 Nov. 1958.

90) Reeler, J.E. Die 1950-kongres. DT, 20,4:24, 1951. Red. Afrikaans word nog afgeskeep. DT, 23,6:5, 1954. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 23ste kongres, 1951). Notule: ATKV-Db. & Finanskom: 29 Nov. 1950; 1 Mei, 18 Jun. 1952; 16 Aug. 1954; 5 Jun., 11 Des. 1957. UR: 19 Mei 1950; 26, 27 Jan. 1951; 24 Jan. 1958.

91) Notule: ATKV-kongres: 18de, 1946; 21ste, 1949; 23ste, 1951; 27ste, 1955. UR: 19 Mei 1950, 7 Sept. 1959. ATKV-Db. & Finanskom: 25 Nov. 1946; 15 Jul., 30 Nov., 12 Des., 29 Des. 1949; 26 Jan. 1950; 9 Febr. 1950. Red. Op die Voorpos. DT, 21,4:3, 1952. Red. A- en B-senders. DT, 19,11:3, 1950. Anon. Radiovereniging. DT, 19,7:19, 1950.

doelwitte deur die toedoen van die Vereniging bereik: Die verandering van die name van die A- en B-programme na die Engels- en Afrikaanse programme en die wysiging van die naam van die Suid-Afrikaanse radiodiens van Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie na „Radio Suid-Afrika.”

Die Vereniging het voor die Radio-ondersoekkomitee getuienis gelewer by wyse van ’n memorandum waarin gepleit is vir die reg van die Afrikaanssprekende luisteraar. Voorstelle is aan die hand gedoen oor die gebruikmaking van plaaslike talent, hoorbeelde oor arbeidsentra, heruitsending van buitelandse dienste van kulturele, opvoedkundige en estetiese aard. Aanvraag is gedoen vir ’n voltydse Afrikaanse radiosender vir Natal.⁹²⁾ Verder het die diskriminasie tussen bevolkingselemente, die agterstand van Afrikaans op die handelsender, die eentalige naam van die gebou „Broadcast House” en die eentalige telegrafiese adres „Broadcast”, aandag geniet.

Selfs oor die belange van die Afrikaanse taal in die staatsdiens⁹³⁾ in die algemeen buite die SA Spoorweë het die Vereniging ’n wakende oog gehou. Daar is saamgewerk met die FAK deur die benoeming van verteenwoordigers in ’n kommissie van ondersoek na taalhandhawing in die staatsdiens. Vertoë is tot die owerheid gerig om ’n kommissie van deskundiges te benoem om op die kwessie van tweetaligheid in die staatsdiens in te gaan en aanbevelings te doen.

Red. Die Raad besluit. DT, 19,8:13, 1950. Reeler, J.E. Ons 1945-kongres. DT, 17,12:21, 1948. Red. ATKV en radio. DT, 16,9:29, 1947. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 22ste kongres, 1950).

92) Notule: ATKV-kongres: 11de, 1939; 16de, 1944.

93) Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 22ste kongres, 1950). Notule: ATKV-kongres: 21ste, 1949. UR: 21 Mei 1954; 21, 22 Jan. 1955. ATKV-Db. & Finanskom: 20 Nov., 2 Des. 1957.

Die herinstelling of skepping van staatsampte met 'n Dietse verband het die aandag geniet, terwyl 'n mosie van dank aan die regering aanvaar is vir die handhawing van Afrikaans in die Simonstadse vlootbasis.⁹⁴⁾

Herhaaldelik is aandag aan die vertaling van Uniewette uit Nederlands in Afrikaans geskenk.⁹⁵⁾

Ook op die gebied van taalhandhawing in die onderwys begewe die Vereniging hom. Die stryd in belang van moedertaalonderrig en teen die denasionaliserende beleid en -praktyk van dubbelmedium- en parallelmediumonderrig, was primêr gemotiveer deur die afkeer van die vreemde volksbeskouing waarvan hierdie beleid en praktyk die vrug en die draer was.⁹⁶⁾ Deur die uit- en deurvoering van hierdie beleid moes die jeug via die skool en by name deur die geleidelike uitskakeling van moedertaalonderrig ingelyf word in die groter geïntegreerde „verenigde nasie,” waarin die onderskeie bevolkingselemente opgeneem word en saamgevoeg word tot 'n kunsmatig-meganiese eenheid.

Die belangrikheid van die skool in die denasionaliseringsproses is terdeë deur die ATKV beseef. Daarom dat elke moontlike middel in die stryd gewerp is vir die gelykberegtiging en die handhawing van

94) Notule:

ATKV-Db. & Finanskom: 6 Des. 1955; 21 Mei 1956; 10 Apr. 1957.

95) Red. Op die Voorpos. DT, 24,5:3, 1955. Notule: ATKV-kongres: 21ste, 1949; 25ste, 1953; 26ste, 1954; 27ste, 1955. UR: 22,26 Sept. 1952; 14,18 Sept. 1953; 24 Febr. 1954; 13 Mei 1955.

96) In dié verband word onder meer soos volg in Die Taalgenoot geskryf: „Belangrik is die skool, omdat die mense wat teenoor ons staan, juis die skool uitgekies het en dit probeer vernietig, want dan vernietig hulle die siel van die Afrikaner, wat by sy God gesweer het om voort te bestaan as 'n aparte vanselfheid en nie as deel van enige ander nasie ter wêreld nie. En ons is 'n aparte vanselfheidomdat ons so gebore is.” Vgl. Red. Op die Voorpos. DT, 12,11:252, 1943. Sien ook: Reeler, J.E. Kongres, 1951. DT, 20,12:26, 1951. Anon. Taalkongres. DT, 13,2:47, 1944. Coetzee, J.A. Ons nasiewording eis moedertaalskool. DT, 12,11:255, 1943. Notule: ATKV-kongres: 15de, 1943; 16de, 1944; 17de, 1945; 20ste, 1948; 23ste, 1951; 19de, 1947. UR: 5 Okt. 1943; 6,7 Des. 1945. ATKV-Db. & Finanskom: 22 Mrt. 1944.

die Afrikaanse taal op die onderwysfront. Op plaaslike vlak is h belangrike bydrae deur takke ter aanmoediging van die studie van Afrikaans gelewer deur die beskikbaarstelling van boek, geld en ander pryse vir prestasie in Afrikaans.

Wat.betref optrede in belang van die onderwys in die algemeen,⁹⁷⁾ het die Vereniging vertoë gerig in verband met meer aandag aan taal-onderrig, bevordering van vak- en praktiese taal; onderrig van tegniese vakke aan vakleerlinge in Tegniese Kolleges; aanstelling van deeglik tweetalige lektore, onderwysers en prinsipale, ens.

3.4 Volkseconomie ⁹⁸⁾

Kanalisering van die koopkrag van die Afrikaner met die oog op beter ondersteuning van Afrikaanse ondernemings en ontmoediging van lede om besigheidsorganisasies met Oosterse belange te ondersteun, was een van die metodes waarlangs getrag is om die Afrikaner van sy roeping en taak in die ekonomiese sfeer bewus te maak. Steun is toegesê aan die RDB vir sy veldtog vir die ekonomiese bewusmaking van die Afrikaner. h Beroep is op lede gedoen om Suid-Afrikaanse produkte te koop.

4. Volkskultuurgoedere

Die bewaring van die materiële volkskultuurgoedere van die Afrikaner-volk vorm h aspek van die kultuursorg van die ATKV wat ook gemotiveer is deur die drang om die volkswete aangaande die geskiedenis lewend te

97) Red. Op die Voorpos. DT, 21,8:5, 1952. Red. Die owerhede sê..... DT, 19,3:22, 1950. Sekretariële jaarverslag. (In ATKV. Kongresboek vir 22ste kongres, 1950). Notule: ATKV-kongres: 19de, 1947; 15de, 1953; 26ste, 1954. ATKV-Db. & Finanskom: 18 Apr. 1956; 11 Jun. 1956. Kultkom: 27 Apr. 1964.

98) Red. Op die Voorpos. DT, 29,7:2, 1960. Notule: ATKV-kongres: 26ste, 1954; 27ste, 1955; 29ste, 1957. UR: 13 Mei 1955; 24 Jan., 12 Sept. 1958. ATKV-Db. & Finanskom: 5 Mrt. 1958; 18 Aug., 2 Sept. 1958.

hou. Hierdie goedere verteenwoordig waarneembare skakels met die verlede. Bemoëienis met hierdie aspek van die Afrikaanse volskultuurbesit vorm inherente deel van die volksorgtaak van die Vereniging.

4.1 ATKV-museum

Die gedagte van die daarstelling van 'n Transportmuseum waarin allerlei historiese stukke gehuisves sou word, geniet reeds 'n geruime tyd voor die Simboliese Ossewatrek van 1938 die aandag. Met die insameling van oudhede tydens die Simboliese Ossewatrek verkry hierdie gedagte en ideaal momentum. 'n Groot gedeelte van die oudhede só ingesamel, en wat uit die periode van die Groot Trek dateer, is aan die Beheerraad van die Voortrekkermonument geskenk vir uitstalling in dié monument. Die ideaal van die daarstelling van 'n eie museum op Hartenbos bly egter steeds sluimerend en geniet in die vroeë jare sestig meer pertinente aandag. Lede is ook aangemoedig om by te dra tot die versameling oudhede wat in die Vervoermuseum op Esselenpark gehuisves sou word.⁹⁹⁾

4.2 ATKV-stigting vir Volkskultuur

Met die instelling van 'n Leerstoel in Afrikaanse volkskunde en -kultuur aan die universiteit van Stellenbosch deur die toedoen

99) Botha, M.C. Die ATKV (SAS en H), p. 9. Sekretariële jaarverslae. (In ATKV-kongresboeke vir 22ste kongres, 1950, 23ste kongres, 1951.) Reeler, J.E. Vyftiende jaarlikse kongres. DT, 12,9:197, 1943. Red. Aantekeninge. DT, 6,6: 307, 1937. Red. Hoe is dit met die ATKV-museum gesteld? DT, 19,4:4, 1960. Notule: ATKV-kongres: 5de, 1934; 9de, 1937; 15de, 1943. UR: 16 Apr., 5 Aug. 1938; 4 Febr., 2 Des. 1939; 31 Aug. 1940; 2,9 Sept. 1949; 27,28 Jan., 9 Sept. 1950; 26,27 Jan., 3,6 Sept. 1951; 24 Jan., 6 Jun. 1959; 18,19 Sept. 1964. VM-Hb: 9 Febr. 1960. ATKV-Db: 8 Aug. 1944; 8 Febr., 8 Mrt., 19 Mrt. 1956. ATKV-Db. & Finanskom: 20 Apr. 1939; 26 Febr. 1958.

van die ATKV, kom aan die ATKV-hoofkantoor ook 'n navorsingsinstituut vir Afrikaanse volkskultuur tot stand wat onder meer die versameling en bewaring van die volkskultuurgoodere van die Afrikanervolk tot taak het. ¹⁰⁰⁾

5. Resumé

Die kuratiewe werksaamhede van die Vereniging ten behoeve van die „kultuur“ van die Afrikanervolk strek veel verder as slegs die eng grense van die eie lede en die SA Spoorweë. Die ATKV het in die vervulling van sy taak haas nie 'n enkele terrein van die Afrikaanse volkskultuur onbetree gelaat nie.

Die mees spektakulêre van die kultuurwerk van die ATKV is beslis gelewer op die gebied van die konservering van die historiese bewussyn van die Afrikanervolk. Die ATKV het deur sy leidende aandeel in die volksfeeste die volk in sy duisendtalle in die taak van die handhawing en bou van die volkskultuur saamgesnoer. Met die simboliek van die ossewa, die poskoets, die perderuiter kon die ATKV meehelp om die volk van sy afsonderlike identiteit as volk en van sy volksroeping op grond van sy geskiedenis in hierdie land, bewus te maak. Deur hierdie feeste is die vryheidsideale en die ideaal van die handhawing, bestendiging en uitbou van die afsonderlike identiteit van die volk voortgedra, as 't ware in die vorm van 'n „trek van die gees.“

'n Wetenskaplik-verantwoorde waardebepaling by nabaat van die waarde van die Simboliese Ossewatrek in die Afrikaanse volkskultuur, is minder eenvoudig. Dit het gestaan in die teken van dieselfde ideale en motiewe waardeur die Groot Trek honderd jaar tevore gedra was,

- 100) 'n Bydrae tot die bewaring van die eie Afrikaanse volkskultuurbesit word ook gelewer deur die samewerking met ander instansies. Die ATKV is byvoorbeeld lid van die Stigting Simon van der Stel en is verteenwoordig in die Genootskap Oud-Pretoria. Vgl. o.m. Notule: ATKV-Db: 31 Aug. 1961. ATKV-Db. & Finanskom: 8 Jul., 22 Jul. 1959. UR: 7 Sept. 1962.

naamlik die ideaal van die behoud en die bewaring van die afsonderlike bestaan van die blanke bevolking, maar meer nog hierdie Simboliese Ossewatrek het die grondliggende gedagte meer prominent afgestem op die afsonderlike identiteit en voortbestaan van die Afrikanervolk in 'n eie onafhanklike staatsverband. Waar die Groot Trek gestaan het in die teken van die gehoorsaming aan die volksroeping om die land in besit te neem, dit te bewerk en dit te onderwerp en te beheers, word die kiem van Republikanisme wat in die volkswete en die historiese bewussyn van die volk sluimerende was deur hierdie gebeurtenis bevrug en ryp gemaak vir die noodwendige proses van groei en ontwikkeling wat vanaf hierdie tydstip in die volkslewe volg en wat later kulmineer in die verkryging van volledige staatkundige vryheid die Republiek van Suid-Afrika! Die Simboliese Ossewatrek vind plaas in 'n fase van die volksgeskiedenis waartydens die Afrikanervolk bedreig word deur oorheersing van en oorspoeling deur 'n aan die volk vreemde volksbeskouing en volksgedagte-wêreld, soos gedra deur die Verenigde Party-bewind.

Tot die daarstelling van die belangrikste monumente van die Afrikanervolk het die ATKV 'n beslissende bydrae gelewer. Die prestasie hieraan verbonde is nie soseer die uiteindelijke sigbare resultaat nie, maar in besonder die aktivering van die gewone volkslid waardeur die trekbakens van die geskiedenis van die Afrikaner weer 'n dinamiese werklikheid in die begrensde bestaan van die enkeling, dikwels op verafgeleë Spoorwegsentra, geword het. Die band met die verlede is hierdeur lewend en brandend gehou en vorm 'n dinamiese skakel in die proses van die kultuuroordrag van die tradisionele Calvinistiese kultuurdominant in die volkslewe.

Die bestaan van 'n onderskeibare volksidentiteit word dikwels gekoppel aan die voorkoms van karakteristieke volksdrag, volksang, spel, toneel en kleding. Hierdie uiterlike simbole van 'n innerlik-deurleefde identiteitsbewussyn is belangrike faktore wat as barometer diens kan doen om die stand van die identiteitsbesef van die volk te peil. Afwesig-

heid daarvan in die volkslewe is 'n besliste armoede, terwyl die bewuste konservering van die genoemde kultuurgenres positief gewaardeer moet word omdat dit telkens sigbare herinnering is aan 'n tradisioneel oorgelewerde wyse van lewensindienstelling. Die poginge om die volkskultuurgoedere vir die nageslag te bewaar verteenwoordig fundamenteel dieselfde strewe, naamlik die konservering van die historiese bewussyn en implisiet daarby inbegrepe die bewussyn van 'n volksroeping.

Die enkele, dikwels geïsoleerde optrede in belang van die Afrikaanse taal was die vore wat deur die ATKV gemaak is waardeur die stroompies van taalhandhawing, gelykberegtiging en erkenning kon vloei om saam 'n magtig-bruisende stroom van taaltrots, moedertaalliefde en Afrikaanse taal en volksbewussyn te vorm, wat weer op sy beurt in die tradisie gekanaliseer is en die bronaar gevorm het van die volk se roepingsbesef en besef van afsonderlike identiteit. Wanneer hierdie stroom sterk en breed gevloei het, kon die volk op die groot verskeidenheid van volksakkers vorm, bou en werk en die oes van die Afrikaanse volkskultuur, voortbring - het hierdie stroom verflak, verflou of opgedroog, dan het die ander kultuurakkers van die volkslewe spoedig ook tekens van verwelking en agteruitgang getoon.

A F D E L I N G I I I

B E O O R D E L I N G

HOOFSTUK VIII: BEOORDELING

1. Partikuliere volksorg in historiese perspektief

1.1 Aksentverskuiwinge

1.1.1 In die konfrontasie van en wisselwerking tussen die verskillende kultuurdominante in die Afrikanervolksbestaan is 'n duidelike aksentverskuiwing merkbaar vanaf die tradisionele, oorwegend Calvinistiese kultuurdominant na 'n nuwe hibridiese kultuurdominant waarvan die kontoere besig is om in hooftrekke sigbaar te word. Die invloed van hierdie kultuurdominant in twee fasette van die volksbestaan het in hierdie proefskrif geblyk, te wete in die onderlinge verhoudinge tussen volke, volk en staat en staat en partikuliere instellings. Of sodanige aksentverskuiwinge inderdaad as kriterium hanteer kan word om die rigting van die ontwikkeling en die aard van so 'n nuwe kultuurdominant te peil is problematies. Dat hier egter blyke is van onrusbarende tendense in die volkslewe, is duidelik.

Ook die Afrikaanse volkskultuur as deel van die Westerse kultuurgemeenskap het in sy ontwikkeling sedert die volksplanting in 1652 aan die Kaap, in sy kultuurontwikkeling onder die invloed gestaan van wisselende religieuse grondmotiewe. Sekularistiese tendense was voor die koloniale tydperk aktief in die Westerse kultuur. Daar kan derhalwe van die standpunt uitgegaan word dat verskillende kultureel-desintegrerende tendense reeds vanaf die volksplanting aan die Kaap werkzaam was.

Herman Dooyeweerd¹⁾ wys op die bestaan van religieuse grondmotiewe wat sentraal-religieus van aard is as dinamis in 'n bepaalde kultuur fungeer en die kultuurontwikkeling bepaal, ver buite die sfeer van die draers van sodanige motiewe. Dat die heersende grondmotief van die koloniste oorwegend Calvinisties was, val nie te betwyfel nie. Vroeg in die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner kom egter al verskynsels voor waarin 'n verskeidenheid van religieuse motiewe werkzaam is.

1) Dooyeweerd. In the twilight of Western thought.

Die eerste kennismaking met denkbeelde wat in hooftrekke vreemd is aan die Calvinistiese kultuurdominant, was in die tydperk wat die Kaap onder die bestuur van die Bataafse republiek was en De Mist in staat, kerk en skool die eerste kieme van die liberale denkrigting saai. In die liberalisme met sy gees van verdraagsaamheid en oordrewe waardering vir die menslike persoonlikheid, word 'n mens- en maatskappy-beskouing aangetref wat in die kiem reeds die trekke van 'n universalistiese maatskappybeskouing herberg. Hoewel die liberalisme in sy oordrewe waardering van die rede van die vrye menslike persoonlikheid absolute owerheidsgesag verwerp, ontstaan juis as gevolg van die rasionalistiese kern 'n leemte by gesagsvorming sodat mede as gevolg hiervan in verskillende state na die eerste wêreldoorlog totalitêre sisteme ontstaan het. Scholten²⁾ wys daarop dat dit in die verskillende vorme van liberalisme steeds gaan oor die betrekking van geheel en dele. 'n Eenvormige visie op hierdie relasie word binne die liberalisme self nie aangetref nie. Frappant is egter dat juis die uitgangspunt van die absolute waarde van die menslike persoonlikheid by konsekwente toepassing voer tot die ontkenning daarvan en die onderskikking aan totalitêre verbande. Die liberalisme waarin die vryheid van die individu ten alle koste van die begrensing teweeggebring deur verbondenheid aan of inmenging deur samelewingstrukture gevrywaar word, hou in principe 'n ontkenning van die bande van normatiwiteit van welke aard ook al in. Hierin is in die kiem al die spore van relativisme wat tot nivellering en gelykskakeling van struktuurverskille voer, opgesluit.

Die Verligtingsdenkbeelde soos deur De Mist in verskillende fasette van die volkskultuur in praktyk gebring was 'n belangrike voorloper van die grensnivelleringsproses wat die ryp vrug van die sekularisme is. Die sekularisme is in

2) Scholten, L.W.G. Liberalisme. (In: Christelike encyclopedie, 4: 432).

Suid-Afrika in 'n groot mate in die hand gewerk onder andere deur die dualisme van godsdiens en wêreld soos in die latere metodistiese lewens- en wêreldbeskouing behels.

Ook die inter-kulturele kontak tussen die Britse en Afrikaanssprekende bevolking het in 'n sekere sin 'n botsing van divergente religieuse grondmotiewe meegebring. Globaal genome kan die heersende religieuse grondmotief van die Britse kultuur en die daaraan korrelate lewens- en denkhouding van die 18de eeu as deïsties getipeer word. Juis hierdie geestesklimaat waarmee die ontwikkelende Afrikaanse volkskultuur gekonfronteer was tydens die eerste en tweede besetting aan die Kaap het 'n determinerende invloed gehad op die geleidelike aksentverskuivinge in die heersende religieuse grondmotiewe in die Afrikaanse kultuur en het bygedra tot die karakterverandering van die oorwegend Calvinistiese kultuurdominant. Die belangrikste weë waarlangs hierdie motiewe die Afrikaanse volkskultuur binnegedring het, was die beleid van denasionalisering en anglisering deur die Britse owerheid.

Nadat die eerste bres in die muur van die Calvinistiese kultuuretos deur die liberalisme geslaan was, het die angliserings- en denasionaliseringsbeleid van die Britse owerheid hierdie proses verder gevoer en die momentum van die proses in die onderskeie samelewingstrukture versterk. Vanaf die stadium van die ontkenning van die gebondenheid van die individu aan norme en by name samelewingstruktuurnorme, na die metodistiese visie waarin as gevolg van kultuurmyding "die wêreld" in prinsipe aan die normloosheid uitgelewer word, is maar 'n klein skrede na 'n fase waarin iets uit die "normloos-gesekulariseerde werklikheid" self tot norm verhef word. Afgesien van die asketiese trek van wêreldmyding dikwels inherent aan die metodisme, waardeur groot terreine van die lewe aan die invloed van die godsdiens en geloof onttrek word, is een van die wesen-selemente daarvan die individualisme. Die

aksent op die persoonlike bekering en geloof, los van die verbond -en- heid van die ander in gemeenskapsverband is eie aan die metodistiese geloofsbeleving. Hierdie individualistiese trek het in die lewenspraktyk 'n sterk bondgenootskap gevorm met die individualisme soos deur die liberalisme gepropageer.

Volgens Dooyeweerd³⁾ is die eerste spore van die ontsluiting van 'n kultuur dikwels in die proses van simboliese betekening merkbaar. In die lig hiervan wil dit voorkom asof die ontwikkeling van 'n eie taal een van die belangrikste aanwysinge is, dat 'n afsonderlike kultuurgemeenskap in ontwikkeling is. So 'n taal fungeer as uitdrukkingsmiddel vir die denkwêreld van 'n bepaalde groep. Daarin kom, in die terminologie van Venter, die konsepsiewêreld van 'n groep tot uitdrukking. Die uitroep van Jan Bibault: "Ik ben een Afrikaander", gee uitdrukking aan die bewussyn van as één groep aan 'n ander as die Nederlandse landsbodem, verbonde te wees. Daarin kom tot uitdrukking die lotsverbondenheid en solidariteit van die nuwe bevolking met die nuwe vaderland. Hierdie taal word met verloop van tyd uitdrukkingsmiddel, die kommunikasiemiddel van die bevolking, waarin juis die verbondenheid met die nuwe landsbodem blyk. So groei 'n ander konsepsiewêreld in wisselwerking met die nuwe omgewing, maar tog as produk en as voortsetting van die oorwegend Calvinistiese geesteklimaat van Nederland, waaruit die grootste deel van die koloniste gestam het.

Hoewel die Engelse taal die belangrikste draer was van die liberale denkbeelde wat die Afrikanervolkskultuur binne gedring het, sou dit onjuis wees om die Engelse taal daarenteen as geheel en al deurweef van 'n radikaal andere grondmotief te teken.

3) Dooyeweerd. A new critique of theoretical thought, dl. II.

Ook Engeland is en was inherente deel van die Christendomlike Westerse kultuurgemeenskap. Weliswaar het die Britse kultuur reeds belangrike simptome van die deurwerking van die deïstiese grondmotiewe getoon, veral in die agtiende eeu, maar geheel en al vreemd aan die tradisioneel Christendomlike geestesinhoud, was die Britse konsepsiewêreld uiteraard nie. Die traumatiese van die konfrontasie van die twee kultuurgemeenskappe elk met hulle eie taal, was veral geleë in die feit dat die Engelse besetters van die land, doelbewus hulle magsposisie misbruik het in 'n proses van denasionalisering en anglisering van die bevolking. Hierdie ideale moet gesien word teen die agtergrond van die koloniale en imperialistiese "commonwealth"-ideale van die Britse Ryk. In 'n sekere sin was so 'n beleid begryplik, dit was trouens in 'n meerdere of mindere mate deur die meeste koloniale moondhede nagevolg. Taalverontregting fungeer in die beleid van die Britse bestuur as een van die belangrikste media waardeur die trou aan eie landsbodem plek moes maak vir die trou aan Engeland en die "commonwealth".

In die Britse imperialisme soos vergestalt in die politieke ideale van Rhodes, Milner en later ook Smuts, kan 'n belangrike verlengstuk gesien word van die liberalistiese maatskappybeskouing, wat deur die invloed van De Mist reeds in die Afrikanervolkselewe na vore getree het. Waar die struktuurverskille tussen samelewingsverbande as gevolg van die liberalistiese gesags- en vryheidsvisie aan 'n nivelleringsproses onderwerp is, het hierdie proses deur die doelbewuste beleid van anglisering van owerheidsweë in momentum toegeneem, met die konsekwensie dat die pendulum van die meer individualistiese uiterste na 'n meer totalitaristiese uiterste oorgeslaan het. Hierdeur word die kanale gegrawe vir klein stroompies van 'n veel groter en omvattende geestestroming wat later die volkselewe oorspoel - die holisme.

1.1.2 Naas die genoemde tendense merkbaar veral uit die onderlinge verhouding tussen samelewingsverbande, is ook 'n breër en meer omvattende tendens in die lewensstyl van die Afrikanervolk merkbaar, nl. 'n aftakelingsproses, waarin die aanvanklik oorewegend Protestants-Christelike lewenshouding en kultuurpatroon, verdring word deur 'n nuwe etos. Een van die mees markante simptome hiervan is die voorkoms van 'n praktiese sg. "separatistiese" lewenshouding, waarin geloof en "lewe", kompartementalisties naas en teenoor mekaar gestel word, en andersyds 'n ontwikkeling in die rigting van 'n onttrekking en isolering van die geloof binne die sfeer van die eng-kerklik godsdiens-tige lewe. So ontwikkel dan naas mekaar, maar tog ook heel duidelik onderling vervleg, twee lewenshoudinge: Eensyds 'n visie waarin diens van God in die institutêr-kerklike lewe en persoonlike godsdiens-tige lewe oorbeklemtoon word, ten koste van die vervulling van die roeping op alle ander lewensterreine, terwyl andersyds weer die sg. "neutraliteit" van die nie-kerklike lewensterreine oorgeaksentueer word, waardeur 'n sekularistiese schisma tussen geloof en lewe ontstaan. In hierdie ontwikkelinge het die inter-kulturele kontak tussen die Afrikaanse en Engelse volkskulture en die daaruit voortvloeiende proses van kultuurvermenging 'n belangrike rol gespeel.

Uiteraard moet ook hierdie ontwikkeling teen die agtergrond van die wêreldwye sekularisasieproses gesien word. Die spesifieke Suid-Afrikaanse ontwikkeling en vormgewing van hierdie proses kan egter alleen met deeglike inagnome van die historiese prosesse in die volkslewe gepeil word.

Die vraag ontstaan onwillekeurig of daar nie dalk 'n verband bestaan tussen die separatistiese lewenshouding en die vergestaltungen van die holisme in die Afrikanervolkskultuur nie? Alvorens daar gepoog word om die verband tussen hierdie twee verskynsels te lê, eers enkele opmerkinge oor die holistiese eenheidsideaal wat in die konfrontasie van die Britse en die Afrikanervolk vorm aanneem.

1.1.3 In die kontak van die twee volkere tree geleidelik twee eenheidsideale na vore, één verteenwoordig in die sg. tweestroombeleid van Hertzog en die ander vergestalt in die holisme-ideologie van Smuts en sy voorgangers. Die krus waarom dit hier gaan in die proses van volkereassimilasie is die vraag na die moontlikheid van en voorwaardes vir die sintese tussen twee fundamenteel verskillende lewensbeskouinge en kultuurpatrone. Die vraag ontstaan hoe dit moontlik was dat in die wordingsjare van die Afrikanervolk uiteenlopende groepe soos Duitsers, Franse en Nederlanders in staat was om binne 'n kort termyn tot 'n volkseenheid saam te smelt, terwyl die Afrikaans- en Engelsprekendes oor 'n veel langer periode nie tot so 'n duidelik-herkenbare volkseenheid saamgegroeï het nie. Historiese faktore, waarin veral die onderlinge magstryd tussen die twee volksgroeperinge en die onverenigbaarheid van trou aan sowel Brittanje as Suid-Afrika, het in hierdie ontwikkeling 'n deurslaggewende rol gespeel.

Die staatkundige ontwikkeling in die begin van hierdie eeu, met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, stel die moontlikheid vir 'n tweërlei ontwikkeling daar, nl. 'n eenwording van verskillende provinsies (state) as dele van 'n omvattende staatsgeheel, waardeur ook 'n gunstige klimaat geskep word vir 'n proses van kultuur- en volkassimilasie. Die twee genoemde eenheidsbeskouinge, wat reeds in die kiem vóór 1910 aanwesig was, kom geleidelik tot ontplooiing en word eksplisiet in die politieke beleid van die onderskeie partye. Twee eenheidsbeskouinge kom teenoor mekaar te staan. In die deur holisme-gevoede eenheidsideaal word uitgegaan van 'n individualistiese volksbeskouing waarin die verskeidenheid van volksgroeperinge as individue of enkelinge binne die omvattende staatsgeheel gesien word, met die gevolg dat eenheid slegs realiseerbaar geag word in die mate waarin die verskeidenheid in die hoëre eenheid van die omspannende staatsverband opgaan. So word 'n verskeidenheid van volksidentiteite as dele van die omspannende staatsgeheel gesien, waardeur die bestemming van volk en staat geïdentifiseer word.

Die ander beskouing wat na vore tree is die tweestroombeleid met die daaraan onlosmaaklik verbonde Republikeinse staats-ideaal, waarin die erkenning van 'n aparte staats- en volks-identiteit inbegrepe was, berus op 'n eenheidsvisie waarin een-heid tot stand kan kom deur die erkenning en handhawing van dit wat aan die selfstandige volksidentiteite eie is. In hierdie beskouing berus eenheid op die erkenning van volk en kultuurdifferensiasie.

In die holisties-gefundeerde eenheidsideaal word van die individualistiese eenheid en gelykheid van staatsburgers uitgegaan waarin die erkenning van die afsonderlike identiteit van die verskillende gemeenskapsvorme waarbinne elke mens fungeer, sekondêr aandag geniet. As gevolg van die prinsipiële ontkenning of miskenning van volks- en kultuurverskeidenheid, voer so 'n totalitêre eenheidsideaal enersyds tot nivellering van volks- en kultuurverskille en word andersyds 'n tendens tot universalistiese gemeenskapsvorming daardeur in die hand gewerk.

Die teenstelling tussen Rhodes en Kruger en Smuts en Hertzog vergestalt hierdie tweërlei eenheidsvisie ten opsigte van die verhoudinge tussen volke. In die konfrontasie van hierdie twee botsende lewensbeskouinge speel die heersende politieke situasie en die magsoorwig van die heersende politieke groepering 'n belangrike rol. In die fase vanaf 1806 het die voorstanders van die meer holisties-getinte eenheidsideaal as politieke maghebbers die karakter en kleur van die kultuurdominante in die volkskultuur gedefinieer. Alle bestaande magposisies in skool, kerk en staat was benut as media om die lewensbeskoulik- en linguaal wyd uiteenlopende blanke etniese bevolkingsgroepe meganies-kunsmatig tot één nasionale staatseenheid te laat saamsmelt. Sleutelposisies in die leidinggewende samelewingsverbande was ingeneem deur figure wat in die lyn van

die Anglo-saksiese kultuurtradisie gestaan het en wat op grond van die, aan hierdie lewenstyl korrelate dialektiese religieuse grondmotief, die proses van normpositivering in die onderskeie samelewingsverbande gerig en gestuur het. In Proses wat, hoewel nie altyd so duidelik merkbaar nie, tog dieselfde dialektiese spanning in die onderskeie samelewingsvorme na vore geroep het en veral die separatistiese lewenshouding van geskeidenheid van leer en lewe in die hand gewerk het, sodat lewe en religie wat in die lewenspraxis in onverbreekbare eenheid is en ook behoort te wees as twee (of meer) kompartementeel-geskeie sfere naas en dikwels ook teenoor, mekaar te staan gekom het. Hierdie skynbare onderskeid tussen lewensgebiede het wel deeglik sy invloed laat geld veral omdat die neutraal-gewaande nie-religieuse sfeer ten diepste ook deur in bepaalde religieuse grondmotief gedra en geïnspireer word.

Aksentverskuiwinge in die religieuse grondmotiewe wat as dryfvere van die kultuurdominante in die proses van kultuurvorming fungeer, word telkens vergesél deur in wysiging in die opvatting aangaande die karakter en taak van samelewingstrukture.

1.2 Partikuliere volksorg: Pendant van aksentverskuiwinge

Gelet op die feit dat die Afrikanervolk nie vir die volle duur van sy bestaan oor in eie politieke magsorganisasie beskik het nie en dus nie as in politieke regsgemeenskap fungeer het nie, ontstaan die vraag welke instellinge en kragte dan wel instrumenteel was en is in die proses van volkswording; welke instellinge fungeer as "historiese maghebbers" in en draers van die Afrikaanse volks - gedagte?

1.2.1 Die Afrikaanse kultuurverenigings het vanaf die begin van die ontwaking van die nasionale bewuswording en identiteitsbesef van die Afrikaner in belangrike funksie vervul in die proses van kultuurvorming, handhawing en uitbou. Die eerste en tweede taalbewegings was die dinamiese draers van die Afrikanervolksbewussyn en identiteitsbesef. Die beskeie werk

wat deur hierdie twee bewegings en die onderskeie kultuurverenigings betrokke daarby begin is, het uitgegroeï tot die vormgewing van 'n eie taal as uitdrukkingsmiddel van die volkseie gedagte-wêreld.

1.2.2 Afgesien van die polarisering van die werksaamhede en van die verenigings betrokke in die Afrikaanse kultuur, is daar ook 'n divergensie te bespeur in die nood waaraan die verskillende liggame aandag gee. Naas die partikuliere taalverenigings wat via taalhandhawing en uitbou poog om die identiteit van die Afrikaner te handhaaf, is daar ook die volksbewegings wat in 'n krisistyd van die Afrikanervolksbestaan veral die materiële en sosioëkonomiese bedreiging van die volksidentiteit beveg. Hierdie bewegings waaronder die Helpmekaarbeweging en die Reddingsdaadbond ontstaan uit 'n gevoel van bewoënheid met die lot van die noodlydende mede-volksgenoot. Hoewel hierdie twee bewegings ontstaan in 'n tydperk van nood en krisis in die volkslewe wat meer as die gewone aandag en deursettingsvermoë van die volk geeis het, is hier nie opgesien na een omvattende of universele versorgingsmetode nie maar is daar saamgestaan in die gees en gesindheid van eendragtige volksliefde ten einde die probleem op te los. Die kultuurorganisasies, waarby ook die vroueverenigings ingegrepe is, is vrug van 'n tendens waarin die individuele optrede van die gelowige volksman teenoor sy volks-genoot in nood voorop staan.

1.2.3 Tot omstreeks die dertiger jare van hierdie eeu neem die georganiseerde kultuurwerksaamhede van die kultuurorganisasies die karakter van volksbewegings aan. Vanaf die dertiger jare is dit merkbaar dat die werksaamhede van die kultuurorganisasies veel meer gespesialiseerd word. Kultuurverenigings binne beroepsgroepe ontstaan en die twee benaderingswyses, nl. taalhandhawing en hulp in sosioëkonomiese nood word geïntegreer. Ook in hierdie fase kom die onderskeid tussen die sg. kultuur- en maatskaplike

welsynorganisasies duideliker na vore. 'n Duidelike polarisering van werksaamhede doen sig voor tussen hierdie twee onderskeie tipes van organisasies. Die kultuurorganisasies groepeer in hoofsaak rondom die FAK en die maatskaplike welsynorganisasies rondom die Nasionale Welsynsraad. Hierdie divergensie in die ontwikkeling van partikuliere volksorg en die polarisering rondom twee koördinerende instellings wat qua karakter van koördinasie fundamenteel verskil, laat die vraag ontstaan of hier in die geval van die twee tipes van organisasies slegs sprake is van verskil in doelstellinge of is dit inderdaad twee wesensverskillende instellings? Is daar in die aard van die volksorg self of in die doelstellinge van die onderskeie tipes van verenigings, naamlik die "maatskaplike welsynsvereniging" en die "kultuurvereniging" of in die struktuur van die betrokke instellings 'n bepaalde eienskap aanwesig wat 'n predisposisie tot inskakeling in die proses van funksionele desentralisasie en gemengde bestuursvorming van owerheidsweë in die hand werk - 'n vorm van universalisme en totalitarisme dus? Uiteraard hang die antwoord op hierdie vraag saam met die vraag na die aard, struktuur of kwalifikasie van 'n partikuliere instelling en die relasie tussen sy bestemmingsfunksie en die variabele doelstellinge deur hom nagestreef.

Die proses van die koördinasie van die aktiwiteite van die partikuliere volksorginstellings bring twee vorme van koördinasie aan die lig. In die een word die partikuliere instellings en hulle werksaamhede binne die raamwerk van die staat se koördinasiebeleid in 'n gemengde orgaan as deel van die groter geheel opgeneem, terwyl in die geval van die federasie as koördinasievorm die meewerkende liggame op 'n newegeskikte basis as selfstandige entiteite federeer.

Nou is dit opvallend dat hoewel feitlik al die Afrikaanse kultuurliggame hulle ontstaan dank juis aan 'n verzet teen 'n proses van kunsmatige integrasie van die Afrikanervolk

in die volksidentiteit van die Engelse maghebber, daar tot dusver nog weinig verset was teen die feit dat deur 'n proses van funksionele desentralisasie partikuliere volksorgaaninstellings meganies geïntegreer word as dele van die staatsgeheel.

1.3 'n Nuwe kultuurdominant?

Op twee vlakke van die volkslewe word daar met hierdie tendens tot die invoeging in 'n groter geheel kennis gemaak, nl. in die verhouding tussen volke en staat en partikuliere instelling. Gemeenskaplik aan beide tendense is 'n dialektiese eenheidsideaal, waarin eenheid primêr as 'n geheeldeilverhouding gesien word.

Karakteristiek van die holisme is die gedagtes van sentrale kontrole en koördinasie van aktiwiteite vir die vorming van 'n organiese geheel. Hierdie siening leen hom baie maklik daartoe om die sentrale beheer in 'n spesifieke situasie aan die staat (of selfs die Statebond) toe te sê. Aan die holisme lê 'n universalistiese maatskappybeskouing ten grondslag. In beide van hierdie geestestrominge word elemente van die dualistiese Roomse maatskappybeskouing teruggevind. Fundamenteel aan die holisme is:

- * 'n dualistiese siening van die maatskappy
- * die aanvaarding van 'n bepaalde „organiese” eenheids- of geheelprinsipe in die kosmos en
- * die verabsoluttering van 'n sekere tydelike lewensverband tot 'n totalitêr-omvattende verband.

In die holisme of kreatiewe evolusie word uitgegaan van 'n inherente drang in die werklikheid tot die harmoniese samevoeging van dele tot gehele. Die substansie-idee tree hier sterk op die voorgrond, met die gevolglike hipostasering van iets in die immanent-kosmiese. Die „sin”-karakter van die werklikheid, naamlik die religieuse betrokkenheid van alles op God word negeer, dit wil sê die absolute afhanklikheid van die kosmos vir sy ordelike en harmoniese bestaan, terwyl 'n geheel-bewerkende mag binne die kosmos erken word. 'n Tipies Suid-Afrikaanse variant van die universalistiese gemeenskapsmitte word so gebore,

Vroeër in hierdie samevattinge is die vraag gestel na die samehang tussen die aksentverskuiwinge in die kultuuretos van die Afrikanervolk via die liberalisme, deïsme en metodisme en die daaruit voortvloeiende separatistiese lewenshouding van skeiding tussen natuurlike en "bo-natuurlike" lewe en die verandering in maatskappybeskouing wat ook in die samelewing gekonstateer kan word. Hierdie ontwikkeling vanaf die Calvinisme via die liberalisme, deïsme, metodisme ens. toon 'n merkwaardige parallel met Dooyeweerd se analise van die invloed van verskillende religieuse grondmotiewe in die Christendomlike Westerse kultuur.

Dooyeweerd skets die ontwikkeling van die Griekse vorm-materiemotief en die verandering wat dit ondergaan in die sintese met die Christelike religieuse grondmotief, sodat daaruit die Skolastieke grondmotief met die dialektiese skeiding van natuur en genade ontwikkel. Onder invloed van die humanisme word hierdie tweedeling vervang met 'n dialektiek waarvan die begrippe natuur en vryheid karakteriserend is. Die dialektiek vergestalt hom dan ook in die polêre spanning tussen die persoonlikheidsideaal en die natuurwetenskapsideaal. Wat egter nou interessant is in verband met die in die Afrikaanse volkskultuur gesignaleerde holistiese tendens, is die feit dat hierdie oorspronklike dialektiek van natuur en genade in die humanistiese religieuse grondmotief omgebuig word, sodat die polêre spanning nou tussen die twee pole van wetenskap enersyds en die (individuele) persoonlikheid andersyds beweeg. Onder invloed van die historisme en die sosiologisme verskuif die klem van die individu na die gemeenskap as geheel - 'n tipies totalitêre en universalistiese benadering.

In die lig van hierdie analise wil dit voorkom asof die tendens tot geheelvorming - in die verhouding tussen samelewingstrukture - simptome gesien kan word van die optrede van 'n nuwe kultuurdominant in die volkslewe. In hierdie kultuurdominant val die klem al hoe sterker op die geheel, terwyl die afsonderlike en eiesoortige strukture op meganiese-kunsmatige wyse as dele van hierdie geheel geïntegreer moet word. Dooyeweerd noem hierdie

verskynsel wat ook na vore getree het in die verabsoluttering van verskillende vorme van gemeenskap in die totalitêre regimes van die nasionaal-sosialisme en die kommunisme en die fascisme uitwasse van die „historisme“. Die identiese verskynsels word deur Venter met die gemeenskaplike grondnoemer „die religie van die kommunard“ aangedui. 4)

2. Volk en kultuursorg deur die ATKV (SAS en H): Kritiese evaluasie

- 2.1 Die ontstaan van die ATKV (SAS en H) moet gesien word as 'n duidelike reaksie op die uitwasse van die hibridiese holistiese kultuurdominant in die Afrikanervolkswêre en veral op die Suid-Afrikaanse Spoorwêre. Die bedreiging wat deur die invloed van hierdie ander lewenswyse en lewensetos van 'n super-Afrikaner met twee volkspersoonlikhede op die Afrikanervolkseidentiteit uitgeoefen is, is deur die stigters van die Vereniging gevoel en tydige maatreëls is getref om hierdie proses van volkseidentiteitsdegenerasie en disintegrasie teen te werk. Veral die feit, dat daardeur aan die Afrikaanssprekende spoorwegman die geleentheid gebied is om aan te dring op die erkenning van sy eie identiteit, het veel daartoe bygedra dat die Afrikaner weer sowel arbeidstrots as nasionale trots deelagtig geword het.
- 2.2 Dieselfde situasie wat hom in groot in die volkswêre as geheel in die onderlinge verhouding tussen volk en staat afgespeel het, is ook te onderskei binne die Spoorwêre self. Hier word die kulturele belange, die taal van 'n spesifieke groep werknemers verontagsaam en verontreg, met die gevolg dat die Afrikaanssprekende spoorwegarbeider deur die inkonsekwente toepassing van die destyds reeds bestaande maatreëls ter beskerming van sy taal, daartoe geroep word om sy eie identiteit prys te gee. Dat hierdie feit in die alledaagse omgang op die arbeidsterrein tot menige vernederende situasie aanleiding gegee het is voor die hand liggend. Die ontstaan van 'n georganiseerde mondstuk waardeur die taal- en kulturele belange van die Afrikaanssprekende spoorwegwerker sy eise aan die spoorwegowerheid kon stel lui

4) Dooyeweerd. Vernieuwing en besinning. Id. In the twilight. Venter, C.N. Kultuur-en-versorgingswetenskap.

h nuwe era in in die geskiedenis van die Afrikaner op die Spoorweë. Die feitlik simultane ontstaan van die georganiseerde vrouewerksaamhede van die lede van hierdie Vereniging het die trefwydte van die ideale van die Vereniging aansienlik vergroot, omdat dit nie slegs die arbeider binne sy arbeidsgemeenskap geraak het nie, maar nou ook via die aandeel van die vrou die gesinslewe en vryetydsbesteding van die gesin positief beïnvloed het.

- 2.3 Die grondslag van die Vereniging toon duidelik aan dat ons hier te make het met h partikuliere instelling wat as draer van die oorwegend Calvinistiese kultuurdominant in die volkslewe wil fungeer. Duidelik spreek ook die bewussyn van gebonde te wees aan die roeping van die Afrikanervolk aan die Suidpunt van Afrika. Die grondreëls van die Vrou-en-Moederbeweging het hierdie belydenis ten opsigte van die spesifieke praktiese en konkrete roeping en taak van die vrou en moeder in die gesinslewe en in die breëre samelewing geformuleer.
- 2.4 Die organisatoriese vormgewing van die verhouding tussen die Beweging en die Vereniging lewer soms probleme op en laat onwillekeurig die vraag ontstaan hoe sodanige verhouding tussen h vrouebeweging binne h ander omvattende vereniging konstitusioneel gereël moet word?
- 2.5 Wanneer die volksorg van die ATKV (SAS en H) in breë lyne aan h evaluasie onderwerp word, dan blyk dit dat afgesien van die gespesialiseerde hulp wat die Vereniging en sy Beweging aan verskillende ouderdomskategorieë van sy lede en die bevolking in die algemeen gebied het, die grootste deel van sy kuratiewe werksaamhede gerig was op die hulpverlening aan verskillende samelewingsverbande, en by name aan die gesin. Die waarde van die hulp aan en voorligting aan die gesin ook via die werk van die Vrou-en-Moederbeweging is moeilik te bepaal. Deur volhardend in die klein die Afrikaanssprekende spoorwegman in staat te stel om sy identiteit en waardigheid te handhaaf in h tyd van snelle industrialisasie en ekonomiese opbloei waarin feitlik elke lid van die bevolking aan die hoëre eise van die geïndustrialiseerde en verstedelike samelewing blootgestel was, het

die ATKV as vormingsinstituut en as volksuniversiteit die breë lae van die bevolking in staat gestel om op 'n hoër peil van kulturele ontwikkeling en arbeidskragtigheid te kom. Die stut wat die volksorg van die Vereniging gebied het teen die proses van materiële en geestelik-kulturele verval deur die verskillende vorme van hulpverlening, het later geblyk van die belangrikste pylers te wees waarop 'n groeiende en wordende volksbesef sou wortel. Wat in hierdie verband veral opval is die feit dat alhoewel die Vereniging hom oor die ganse periode van sy bestaan aktief met die Afrikanervolk en sy volksidentiteit bemoei het, hy hom heel selde op die gebied van die politiek gewaag het. Die ATKV kan inderdaad as een van die belangrikste stukragte gesien word agter die politieke bewuswording van die Afrikanervolk, terwyl hy in werklikheid heel weinig bewustelik hierdie terrein betree het.

- 2.6 Wanneer die twee hoofrigtinge van die sorgaktiwiteite van die ATKV onderskei word, dan blyk dit dat dit in die lig van die doelstellings van die Vereniging nl. om bouend, bewarend en herstellend op te tree ten opsigte van die lede, die Afrikaanse taal en die kuns en kultuur van die Afrikanervolk, onmoontlik is om die lid of die mens-in-volksverband te versorg, sonder om gelyktydig ook die eie volksorgmedia te versorg en die materiële en geestelike kultuurprodukte wat deur die lede tot stand gebring is. Dit wil dus voorkom asof die kuratiewe werksaamhede van so 'n partikulier-kulturele instelling ten opsigte van die verskillende aspekte van die volksbestaan moeilik te onderskei is.
- 2.7 Wat die kultuursorg van die ATKV betref was die belangrikste bydrae wat die Vereniging gelewer het seker dié tot die konservering van die historiese bewussyn van die Afrikaner. Deur sy aktiewe aandeel in die organisering van groot volksfeeste waardeer mylpale in die geskiedenis van die Afrikanervolk herdenk en in herinnering geroep is, is die bewussyn van die eie volksidentiteit en die eie volksgeskiedenis versterk. Veral die waarde van die Simboliese Ossewatrek kan in hierdie aspek nie onder-

skat word nie. Die Trek het die ATKV en daardeur ook die Spoorwegman aan die volk bekend gestel. Dit was die aanleiding tot die ontstaan van die Reddingsdaadbond en het 'n konstruktiewe deel bygedra tot die ekonomiese bewuswording van die Afrikanervolk. Langs die trekpad is kosbare oudhede uit die volksgeskiedenis aan die Trekleiers oorhandig, wat later in die Kultuurhistoriese museum in Pretoria bewaar is as 'n konkrete en tastbare herinnering aan die herryse van die Afrikanervolk.

Orals langs die trekpad is trekbakens opgerig en is volksfeeste gevier - simptome van die bewuswording van die taal en volks-eie van die Afrikanervolk. Dit het verder ook gedien as stimulus vir die opbou van 'n eie en tipiese wyse van die viering van volksfeeste. Die Trek het die bewussyn van die historiese geroepenheid van die Afrikanervolk gesimboliseer, 'n geroepenheid wat veral geblyk het uit die differensiasie as selfstandige kulturele grootheid en die handhawing van hierdie kulturele identiteit kontra die bedreiging van die aan die Afrikaner leefwyse vreemde strominge.

Die politieke oorwinning van die Nasionale Party in 1948 en die Republiekwording in 1961 is haas ondenkbaar sonder die 1938-Ossewatrek. Dit het gedien as 'n stimulus waardeur die verdeeldheid in die Afrikanergeleedere oorwin is en die aktiewe belangstelling in die politieke toekoms van die Afrikanervolk weer gaande gemaak is.

- 2.8 Die ATKV was in die Afrikanervolksewre een van die partikuliere instellings wat baanbrekerswerk verrig het op die gebied van die aktivering van die gewone lid van die bevolking tot 'n doelbewuste deelname aan en bewaring van sy eie volkskultuurgoedere. Die aksieradius van sy invloed het feitlik nie 'n enkele genre van die volkskultuur uitgesluit nie. Verla die aandeel van die vrou en die georganiseerde vrouewerksaamhede is in hierdie verband moeilik te oorskat. As maar slegs op een van die prestasies van die Vrou-en-Moederbeweging gelet word, dan blyk dit dat die poginge om die muurtapiserieë vir die Voortrekkermonument daar te stel selfs die kleinste en mees afgeleë dorpe en gemeenskappe geïn-

spireer het met 'n grootse ideaal om die volksverlede voor die oog van die jeug te laat herrys met behulp van die naald. Beskeie bydraes van klein groepies vroue wat hulle vir die verwesenliking van hierdie ideaal ingestel het, het die besef van die band met die volksverlede by almal lewend gehou.

- 2.9 'n Waardebepaling van die werk van die ATKV sowel binne die Spoorweë as daar buite en in die staatsdiens in die algemeen ten opsigte van die handhawing en erkenning van die Afrikaanse taal is moeilik. Veël van wat deur die Afrikaner op hierdie gebied vermag is sedert die amptelike erkenning van Afrikaans in 1925, het tot stand gekom deur die toedoen van of die medewerking van die ATKV. Die feit dat dit 'n vereniging was wat as die georganiseerde mondstuk gedien het vir die Afrikaner, het daartoe meegewerk dat die Afrikaner-arbeider kon meesprek in die formulering van die kultuurbeleid van die Afrikaner op verskillende kultuurfronte. In hierdie opsig was die Vereniging ook 'n belangrike faktor in die handhawing van die prestige en status van die Afrikaanssprekende spoorwegwerknemer in die oë van die res van die bevolking.
- 2.10 Die aanwesigheid van klein groepies lede in georganiseerde verband, selfs op die mees verafgeleë spoorwegsentra, vorm 'n belangrike vergestaltung van die Afrikanerkonsepsiewêreld in so 'n gemeenskappie en fungeer as belangrike geleier van die tradisioneel-Calvinistiese kultuurdominant in die Afrikanerkultuuretos. Die waarde van kongresse, kursusse, konferensies en opvoedkundige vakansiereise is juis in hierdie opsig, nl. as geleier van die tradisionele kennisbesit van die Afrikanervolk, moeilik te oorskat. Langs hierdie weg is die lid bewus gemaak van die kultuur en geesteserfenisse van die volk. As kuratief-agogiese instelling het hierdie Vereniging dan ook 'n posisie in die volkslewe verwerf waardeur hy in staat is om 'n vormingstaak van verstrekkende betekenis te vervul.
- 2.11 Die ATKV fungeer as draer van die sg. „tweestroombeleid” in die Afrikanervolkslewe, waardeur die eie taal en kultuur van die

Afrikanervolk bewaar word omdat dit alleen as die weg gesien kan word waarlangs identiteit van die volk behoue bly. Hierdie handhawingstendens hou egter dikwels ook die gevaar van 'n ideologiese etnosentrisme in. Simptomaties van hierdie tendens is die feit dat die verwesenliking van die Republikeinse ideaal vir vele Afrikaners die kulminasiepunt en selfs ook die eindpunt van die volk se vryheidstrewe was, terwyl in werklikheid die realisering van hierdie ideaal gesien moet word as 'n deurgangsfase waardeur die volk beskikking verkry oor 'n eie tipiese Afrikaanse staatsbestel wat instrumenteel moet wees in die implementering van 'n beleid waarin alle volksidentiteite in die land ten volle tot ontplooiing kom. Die erkenning en vergestaltung van sodanige beleid mag egter nie gesien word as 'n doel op sigself nie, maar moet in eschatologiese perspektief gesien word. Kernagtig word hierdie ideaal deur Venter⁵⁾ soos volg geformuleer: „Die Calvinistiese republikeinse burger leef in eerste en laaste instansie vir die Koninkryk van God.\" In hierdie geloofsekerheid is „gefundeer die Afrikaner se taai stryd om die behoud van sy nasionale identiteit en die uiteindelijke verowering van 'n eie nuwe republikeinse burgerskap in die Republiek van Suid-Afrika. Dit gaan hier nie om republikeinse burgerskap as doel op sigself nie, maar om republikeinse burgerskap gefundeer in die burgerskap van die koninkryk van God, om die ewige voortbestaan van 'n gelowige volk ter vervulling van 'n eie Godsgestelde roeping - nou én hiernamaals.\"

3. Grensprobleme

Uit die voorafgaande studie het die volgende vrae van meer wysgerige aard voortgevloei:

3.1 Die vraag na die aard van die fenomeen *s o r g* of die „kuratiewe moment\" in 'n hulpverleningsrelasie tussen twee verskillende samelewingstrukture. Hiermee hang ten nouste saam die vraag na die kwalifikasie van handeling aangedui as „sorghandeling\" en die verband tussen variabele vorme van hulpverlening soos dit tot uitdrukking kom in die onderlinge relasie van samelewingsverbande.

5) Venter, C.N. Ons nuwe republikeinse burgerskap. (In Gereformeerde Korps Veritas Vincet. Republiek en koninkryk, p. 43).

- 3.2 In aansluiting hierby is dit duidelik dat daar van 'n implisiete (intuïtiewe) kennis van en 'n erkenning van sorg-fenomene gebruik gemaak word. Die feit dat daar by 'n verskeidenheid van instellings van sodanige fenomeen sprake is, dui daarop dat hier inderdaad van 'n wetenskaplike analiseerbare ordelikheid van die werklikheid sprake is, wat terminologies in die gemeenskaplike grondnoemer sorg tot uitdrukking kom.

Op grond hiervan blyk dit nodig te wees om binne 'n wysgerige totaliteitsvisie 'n modale posisiebepaling van die kuratiewe moment te maak. Omdat hierdie probleem primêr 'n ensiklopediese vraag is, lê dit op die raakvlak van filosofie en vakwetenskap.

- 3.3 Ten einde 'n tendens waarin volksidentiteit aan die belang van die omvattende staatsgeheel ondergeskik gemaak word as 'n vorm van totalitarisme te bestempel, moet daar onderskei word tussen die staat en die volk. Die vraag is nou of daar in die geval van 'n volk van 'n afsonderlike in eie kring soewereine identiteitstruktuur, naas die staat sprake is.

Wat is die aard van hierdie identiteitstruktuur volk en hoe moet die verhouding tot die staat as struktuur gesien word? Watter relasie het die volk verder met die sentraal-religieuse wortelgemeenskap van die herbore mensheid en wat is sy enkaptiese relasie met ander samelewingsverbande?

- 3.4 Dat die gemeenskaplike trou aan die in die staat verteenwoordigde eenheid van verskillende uiteenlopende bevolkingsgroepe 'n belangrike faktor is in die vorming van nasionale eenheid is nie te betwyfel nie, maar identifikasie van staat en volk of integrasie van volksidentiteite binne die staatsgeheel voer in die praktyk skynbaar nie tot eenheidsvorming nie, maar tot 'n vorm van totalitarisme. Wat is nou die juiste verhouding tussen eenheid en verskeidenheid van samelewingstrukture? Is daar 'n hoër identiteit waarbinne 'n verskeidenheid van strukture opgeneem

kan word? Wat is „uberhaupt“ die kriterium vir enige vorm van verabsoluttering in die werklikheid?

- 3.5 Wat is die struktuur, aard en bestemming van 'n partikulier-kulturele instelling met taal- en kultuurhandhawing tot doelstelling? Dooyeweerd⁶⁾ sê dat die struktuur van 'n maatskaplike vereniging nie primêr bepaal moet word aan die hand van die verskeidenheid van variabele doelstellings wat deur so 'n vereniging nagestreef moet word nie. Hy sien die kwalifiserende bestemmingsfunksie van die partikuliere instelling as die etiese. Is dit egter moontlik om in die geval van sodanige verenigings met verskillende doelstellings ten opsigte van dieselfde objek van versorging, te praat van instellings wat ter wille van wetenskaplike generalisasie onder 'n gemeenskaplike grondnoemer gekoördineer moet word? Is partikuliere instellings met byvoorbeeld taal- en kultuurhandhawing tot doelstelling, vergelykbare groothede met partikuliere instellings met noodleniging in sosioëkonomiese nood tot doel?

In beide gevalle is die „volk“ of 'n aspek van die volksbestaan die voorwerp van die versorgingshandele van die betrokke instelling. Die versorgende instelling is in beide gevalle, naamlik in die geval van sowel die welsynsvereniging en die kultuurvereniging van dieselfde karakter, en tog is daar 'n tendens merkbaar waarbinne die welsynsvereniging hom skynbaar veel gemakliker leen tot inskakeling in die uitvoering van die owerheidstaak. Waaraan moet dit toegeskryf word?

Die aanwesigheid van sodanige kultuurverenigings wat die proses van volkswording en identiteitsbesef begelei, kan ook as 'n

6) Dooyeweerd. Verkenningen in de wijsbegeerte, de sociologie en de rechtsgeschiedenis.

kriterium dien dat daar reeds van sodanige identiteit sprake is.

- 3.6 Wanneer daar in die vakwetenskaplike begrippe-apparaat operasioneel van 'n kultuurdefinisie gebruik gemaak word waarin kultuur onder andere kortliks gesien word as sorg of 'n bouende bewarende en herstellende of sorgsame wyse van lewensindienstelling ooreenkomstig 'n oorgelewerde lewenskode as tradisie ens., dan word dit problematies om byvoorbeeld tussen die twee begrippe volksorg en volkskultuur te onderskei, en lewer die hantering van die samestelling „kultuursorg” ook vanweë die toutologiese karakter daarvan, probleme op. 'n Verdere komplikasie tree na vore wanneer samestellings soos „volksorg” en „volkskultuur” vir twee onderskeibare entiteite gehanteer word, terwyl kultuur in terme van sorg definieer word en die identiteitstruktuur „volk” weer op sy beurt as afsonderlike identiteit onderskei word op grond van kultuurverskil.

-----oOo-----

BIBLIOGRAFIE

1. Boeke

- AALDERS, W.J. Wetenschap als getuigenis. Rede uitgesproken bij de overdracht van het rectoraat der Rijksuniversiteit te Groningen op Maandag 15 September 1930. Den Haag. J.B. Wolters, 1930.
- ALGEMENE ARMESORGKOMMISSIE VAN DIE NG. KERK. Verslag van die kerklike armesorgkonferensie, Kimberley, 6 en 7 Oktober 1934.
- ALGEMENE KOMMISSIE VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID VAN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK. Kerklike kongres oor die gesinslewe, 23 tot 27 September 1963: Handeling, referate en besluite en aanbevelings van die kerklike kongres oor die gesinslewe, gehou in die Stadsaal, Bloemfontein. Kaapstad, NG-Kerk-uitgewers, 1963.
- ALLERS, R. Psycho-analyse. Het succes van een dwaling. Tilburg. Nederland's Boekhuis. 1948.
- AMERY, L.S. (red.) The Times history of the war in South Africa, 1899-1902. Vol. VI. London. Sampson Low Marston and Co., Ltd., 1909. (In besonder „Part II.“ Hoofstuk III).
- ANGELINUS, P., O.F.M. CAP. Wijsgerige gemeenschapsleer; 4de druk. Utrecht, Dekker en Van de Vegt, s.j.
- ARMSTRONG, H.C. Grey Steel; J.C. Smuts. A study in arrogance. London, Arthur Baker, 1937.
- BANNING, W. Hedendaagse sociale bewegingen. Arnhem, Von Loghum Slaterus, 1957.
- BANNING, W. Inleiding tot de sociale ethiek; 3de druk. Servire-Wassenaar, s.j.
- BANNING, W. Maatschappij, kerk en evangelie. Arnhem, Von Loghum Slaterus, 1957.
- BANNING, W. Moderne maatschappijproblemen. Haarlem, De Erven F. Bohn, 1955.
- BANNING, W. Sociologie en kerk. 's-Gravenhage, Boekencentrum, 1951. (Publicatie van het Sociologisch Instituut der Nederlandse Hervormde Kerk, nr. 2).
- BANNING, W., BIERENS DE HAAN, J.D. e.a. Europese geest. Zeist, W. de Haan, 1962.
- BARENTS, J. e.a. Christendom en nationalisme. 's-Gravenhage, Van Keulen, 1955.
- BAVINCK, H. Wijsbegeerte der Openbaring. 19 Stonelezingen, November, 1908. Princeton. Kampen, J.H. Kok, 1908.
- BAVINCK, J.H. De Bijbel. Dl. IV. Religies en wereldbeschouwingen in onze tijd. Groningen, J.B. Wolters, 1958.
- BAVINCK, J.H. De mensch en zijn wereld. Bosch en Keuning, Baarn, s.j.

- BENEDICT, RUTH. Patterns of culture. Boston, Houghton Mifflin, Co., 1934.
- BERKHOF, H. Christus de zin der geschiedenis; derde druk. Nijkerk, G.F. Callenbach, 1959.
- BERKHOF, H. De mens onderweg. Een Christelijke mensbeschouwing. 's-Gravenhage. Boekencentrum, 1962. (Kerk en wereldreeks, nr. 5).
- BERKOUWER, G.C. Dogmatische studiën. De Voorzienigheid Gods. Kampen, J.H. Kok, 1950.
- BEVERIDGE, SIR, WILLIAM H. Inter-departmental committee on social insurance and allied services. London, H.M. Stationary office, 1942.
- BEVERIDGE, SIR, WILLIAM H. The pillars of security and other wartime essays and addresses. London, George Allen and Unwin, 1943.
- BIESTERVELD, B., VAN LONKHUYZEN, J. EN RUDOLPH, R.W.J. Het diaconaat. Handboek ten dienste der diaconieën. Hilversum, J.H. Wigel, 1907.
- BISNO, H. The philosophy of social work. Washington D.C., Public Affairs Press, 1952.
- BLAMIRE, HARRY. The Christian mind. London, S.P.C.K., (Society for the promotion of Christian knowledge), 1966.
- BLANCKENBERG, P.B. (samesteller) The thoughts of general Smuts. Cape Town, Juta & Co., 1951.
- BOND VAN JONGELIEDEVERENIGINGS OP GEREFORMEERDE GRONDSLAG. Koers in ons JV-werk. Leierskamp van die -; 2-4 September 1961. Potchefstroom, Pro Rege-Pers, s.j.
- BONNHOEFFER, D. Widerstand und ergebung; (Vierte Auflage). Briefe und Aufzeichnungen aus der Haft. Herausgegeben von Eberhard Bethge. München und Hamburg, Siebenstein Taschenbuch Verlag, 1967.
- BOTHA, G.P. Enkele vergestaltungen van die Afrikaanse lewensopvatting in die gang van drie eeue geskiedenis. Ongepubliseerde MA-verhandeling, voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad MA in die fakulteit lettere en wysbegeerte, Universiteit van Pretoria, Januarie 1958.
- BOTHA, L.L.N. Die maatskaplike sorg van die NG kerk in Suid-Afrika. Paarl, Paarlse Drukkers-mpy., 1956.
- BOTHA, MARTHINA E. Die vraagstuk van die koördinasie van maatskaplike sorg, met verwysing na die Nasionale Welsynsraad en die FAK. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Potchefstroom, PU vir CHO, 1964.
- BOUMAN, P.J. Rewolusie van die eensames. Johannesburg, Nasionale Boekhandel, 1958.
- BRÜMMER, F. Verslag van die nasionale konferensie oor maatskaplike werk, 1936; geredigeer namens die konferensiebestuur. Pretoria, Staatsdrukker, 1937.
- BRÜMMER, VINCENT. Transcendental Criticism and Christian philosophy. A presentation and evaluation of Herman Dooyeweerd's „Philosophy of the cosmic idea." Academisch proefschrift ter verkrijging van de graad van doctor in de Godgeleerdheid, Rijksuniversiteit te Utrecht, 1961. Franeker, T. Wever.
- BRUNO, FRANK J. Trends in social work. New York, Columbia University Press, 1948.
- BURNHAM JAMES. The managerial revolution; derde druk. Bloomington, Indiana university press, 1962.

- BURNS, EVELINE M. Social security and public policy. New York, McGraw Hill Book Co., 1956.
- BUTTRICK, G.A., (red.), BOWIE, W.R., SCHERER, P. e.a. The interpreter's Bible; band I. New York Abingdon Cokesbury Press, 1952. 12 bande.
- CALVIN, JOHN. Commentaries on the first book of Moses. First volume. Vertaal deur rev. John King. Edinburgh, Calvin translation society, 1847.
- CALVIN, JOHN. Commentary upon the Acts of the Apostles, vol. I. Beveridge, H. (ed.) Edinburgh, T. & T. Clark, 1859.
- CARNEGIE KOMMISSIE. Die armblankevraagstuk in Suid-Afrika. 5 dele, Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1932.
- CARON, W.J.H., VAN DIJK, R. JONKER, C.C. EN RIDDERBOS, NIC. H. De grenzen der wetenschap. (Interfacultaire voordrachten in 1955 gehouden aan de Vrije Universiteit.) Kampen, J.H. Kok, 1956.
- CENTRALE KOMMISSIE VOOR ONDERSOEK VAN HET NEDERLANDSE VOLKSEIGEN. 25 jaar Volkskundebureau. Mededelingen van de centrale commissie voor onderzoek van het Nederlandse volkseigen, no. 11, Desember 1959. Amsterdam.
- CILLIERS, A.C. Nasionale volksorg en die demokrasie. Stellenbosch, Pro Ecclesia Drukkery, 1941.
- CILLIERS, A.C. South African nationalism or British holism. Stellenbosch, Pro Ecclesia Drukkery, 1938.
- CLARKE, HELEN I. Principles and practice of social work. New York, Appleton-Century, 1947.
- CLOECK, H.P. Maatschappelijk werk in overgangstijd. Alphen aan den Rhijn, N. Samson, 1957.
- COERTZE, P.J. Akkulturasie. (In Cronjé, G. Kultuurbeïnvloeding tussen blankes en bantoes in Suid-Afrika. Van Schaik, Pretoria. p. 1-34.)
- COERTZE, P.J. Die bio-genetiese grondslae van kulturele differensiasie. (In Cronjé, G. Die Westerse kultuur in Suid-Afrika. Pretoria, Van Schaik, 1963. p. 156-173).
- COERTZE, P.J. (red.) Inleiding tot die algemene Volkekunde. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1960.
- COETZEE, ABEL. Die Afrikaanse volkskultuur; tweede druk. Amsterdam/Kaapstad, A.A. Balkema. 1960.
- COETZEE, ABEL. Die Afrikaner se volkskunde. (In Van den Heever, C.M. en Pienaar, P. de V. Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. dl. I Kaapstad, Nasionale pers, 1945. p. 361-428.)
- COETZEE, ABEL. Die opkoms van die Afrikaanse kultuurgedagte aan die Rand. 1886-1936. Afrikaanse pers, s.j.
- COETZEE, ABEL. Ons volkslewe. Volkskundige opstelle. Pretoria, Van Schaik, 1949.
- COETZEE, D.J. Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek. 1872-1899. Kaapstad, Nasionale pers, 1940.
- COETZEE, J.A. Ons reddingsdaad. Brosjyre uitgegee deur die hoofkantoor van die Reddingsdaadbond, Johannesburg.
- COETZEE, J. ALBERT e.a. Ons republiek. Die Tweede Trekreeks, nr. X, onder red. van Keyter, J. de W. e.a. Bloemfontein, Nasionale pers, 1941.

- COETZEE, J. CHR. (snr.) Die christelike universiteit. Intreerede as rektor van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO, gehou op 19 Februarie 1954. (Oorgedruk uit Koers, April 1954).
- COETZEE, J.C. (jnr.) Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament. 'n Eksegetiese studie. Ongepubliseerde D Th-proefskrif. Potchefstroom, PU vir CHO, 1964.
- COETZEE, J.H. Die barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (1859-1949). Potchefstroom, Pro Rege Pers, 1953.
- COETZEE, J.H. Blanke volksoontwikkeling in die lig van die Calvinisme. IBC-Broesjurerreeks, nr. 4. Potchefstroom, 1969 (?).
- COETZEE, J.H. Persoonlike vryheid in die huidige tyd. (In SA Akademie. Referate gelewer op algemene vergadering, 1966. p. 98-108).
- COETZEE, J.H. Verarming en oorheersing. Die Tweede Trek-reeks, onder redaksie van prof. dr. J. de W. Keyter e.a. Bloemfontein, Nasionale pers, 1942.
- COETZEE, P.C. Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte. Publikasies van die Universiteit van Pretoria, nuwe reeks, nr. I, onder redaksie van prof. dr. B.F. Nel e.a. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1956.
- COETZEE, P.C. Die Afrikaner en die massaliteratuur. (In SA Akademie. Referate gelewer op algemene vergadering, 1966. p. 51-65.)
- COLIJN, C.C. Die ontologiese nihilisme in die eksistensiefilosofie van Martin Heidegger. Ongepubliseerde MA-verhandeling, UOVS, Bloemfontein, 1953.
- COUWENBURG, S.W. De strijd tussen progressiviteit en conservatisme. 's-Gravenhage, Uitgeverij Pax, 1959.
- COUWENBURG, S.W. De vereenzaming van de moderne mens. 's-Gravenhage, Uitgeversmaatschappij Pax, 1958.
- CRONJÉ, G. Die deterministiese standpunt in die sosiologie. Publikasies van die Universiteit van Pretoria. (Reeks IV. Intreeredes nr. 10.) 1937.
- CRONJÉ, G. Mens tot medemens. Pretoria, HAUM, 1958.
- CRONJÉ, G. (red.) Die Westerse kultuur in Suid-Afrika. Pretoria, Van Schaik, 1963.
- DAWSON, CHRISTOPHER. De Christelijke cultuur als historische werkelijkheid. Utrecht, Het Spectrum, 1962.
- DAWSON, CHRISTOPHER. Crisis van de Westerse opvoeding. Lannoo, Tiel/Den Haag, 1963. (Reeks Randgebieden 8).
- DAWSON, CHRISTOPHER. Het oordeel van de volken. Antwerpen. Uitgeverij Pantheon, 1947 (?).
- DAWSON, CHRISTOPHER. Religion and the rise of Western Culture. London, Sheed and Ward, 1950.
- DAWSON, CHRISTOPHER. De schepping van Europa. Amsterdam, L.J. Veen's uitgevers mij. N.V., 1948.
- DE BRUIN, J. EN GEIJS, J.H. De moderne gemeentelijke dienst voor sociale zaken. Alphen aan den Rijn, N. Samsom, 1954.
- DE BRUYNE, EDGAR. Wat is cultuur? Utrecht, Het Spectrum, 1937.
- DE CLERQ, B.J. Socialisering en sociologie. Utrecht, Het Spectrum, 1968. (Mens en medemensreeks, nr. 73. Aspecten der sociale werkelijkheid).

- DE GRAAF, S.G. Christus en de wereld. Kampen, J.H. Kok, 1939.
- DE GROOT, D.J. De reformatie en de staatkunde. Franeker, T. Wever, Christelijk Nationale Bibliotheek, 1955.
- DE HAAN, BIERENS, J.D. e.a. De zin der geschiedenis. Assen, Van Gorcum, 1942.
- DE KLERK, W.J. Wending? Potchefstroom, Pro Rege-Pers, 1964.
- DELLEMAN, TH. Wording van mens en wereld; tweede hersiene druk. Aalten, De Graafschap, 1961.
- DENGERINK, J.D. Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der souvereiniteit in eigen kring in die 19de en 20e eeuw. Kampen, J.H. Kok, 1948.
- DESCARTES, R. A discourse on method. Vertaal deur John Veitch. Everyman's library. London, Dent, 1965.
- DE VILLIERS, T.C. Die sosiale roeping van ons kerk. Amsterdam, H.A. van Bottenburg, 1922.
- DE VLEESCHAUWER, H.J. Geskiedenis van die wysbegeerte in die Weste. Band I. Die wysbegeerte van die klassieke oudheid. Kaapstad, Nassau, 1954.
- DE VLEESCHAUWER, H.J. Handleiding by die wetenskaplike tegniek. Ten behoeve van die historiese en geesteswetenskappe in die algemeen. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1961.
- DE VOS, H. Inleiding tot de wijsbegeerte. Nijkerk, G.F. Callenbach, 1966.
- DE VRIES, E. De dienst van de kerk aan de industrie-arbeider. Franeker, T. Wever, 1962.
- DE VRIES REILINGH, H.D. e.a., (red.) De verhouding tussen maatschappelijk werk en cultureel werk. (In Volksopvoeding, Nederlands-Belgisch tijdschrift voor sociaal-cultureel groepswork).
- DE WET, J.M. 'n Kritiese studie van die grondtendense van die kreatief-evolutionistiese en holistiese wysbegeerte in die Anglo-Amerikaanse lande. Ongepubliseerde D Phil-proefskrif. Potchefstroom. PUK vir CHO. Universiteit van SA. 1942.
- DIE DRIE FORMULIERE VAN ENIGHEID. (tweede druk); Kaapstad, NG Kerk uitgewers.
- DIEDERICH, N. Die Volkebond. Sy ontstaan, samestelling en werksaamhede. Pretoria, Van Schaik, 1933.
- DITTMER, KUNZ. Algemene volkenkunde. Antwerpen, Het Spectrum, 1962.
- DÖNGES, SY EDELE T.E. Die Afrikaanse gedagte en die draers daarvan. Uitgegee deur die FAK. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1953.
- DOOYEWEERD, H. De analogiese grondbegrippen der vakwetenschappen en hun betrekking tot de structuur van den menselijken ervaringshorizon. (In Mededelingen der Koninklijke Nederlandse Akademie van wetenschappen, afd. Letterkunde Nieuwe reeks, dl. 17. no. 6. p. 171-192. Amsterdam, N.V. Noord-Hollandse Uitgevers Maatschappij, 1954).
- DOOYEWEERD, H. Calvinistiese wijsbegeerte. (In Scientia, I. Dijksterhuis, E.K. e.a. (red.) Zeist, W. de Haan, 1956. p. 127-159).
- DOOYEWEERD, H. De crisis der humanistiese staatsleer in het licht eener calvinistiese kosmologie en kennisleer. Amsterdam, W. ten Have, 1931.

- DOOYEWEERD, H. Encyclopaedie van de rechtswetenskap. Inleiding. S.R.V.U.-uitgawe, Vrije Universiteit, Amsterdam, 1967. (Nie in die handel nie).
- DOOYEWEERD, H. Geloof en historie. 's-Gravenhage. Februarie/Maart 1937.
- DOOYEWEERD, H. In the twilight of Western thought. Studies in the pretended autonomy of philosophical thought. Nutley, New Jersey. The Craig press, 1965.
- DOOYEWEERD, H. A new critique of theoretical thought. Vol. I, Amsterdam, H.J. Paris, 1953.
- DOOYEWEERD, H. A new critique of theoretical thought. Vol. II, The general theory of the modal spheres. Amsterdam, H.J. Paris, 1955.
- DOOYEWEERD, H. A new critique of theoretical thought. Vol. III, Amsterdam, H.J. Paris, 1957.
- DOOYEWEERD, H. Recht en historie. Referaat voor de drie-en-twintigste wetenschappelijke samenkomst der Vrije Universiteit op 13 Juli 1938. Vrije Universiteit, Amsterdam.
- DOOYEWEERD, H. Reformatie en Scholastiek in de wijsbegeerte. Boek I. Het Grieksche voorspel. Franeker, T. Wever, 1949.
- DOOYEWEERD, H. De Universaliteit der Rechtsgedachte en de Idee van den Kultuurstaat. (In Almanak van het Studentencorps aan de Vrije Universiteit. 1928. Amsterdam, N.V. Dagblad en Drukkerij De Standaard. p. 103-121).
- DOOYEWEERD, H. Verkenningen in de wijsbegeerte, de sociologie en de rechtsgeschiedenis. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn, 1962. (Christelike perspektief, dl. I.)
- DOOYEWEERD, H. Vernieuwing en bezinning; om het reformatorisch grondmotief. Zuthpen, J.B. van den Brink, 1959.
- DOOYEWEERD, H. De wijsbegeerte der wetsidee. Boek III. De individualiteitstructuren der tijdelijke werkelijkheid. Amsterdam, H.J. Paris, 1936.
- DOOYEWEERD, H. Wat is die mens? (In Afrikaans vertaal deur prof. H.J. Strauss). Bloemfontein, Sacum, s.j.
- DOOYEWEERD, H. De zin der geschiedenis en de „leiding Gods“ in de historiese ontwikkeling. (In Publicaties van de reunisten-organisatie van N.D.D.D., no. 5. Referaat ter bespreking op den derden Landdag der Reünisten-Organisatie van N.D.D.D. op 17 Mei 1932 te Leeuwarden.)
- DOW, ALDEN B. An architects view on creativity. (In Anderson, H.H.: Creativity and its cultivation. Addresses presented at the interdisciplinary symposia on creativity, Michigan State University. New York, Harper & Brothers, 1959. p. 30-44).
- DUNN, L.C. Race and biology. Paris, Unesco, 1953.
- DU PLESSIS, H. Het die Christendom gefaal? Potchefstroom, Van der Spoeldrukkery, 1960.
- DU PLESSIS, L.J. Aard, doel en uitingevorme van kultuur in die menslike samelewing. Ongepubliseerde lesing. Kulturele Roepingsleerkursus. PU vir CHO, Potchefstroom, 1958.
- DU PLESSIS, S. Samewerking tussen organisasies. Tesis vir die diploma in sosiale en gesondheidswerk. Pretoria, April 1951.

- DURRANT, G.H. Adult education for citizenship. Johannesburg, 1947.
(South African Affairs pamphlets no. 13, 3rd series. Society of the friends of Africa.)
- DU TOIT, H.D.A. Olie op die wonde. Pretoria, NG Kerk-uitgewers, 1955.
- DU TOIT, J.D. Enkele grondbeginsels van die Calvinisme. (In FCSV. Koers in die krisis, dl. I. Stellenbosch, Pro Ecclesia drukkerij, 1935.
- DU TOIT, J.D. Het methodisme. Hōveker en Wormser, Amsterdam, s.j.
- DU TOIT, J.D. & DU TOIT, S. Die Afrikaanse rassebeleid en die Skrif; tweede druk. Potchefstroom, Pro Rege-Pers, 1955.
- DU TOIT, P. (samesteller). Verslag van die volkskongres oor die armblankevraagstuk, Kimberley, 3 tot 5 Oktober 1934. Kaapstad, Nasionale pers, s.j.
- DUVENAGE, B. Beroepsarbeid in die lig van die Christelike etiek. Ongepubliseerde D Th-proefskrif. Potchefstroom, PU vir CHO, 1956.
- DUVENAGE, S.C.W. Kerk, volk en jeug, dl. I. Zaandijk, J., Heijnes Tsz., 1962.
- DUVENAGE, S.C.W. Preek oor Johannes 14:27 (ongepubliseerd.)
- EBENSTEIN, W. Today's -isms. New York, Prentice Hall, 1954.
- ELIOT, T.S. Christianity and culture. New York, Harcourt Brace and Co., 1949.
- ENGELBRECHT, B.J. Persoonlike vryheid - teologies gesien. (In SA Akademie. Referate gelewer op algemene vergadering, 1966. p. 407-420).
- ERLANK, W.J. DU P. Die patroon van ons volkskarakter. Uitgegee deur die FAK. Johannesburg, 1952.
- EVERTS, E. & TREURNIET, A. Gids voor maatschappelijk werk, dl. I. Alphen aan den Rijn, Samsom, 1954.
- FARRIS, A.L. The relation of the Bible to history. (In Christian Perspectives, 1960. Pella Publishing, inc., p. 57-82).
- FEDERALE ARMESORGRAAD VAN DIE NG KERK. Die diens van barmhartigheid. Die armesorgwerk van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika. Elsie-rivier, Nasionale Handelsdrukkery, 1955.
- FEDERALE VROUERAAD. Vrouevolksdiens in oënskou. Die federale kongres van die ACVV (Kaapland), SAVF (Transvaal), OVV (Oranje-Vrystaat), NCVV (Natal) gehou in Bloemfontein 27 tot 29 September 1956; Bloemfontein, Sentrale Pers, 1956.
- FEDERASIE VAN CALVINISTIESE STUDENTEVERENIGINGS. Koers in die krisis. 3 dle. Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1935, 1940, 1941.
- FEDERASIE VAN CALVINISTIESE STUDENTEVERENIGINGS. Op die voorpunt van die tye. Stellenbosch, Pro Ecclesia-drukkery, 1945.
- FIRET, J. Het agogisch moment in het pastoraal optreden. Academisch proefschrift ter verkrijging van de graad doctor in de godgeleerdheid aan de Vrije Universiteit te Amsterdam. Kampen, J.H. Kok, 1968. (In besonder hoofstuk III: „Het agogische" p. 177-295).
- FOURIE, J.J. Verhouding staat en kerk by Herman Dooyeweerd. Ongepubliseerde verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Doctor Philosophiae, Universiteit van die Oranje Vrystaat. Bloemfontein, November 1962.

- FRANCIS, EMERICH K. Ethnos und Demos. Soziologische Beiträge zur Volkstheorie. Berlin, Duncker & Humbolt, 1965.
- FRANCIS, EMERICH K. Inleiding tot de sociologie. Utrecht, Het Spectrum, 1965.
